UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa in die Afrikaanse prosasisteem sedert 1992

deur

Elizabeth Magdalena Jacobs

’n Proefskrif voorgelê ter vervulling van die

vereistes vir die graad

DLitt

in die Departement Afrikaans van die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

STUDIELEIER: Prof. C.H.F. Ohlhoff

April 2016

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opgedra aan my pa, oorlede 19 November 1985

© University of Pretoria

Verklaring

Ek verklaar dat “Die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa in die Afrikaanse prosasisteem sedert 1992” my eie werk is in die ontwerp en uitvoering daarvan, dat dit nie voorheen vir enige graad- of eksamendoeleindes aan hierdie, of enige ander universiteit voorgelê is nie, en dat alle bronne wat gebruik is, voldoende aangedui en erken is deur volledige bibliografiese verwysings.

Declaration

I declare that “Die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa in die Afrikaanse prosasisteem sedert 1992” is my own work in design and execution, that it has not been submitted for any degree or examination at this or any other university, and that all the sources used of quoted have been indicated and acknowledged by complete bibliographical reference.

E.M. Jacobs

Geteken/signed _____ Datum/date_____

© University of Pretoria

Samevatting

In die studie word 'n sisteembeskrywing van swart Afrikaanse prosaskrywers se posisie binne die Afrikaanse prosasisteem gegee, met die publikasie van Abraham Phillips se *Die verdwaalde land* in 1992 as begindatum. Die kontensieuse begrip "swart" word generies gebruik om alle skrywers van kleur in te sluit.

Swart skrywers se posisie is deur gebruikmaking van metatekste literêr-sistemies beskryf. Even-Zohar, Bourdieu, De Geest en Schmidt se sisteemteorieë is hiervoor aangewend.

Op grond van die aantal studies oor hul werk is Abraham Phillips, A.H.M. Scholtz en E.K.M. Dido as "prominente" skrywers hanteer. Ander minder "prominente" skrywers se posisies word ook beskryf.

Die studie het 'n aantal bevindinge opgelewer.

Phillips is 'n bekroonde skrywer wat uit 'n benadeelde posisie prosatekste skryf. Sy posisie word binne die raamwerk van Bourdieu se veldteorie aangetoon. Literêre kritici het sy tekste op verskillende wyses in die literêre veld geposisioneer. Slegs Phillips se debuut word as gekanoniseerd beskou. In 1992 word hy die eerste swart skrywer van Afrikaanse prosa aan wie beduidende simboliese kapitaal toegeken is.

Scholtz, 'n bekroonde skrywer, se drie tekste is met gebruikmaking van Even-Zohar se polisisteemteorie beskryf. Op grond van analises van metatekste word hy as gekanoniseerde skrywer in die Afrikaanse literêre sisteem gereken.

Dido se diskursiewe posisies in die literêre sisteem is binne De Geest se funksionele sisteemteorie beskryf. Sy het tot dusver geen literêre toekenning ontvang nie, maar is in 2005 met 'n eredoktorsgraad deur UWK vereer. Sy word as baanbreker vir "swart" Afrikaanse vroueskrywers binne die literêre sisteem geposisioneer.

Karel Benjamin, S.P. Benjamin, Clive Smith, Joseph Marble, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, P.J. Philander, Catherine Willemse, Bettina Wyngaard, Anastasia de Vries en Zain Eckleton word as "minder prominente" skrywers beskou en hul posisisionering geskied binne Schmidt se operasionele raamwerk.

Die gevolgtrekking was dat swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 verskillende posisies in die Afrikaanse literêre sisteem inneem.

Sleutelwoorde: **(**poli)sisteemteorie, veldteorie, swart skrywers van Afrikaanse prosa, Afrikaanse prosasisteem, metatekste, Even-Zohar, Pierre Bourdieu, Siegfried Schmidt, Dirk de Geest

Abstract

A systems description was given of the position of black African prose authors within the Afrikaans prose system with the publication of Abraham Phillips' *Die verdwaalde land* in 1992 as starting date. Despite being contentious the generic term "black" is used to include all authors of colour.

© University of Pretoria

The position of black authors is literary-systematically described by using meta-texts and by implementing the systems theories of Even-Zohar, Bourdieu, De Geest and Schmidt.

Based on the number of studies on their work, Abraham Phillips, AHM Scholtz and EKM Dido are considered to be "prominent" authors. The position of other less "prominent" authors are also described.

The study yielded a number of findings.

Phillips, an award-winning author, writes his texts from a disadvantaged position. His position in the Afrikaans literary field is described according to Bourdieu's field theory. Literary critics positioned Phillips's texts in different ways in the literary field. Only Phillips' debut can be considered part of the literary canon. In 1992 he became the first black author of Afrikaans prose to be awarded symbolic capital.

The acclaimed Scholtz's position is described according to Even-Zohar's Polysystems Theory. Based on the analysis of meta-texts he is considered as a canonical author in the Afrikaans literary system.

Dido's discursive positions in the literary system are described according to De Geest's Functional Systems Theory. Dido has not yet received any literary awards, but was awarded an honorary UWC doctorate in 2005. She is positioned in the Afrikaans literary system as a pioneer for "black" African women authors.

Karel Benjamin, SP Benjamin, Clive Smith, Joseph Marble, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, PJ Philander, Catherine Willemse, Bettina Wyngaard, Anastasia de Vries and Zain Eckleton are considered to be "less prominent" authors and their positioning is shown according to Schmidt's operational framework.

The study concludes that black Afrikaans prose authors since 1992 can be ranked in different positions in the Afrikaans literary system.

Keywords: (poly)systems theory, field theory, black authors of Afrikaans prose, Afrikaans prose system, meta-texts, Even-Zohar, Pierre Bourdieu, Siegfried Schmidt, Dirk de Geest

© University of Pretoria

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: RASIONAAL VAN STUDIE EN PROBLEEMSTELLING

1. Rasionaal van studie 1

2. Afbakening van studie 1

3. Navorsingsprobleem 2

4. Navorsingsvraag 3

5. Omskrywing van terminologie 4

5.1 Die term “ras” binne die Suid-Afrikaanse opset 4
5.2 Die term “swart” skrywers van Afrikaanse prosa 10

6. Navorsingsontwerp 12

6.1 Data 12

6.2 Metodologie 12

HOOFSTUK 2: VIER SISTEEMTEORIEË

Inleidende opmerkinge 14

1. Inleiding 14

1.1 Definisie van sisteem 15
1.2 Vier sisteemteoretiese raamwerke waarbinne literatuur beskryf kan word 15

2. Sisteemteoretiese benaderings 16

2.1 Even-Zohar se polisisteemmodel 16

2.1.1 Inleidende opmerkinge 16
2.1.2 Even-Zohar se definisie van terme 17
2.1.3 Kommentaar op Even-Zohar se polisisteemteorie: Lambert en Sheffy 22

2.2 Pierre Bourdieu se veldteorie 23

2.2.1 Inleidende opmerkinge 23
2.2.2 Bourdieu se definisie van kulturele veld 23
2.2.3 Bourdieu: verskillende vorme van kulturele kapitaal 27
2.2.4 Bourdieu se konsepte van “habitus” en “hexis” 28
2.2.5 Kommentaar en kritiek op Bourdieu se “habitus”: Sheffy en Fokkema 30

© University of Pretoria

2.3 Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie 31

2.3.1 Schmidt se definisie van sisteem 31
2.3.2 Die handelingsdeelnemers/agente 31
2.3.3 Die konvensies waarvolgens handelingsdeelnemers optree 32
2.3.4 Die vier handelingsrolle 34
2.3.5 Kommentaar op Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie: Fokkema 39

2.4 Dirk de Geest se funksionele sisteemteorie 39

2.4.1 Inleidende opmerkinge 39
2.4.2 De Geest se siening van die literêre sisteem 39
2.4.3 Kommentaar op De Geest se funksionele sisteemteorie: Fokkema 43

2.5 Kanon en kanonisering 43

2.5.1 Omskrywing van kanon en kanonisering 43
2.5.2 Even-Zohar se siening van die kanon en kanonisiteit 51
2.5.3 Pierre Bourdieu: kanonisering as sosiale interaksie 53
2.5.4 Siegfried Schmidt se siening van kanon 55
2.5.5 Dirk de Geest se diskursiewe benadering tot die literêre kanon 56

2.6 Rasionaal vir gebruik van ’n eklektiese model 59

2.7 Skematiese oorsig van die vier sisteemteoretiese benaderings 61

© University of Pretoria

HOOFSTUK 3: ABRAHAM PHILLIPS SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE VELD

1. Inleiding 62

2. Bourdieu se veldteoretiese uitgangspunte 62

2.1 Die konsep “kulturele veld” 62

2.1.1 Die verskillende vorms van kapitaal binne die kulturele veld 62

2.1.2 Bourdieu se konsepte “habitus” en “hexis” 63

2.1.3 ’n Siening van die literêre veld, gebaseer op Bourdieu se teorie 63

2.1.4 Die uitwerking van veranderinge in die sosiale en politieke veld op die literêre veld 64

2.1.5. Die veranderende sosiale en politieke veld en die verskyning van Phillips debuut in 1992 64

3. Abraham Phillips se posisie in die Afrikaanse literêre veld 66

3.1 Phillips se posisionering in die kulturele veld deur agente met simboliese kapitaal 66

3.1.1 Literêre uitgewerye 67

3.1.2 Literêre kritici 69

3.1.3 Die rol van ander literêre instansies 80

3.2 Phillips se posisie in die sosiale veld 83

3.2.1 Phillips se persepsie van sy liggaamlike hexis en habitus 83

3.2.2 Phillips se persepsie van homself as “nie goed genoeg nie” 85

3.2.3 Phillips se persepsie dat hy “goed genoeg” is 89

4. Phillips as gekanoniseerde skrywer 91

5. Samevatting 91

6. Gevolgtrekking oor Phillips se posisie in die Afrikaanse literêre veld 93

© University of Pretoria

HOOFSTUK 4: A.H.M. SCHOLTZ SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM

1. Inleidende opmerkinge 96

1.1 Tersaaklike aspekte van Even-Zohar se polisisteemteorie 98

1.1.1 Sisteem as netwerk van onderlinge relasies 98

1.1.2 Die interaksie van produsent, produk, (gedeelde) repertorium, instansie, mark 98

1.2 A.H.M. Scholtz binne die Afrikaanse literêre sisteem, beskryf vanuit Even-Zohar se polisisteemteorie 100

1.2.1 Scholtz as produsent en sy interaksie met instansies wat (ook) as "produsent" funksioneer 100

1.2.2 Scholtz se kulturele artefakte 101

1.2.3 Scholtz se repertorium(s) 103

1.2.4 Scholtz se kulturele produkte in verhouding tot die instansie: literêre kritici 112

1.2.5 Ander instansies wat aan Scholtz literêre erkenning gegee het 116

1.3 Aspekte van Schmidt se model: literêre bemiddeling en literêre verwerking 119

1.3.1 Literêre bemiddeling 119

1.3.2 Literêre verwerking 119

1.4 Scholtz se posisie beskryf vanuit Bourdieu se veldteorie 120

1.4.1 Scholtz se posisie in die sosiale veld: habitus en hexis 120

1.4.2 Scholtz se simboliese kapitaal 121

1.5 Scholtz se kulturele artefakte: gekanoniseerd of nie? 122

2. Samevatting 123

3. Gevolgtrekking 124

© University of Pretoria

HOOFSTUK 5: E.K.M. DIDO SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE PROSASISTEEM

1. Inleidende opmerkinge 126

1.1 Enkele belangrike begrippe in De Geest se sisteemmodel 126

2. Uitsprake wat oor Dido se werk gemaak is 128
2.1 Alles wat beslis in literatuur gesê moet word 128
2.2 Alles wat beslis nie in literatuur gesê behoort te word nie 132
2.3 Alles wat in literatuur gesê kan word 136
2.4 Alles wat nie in literatuur gesê hoef te word nie 145
3. Dido se verwerwing van simboliese kapitaal in die Afrikaanse literêre veld 150

3.1 Die toekenning van simboliese kapitaal aan Dido 150
3.1.1 Literêre uitgewerye 151
3.1.2 Literêre kritici 151
3.1.3 Ander Afrikaanse outeurs 152
3.1.4 Literatuurhistorici 152
3.1.5 Instansies wat literêre pryse toeken 153
3.1.6 Voorskryfkomitees 153

3.2 Dido se posisie in die sosiale veld 153
3.2.1 Hexis en habitus 153

4. Dido as gekanoniseerde skrywer 155

5. Samevatting 156

© University of Pretoria

HOOFSTUK 6: "MINDER PROMINENTE" SWART SKRYWERS VAN AFRIKAANSE PROSA BINNE DIE AFRIKAANSE PROSASISTEEM

1. Inleiding 158

2. Schmidt se operasionele sisteemteorie 158
2.1 Die handelingsrol van literêre produksie 159
2.2 Die handelingsrol van literêre bemiddeling 159
2.3 Die handelingsrol van resepsie/ontvangs 160
2.4 Die handelingsrol van literêre verwerking 160

3. "Minder prominente" swart produsente van prosawerke in Afrikaans sedert 1992 161
3.1 Inleidende opmerkinge 161
3.2 Die handelingsrol van produksie 162
3.2.1 Produsente as individue 162
3.2.2 Produsente as groepe/instansies 165
3.3 Die handelingsrol van literêre bemiddeling 165
3.3.1 Bemiddelende handelinge 165
3.3.2 Persepsies oor die bemiddelende rol van uitgewers 167
3.3.3 Literêre uitgewerye se bemarkingsrol 170
3.4 Die handelingsrol van literêre verwerking 174
3.4.1 Karel Benjamin: *Staan uit die water uit. 'n Kaapse jeug* (1996) en *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories* (1999) 174
3.4.2 S.P. Benjamin: *Die reuk van steenkool* (1997) en *Die lewe is 'n halwe Roman* (1999) 177
3.4.3 Clive Smith: *Bly te kenne, Braam* (1997) 183
3.4.4 Joseph Marble: *Ek, Joseph Daniel Marble* (1999) 184
3.4.5 Elias P. Nel: *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) en *Mafoiing en annerlike gelofietjies* (2001) 186
3.4.6 Kirby van der Merwe: *Klapperhaar slaap nie stil nie* (1999) 188
3.4.7 P.J. Philander: *Rebunie* (2000) 191
3.4.8 Catherine Willemse: *Met 'n diepe verlange* (2006) 193
3.4.9 Bettina Wyngaard: *Troos vir die gebrokenes* (2009) en *Vuilspel* (2013) 194
3.4.10 Anastasia de Vries: *Baie melk en twie sykers* (2010) 196
3.4.11 Zain Eckleton: *Die rolbalspeler* (2011) 198

© University of Pretoria

4. 'n Beskrywing van bepaalde outeurs se posisies vanuit Bourdieu se veldteorie 199

4.1 S.P. Benjamin 199
4.2 Elias P. Nel 200
4.3 Kirby van der Merwe 201
4.4 Bettina Wyngaard 201
4.5 Zain Eckleton 203

5. Outeurs se verwerwing van simboliese kapitaal (Bourdieu) 204
5.1 Verwerwing van literêre pryse 204
5.2 Voorskryf van boeke 204
5.3 Vermelding in literatuurgeskiedenisse 204

6. Kanonisering 205

7. Samevatting 208

© University of Pretoria

HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

1. Inleiding 210

2. Gevolgtrekkings 213
2.1 Die “prominente” skrywers 213
2.1.1 Abraham Phillips 213
2.1.2 A.H.M. Scholtz 215
2.1.3 E.K.M. Dido 217
2.2 Die “minder prominente” skrywers 219

3. Slotopmerkinge 221

4. Verdere navorsingsmoontlikhede 222

ADDENDA 223

Addendum (1): Prosawerke wat in Afrikaans deur swart skrywers vóór 1992 gepubliseer is 223

Addendum (2): swart skrywers wat prosawerke in Afrikaans ná 1992 gepubliseer het 226

BIBLIOGRAFIE 228

© University of Pretoria

HOOFSTUK 1: RASIONAAL VAN STUDIE EN PROBLEEMSTELLING

1 Rasionaal van studie

Met hierdie studie wil die navorser die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse literêre sisteem bepaal. Uit gelese literatuur het dit geblyk dat die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse literêre sisteem tans nog nie op omvattende wyse literêr-sistemies beskryf is nie. 'n Literêr-sistemiese beskrywing van die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 ten opsigte van die Afrikaanse literêre sisteem sal 'n belangrike bydrae lewer tot die korpus wetenskaplike kennis wat daar reeds oor swart (prosa)skrywers bestaan.

Die doelstellings van die studie is om:

- die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse literêre sisteem op literêr-sistemiese wyse te beskryf
- die uitgesproke persepsies van swart skrywers oor hul posisie binne die Afrikaanse prosasisteem te analiseer en te beskryf;
- die uitsprake en persepsies van literêre kritici oor swart skrywers van Afrikaanse prosa ten opsigte van die Afrikaanse literêre sisteem te analiseer en te beskryf;
- te bepaal in watter mate en deur watter meganismes swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 in die Afrikaanse literêre kanon opgeneem is.

2 Afbakening van studie

Hierdie studie fokus op die verhalende prosa van swart Afrikaanse skrywers in die tydperk 1992 en daarná. 1992 is as die begindatum van die studie gekies omdat daar sedert die verskyning van Abraham Phillips se *Die verdwaalde land* in 1992 'n groot aantal Afrikaanse prosawerke deur swart skrywers gepubliseer is. In die voorstudie is 'n veertiental skrywers se tekste geïdentifiseer waarin die leefwêreld van "swart" mense op outentieke wyse uitgebeeld is. Hierdie "swart" skrywers is as sodanig deur literêre kritici in metatekste bestempel. Op grond daarvan is hulle gekies. Die swart skrywers van Afrikaanse prosa wat vir die studie gekies is, se werke het by gevestigde uitgewerye verskyn en hul tekste het in meer as een metateks ter sprake gekom. Die werke van swart skrywers van wie boeke by nie-gevestigde uitgewerye gepubliseer is, is vir die studie buite rekening gelaat, omdat hul tekste nie in biblioteke of boekwinkels gevind kon word nie en slegs enkele resensies oor hul werk opgespoor kon word.

© University of Pretoria

Met die aanvang van die studie is die oorkoepelende term “swart” skrywers gekies ná die verslae van die drie Swart Afrikaanse Skrywersberade van 1985, 1995 en 2005 bestudeer is. Uit die literatuurstudie (vergelyk Viljoen, L. 2005, Willemse, H. 2007) het geblyk dat die term “swart” deur literêre kritici gebruik word om ’n bepaalde sosiale en kulturele groep skrywers se werke aan die orde te stel.

Uit leeswerk wat voor die aanvang van die studie gedoen is, is vasgestel dat swart digters van wie Afrikaanse gedigte vóór en ná 1992 in publikasies verskyn het, ’n studie op sigself verg. In die studie word die Afrikaanse prosawerke van swart skrywers wat vóór 1992 verskyn het, in ’n addendum aan die einde van die studie slegs genoem, aangesien dit waarskynlik ’n afsonderlike studie regverdig. Daar is in die studie ook nie aan swart skrywers wat Afrikaanse jeugverhale geskryf het, aandag gegee nie, aangesien die navorser jeugliteratuur as ’n afsonderlike sisteem binne die Afrikaanse prosasisteem beskou.

In die studie word die verhalende prosawerke van swart Afrikaanse skrywers nie tematies ondersoek nie, aangesien daar reeds heelwat navorsing hieroor bestaan. Die fokus van die studie is literêr-sistemies, met ander woorde die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 binne die Afrikaanse prosasisteem word vanuit sisteemteoretiese perspektiewe op grond van metatekste soos onder andere resensies beskryf (sien bladsy 12).

3 Navorsingsprobleem

Daar is nie genoeg navorsing oor die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse prosasisteem nie. In afgehandelde navorsing het bepaalde temas rondom die werk van swart Afrikaanse skrywers aan die bod gekom. Hein Willemse (1995: UWK *Dialogie in die Afrikaanse letterkunde met toespitsing op geselekteerde swart Afrikaanse skrywers*) gebruik wel die term “literêre sisteem”, maar sy navorsing is toegespits op swart skrywers wat voor 1992 Afrikaanse tekste wat nie noodwendig as “literêre” tekste geag word nie, geskryf het.

Andries Visagie (2004:US) se studie oor manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980-2000 verwys in ’n hoofstuk, getiteld *Vaders, seuns en die politiek,* op vergelykende wyse na die werk van Alexander Strachan (*Wêreld sonder grense*), Mark Behr (*Die reuk van appels*) en S.P. Benjamin (*Die reuk van steenkool*). Minnie Lewis (2005:UK) skryf oor ruimte en identiteit in die werk van “gekleurde” skrywers met spesiale verwysing na E.K.M. Dido. Tania Colyn (2010:US) ondersoek in haar MA-tesis die konstruksie van identiteite van die vroulike figure in die werk van E.K.M. Dido.

© University of Pretoria

'n Belangrike gevolgtrekking waartoe sy in haar slothoofstuk kom, is dat daar 'n leemte is ten opsigte van 'n literêre geskiedenis waarin al die stemme in die Afrikaanse geskiedenis teenwoordig is. Sy meen verdere ondersoek is nodig om te bepaal waar Dido in hierdie literêre sisteem geposisioneer is. Sy posisioneer Dido in die tesis met gebruikmaking van Even-Zohar se polisisteemteorie, maar sonder inagneming van die wisselwerking wat daar volgens hom tussen al die elemente van 'n sisteem bestaan. In hierdie proefskrif word dié leemte gevul, omdat Dido se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem vanuit De Geest se diskursiewe raamwerk op 'n meer omvattende literêr-sistemiese wyse beskryf word. Magali Degrande (2011-2012:Universiteit Gent) se studie word beskou as 'n tematiese studie, aangesien dit vergelykenderwys handel oor die funksionaliteit van interrassige verhoudings binne die tyd-ruimtelike raamwerk in E.K.M. Dido se *Die storie van Monica Peters,* André P. Brink se *Kennis van die aand* en J. Rabie se *Johanna se storie*. Die proefskrif van M.J. Human-Nel (2009:Universiteit van die Vrystaat), getiteld "Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse literêre kanon" fokus op die verhouding tussen literatuur en samelewing. Haar gebruikmaking van bepaalde sisteemteoretiese insigte van Bourdieu, Even-Zohar, De Geest en Schmidt om die Afrikaanse literatuursisteem binne 'n veranderende Suid-Afrikaanse samelewing te posisioneer, toon raakpunte met die navorser se studie.

Louise Viljoen (2005: 93-218), Charles Malan (1997: 50-60), Luc Renders (http://cas1.elis.rug.ac.be/avrug/zuidaf06.htm) en Ampie Coetzee (2002:162-163) is van mening dat swart Afrikaanse skryfwerk as 'n (afsonderlike) sisteem beskou behoort te word, maar gee nie 'n beskrywing van sodanige sisteem nie. Ook Hein Willemse (http://muse.jhu.edu/journals/research_in_african_literatures/v034/34.3willemse.html) wat van voor 1985 af konsekwent die mening huldig dat swart skrywers hulle in 'n gemarginaliseerde posisie buite die Afrikaanse literêre wêreld bevind, gee nie 'n literêr-sistemiese beskrywing van hierdie skrywers se werk nie.

In *Aan die ander kant* (2007) toon Willemse die gemarginaliseerde posisie van swart Afrikaanse skrywers aan en meen hy dat hierdie skrywers hulle "aan die ander kant" van die Afrikaanse literêre wêreld bevind. Ten spyte van bepaalde besware teen die boek gee Luc Renders (2008:237) tog toe dat Willemse wél daarin slaag om die marginale posisie van swart Afrikaanse skrywers te belig.

4 Navorsingsvraag

Watter posisie beklee swart skrywers van Afrikaanse prosa ná 1992 in die Afrikaanse prosasisteem en hoe kan dit sisteemteoreties beskryf word?

© University of Pretoria

5 Omskrywing van terminologie

5.1 Die term “ras” binne die Suid-Afrikaanse opset

Vir my proefskrif is dit van belang om die begrip “ras” te omskryf, omdat Suid-Afrika vóór 1994 ’n geskiedenis gehad het van bevolkingsgroepe wat volgens onder andere uiterlike kenmerke soos velkleur, haartipes en afkoms geklassifiseer is. Ná die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het die omskrywing van die verskillende Suid-Afrikaanse bevolkingsgroepe nie heeltemal verdwyn nie.

“Ras”, so voer Mary Klages (2012:72) aan, word tradisioneel gedefinieer as “any of the major divisions of humankind having distinct physical characteristics” en as “any category, breed, or variety” van mense. Volgens Westerse denke is mense deur die eeue in spesifieke “rasse” verdeel, wat in sy uiterste vorm gelei het tot die siening dat daar verskillende spesies bestaan.

Ook is die skepping van hiërargieë van intellektuele vermoëns en waarde gebaseer op die ideë van “ras”. ’n Essensialistiese rasklassifikasie was in die Westerse geskiedenis die basis vir kolonialisme, vir praktyke van slawerny en segregasie in die Verenigde State, vir die poging van die Nazis om Jode uit te roei, en vir die Suid-Afrikaanse Apartheidsbeleid. Tog het die 21ste-eeuse wetenskap, wat genetika en DNA bestudeer het, bewys dat “ras” nie bestaan nie en dat die genetiese samestelling van alle mense fundamenteel dieselfde is.

Die fisieke verskille wat “ras” konstitueer is nie biologiese gegewe nie, maar eerder

> ...sets of cultural signifiers. Race is thus a constructed set of ideas and practices, wherein skin color, hair texture, eye shape, and other physical markers are linked with ideologies of behavior, social role, and human capacity. Within a racist system like American slavery, black skin denoted mental and moral inferiority while white skin marked the bearer as superior, therefore rightfully dominating and controlling those with black skin. Slavery and colonialism (to name but two) were built on the insistence that race was a biological truth rather than a socially constructed system; like most such dualistic thought, the truth of “race” can be deconstructed as more and more people, coming from “hybrid” parentage, can no longer be classified as belonging definitively to one “race.” Still, the concept of “race” holds enormous power in the twenty-first-century world. (Klages, M.2012:72)

Ook A. Bennett en N. Royle (2004:210) toon aan dat Westerse beskouings in die verlede van menslike identiteit op essensialistiese wyse as universeel of onveranderlik beskou is en as ’n “historical construct constituted by the exclusion, marginalization and oppression of racial others” bewerkstellig is.

© University of Pretoria

In ’n land soos Suid-Afrika met ’n bevolkingsamestelling van diverse bevolkingsgroepe en ’n politieke geskiedenis van apartheid vóór 1994 waarvolgens die bevolkingsgroepe op grond van uiterlike kenmerke soos onder andere velkleur ingedeel is, blyk die term swart problematies te wees. Gedurende die apartheidsjare was Suid-Afrika, so meen Zimitri Erasmus (1999:170), ’n “racially-defined democracy for white citizens”. Mense is op etniese gronde geklassifiseer as “whites”, “Africans”, as “Kleurlinge” (van gemengde ras-afkoms) en as “Indiërs” of “Asiate”. Ná die eerste demokratiese verkiesing in 1994 was die veronderstelling dat hierdie rasgedefinieerde klassifikasie van die verskillende bevolkingsgroepe sou verdwyn, maar dit het nie werklik gebeur nie. Wat wel verander het, is dat rastipering nie meer op onderdrukkende wyse in wetgewing ingebou is soos voor 1994 nie.

“Swart” het egter, volgens Erasmus (1999:170-171), ná 1994 die betekenis van “African” gekry wat daartoe gelei het dat gekleurdes (steeds) gemarginaliseer word.

Sy meen “(T)oday the meanings of african, black and coloured are more ambiguous than they had ever been in the 1980s or for that matter the 1950s”.

Sy beweer dat Suid-Afrika ná 1994 nie van sy geskiedenis van slawerny, kolonialisme en apartheid ontkom het nie (Erasmus 1999:171).

Die diskoers van die sogenaamde “reënboognasie” wat tans gebruik word, is veronderstel om nasie-eenheid aan te dui. Een van die realiteite van Suid-Afrika is dat sy mense steeds op amptelike vorms hul etniese afkoms as “swart” of “wit” moet aandui en nie die term “reënboog” kan gebruik nie. Die “reënboog”-diskoers is vir Erasmus (1999:171) op verskillende, komplekse wyses werksaam. Binne die politieke opset bewerk dit hegemonie en beheer vir die dominante politieke party en ’n kring van elites omdat dit as ’n noodsaaklike waarde van die nuwe Suid-Afrika toegeëien word. Op ekonomiese en sosiale vlak word die rassistiese ongelykhede wat in die apartheidstydperk geheers het en steeds voortduur, omseil. Op die vlak van kultuur is hierdie diskoers werksaam as ’n nuwe metanarratief wat ander kontesterende stemme of diskoerse op doeltreffende wyse marginaliseer. Die vraag wat volgens Erasmus (1999:171-172) in die teenswoordige tydsgewrig beantwoord moet word, is hoe veilige sosiale ruimtes vir rasgebaseerde (teenoor die geïmpliseerde onskeibaarheid van die reënboog) politieke en kulturele twiste geskep kan word.

Die probleem met die diskoers van die reënboognasie is dat dit kritiese vrae van twis/stryd wat erken en ondersoek moet word, belemmer, aangesien dit impliseer dat ten spyte van die

© University of Pretoria

geskiedenis en sy gevolge, alle Suid-Afrikaners nou skielik deel van “een” nasie is en *gelyke* posisies in hierdie nasie beklee. Enige saak wat kan verdeel of konflik kan veroorsaak, moet vermy word sodat die estetika van die reënboogkaleidoskoop onaangetas bly. Hierdie diskoers hou nie rekening met die feit dat die sogenaamde eenheid van naasbestaan op uiters ongelyke magsverhoudings gebaseer is nie. Hierdie ongelyke magsverhoudings het deur eeue heen op sistematiese wyse tot stand gekom. Die nasie van “nasionale eenheid” wat deur die reënboograamwerk gekonstrueer word, sal onbestendig wees en op oordrewe optimistiese sentimentaliteite terugval om vir sy tekortkominge te kompenseer (Erasmus 1999:172).

“Swart”, “wit” en “gekleurd” moet in die huidige tydsgewrig in Suid-Afrika eerder as ’n aanduider van voortdurend veranderende kulturele identiteit gelees word.

Van kulturele identiteit sê Stuart Hall (1990:223) die volgende:

> There are at least two different ways of thinking about ‘cultural identity’. The first position defines ‘cultural identity’ in terms of one, shared culture, a sort of collective ‘one true self’, hiding inside the many other, more superficial or artificially imposed ‘selves, which people with a shared history and ancestry hold in common. Within the terms of this definition, our cultural identities reflect the common historical experiences and shared cultural codes which provide us, as ‘one people’ with stable, unchanging and continous frames of reference and meaning, beneath the shifting divisions and vicissitudes to of our actual history. This ‘oneness’, underlying all the other, more superficial differences, is the truth, the essence, of (…) the black experience. (…) The second position (Hall 1990:225) recognises that, as well as the many points of similarity, there are also critical points of deep and significant *difference* which constitute ‘what we really are; or rather – since history has intervened – ‘what we have become’. (…) Cultural identity, in this second sense, is a matter of ‘becoming’ as well as of ‘being’… It is not something which already exists, transcending place, time, history and culture. Cultural identities come from somewhere, have histories. But, like everything else which is historical, they undergo constant transformation. Far from being eternally fixed in some essentialised past, they are subject to the continuous ‘play’ of history, culture and power. Far from being grounded in a mere ‘recovery’ of the past, which is waiting to be found, and which, when found, will secure our sense of ourselves into eternity, identities are the names we give to the different ways we are positioned by, and position ourselves within, the narratives of the past.

Twee sake val by Hall se definisie van kulturele identiteit op. ’n Mens kan kulturele identiteit op essensialistiese wyse sien as een gedeelde kultuur, een soort kollektiewe “ware self” (“een nasie”) wat mense met ’n gedeelde geskiedenis en afkoms met mekaar gemeen het en wat onveranderlik bly. Alle ander uiterlike verskille wat steeds mag bestaan, word by die essensieel swart ervaring (’n statiese eenheid) geïnkorporeer.

Die tweede siening van kulturele identiteit hou in dat daar benewens aspekte van ooreenkoms, ook belangrike verskille is. Kulturele identiteit word hier nie gesien as ’n onderveranderlike gegewe van

© University of Pretoria

iets wat reeds bestaan nie, maar as iets wat voortdurend plek, tyd, geskiedenis en kultuur oorstyg. Dit is nie bloot 'n "herstel" van die verlede en daarmee 'n terugkeer na 'n vaste sin van die self nie. Identiteite, so meen Hall, is die name wat gegee word aan die verskillende wyses waarop mense deur narratiewe van die verlede geposisioneer word en waarbinne hulle hulself op dinamiese wyse posisioneer. Hierdie posisionering deur narratiewe van die verlede kom in hierdie studie veral by Phillips (sien bladsy 86 en volgende), Scholtz (sien bladsy 105, 108 en 109) en Dido (sien bladsy 154-156) se eie sienings oor hul gekleurde identiteite ter sprake.

Drie van die bestaande vier diskoerse wat Erasmus (1999:174-176) rondom gekleurde identiteite aantoon, is vir die studie van belang: die wit Nasionalistiese diskoers wat gekleurdes as "left over people" en "kleurlinge" konstrueer en tot stereotipering lei; die diskoers van swartheid (Swart Bewussyn) wat 'n allesomvattende swart identiteit op eensydige wyse impliseer en gekleurdheid as moontlik en verskillend negeer; 'n diskoers wat ontken dat daar so iets soos 'n aparte en identifiseerbare gekleurde groep apart van die swart meerderheid bestaan en veel eerder van 'n "Suid-Afrikaanse" identiteit wil praat. Laasgenoemde siening oor identiteit beskou Erasmus (1999:176) as 'n diskoers van ontkenning.

Ten opsigte van die diskoers van ontkenning toon sy Gavin Lewis (1987) se siening aan dat om van gekleurde mense as 'n "separate and identifiable group [with a separate identity] apart from the black majority" te praat, kontroversieel is. Ook Goldin (1987) het gesuggereer dat "Coloured identity is a white-imposed categorisation". In die laat 1990's, so toon Erasmus (1999:177) aan, het Neville Alexander en Norman Duncan volgehou met die siening dat "coloured identity is (a) white-imposed, racist and reactionary; (b) an apartheid relic best left behind us in this post-apartheid era and (c) a basis for ethnic nationalism and thus possible Rwanda / Burundi and Bosnian genocide". Om die allesomvattende begrip "swart" identiteit te vermy, gebruik Neville Alexander die term "Suid-Afrikaanse" identiteit. Erasmus (1999:179) meen deur Alexander se voorkeur vir 'n "Suid-Afrikaanse bewussyn en identiteit" negeer hy onder andere die rasgedrewe inhoud van die konsep van "nasieskap". Volgens Erasmus ontken hierdie akademici prosesse van gekleurde identiteitsvorming, omdat dit gekleurde mense dwing om te kies tussen "swart", "wit" of "Suid-Afrikaans". Diegene met die denkwyse dat "gekleurdes" sogenaamde "left over people" is, hang 'n Nasionalistiese ideologie aan terwyl diegene wat die ideologie van die "Swart" Bewussyn aanhang, se siening neerkom op 'n binêre persepsie van die kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse wêreld ("swart" staan in binêre opposisie teenoor "nie-swart"). Die derde ideologie, gebaseer op die diskoers van 'n (oorkoepelende) "Suid-Afrikaanse" identiteit, negeer verskil tussen mense en sosiale verhoudings wat deur ras onderlê word en op mag berus. Sy beskou dus genoemde (drie) ideologieë as eensydig.

© University of Pretoria

Erasmus (1999:180) wil, anders as in bogenoemde sienings, gekleurde mense nie sien as passiewe oorblyfsels van Afrikaner- en rassistiese apartheidsmanipulasie of as “swart” mense nie, omdat dit onveranderlikheid en eensydigheid impliseer. Sy wil die skep en herskep van gekleurde identiteite as ’n veranderende proses konseptualiseer wat “*agency”* betrek en wat deur tyd en plek gevorm word.

Sy bevraagteken essensialistiese opvattings wat swartheid as die enigste uitweg sien, aangesien dit, soos die eensydige ideë van gekleurdheid, teruggryp na die Verwoerd-era en tot onderdrukkende eendersheid lei. Sy meen die geldigheid van gekleurde identiteitsvorming kan begrond word deur gekleurde identiteite op bepaalde wyses te konseptualiseer. Erasmus (1999:180) haal Mercer soos volg hieroor aan:

> [I]dentities are not found but made; they are not just there, waiting to be discovered…but they have to be culturally and politically constructed through political antagonisms and cultural struggle. (Mercer, 1994:292)

As basis vir ’n nie-essensialistiese teorie van identiteite gebruik sy relevante sienings van onder andere Stuart Hall, Amina Mama en Craig Calhoun.

Alle identiteite, ook gekleurde identiteite, word gekonstrueer en kry (slegs) betekenis binne bepaalde sosiale kontekste. Die inhoud van hierdie omstrede en onstabiele betekenis moet binne sy historiese, sosiopolitieke, kulturele en ruimtelike kontekste gesien word (Erasmus, Z. 1999:180).

Amina Mama (1995:2), so toon Erasmus (1999:180) aan, staan ’n konseptualisering van subjektiwiteit as ’n diskursiewe proses voor waartydens subjekte ’n veelvoud van posisies inneem. Subjektiwiteit is derhalwe ’n dinamiese proses van voortdurende bewuste en onbewuste selfrefleksie op mense se verhouding tot die “onse” en “hulle” in hul bepaalde wêrelde. Dit is ook ’n proses wat heelwat moontlikhede inhou.

Die konseptualisering van identiteitsvormings as prosesse waarby aktiewe subjekte betrokke is, werk die beskouing teen dat gekleurde identiteite bloot deur wittes, byvoorbeeld slawe-eienaars en/of apartheidspolitici afgedwing is en passief deur gekleurde mense aanvaar word (Erasmus, Z. 1999:80-181). Sodanige konseptualisering gee erkenning aan die belangrike rol wat gekleurde mense self gespeel het en steeds speel om aan hul (kulturele) identiteite betekenis te verleen.

Erasmus (1999:181) toon aan dat verskillende identiteite wat nie noodwendig rondom ’n samehangende self verenig is nie, op verskillende tye aangeneem word.

© University of Pretoria

Binne individue is teenstrydige identiteite werksaam wat hulle voortdurend in uiteenlopende rigtings dwing. Geen enkele identiteit kan alle verskillende menslike identiteite tot een oorkoepelende primêre identiteit saamvoeg nie (Hall, 1993:277, 280).

'n Mens is op enige gegewe tydstip nie net wit of swart nie; jy is ook, afhangende van die situasie waarbinne jy jou bevind en die mense met wie jy op daardie oomblik in relasie staan, 'n vrou, of 'n ma of 'n onderwyser of skrywer. Alle Suid-Afrikaners het gevolglik 'n veelvoud van teenstrydige identiteite wat gebaseer is op onder andere ras, klas, gender, seksualiteit en etnisiteit.

Nasiebou in die nuwe Suid-Afrika en die gevolglike druk om mense in die eerste plek as reënboogkleurige Suid-Afrikaners te sien, kan lei tot die ontkenning van verskille en veranderende identiteite. Die gevolg hiervan kan wees dat 'n mens weereens op eensydige wyse gesien word as nét Suid-Afrikaner en nie byvoorbeeld ook as 'n skrywer of kritikus nie.

Identiteitsvormingprosesse, so beweer Erasmus (1999:182), is binne spesifieke historiese kontekste ingebed. 'n Benadering tot gekleurde identiteite wat histories en binne bepaalde sosiale kontekste gekonstrueer en gerekonstrueer word, laat ruimte vir 'n definisie van identiteitsvormingprosesse van gekleurdheid met betrekking tot wat mense "is" en kan "word", soos tyd, plek en ruimte (voortdurend) verander. Die konstruering van gekleurde identiteite kan op drie duidelik onderskeibare vlakke geskied: die persoonlike ervaring van 'n individu ten opsigte van gekleurdheid, sy eie siening oor sy ervaring van gekleurdheid en die siening van kritici/onderhoudvoerders oor die individu se gekleurdheid.

Binne die konteks van 'n geskiedenis van kolonialisme, slawerny en apartheid, almal identiteitsvormingprosesse in Suid-Afrika, word gekleurde sowel as wit identiteite deur rasgedrewe verhoudings van sosiale mag gevorm. Veelvuldige, verskuiwende betekenisse van ras gee aanleiding tot veelvuldige rasdiskoerse en vele vorms van rassisme. Ideologieë rakende rassisme en rasdiskoerse verander nie slegs met verloop van tyd nie, maar varieer ook binne 'n breë konteks binne 'n bepaalde tydsgewrig. Hierdie variasies word gevorm deur baie bepaalde verhoudinge van sosiale mag tussen spesifieke wit mense en spesifieke swart mense (Erasmus 1999:182). Dit word in die studie aangetoon veral met betrekking tot Phillips (sien bladsy 86). Die verskillende en veranderende identiteitsvormingprosesse van gekleurdheid het met die begrip *agency* te make: wat 'n mens met jou gekleurdheid kan doen en hoe jy dit self sien en konstrueer.

© University of Pretoria

Calhoun (1994:26) voer, volgens Erasmus (1999:183), aan dat om identiteite in terme van kategorieë van individue te sien die volgende implikasie het:

> (It) allows a kind of abstraction from the concrete interactions and social relationships within which identities are constantly renegotiated, in which individuals present one identity as more salient that another, and within which individuals achieve some personal sense of continuity and balance among their various sorts of identities.

Soos elders in die wêreld, was en is rassisme in Suid-Afrika in die tydperk vóór, gedurende en ná apartheid nie ’n eenvormige, onveranderlike verskynsel nie. Rassisme sal, soos in die apartheidsbestel die geval was, steeds in ander vorms en in ander kontekste in ’n post-apartheid Suid-Afrika bly voortbestaan. Die besef dat swart ervaringe nie noodwendig gereduseer hoef te word tot mense se reaksies op rassisme nie, lei tot die erkenning van veelvuldigheid en diversiteit binne swart ervaringe (Erasmus 1999:182).

Gekleurde identiteite word, volgens Erasmus (1999:183), gevorm deur baie bepaalde rassistiese diskoerse en moet gekonseptualiseer word as relasionele identiteite wat gevorm word deur komplekse netwerke van konkrete sosiale verhoudinge eerder as die beskouing van “gekleurd“ as ’n bepaalde kategorie van individue/of as bloot ’n naam wat afgedwing is deur ’n rassistiese verlede. Slegs dan sal gekleurdheid nie gesien word as homogeen en/of ’n etniese identiteit met vasgestelde kulturele beperkinge nie.

5.2 Die term “swart” skrywers van Afrikaanse prosa

Uit wat in 5.1 oor “ras” gesê is, behoort dit reeds duidelik te wees dat die gebruik van die term “swart” of “bruin” of “gekleurde” skrywer en “wit” kritikus bepaalde implikasies het wat nie noodwendig op ’n eensydige beskouing van rassisme hoef neer te kom nie.

Die term “swart” skrywer skyn in die Afrikaanse literêre wêreld ’n kontensieuse benaming te wees waaroor daar geen eenstemmigheid bestaan nie. Daar is verskillende standpunte oor die term “swart” skrywer wat die begrip “bruin”, “gekleurd” of geen verwysing nie na “kleur” kan insluit. Die navorser hanteer “swart”, “bruin” of “gekleurd” en “wit” binne die studie as ’n postkoloniale identiteitskonstruk en nie as ’n rassisties-onderdrukkende term nie.

Andries Oliphant (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/242-swart-literatuur-in-suid-afrika) beweer die gebruik van die term “swart” literatuur ná 1994 is méér as ’n blote voortsetting van die ideologie en praktyk van rasseskeiding wat vóór 1994 op die Suid-Afrikaanse samelewing afgedwing is.

© University of Pretoria

Die gebruik van die begrip “swart” literatuur na 1994 is ook nie sonder meer ’n rassistiese reproduksie van die kulturele afkamping en hiërargiese patrone in die Suid-Afrikaanse letterkunde nie, maar moet so omvattend moontlik toegepas word as ’n beginpunt in die rigting van 'n meer inklusiewe benadering tot die Suid-Afrikaanse letterkunde as 'n geheel. Die term “swart” skrywer verwys vir Steward van Wyk, soos aangehaal deur Luc Renders (www.let.leidenuniv.nl/Dutch/Zuid-AfrikaLeiden.html), eerder na die *tipe* literatuur as na ’n bepaalde velkleur. Ampie Coetzee (2002:154-155) beskou die term “swart” skrywer as ’n benoemer van “infrastrukturele ongelykhede, ekonomiese en sosiale gediskrimineerdheid”. Coetzee maak “swart” van toepassing op “diegene wat gemarginaliseer is deur die Afrikaanse literêre establishment”. Volgens hom is “swart” skrywers “alle skrywers wat nie wit is nie”. Op soortgelyke wyse gebruik Hein Willemse “swart” as ’n politieke en ideologiese term; as ’n term van verset; as ’n stellinginname teenoor “wit” Afrikaanse skrywers. Hoewel Willemse die term “in die marge” as ’n “neutrale, maar nie noodwendig waardevrye” term nie vir marginale groeperinge gebruik (Willemse, H. 1999:3, 17), verkies hy steeds om die term swart[1] Afrikaanse skryfwerk in 2011 te gebruik (Willemse, H. 2011:209-210). Uit sy volgehoue gebruik van die term “swart” skrywers as ’n onderskeidende kenmerk van ’n bepaalde groep skrywers wil dit voorkom of hy hulle apart van wit skrywers wil groepeer; hulle “aan die ander kant” wil hou.

Willemse (1993: 63-76) se interpretasie van Piet Uithalder se *Straatpraatjes*-rubriek as een van die vroegste versetgeskrifte teen blanke oorheersing word deur Adhikari (2005:162-173) bevraagteken. Adhikari (2005:172) meen dis misleidend en eensydig om *Straatpraatjes,* ’n satiriese rubriek wat in die Hollands-Afrikaanse deel van die APO (African People’s Organisation) se koerant tussen Mei 1909 en Februarie 1922 verskyn het, te karakteriseer as die produk van swart Afrikaanssprekendes of om te suggereer dat dit aan ’n swart leespubliek gerig was, aangesien die fiktiewe verteller, Piet Uithalder, na homself as ’n “bruine Mens” verwys het en beskrywende rasterme soos *half-naatje*, *hotnot*, *slams, kaffer*, *rouwe kaffer* gebruik het om tussen *bruine* en *swart mense* te onderskei. Die *Straatpraatjes*-rubriek is vir Adhikari (2005:170) ’n aanduiding van teenstrydighede in gekleurde identiteit eerder as ’n geskrif van verset teen wit oorheersing. Willemse (2007:32) neem in ’n voetnota slegs kennis van Adhikari se kritiek teen die oorkoepelende term “swart”.

Ook literêre kritici gebruik die benoeming swart skrywers op verskillende wyses. ’n Kritikus soos Hans du Plessis gebruik die term bruin terwyl Louise Viljoen die term “gekleurde” skrywer / “skrywer van kleur” gebruik. Viljoen sien, soos Erasmus, die term “gekleurde” identiteit as ’n

[1] Willemse se keuse van “swart” dui op ’n ideologiese posisie-inname en nie op “kleur” of “ras” nie.

© University of Pretoria

kulturele identiteit wat die spesifieke belewenisse van 'n bepaalde sosiale groep verteenwoordig. Op sy beurt gebruik die akademikus, Renders, deurgaans die term *"kleurling"*[2] wanneer hy na die prosawerk van "swart" skrywers verwys.

Etlike "swart" skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 gebruik verskillende benaminge wanneer hulle na hulself verwys. Skrywers soos A.H.M. Scholtz en E.K.M. Dido wil eerder as "bruin" skrywers bekend staan; terwyl (bruin) skrywers soos S.P. Benjamin en Kirby van der Merwe verkies om bloot as "skrywers" bekend te staan. A.H.M. Scholtz se gebruik van die term "bruinmens" dui vir die navorser op 'n siening van 'n eie sosiale identiteit op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis. Dit moet vermeld word dat sommige swart skrywers die pejoratiewe verwysing na hulle as "kleurlinge" besonder diskriminerend vind omdat dit hulle aan die apartheidsera van onderdrukking herinner en 'n gevoel van minderwaardigheid en gemarginaliseerdheid by hulle oproep.

Die term "swart" binne die bestek van hierdie studie wil nie 'n eensydige aanduider van ras of etniese afkoms wees nie. Die navorser gebruik die term "swart" skrywer as 'n generiese term wat alle skrywers van kleur insluit en neem sover moontlik die sosiale en politieke kontekste waarbinne die term gebruik word, in ag.

6 Navorsingsontwerp

6.1 Data

Data (verskeie tipes metatekste soos resensies, koerantberigte, onderhoude) wat op swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 betrekking het, is sistematies en so volledig moontlik ingesamel.

6.2 Metodologie

Die navorsing is kwalitatief van aard. Dit impliseer dat verskeie tipes metatekste soos resensies, koerantberigte en uitsprake tydens onderhoude en byeenkomste met behulp van teksanalise noukeurig ontleed en beskryf word met gebruikmaking van aspekte van verskillende sisteemteorieë.

[2] Willemse (2011:30) sien die term "kleurling" as 'n apartheidsbegrip met sterk pejoratiewe assosiasies, omdat dit vir hom deel was van 'n omvattender diskoers van subordinasie en onderdrukking.

© University of Pretoria

Die sisteemteorieë van Itamar Even-Zohar se polisisteemteorie, Pierre Bourdieu se veldteorie, Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie en Dirk de Geest se funksionele, diskursiewe sisteemteorie word uiteengesit. Kommentaar en kritiek wat ten opsigte van hierdie onderskeie teorieë uitgespreek is, sal, waar ter sake, aangetoon word. ’n Oorsig oor die sisteemteorieë word aan die einde van die tweede hoofstuk in tabelvorm gegee.

In die daaropvolgende hoofstukke sal die metatekste wat met swart skrywers se Afrikaanse prosawerke sedert 1992 verband hou, met gebruikmaking van toepaslike aspekte van die verskillende teorieë ontleed en beskryf word.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 2: VIER SISTEEMTEORIEË

Inleidende opmerkinge

Uit hoofstuk een het geblyk dat die navorsingsvraag wat beantwoord moet word, die wyse is waarop swart skrywers van Afrikaanse prosatekste sedert 1992, se posisies in die Afrikaanse prosasisteem sisteemteoreties beskryf kan word.

Om hierdie vraag te kan beantwoord, word in die eerste plek 'n definisie van die term "sisteem" gegee. Dan volg 'n uiteensetting van vier belangrike sisteemteorieë: Itamar Even-Zohar se polisisteemteorie, Pierre Bourdieu se veldteorie, Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie en Dirk de Geest se funksionele sisteemteorie. Kommentaar wat op hierdie onderskeie teorieë deur ander literêre teoretici uitgespreek is, sal, waar nodig, bespreek word. Aan die einde van die hoofstuk word 'n oorsig oor die vier sisteemteorieë in tabelvorm gegee.

1 Inleiding

Die gebruik van sisteemteoretiese benaderings as 'n bruikbare instrument om die verskynsel "literatuur" te beskryf, het die afgelope veertig jaar geleidelik veld gewen. By die aanvang van die studie het die navorser Hein Viljoen (1985) se proefskrif *Die Suid-Afrikaanse romansisteem anno 1981:'n vergelykende studie* (PU vir CHO) gelees en op hierdie wyse van Even-Zohar se polisisteemteorie en die implementering daarvan te wete gekom. Riana Barnard het haar (1998) ín 'n ongepubliseerde proefskrif oor kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem op N.P. van Wyk Louw toegespits. In 2006 het die omvangryke proefskrif van Rudi Venter, getiteld *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem* (UP) verskyn**.**

Bepaalde aspekte van Venter se proefskrif, byvoorbeeld sy implementering van Even-Zohar en Bourdieu se raamwerke sluit by die navorser se studie aan, terwyl sy fokus op die produksieproses van uitgewerye weer van hierdie studie verskil. In Leti Kleyn se studie (2013:UP) word deur die implementering van Even-Zohar en Dirk de Geest se sisteembenaderings aandag bestee aan kanonisering in die Afrikaanse literatuur en ondersoek sy onder andere die rol van uitgewers, boekhandelaars, die media, resensies, literêre pryse, vertaling, bloemlesings en literatuurgeskiedenisse, skryfskole en verwerking van boeke na films. Die implementering van sisteemteoretiese benaderings soos dit in Kleyn se studie ter sprake kom, verskil van dié van die navorser.

© University of Pretoria

1.1 Definisie van sisteem

Daar bestaan ander definisies vir die term “sisteem”, tog is Even-Zohar se beskouing van sisteem waarskynlik steeds die omvattendste. Hy definieer sisteem as (die)

> (N)etwork of relations which can be hypothesized for an aggregate of factors assumed to be involved with a socio-cultural activity, and consequently that activity itself observed via that network. Or, alternatively, the complex of activities, or any section thereof, for which systemic relations can be hypothesized (Even-Zohar 1990:85).

Hy beskou “sisteem” nie bloot as ’n aggregaat van materiële verskynsels nie, maar as die

> ...functional elements hypothesized by the system, interdependent and correlated. The specific role of each element is determined by its relational positions vis-a-vis all other (hypothesized) elements (Even-Zohar 1990:85).

Twee belangrike aspekte van Even-Zohar se definisie is dat hierdie netwerk van relasies (“sisteem”) vir hom verband hou met ’n sosio-kulturele aktiwiteit én dat daardie aktiwiteit gehipotetiseer en deur die betrokke netwerk waargeneem word. Burgert Senekal (2013:614-638) se Sosiale-netwerk-analise toon verband met Even-Zohar se polisisteemteorie, maar steun op rekenaarmatige ontledings van die Afrikaanse poësienetwerk wat vir die doel van hierdie studie nie gebruik kon word nie. Volgens Senekal (2013:100) fokus netwerk- én sisteemteorie konsepsueel op “die verhoudings tussen rolspelers eerder as op die eienskappe van die rolspelers self”.

Fokkema (1992:101) gaan van die standpunt uit dat sisteme ontwerp word om bepaalde navorsingsprobleme op te los. Of die begrip “sisteem” van toepassing kan wees op dit wat in die werklikheid van literêre kommunikasie plaasvind, hang vir Fokkema (1992:103) van die definisie van “sisteem” af.

1.2 Vier sisteemteoretiese raamwerke waarbinne literatuur beskryf kan word

Fokkema (1997:177), meen die drie belangrikste variante van sisteemteoretiese benaderings wat in die Maart 1997-uitgawe van die *Canadian Review of Comparative Literature* ter sprake kom, is die formalistiese en strukturalistiese tradisie (deur Even-Zohar verteenwoordig); die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu; en die konstruktivistiese variant van Siegfried Schmidt. Fokkema toon aan dat elk van hierdie verteenwoordigers die woord “sisteem” op ’n ander wyse gebruik.

© University of Pretoria

Volgens Fokkema (1997:177) is die vraag omtrent die onderskeidende kenmerke van 'n literêre sisteem van kardinale belang. Hy wys daarop dat Even-Zohar en Schmidt van mening is dat literêre sisteme van kultuur tot kultuur verskil. Op die vraag oor die onderskeidende kenmerke van die verskillende literêre sisteme verstrek Even-Zohar en Schmidt geen antwoorde nie. Even-Zohar se meestal abstrakte polisisteemteorie sou na Fokkema se mening eers werklike betekenis kry indien dit bepaalde vrae rondom "literatuur" op empiriese wyse sou kan beantwoord.

Van Gorp (1997:5) meen sisteme veronderstel 'n funksionele eerder as 'n ontologiese grens tussen hul innerlike en uiterlike dimensies en maak hulself van 'n ongedifferensieerde *Umwelt* "los". In Even-Zohar (Van Gorp 1997:5) se polisistemiese benadering het die institusionele element met verloop van tyd sterker geword, en het die ooreenkoms met Bourdieu se sieninge oor veld en habitus duideliker geword.

Tussen die variante van die sisteemteorie bestaan daar ooreenkomste en uiteraard ook belangrike verskille. Vir die doel van hierdie hoofstuk word daar op die vernaamste ooreenkomste gekonsentreer, soos wat dit skematies aan die einde van hierdie hoofstuk in tabelvorm aangedui word. Verskille sal, waar van toepassing, aangedui word.

2 Sisteemteoretiese benaderings

2.1 Even-Zohar se polisisteemmodel

2.1.1 Inleidende opmerkinge

Even-Zohar (1997:19) gebruik 'n aangepaste model van Roman Jakobson se oorspronklike (formalistiese) kommunikasiemodel wat soos volg daar uitsien.

© University of Pretoria



Deur hierdie model word die belangrikste terme van die polisisteemteorie visueel voorgestel. Even-Zohar (1997:34) meen die bogenoemde raamwerk veronderstel geen voorafbestaande hiërargieë van belangrikheid tussen die veronderstelde interafhanklike faktore nie. Volgens die interafhanklikheidsbeginsel kan 'n verbruiker 'n produk wat deur 'n produsent geproduseer is, verbruik, maar om 'n produk (soos "teks") te genereer, moet 'n gedeelde repertorium bestaan waarvan die bruikbaarheid deur een of ander instansie bepaal word. 'n Mark moet reeds bestaan waar sodanige produk voortgedra kan word. Geen van hierdie genoemde elemente kan in isolasie funksioneer of beskryf word nie en die soort relasies wat waargeneem kan word, loop oor alle moontlike asse van die skema. Hy fokus in sy teorie op die voortdurende wisselwerking tussen al die bogenoemde elemente.

2.1.2 Even-Zohar se definisie van terme

(a) Literêre sisteem

Even-Zohar het sy oorspronklike polisisteemteorie (1979:287-310) wat meer op kultuurprodukte oor die algemeen betrekking gehad het, vir die "literêre sisteem" aangepas. Binne die polisisteemteorie, sê Even-Zohar (1990:28), bestaan die "literêre sisteem" uit 'n netwerk van sistemiese relasies en 'n geheel van "literêre" aktiwiteite wat via daardie netwerk waargeneem word. Volgens hom gaan dit nie om die vraag "Wat is die literêre sisteem?" nie, maar gaan dit om die vraag watter aktiwiteite wat deur literêr-sistemiese relasies gereguleer word, gehipotetiseer kan word.

© University of Pretoria

(b) Literêre produsent

Die literêre produsent is vir Even-Zohar (1990:35):

> ...not merely 'a producer' we encounter, nor just a set of individual 'producers,' but groups, or social communities, of people engaged in production, organized in a number of ways, and at any rate relating to each other no less than to their potential consumers. As such, they already constitute part of both the literary institution and the literary market.

Vir hom is "produsent" méér as individuele "skrywers". Die konsep "produsent" hou vir hom verband met groepe of sosiale gemeenskappe wat by produksie betrokke is, op verskeie wyses georganiseer is en wat wedersyds op mekaar sowel as hul moontlike verbruikers betrekking het. As sodanig, poneer hy, vorm hulle alreeds deel van sowél die literêre instansie as die literêre mark. Hy verbind die term "produsent" met (al) die moontlike wedersydse handelingsrolle wat by literêre produksie uitgevoer word.

(c) Literêre produk

Die term (literêre) produk verwys vir Even-Zohar (1990:43-44) na "any performed set of signs and / or materials", insluitend "a given behaviour". Die produk, as resultaat van literêre handeling, kan wees 'n "utterance, a text, an artifact, and edifice, an 'image' or an 'event'". Die produk is "…the concrete instance of culture" en die draer van werklikheidsbeelde.

Die literêre produk as draer van 'n gemeenskap se werklikheidsbeelde sluit nie net literêre tekste in nie, maar ook "tekstuele fragmente" wat die funksie vervul om die samelewing se werklikheidsmodelle in stand te help hou. Die produksie van hierdie kulturele items is egter vir Even-Zohar onlosmaaklik met die repertorium verbonde (Even-Zohar 1990:44).

(d) Literêre verbruiker

Die literêre verbruiker is individue en groepe wat 'n voltooide produk hanteer "by passively operating a repertoire" (Even-Zohar 1990:36). Dit sluit dekodering (verstaan) van die boodskap of produk in "by identifying 'relations' (connections) between the product and one's knowledge of a repertoire". Elke lid van 'n samelewing is 'n verbruiker van sy kulturele artefakte – selfs al geskied die verbruik indirek en fragmentaries.

© University of Pretoria

(e) Literêre instansie

Uit Even-Zohar se onderstaande definisie van literêre instansie blyk sy fokus op die versameling faktore wat literatuur as 'n sosio-kulturele aktiwiteit in stand hou.

Die literêre instansie, as deel van die dominante, amptelike kultuur, reguleer die heersende norme van literêre aktiwiteit.

Volgens Even-Zohar (1990:37) is die literêre instansie die

> ... aggregate of factors involved with the maintenance of literature as a socio-cultural activity. It is the institution which governs the norms prevailing in this activity, sanctioning some and rejecting others. Empowered by, and being part of, other dominating social institutions, it also renumerates (sic) [remunerates] and reprimands producers and agents. As part of official culture, it also determines who, and which products, will be remembered by a community for a longer period of time. In specific terms, the institution includes at least part of the producers, 'critics' (in whatever form), publishing houses, periodicals, clubs, groups of writers, government bodies (like ministerial offices and academies), educational institutions (schools of whatever level, including universities), the mass media in all its facets, and more.

Die literêre instansie sluit vir Even-Zohar in akademiese, opvoedkundige sowel as regeringsinstansies, die media, en enige agent (soos 'n literêre kritikus) wat die aanvaarding óf verwerping van modelle en materiaal in die hand werk. Enersyds tree 'n instansie op as bewaarder van kultuur; andersyds skep dit vernuwing deur nuwe modelle óf repertoriums te propageer. Volgens Even-Zohar (1990:38) word die literêre instansie gekenmerk deur innerlike konflik tussen die agente wat die sentrum van die instansies inneem, genoem die "establishment", en die agente wat nié 'n posisie in die sentrum inneem nie. Dit is die dominante agente of instansies in die sentrum wat die status van 'n kulturele artefak bepaal. Shavit (1991:233) merk in hierdie verband die volgende op:

> A text gains a high status not because it is valuable, but because someone believes it to be valuable and more important, because someone has the political-cultural power to grant the text the status they believe it deserves.

Hierdie aanhaling van Shavit impliseer dat instansies wat politieke en kulturele mag het, die "establishment", aan 'n teks die "status" wat hulle "glo 'n teks verdien", toeken.

(f) Literêre mark

Die literêre mark sien Even-Zohar (1990:38) as die "…aggregate of factors involved with the selling and buying of literary products and with the promotion of types of consumption".

© University of Pretoria

Die “mark” sluit vir hom in instansies soos boekwinkels, boekeklubs of biblioteke wat die openlike uitruil van handelsware propageer, asook alle ander individue en instansies wat deelneem aan die semiotiese “verbruik” van produkte. Daar bestaan volgens hom ’n noue samehang tussen instansie en mark. Soos die instansie, is die mark vir hom ’n tipe sosiale ruimte, ’n soort tussenganger tussen sosiale kragte en kulturele repertoriums. Die instansie sowel as die mark is sosiale faktore wat bepaal of ’n produk bevorder óf verwerp word, of ’n produk funksioneer óf “verdwyn” (Even-Zohar 1990:38). Opvoedkundige instansies soos “skole” wat meewerk tot die “koop” (aankoop) maar ook “verkoop” (bekendstelling/verspreiding/bevordering) van literêre produkte (tekste) kan waarskynlik ook gesien word as ’n soort mark. “Koop” en “verkoop” van “kulturele repertoriums” moet dus in Even-Zohar se definisie nie bloot letterlik opgeneem word nie. Hy bedoel hiermee waarskynlik dat repertorium bekend word deur die bemarking van produkte. Omdat die bemarking van produkte ook bepaalde sosiale gedrag insluit, vervaag die grense tussen instansies en markte soms vir hom.

(g) Literêre repertorium

Die belangrikste bydrae van Even-Zohar lê waarskynlik in sy siening van repertorium. Dit is egter juis ook sy verskillende verklarings van die konsep “repertorium” wat by Andringa en onder andere Codde en Sheffy bepaalde kommentaar ontlok het. In kulturele sin definieer Even-Zohar (1990:39) repertorium as die “aggregate of rules and materials which govern both the *making* and *handling*, or production and consumption of any given product”. Repertorium bestaan vir hom uit die kulturele items wat ’n produsent of verbruiker onderskeidelik gebruik “to create or to understand and decode the product (or message)”.

Ten opsigte van die literêre repertorium stel hy die volgende:

> If the most conspicuous manifestation of literature is considered to be ‘texts,’ then the literary repertoire is the aggregate of rules and items with which a specific text is produced, and understood (Even-Zohar 1990:40).

Even-Zohar (1990:40) is ook van mening dat “repertorium”

> ...may be the shared knowledge necessary for producing (and understanding) a ‘text,’ as well as producing (and understanding) various other products of the literary system. There may be a repertoire for being a ‘writer,’ another for being a ‘reader,’ and yet another for behaving as one should expect from a literary agent,’ and so on. All these must definitely be recognized as ‘literary repertoires’.

Uit sy definisie kan afgelei word dat literêre repertorium ’n gebruiker nie net in staat stel om literêre tekste te skep en te verstaan nie, maar ook metatekste soos resensies en artikels.

© University of Pretoria

Andringa vind Even-Zohar se veelvuldige en dikwels vae omskrywings van literêre "repertorium" onbruikbaar. Vir Andringa (2006:524) word dit nooit duidelik wat die "reëls en elemente" is waarvan daar in Even-Zohar se eerste omskrywing, naamlik die "…aggregate of rules and materials" (Even-Zohar 1990:39) sprake is nie. Ook die "gedeelde kennis" (Even-Zohar 1990: 40) van sy latere omskrywing blyk vir haar vaag te wees. As 'n gedeelde repertorium, soos wat Even-Zohar dit sien, veronderstel is om die sentrum van 'n subsisteem te vorm, is dit vir Andringa 'n verdere probleem hoe verskillende groepe agente (soos lesers, skrywers, kritici, of uitgewers) hul verskillende repertoriums gebruik om verskillende subsisteme te vorm.

Hoewel Even-Zohar hierdie vae definisie, volgens Andringa (2006:525), deur 'n aanhaling van Ann Swidler (1986: 273) oor kultuur as 'n "repertorium" of "gereedskapstel" met betrekking tot gewoontes, vaardighede en style waaruit mense "strategieë vir handeling" saamstel, verklaar, beweeg hy weg van die domein van literatuur deur "kultuur" in sy geheel as 'n repertorium te sien.

Andringa (2006:525) wil repertorium, anders as Even-Zohar**,** definieer as "a mental equipment that enables its users to act and to communicate in a literary (sub)system". 'n (Sub)sisteem word vir haar eerder bepaal deur 'n groep agente wat 'n bepaalde repertorium deel en wat dit vanuit hul verskillende institusionele en nie-institusionele rolle "gebruik". Volgens Andringa (2006:526) bestaan 'n repertorium uit die volgende komponente: (1) Kennis van 'n versameling werke/oeuvres wat as 'n "model" funksioneer en as 'n verwysingsraamwerk in prosesse van literêre produksie, resepsie en kommunikasie dien; (2) 'n stel strategieë en konvensies wat die produksie, resepsie en kommunikasie rig; (3) stelle geïnternaliseerde waardes en belange wat seleksies, oordele en klassifiserings bepaal.

Die repertorium word in die vierde plek vir Andringa (2006:527) gedeel deur 'n groep geïnstitusionaliseerde en individuele agente (outeurs, uitgewers, lesers, resensente) wat die wyses waarop tekste hanteer word, reël en tot 'n groep se identiteit en mag kan bydra. Sodanige groep kan 'n literêre beweging, 'n nasionaliteit, of die navolgers van religieuse of politieke ideologie wees.

Omdat Andringa (2005:526) repertorium as 'n stuk verstandelike toerusting eerder as tekste of tekstuele kwaliteite beskou, beskryf sy die verskil tussen korpusse tekste en kennis van sodanige korpusse in operasionele terme. Die agent(e) verwerf hierdie kennis in 'n proses van literêre sosialisering binne 'n bepaalde sosio-kulturele omgewing. Hierin toon haar siening 'n mate van ooreenkoms met dié van Siegfried Schmidt.

© University of Pretoria

Hierdie verstandelike toerusting voorsien riglyne vir oordele, positiewe sowel as negatiewe verwysingspunte in kommunikasie en modelle vir nuwe produksie.

Andringa (2006:526) operasionaliseer “repertorium” voorts deur die begrip “konvensies” en “strategieë” in te voer. “Konvensies” sien Andringa (2006: 526) as histories ontwikkelde, relatief geldende voorskrifte vir sosiale kommunikasie en gedrag, wat eerder op “sanksionering” as “wette” neerkom. Volgens Andringa (2006:526) is “konvensies’’ handelingskeuses wat agente uitoefen om ’n bepaalde doel te bereik. Sy beskou konvensies dus as strategieë wat algemene praktyk en standaardkennis van optrede in ’n bepaalde situasie geword het.

Konvensies kan, volgens Andringa (2006:527), ook op ander kommunikasievlakke ’n rol speel: Boekomslae (of para-teks) word dikwels ontwerp volgens piktorale (*pictorial*) en grafiese beginsels wat die herkenning van ’n genre, ’n reeks of ’n uitgewery vergemaklik. Lesers wat reeds bekend is met die konvensies van visuele ontwerp, wat op soek is na die huidige topverkoper in ’n boekwinkel, sal nie maklik mislei word om ’n poësiebundel te koop as hulle ’n prosawerk in gedagte het nie.

’n Repertorium het, aldus Andringa (2006:527), die volgende eienskappe: Dit word gedeel deur ’n groep geïnstitusionaliseerde en individuele agente (outeurs, uitgewerye, lesers, resensente, ensovoorts); dit reël die wyses waarop daar met tekste omgegaan word en kan tot ’n groep se identiteit en mag bydra.

Andringa (2006:528) meen ’n repertorium behoort op kenmerkende wyse tot ’n sekere tydperk en kan dit mettertyd as gevolg van interne of eksterne kragte verander. Groepe kan ’n gedeelde repertorium as hul eie aanvaar en laat voortbestaan indien hulle dit beskou as ’n simboliese/ikoniese weergawe van hul eie ideale, geloofsoortuiginge, status, geskiedenis, situasie of wat hulle ook al as noodsaaklik vir hul eie sosio-kulturele identiteit ag; én hulle kan ’n ander repertorium as nie geskik nie verwerp. Dus kan repertorium nie slegs deur middel van mag in stand gehou word nie, maar ook doelbewus geskep word om ’n groep se identiteit of eiesoortigheid te bevorder.

2.1.3 Kommentaar op Even-Zohar se polisisteemteorie: Lambert en Sheffy

Lambert (1997:9) meen een van die winste van Even-Zohar se polisisteemteorie is dat daar duidelik onderskei word tussen literatuurnavorsing en literêre en/of kritiese aktiwiteite. Outeurs en kritici beoog die bevordering van literatuur.

© University of Pretoria

Hierdie aktiwiteit verskil radikaal van literatuurnavorsing. Eerder as om data te versamel (skrywers, tekste, name, “nasionale” literature) wil Even-Zohar literêre verskyningsvorme waarneem en beskryf om hul onderliggende beginsels (norme, modelle, hul primêre/sekondêre aard, hul sentrale of perifere posisie) te openbaar. In plaas van om fundamentele en normatiewe waardes te aanvaar, wil hy die funksies wat aan literatuur binne gegewe tradisies toegeskryf word, beskryf. Even-Zohar ondersoek in watter mate outeurs, lesers, verspreidingskanale, tekste en “teksteme” (mikroskopiese tekstuele kenmerke) ondergeskik is aan groter beginsels, en hoe makroskopiese raamwerke die sogenaamde aard van literatuur vorm.

Volgens Sheffy (1997:38) wil die polisisteemteorie deur die gebruik van die term “repertorium” eerder menslike handeling as menslike begrip verklaar. Even-Zohar se idee van modelle, sê Sheffy (1997:38), is nie ’n stel aannames oor die werklikheid nie. Die begrip “model” in die polisisteemteorie gaan nie oor die formulering van mense se interpretasie van die werklikheid nie, maar oor hoe hulle handelinge binne hierdie werklikheid gegenereer word (Sheffy 1997:39). Modelle moet in Even-Zohar se polisisteemteorie eerder gesien word as ’n abstrakte stel instruksies vir die skep van items (optredes of produkte) binne ’n bepaalde toepaslike situasie.

2.2 Pierre Bourdieu se veldteorie

2.2.1 Inleidende opmerkinge

Die Franse sosioloog, Pierre Bourdieu, het ’n komplekse sosiologiese teorie ontwikkel waarin hy veral die posisie en meganismes van kultuur en kuns en hul sosiale funksies in die samelewing ondersoek het (Köppe en Winko 2008:188). In die ontwikkeling van sy teorie het hy ’n aantal begrippe soos kulturele veld, ekonomiese, kulturele, sosiale en simboliese kapitaal, habitus en hexis gemunt. Etlike aspekte van Bourdieu se teorie word teenswoordig nog met vrug deur veral Europese literêre kritici gebruik.

Veral Bourdieu se siening omtrent **kulturele veld, kulturele kapitaal, habitus** en **hexis** is vir die doel van hierdie studie van belang**,** aangesien die posisionering en veral dan die kontestering oor die posisies van sommige swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse literêre sisteem/veld sedert 1992 in verdere hoofstukke beskryf gaan word.

Bourdieu gebruik nie die term “sisteem” as sodanig nie, maar verkies om die term “kulturele veld” te gebruik. Sy siening van die “kulturele veld” as ’n netwerk van relasies toon ooreenkoms met Even-Zohar se siening van “sisteem” as ’n netwerk van relasies.

© University of Pretoria

2.2.2 Bourdieu se definisie van kulturele veld

Vaessens (2013:80) toon aan dat die "veld"-begrip in metaforiese, sosiologiese sin as afgeperkte, oorsigtelike gebied 'n sentrale term in Bourdieu se teorie is. Volgens Webb e.a. (2002:xi) sien Bourdieu 'n kulturele veld as 'n verteenwoordigende sosiale ruimte van kulturele praktyk waar 'n objektiewe, hiërargiese reeks instansies, reëls, rituele, konvensies, kategorieë, bestemmings en afsprake sekere diskoerse en aktiwiteite produseer en magtig.

'n Kulturele veld word beskou as 'n netwerk van relasies tussen groepe en individue wat voortdurend kontesteer oor wat as kapitaal binne daardie veld beskou kan word en hoe daardie kapitaal versprei behoort te word. Bourdieu beskou 'n "kulturele veld" dus as 'n dinamiese entiteit wat uit instansies en reëls bestaan, asook uit die interaksies tussen instansies, reëls en praktyke (Webb e.a. 2002:21-22). Die hoeveelheid mag wat iemand binne 'n veld het, hang af van sy posisie binne die veld, asook die hoeveelheid kapitaal wat hy/sy besit (Webb e.a. 2002:23). Een van die voordele van 'n magsposisie is dat dit groepe of individue in staat stel om te bepaal wat "outentieke" kapitaal is. Gewoonlik word die waarde of spesifieke vorme van kapitaal, van binne af bepaal, en is dit meermale beperk tot 'n bepaalde veld, hoewel oorvleueling met ander velde kan voorkom.

In Bourdieu se teorie, beweer (2008:13), is die sogenaamde literêre veld 'n onderdeel van die kulturele veld. Ook Dorleijn en Van Rees (2006:19), soos deur Lisa Kuitert (2008:70) vermeld, sien die literêre veld in die kulturele veld ingebed. Die kulturele veld is op sy beurt ingebed in die sosiale en politieke veld.

Haagsman (2008:13) konstateer:

> In de visie van Bourdieu bestaat het literaire veld enerzijds uit de materiële productie en anderzijds uit de symbolisch productie. In beiden gevallen gaat het om de productie van literatuur, maar de eerste vorm heeft betrekking op een fysiek, tastbaar product en de tweede vorm op een geestelijk, intellectueel product.

Volgens Van Rees (1983:292) en Van der Waal (2006:13) word die literêre veld gekenmerk deur 'n gevarieerde en oorvleuelende netwerk van relasies van agente wat reeds in die literêre veld geposisioneer is. Van Rees (1983:292) toon aan dat agente se deelname en interaksie in die literêre veld 'n sosiale proses is waartydens verskillende agente hulle op bepaalde wyses met 'n "teks" bemoei wat volgens Venter (2006:49-50) as "literêr waardevol" geag word, en kulturele "handelinge" soos skryf, uitgee, bemark, lees en resenseer, uitvoer.

© University of Pretoria

Die literêre veld geld vir Bourdieu as sosiale werklikheid.

Vaessens (2013:80) sê hieroor:

> Als de sociale werkelijkheid, die we ook wel 'literatuur' of 'de literaire wereld' noemen, wordt voorgesteld als een afgebakend veld, word de oneindige complexiteit van de werklijkheid (natuurlik) sterk vereenvoudigd en geschematiseerd.

Volgens Speller (2011:46) plaas Bourdieu die literêre veld as 'n soort "statusgroep" binne die "veld van mag". Die "veld van mag" is vir Bourdieu verdeel tussen kompeterende groepe en onderverdeel in enersyds die besitters van ekonomiese en politieke mag wat alle ander velde domineer, en die besitters van "kulturele kapitaal" of "onderdrukte onderdrukkers" andersyds. Hoewel die "statusgroep" of "onderdrukte onderdrukkers" in die literêre veld struktureel aan die ekonomies dominante groep ondergeskik is, het hulle die simboliese mag (kapitaal) om die (ekonomies) dominante groep óf te wettig óf in diskrediet te bring.

Köppe en Winko (2008:191) meen Bourdieu se siening van ekonomiese kapitaal binne 'n kulturele veld het 'n Marxistiese onderbou wat met alle vorme van materiële besit te make het.

Bourdieu se siening van materiële kapitaal binne 'n bepaalde magsveld verskil egter in 'n belangrike opsig van 'n suiwer Marxistiese siening.

In 'n Marxistiese siening hou materiële kapitaal op direkte wyse verband met 'n bepaalde groep, die dominante klas of sogenaamde besitters. In Bourdieu se siening is die konsep van 'n dominante klas 'n relasionele konsep (Bourdieu 1983:319) wat eerder verband hou met die struktuur van die relasies wat tussen verskillende groepe bestaan (Speller 2011:50). Bourdieu se konsep van 'n veld van mag, aldus Speller (2011:46), "also implies a break with the representation of the social world found in some forms of Marxism, which pits the owners of the means of production against the labour force".

Volgens Bourdieu word die veld van mag verdeel tussen kompeterende groepe en gepolariseer tussen "the holders of economic and political power, who are dominant over all, and the holders of 'cultural' capital, who are 'dominated dominators': structurally subordinate, but with the (symbolic) power to legitimate of discredit the dominant group" (Speller 2011:47).

Vaessens (2013:80) meen 'n sentrale term in Bourdieu se woordeskat is "outonomie". Dit beteken 'n outonome literêre veld het, aldus Bourdieu (Vaessens 2013:81), sy eie wette en sy eie hiërargie, los van die norme en rangordes van die "burgermaatschappij".

© University of Pretoria

Van der Waal (2006:10), soos Kuitert (2008:67), toon aan dat vir Bourdieu ’n literêre veld nie soseer met bepaalde tipes (geskrewe) tekste te make het nie, maar met literêre praktyke wat gesien word as ’n vorm van sosiale, spesifiek kulturele aksie.

Die literêre veld word gestruktureer as ’n relatief outonome veld van handelinge wat deur agente uitgevoer word wat min of meer volgens die veld se eie reëls optree. Die relatief outonome literêre veld betrek die onderlinge stryd tussen skrywers. Daar is ’n “strukturele ooreenkoms” tussen die literêre veld en die veld van mag.

Vir Bourdieu, so meen Speller (2011:48), hou die waarde van die literêre veld se kapitaal op direkte wyse verband met sy outonomie, wat gemeet kan word aan outeurs se vermoë om eksterne (veral religieuse, politieke en kommersiële) eise te ignoreer óf te weerstaan.

Speller (2011:48) toon aan dat die simboliese mag en outonomie wat Bourdieu meen outeurs besit, gemanifesteer word deur hul vermoë om deur middel van die oproep van hul eie waardes (geregtigheid, skoonheid, ensovoorts) en norme heersende magsordes te weerstaan. As gevolg van die invloed van die politieke en ekonomiese veld, is die literêre veld egter altyd verdeel in twee subvelde wat werksaam is volgens twee opponerende beginsels, naamlik heteronomie en outonomie (Speller 2011:51). Bourdieu plaas outeurs van topverkopers/“best sellers”, waarvan die sukses gemeet word aan die gewildheid van hul werke by die publiek en media, binne die heteronome subveld.

Die term “heteronoom” word gebruik om die outeurs se “toestand” van verbondenheid aan invloede, norme en standaarde wat buite die literêre veld is, aan te toon. Topverkopers in die heteronome subveld word gewoonlik nie deur literêre kritici as tekste met “literêre” meriete bekroon nie, maar in die praktyk, soos in latere hoofstukke aangetoon sal word, gebeur dit soms wel. In die outonome subveld plaas Bourdieu “suiwer” outeurs. Finansieel vermoënde outeurs, so impliseer Bourdieu, se habitus/ingesteldheid teenoor ekonomiese wins is “onverskillig” (Speller 2011:60). Hulle oogmerk is nie om deur hul boeke ekonomiese kapitaal te verwerf nie – hulle is eerder ingestel op die verwerwing van simboliese kapitaal, erkenning van hul eweknieë, resensies waarin hul werk aangeprys word en verwerwing van literêre pryse. Speller (2011:60) is egter van mening dat dit moeilik sou wees om sodanige ingesteldheid noukeurig te meet.

Hoewel outonome outeurs kommersieel gewoonlik minder suksesvol is, verkry hulle “simboliese kapitaal” in die literêre veld, byvoorbeeld literêre pryse en publikasie by ’n gevestigde uitgewery waardeur hulle gaandeweg erkenning in die breër samelewing verkry. Uiteindelik verkry hulle die hoogste “heiliging” deur insluiting by die kanon en die skool- of universiteitskurrikulum. Van der

© University of Pretoria

Waal (2006:11) merk tereg op dat die outonome deel van die literêre veld op literêre prestige (simboliese kapitaal) gerig is, terwyl die heteronome deel op ekonomiese wins gerig is.

2.2.3 Bourdieu: verskillende vorme van kulturele kapitaal

Die term “kulturele kapitaal” (Webb e.a. 2002:22) hou vir Bourdieu verband met gemagtigde smake/voorkeure, verbruikerspatrone, attribute, vaardighede en toekennings. In die wydste sin het die konsep “kulturele kapitaal” te doen met materiële dinge (wat simboliese waarde kan hê), sowel as “onaanraakbare”, maar kultureel beduidende attribute soos prestige, status en outoriteit (waarna as simboliese kapitaal verwys word), tesame met kulturele kapitaal (wat gedefinieer kan word as kultureel-hoogaangeskrewe smaak- en verbruikerspatrone). Kapitaal tree volgens hom op as ’n sosiale relasie binne ’n stelsel van uitruiling, en die term word uitgebrei na “alle goedere, materiale en simboliek, sonder uitsondering, wat hulself aandoen as ‘raar’ en gesog binne ’n bepaalde sosiale formasie” (aldus Harker, Mahar en Wilkes, soos deur Webb en andere aangehaal). Kulturele kapitaal is vir Bourdieu ’n veranderlike gegewe wat nie as ’n universele gegewe binne of dwarsoor velde aanvaar kan word nie.

Bourdieu ontleen sy konsep “kulturele kapitaal” aan Paul Valéry (Speller 2011:49). Binne die kulturele veld is verskillende vorme van kulturele kapitaal werksaam. In sy “The Three Forms of Capital” poneer Bourdieu (1986:241-258) dat daar binne kulturele kapitaal ’n “geobjektiveerde” toestand in “the form of cultural goods (pictures, books, dictionaries, instruments, machines, etc.)” kan bestaan. Kulturele kapitaal kan ook, aldus Bourdieu, in ’n beliggaamde of geïnkorporeerde toestand **(hexis)** in die vorm van blywende ingesteldhede van gees en liggaam bestaan.

Kulturele kapitaal word gaandeweg in die sosialiseringsproses verinnerlik. Die sosialisering kan met ’n formele opvoeding (of nie) gepaard gaan waartydens die “ingesteldhede” en “skemas van persepsies en waardering” wat nodig is om aan kulturele praktyke deel te neem, ingeprent word.

Köppe en Winko (2008:191) beskou die sosialiseringsproses as ’n soort **sosiale kapitaal** wat te make het met die min of meer standhoudende relasies wat agente binne ’n bepaalde veld met mekaar handhaaf. Vir Bourdieu is sosiale kapitaal werksaam as ’n sosiale relasie binne ’n stelsel van uitruiling van materiële sowel as simboliese goedere wat hulself binne ’n bepaalde sosiale formasie as uitsonderlik en gesog openbaar. Bourdieu voeg ’n derde vorm van kulturele kapitaal hieraan toe: ’n geïnstitusionaliseerde toestand (habitus) wat afsonderlik van die ander twee vorme gesien moet word, omdat, soos dit by opvoedkundige kwalifikasies die geval blyk te wees, dit heeltemal nuwe eienskappe aan kulturele kapitaal verleen (Speller 2011:50). Die

© University of Pretoria

geïnstitusionaliseerde vorm van kulturele kapitaal dui onder andere die opvoedingspeil van sy draer aan.

Formele handelinge van akkreditasie, soos opvoedkundige kwalifikasies, erkende poste, universiteitsposisies en literêre pryse waarborg die sosiale waarde van kulturele kapitaal deur simboliese erkenning te gee en verleen indirekte toegang tot ekonomiese besoldiging. Volgens Köppe en Winko (2008:191) geld **simboliese kapitaal** as die hoogste vorm van kapitaal en sluit dit ekonomiese, kulturele en sosiale kapitaal in. Simboliese kapitaal hou met "tasbare" of ekonomiese kapitaal (geld), maar ook met "ontasbare" kultureel beduidende attribute soos prestige, status en gesag verband.

In 'n kulturele veld is enige vorm van kapitaal 'n geldende faktor. 'n Agent se posisie binne 'n bepaalde veld en die hoeveelheid sosiale en simboliese kapitaal wat hy besit (prestige, status, outoriteit), bepaal hoeveel mag hy uitoefen en hoeveel invloed hy binne daardie bepaalde veld het. Groepe en individue wat institusioneel met bepaalde mag beklee is, bepaal watter kapitaal as "outentiek" in 'n bepaalde veld geag word.

2.2.4 Bourdieu se konsepte van "habitus" en "hexis"

'n Belangrike konsep van Bourdieu is habitus (Speller 2011:60). Habitus kan verklaar word as die wyse waarop ons onsself in verhouding tot ander mense/groepe/instansies sien. Habitus het te make met al die aspekte van ons daaglikse bestaan waaraan ons gewoonlik aandag bestee, maar ook al die aspekte waaraan ons gewoonlik nie aandag skenk nie.

Habitus bepaal ons ingesteldheid teenoor ander mense, asook ons ingesteldheid ten opsigte van die wêreld van beskikbare kulturele goedere en praktyke, dit wil sê alles wat (vir ons) met sosiale belangrikheid gelaai is.

Volgens Bourdieu begin ons die inligting wat in ons sosiale omgewing ingeskryf is reeds op 'n vroeë leeftyd verinnerlik (Speller 2011:60). Die primêre "veld" wat deur sosiale klas bepaal word, is die gesin met sy eie fisiese, ekonomiese en simboliese magsverhoudinge wat verband hou met begrippe soos "liefde", "vertroue" en "ouderdom". Dit is in die gesin wat ons die eerste gewaarwording kry van "wie ons is" en "waar ons hoort".

© University of Pretoria

Volgens Van der Waal (2006:13) word kulturele kapitaal deur primêre sosialisering verwerf: 'n Sosiale vaardigheid soos tafelmaniere word binne gesinskonteks verwerf.

Habitus word gevolglik gesien as die wyse waarop individue deur houdings en ingesteldhede wat hulle mettertyd op gedeeltelik onbewuste wyse binne bepaalde kontekste verwerf het, "hulself word". Hierdie verworwe ingesteldhede sluit in: neigings, liggaamshoudings, maniere van praat, eet, beweeg, opvattings oor persoonlike ruimtes, bepaalde denkwyses en maniere van voel.

Habitus oriënteer 'n mens ten opsigte van jou fisieke en psigologiese "self-wees" in die wêreld. Vir mense lyk hierdie "normale" gewoontes na "gesonde verstand" (Webb e.a. 2002: xii). Habitus (Webb e.a. 2002:36-37) het egter ook te make met die gedeeltelik bewuste wyses waarop individue hulle met bepaalde kulturele praktyke, reëls en kontekste bemoei (hul optrede). Ingesteldhede genereer handelinge, persepsies en houdings wat as "normaal" ervaar word sonder dat dit op bewuste wyse deur enige "wet" gekoördineer of gereël word. Voorts skep habitus by lede van 'n bepaalde samelewing 'n ingesteldheid om met mekaar, in ooreenstemming met die sosiale norme van hul groep, in wisselwerking te tree**.** Habitus het altyd op die "onmiddellike" betrekking en tree in werking wanneer 'n mens se verworwe ingesteldhede voor 'n bepaalde nuwe probleem, keuse of konteks te staan kom. 'n Mens se habitus funksioneer slegs effektief as jy jou keuses as "normale" noodwendighede sien. Alle "onnatuurlike" of "bisarre" moontlikhede word by hierdie keuses uitgesluit. Habitus word voortdurend op "onbewuste" wyse geskep en herskep en is in hierdie sin volkome arbitrêr – daar is niks "vanselfsprekend" omtrent die waardes wat mense koester, die behoeftes wat hulle najaag, of die praktyke waarmee hulle hul besig hou nie. Hierdie arbitrêre praktyke (Webb e.a. 2002:38) geskied op 'n onbewuste vlak, maar het 'n bepaalde doel voor oë, aangesien alle menslike handelinge op ideë van mag, politieke en eiebelang berus.

Vir Bourdieu, soos vir Foucault (1982:780-781), is "mag" nie 'n abstrakte, alomteenwoordige gegewe nie. "Mag" word voortdurend kultureel en simbolies geskep en telkens weer "gewettig" deur die wisselwerking van die reg om as agent op te tree. Habitus is gesosialiseerde norme of neigings wat gedrag en denke reguleer, 'the way society becomes **deposited** in persons in the form of lasting dispositions, or trained capacities and structured propensities to think, feel and act in determinant ways, which then guide them' (Wacquant 2005: 316, aangehaal in Navarro 2006: 16).

Die noue samehang wat daar volgens Bourdieu tussen habitus en **hexis** bestaan, verklaar Webb e.a. (2002:37) as die wyse waarop die verhouding tussen veld en habitus funksioneer om agente se liggame en liggaamlike ingesteldhede te "produseer": Die liggaam as 'n individuele entiteit is onderworpe aan, behorende tot, en kenmerkend van die self.

© University of Pretoria

Vir Bourdieu (1977:93-95) is **hexis** die beliggaamde self, die individu se voortdurende liggaamlike ingesteldhede/handelinge van “staan, praat, loop, voel en dink” wat die indruk skep dat hierdie ingesteldhede outomaties deel van die natuurlike sosiale orde is. Juis deur die sogenaamde "natuurlikheid” van outomatiese handelinge is hulle ’n instrument vir die inkorporering van sosiale vereistes.

Soos Bourdieu (1977:94-95) dit stel: “Every group entrusts to bodily automatisms those principles most basic to it and most indispensable in its conservation.” Dit is deur skynbaar onbeduidende opdragte soos: “Staan regop,” “Moenie jou mes in jou linkerhand hou nie,” dat die bestaande sosiale orde in mense se optrede en houding “genaturaliseer” word. Bourdieu (1977:93-94) sien dit as “geskiedenis wat natuur” geword het. Bourdieu se siening van hexis het dus te make met aangeleerde gedrag en gesosialiseerde liggaamlike ingesteldhede wat lyk of dit natuurlik is.

2.2.5 Kommentaar en kritiek op Bourdieu se “habitus”: Sheffy en Fokkema

Bourdieu se siening van habitus bied vir Sheffy (1997:37) ’n verklaring vir die bestaanswyse van modelle en hul status.

Habitus kan, volgens Sheffy (1997:37), opgesom word as ’n bemiddelende meganisme tussen sosiale netwerke en die werklike praktyke wat deur individuele agente uitgevoer word. Bourdieu se habituskonsep kan die menslike neiging verklaar om repertoriese posisies in te neem. As ’n mens habitus ook sien as ’n verinnerlikte sisteem van ingesteldhede, kan dit as basis dien vir gereguleerde wyses van optrede op individuele sowel as groepsvlak. Sheffy (1997:37) se vernaamste beswaar teen Bourdieu se siening van habitus as verinnerlikte stelle ingesteldhede is dat dit lei tot eensydigheid.

Die bewering van Bourdieu oor habitus, naamlik “… just as animals with feathers are more likely to have wings than animals with fur, so the professors of substantial cultural capital are more likely to be museum-goers than those who lack such capital” vind Sheffy (1997:38-39) meganies, omdat so ’n siening die heterogeniteit en dinamika van kulturele repertoriese keuses en individuele variasies binne ’n gegewe sosiale formasie buite rekening laat. Bourdieu se siening negeer die moontlikheid dat ’n individuele agent verskillende repertoriums in verskillende verhoudings (byvoorbeeld familie, beroep, etnisiteit) met betrekking tot sy habitus kan gebruik.

Soos Sheffy (1997:38-39), bevraagteken ook Fokkema (1992:109) Bourdieu se “rigiede correlatie

© University of Pretoria

tusschen sociale positie en esthetische ervaring, ook aan de determinering die van de sociale positie ten opzichte van de esthetische ervaring uitgaat". Fokkema meen Bourdieu se siening hou nie rekening nie met die "persoonlijke dispositie, de specifieke situatie en het moment waarop de confrontatie met een als esthetisch te recipiëren object plaats vindt". Fokkema (1997:178) spreek twyfel uit oor Bourdieu se siening van 'n identiteit met omgekeerde waarde tussen die literêre sisteem en die sosiale sisteem.

Bourdieu meen literêre optrede is óf identies, óf omgekeerd aan sosio-ekonomiese gedrag, met ander woorde ekonomiese kapitaal kan slegs in die heteronome veld en simboliese kapitaal slegs in die outonome veld verwerf word. Die vraag of dit wel sonder uitsondering die geval is, sal in verdere hoofstukke waar dit ter sake is, ter sprake kom.

2.3 Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie

2.3.1 Schmidt se definisie van sisteem

Siegfried Schmidt (1997:123) sien die sosiale sisteem "literatuur" as 'n komplekse eenheid met verskeie onderling verwante dimensies. Sy teorie van literêre kommunikasie berus nie op individuele literêre tekste nie, maar op die literêre sisteem in sy geheel. Hy gebruik die term "literêre sisteem" om die volledige stel fenomene te benoem wat binne 'n spesifieke periode deur 'n sosiale gemeenskap as literêre tekste gesien word (Schmidt 2010:3).

Die komplekse interafhanklikheid van sosiale agente, sosiale strukture, kommunikasies, kollektiewe kennis en media word beklemtoon (Schmidt 1997:126). Volgens Schmidt (1997:126-127) moet agente gesien word as die basiese komponente van sosiale sisteme omdat hulle optree vanuit die basis van kollektiewe kennis, verwagtinge en verinnerlikte interpretasies van sosio-kulturele handelingsbepalers.

2.3.2 Die handelingsdeelnemers/agente

Schmidt (1982:19) meen 'n agent voer, binne 'n bepaalde situasie vanuit die raamwerk van sy sisteem van voorvereistes, 'n handeling volgens 'n bepaalde intensie en strategie uit, met die doel om verandering of die instandhouding van 'n toestand te weeg te bring.

© University of Pretoria

Hy werk met die volgende aannames omtrent handelingsdeelnemers/agente:

- Hulle is reële sosiale individue met 'n geskiedenis van sosialisering, gesitueer binne 'n sisteem van voorvereistes, beïnvloed deur hul behoeftes, vermoëns, motiverings en intensies.
- Handelingstrategieë word gekonkretiseer as handelingsplanne waartydens reeds verworwe handelingspatrone in werking gestel word.
- 'n Handeling kan op suksesvolle wyse aan verwagtings voldoen óf 'n mislukking weens onvoorsiene gevolge wees.

2.3.3 Die konvensies waarvolgens handelingsdeelnemers optree

'n Handeling wat in 'n samelewing binne 'n situasie uitgevoer word, word, aldus Schmidt (1982:50), altyd volgens 'n bepaalde konvensie uitgevoer. Konvensie impliseer 'n veronderstelde kennisitem wat onder lede van die samelewing bestaan en waaroor daar vooraf ooreengekom is. Volgens hom moet 'n konvensie aan die volgende voorwaardes voldoen:

- Daar moet ooreenstemming wees oor die uitvoer van die handeling.
- Die verwagting moet bestaan dat wedersydse handeling sal plaasvind.
- Daar moet 'n verwagting wees dat die regte handeling in die toepaslike situasie uitgevoer sal word.

Voor 'n teks as esteties-kommunikatiewe teks gerealiseer word, moet dit eers as oppervlakteteks gerealiseer word. Oppervlaktetekste moet volgens Schmidt (1982:50) in die eerste plek aan die feite-konvensie van geldigheid en waarheid voldoen.

2.3.3.1 Die feitekonvensie/monovalensiekonvensie

Schmidt (1982:51) se hipotese oor die feitekonvensie lui soos volg: Dit is gedeelde kennis in ons samelewing dat kommunikatiewe objekte, veral oppervlaktetekste, na 'n werklikheidsmodel kan verwys wat in die samelewing aanvaarbaar is, sodat mense kan besluit of die aannames wat oorgedra word deur die teks waar is en wat hul praktiese relevansie is.

Fokkema (1992:110) formuleer Schmidt se feitekonvensie as "de conventie om de interpretatie van een tekst op een feitelijke situatie te betrekken".

© University of Pretoria

2.3.3.2 Die estetiese konvensie

Volgens Schmidt (1982:51) vereis die estetiese konvensie, in teenstelling tot die feitekonvensie, 'n andersoortige hantering van literêr-kommunikatiewe tekste.

Om aan estetiese kommunikasie deel te neem, moet 'n deelnemer aan oppervlaktetekste ander waardes, norme, verwagtinge en betekenisreëls as dié van die feitekonvensie toeken, met ander woorde, die deelnemer beoordeel die teks nie slegs vanuit die feitekonvensie nie.

Schmidt (1982:52) se hipotese oor die estetiese konvensie lui soos volg: Dit is gedeelde kennis binne menslike samelewingverband waarin alle deelnemers wat oppervlaktetekste as esteties kommunikatiewe tekste in werking wil stel, bereid moet wees om nie volgens die feitekonvensie op te tree nie, maar om op te tree volgens die norme en betekenisreëls wat geldig is vir die estetiese interaksie in daardie situasie.

Die estetiese konvensie vereis, aldus Schmidt (1982:52), dat die deelnemers hieraan "anders" moet kan dink en optree. Hulle moet vooraf via hulle geskiedenis van sosialisering weet om nie konformiteit met die werklikheid in tekste te verwag nie.

Volgens Schmidt (1982:53) verplig die estetiese konvensie die bemiddelaar en teksverwerker om hul handelinge voortdurend te hersien. Ten opsigte van die estetiese konvensie kan 'n produsent nuwe funksies ontdek, postuleer of impliseer, en 'n bemiddelaar kan nuwe of vergete situasies en kontekste daarstel. Die bemiddelaar moet 'n teks op so 'n wyse oordra dat toekomstige ontvangers op gepaste wyse daarop kan reageer (Schmidt, S. 1982:53).

Fokkema (1992:108) formuleer Schmidt se estetiese konvensie soos volg:

> In navolging van Siegfried Schmidt (…) definiëren wij de esthetische conventie in literaire communicatie als de gemeenschappelijke kennis onder een bepaalde populatie dat de leden van die populatie, wanneer zij geneigd zijn een teks op esthetische wijze te verwerken, in staat zijn om die tekst te behandelen volgens de normen en interpretatieregels die voor esthetishce receptie gelden: Dit houdt in dat zij bereid zijn aan directe verwijzingen naar een gevestigd werkelijksmodel (de synreferentiële werkelijkheid) minder belang te hechten en ook de vraag naar de onmiddelijke praktische relevantie van de tekst niet te stellen.

2.3.3.3 Die polivalensiekonvensie

Die tweede belangrike konvensie by esteties-kommunikatiewe tekste is volgens Schmidt (1982:55) die konvensie van polivalensie.

© University of Pretoria

Met betrekking tot die polivalensiekonvensie, meen Schmidt (1982:57), kan dieselfde deelnemer 'n estetiese teks by herhaling realiseer en elke keer 'n ander resultaat bereik.

'n Duidelik waarneembare eienskap van literêre kunswerke vir Schmidt is dat verskeie individuele esteties-kommunikatiewe tekste op die basis van een oppervlakteteks gerealiseer kan word. Die tradisionele aanname dat groot kunswerke hul tyd oorleef, vloei voort uit die feit dat sodanige werke aantoonbaar deur baie deelnemers volgens hul sisteem van voorvereistes oor 'n lang tydperk telkens op verskillende wyses esteties-kommunikatief gerealiseer kan word. Hierdie individuele en verskillende esteties-kommunikatiewe realiseringsprosesse van dieselfde oppervlakteteks oor tydperke en groepe deelnemers heen, beskou hy as die konvensie van polivalensie. Volgens Schmidt (1982:87) onderskei die polivalensiekonvensie die sisteem van literêr-kommunikatiewe interaksie van ander sisteme.

Fokkema (1992:110) formuleer Schmidt se polivalensiekonvensie soos volg:

> Deze conventie, die wij zouden willen herformuleren als de bereidheid van actanten om meerdere interpretaties van conformde esthetische conventie verwerkte teksten te tolereren en die derhalve neerkomt op tolerantie ten opzichte van poly-interpretabiliteit, achten wij echter een afgeleide van de esthetische conventie. (…) Aanvaarding van de esthetische conventie houdt dan ook tolerantie ten opzichte van verschillende interpretaties van dezelfde tekst in.

2.3.4 Die vier handelingsrolle

Schmidt (1982:83) poneer vier handelingsrolle, te wete:

- Die agente wat handelinge uitvoer waarvan die resultate waarneembare produkte is, vervul die rol van produsent.
- Die agente wat die handelingsprodukte van 'n produsent aan 'n verdere agent oordra, vervul die rol van bemiddelaar.
- Die agente wat die produkte van ander agente (produsent, bemiddelaar) as produkte aanvaar, vervul die rol van ontvanger.
- Die agente wat reageer op die resepsie van 'n produk deur sy/haar eie produk op 'n algemeen-herkenbare wyse tot stand te bring, vervul die rol van verwerker. Hierdie verwerkte produk hou altyd direk verband met die oorspronklike produk.

As voorwaarde vir handelinge stel Schmidt (1982:83) dit dat alle deelnemers (produsent, bemiddelaar, ontvanger en verwerker):

- kennis moet dra van die literêre domein waarbinne hulle optree;

© University of Pretoria

- se werklike gedrag in ooreenstemming moet wees met die estetiese literêre konvensie;
- moet weet hoe om sekondêre betekenissisteme te interpreteer bo en behalwe die proposisionele inhoud van 'n boodskap (die oppervlakteteks).

In 1997 brei Schmidt (1997:124) sy siening van die vier handelingsdimensies (produksie, bemiddeling, resepsie en verwerking) uit deur te poneer dat hierdie handelinge institusioneel bepaald is. Ook verkies hy in latere dokumente om die term "literêre fenomene" in plaas van "literêre tekste" te gebruik. Alle handelinge in die literêre sisteem is gerig tot, en word geïnterpreteer in die lig van kollektiewe, dit wil sê wedersyds verwagte kulturele kennis (wat waardes, norme en emosies insluit) wat deur elke agent in die proses van literêre sosialisering verwerf is.

Schmidt (1997:123) sluit, ten opsigte van agente in die sisteemteorie, ook 'n teorie van "elites" in. Hy sien "elites"[3] as individue of georganiseerde groepe wat met mekaar saamwerk óf van mekaar verskil volgens die sistemies bepaalde handelingsdoelwitte en moontlikhede. Elites word dan gedefinieer as die instansies wat 'n bepalende rol speel in die sosiale konstruksie van die werklikheid deur spesifieke situasies te definieer en deur relevante besluite (daaroor) te neem. Elites stel sosiaal relevante ideë, oortuigings en ingesteldhede bekend, stabiliseer en verander die ideë, oortuigings en ingesteldhede sowel as daardie simboliese sisteme wat die verkryging van subjektiewe en kulturele kapitaal verteenwoordig en op sy beurt (weer) elites produseer en in stand hou (wedersydse proses).

As gevolg van hul bevoorregte handelingsmoontlikhede, handelinge en besluite, beïnvloed elites die menings van 'n breër gemeenskap, stuur hulle hul handelinge, en verander op hierdie wyse die breër gemeenskap se lewensituasie.

2.3.4.1 Die handelingsrol van produsent/produksie

Die produsent moet, volgens Schmidt (1982:78), die intensie hê om literêr-kommunikatiewe handelinge uit te voer, aan te toon, en (implisiet) te versoek dat hierdie handeling as sodanig deur ander deelnemers hanteer word.

Vir Schmidt (1982:96) vereis produksie gewoonlik vorige resepsie[4]. Hy beweer mens kan nie 'n literêre werk produseer sonder dat jy ander literêre werke gelees het nie.

[3] Schmidt se siening van "elites" kom ooreen met Even-Zohar se siening van die literêre "*establishment*" en Frank C. Maatje se "culturele bolaag".
[4] Schmidt se beskouing van "vorige resepsie" stem ooreen met Jauss se konsep van "verwagtingshorison".

© University of Pretoria

Outeurs/produsente handel (Schmidt 1997:123) volgens belange wat beliggaam is in die handelingslogika van sosiale (sub)sisteme en in die sosiale meganismes wat die instandhouding van sosiale organisasies ondersteun. Individue se sosiale handeling word direk bepaal deur sosiale relasies, ingesteldhede en beperkinge.

Schmidt (1982:95) meen twee soorte ordenings is by literêre kommunikasie moontlik, naamlik temporele en kousale verhoudings. Die temporele ordening sou wees: eers produksie, dan bemiddeling, dan resepsie, dan verwerking. Hierdie ordening is ook op kousaliteit van toepassing. Die model van kousale verhoudings begin volgens Schmidt (1982:96) by produksie wat bemiddeling tot gevolg het, bemiddeling wat resepsie tot gevolg het, resepsie wat verwerking tot gevolg het. Ook hier meen hy afwykings is moontlik: 'n Teks kan geproduseer, bemiddel en ontvang word sonder dat teksverwerking plaasvind. Hy meen slegs produksie en resepsie is kousaal verpligtend, aangesien geen kommunikasie daarsonder moontlik is nie.

Schmidt (1982:97) beweer literêre (estetiese) kommunikasie kan op drie vlakke plaasvind: die kognitiewe vlak, die moreel-sosiale vlak (normatief) en die emosionele vlak.

Met betrekking tot die kognitiewe aspek, meen Schmidt, moet teksprodusente en teksontvangers hul sisteem van voorkennis kan toepas. Hierdie faktor hou vir hom verband met die tekswêreld en die aanvaarde werklike wêreld. Die werklikheidsmodel as 'n betroubare verwysingsraamwerk word deur die estetiese konvensie opgehef sodat ander verwysingsmoontlikhede kan ontstaan.

Oor die normatiewe waarde van literêre kommunikasie stel Schmidt (1982:97) dit dat literêre kommunikasie 'n sosiale sisteem van interaksie is waarbinne norme aan bevraagtekening onderworpe is. Hy wil norme as wedersydse verwagtinge oor die handelinge van rolspelers verklaar en stel dit dat oortredings hiervan onderworpe aan sanksionering is.

Ten opsigte van literêre werke se vermoë om 'n wye verskeidenheid van emosionele appélle op ontvangers te maak, meen Schmidt (1982:99) dat agente vrye keuses het.

2.3.4.2 Die handelingsrol van bemiddeling

Ten opsigte van literêre bemiddeling beweer Schmidt (1982:124) agente moet aan die kriteria van bemiddeling voldoen en volgens bepaalde strategieë optree. Hul bemiddelingshandelinge sluit in: kommunikasie met 'n outeur oor produksie of verwerking van die manuskrip, besluite oor 'n gegewe medium en die redigering van die manuskrip (Schmidt 1982:125).

© University of Pretoria

Bemiddelingshandelinge sluit ook alle handelinge in rakende die oppervlakteteks, die keuse van lettertipe, die uitleg, die drukproses en die bindproses.

Verspreidingshandelinge as 'n soort bemiddelingshandeling sluit in dat die voltooide produk na ontvangers gebring word, byvoorbeeld die vervoer na boekhandelaars.

Bemarking as bemiddelingshandeling sluit in alle handelinge waarmee die teks aan die publiek bekend gemaak word. Hierdie rol word deur individue of groepe uitgevoer wat deur heersende sosiale, ekonomiese en politieke toestande beïnvloed word. Heersende ekonomiese toestande, byvoorbeeld, kan 'n merkbare uitwerking op literêre bemiddeling hê.

Die intensies van 'n literêre bemiddelaar kan wees om 'n outeur bekend te stel. Om sodanige strategie te verwerklik, behoort bemiddelaars verwagtinge te hê oor die resultate van die handeling asook verwagtinge oor die behoeftes en ingesteldhede van die bedoelde ontvangersgehoor. Schmidt (1982:131) konstateer dat literêre bemiddeling gewoonlik deur 'n instansie wat toegewy is aan die massaproduksie en verspreiding van literêre tekste, byvoorbeeld 'n literêre uitgewery, uitgevoer word.

2.3.4.3 Die handelingsrol van resepsie/ontvangs

Literêre resepsie, beweer Schmidt (1982:134-135), word in werking gestel deur 'n ontvanger se persepsie van die teks ás literêre teks in 'n bepaalde situasie.

Resepsie, sê Schmidt (1982:136-137), vind (ook) onder bepaalde voorwaardes plaas, byvoorbeeld die ontvanger se vermoë om bepaalde tekstipes te herken.

Lesersverwagtinge kan ook 'n rol speel. Schmidt beweer (1982:136) resepsie is altyd relasioneel. Ontvangers konstrueer 'n tekstuele wêreld deur ander faktore soos kommunikatiewe funksies, ontvangers en hul verwagtinge in ag te neem.

Ontvangers het, soos produsente en bemiddelaars, aangeleerde ingesteldhede, verwagtinge, behoeftes en persepsies waarby sosiale toestande 'n rol speel. Ontvangers het eweneens 'n geskiedenis van sosialisering en bepaalde verworwe taalkennis. Hul behoeftes kan by resepsie 'n belangrike rol speel in die kies of skep van 'n resepsieplan. Die ontvanger kan byvoorbeeld 'n behoefte aan ontspanning óf 'n behoefte aan kennis hê (Schmidt, 1982:145).

© University of Pretoria

Volgens Schmidt (1982:147-148) gaan ontvangers se resepsie van 'n literêr-kommunikatiewe teks afhang van onder andere: heersende ekonomiese omstandighede; die ontvanger se persoonlike ekonomiese situasie, sy/haar toegang tot literêre kommunikasie deur middel van boekaankope, sy/haar beroep, sy/haar vryetydsbesteding; sy/haar siening van heersende magstrukture; die status van die sosiale klas waartoe hy/sy behoort; die invloed wat sosiale instansies soos familie, skool, universiteit op hom/haar uitoefen; die literêre ontvanger se beeld binne die samelewing of binne 'n sosiale groep; sy/haar beskikbare "voorraad" (kennis en besit) van literêre werke; sy/haar persepsie van 'n literêre produsent of sy/haar funksie in die samelewing.

Om bemiddeling en verwerking te aktualiseer, word, so beweer Schmidt (1982:96), resepsie vereis. Geeneen van hierdie rolle kan uitgevoer word voor die teks nie eers (waarskynlik in 'n pre-produksiefase) as die moeite werd beoordeel is nie.

2.3.4.4 Die handelingsrol van literêre verwerking

Literêre verwerking omvat, sóós produksie, bemiddeling en resepsie, 'n spesiale soort sosiale handeling (Schmidt, S.1982:153). Die inset tot daardie handeling is 'n oppervlakteteks wat deur die verwerker as 'n teks met literêre moontlikheid beskou word. Die uitset is gewoonlik 'n nuwe teks deur die verwerker wat in 'n bepaalde relasie tot die kommunikatiewe teks staan.

'n Agent voer hierdie verwerkingshandeling met 'n bepaalde intensie uit. Die verwerkingshandeling kan ook 'n bepaalde behoefte vervul. Die agent wat 'n verwerkingshandeling uitvoer, tree binne 'n konkrete situasie op volgens sy sisteem van voorvereistes en volgens 'n strategie wat uit die sisteem afgelei is. Die resultaat van die verwerkingshandeling openbaar homself, aldus Schmidt (1982:156), in die vorm van 'n ander teks, gewoonlik in die vorm van verbalisering soos analise, sintese, parafrase, kondensasie (reduksie van oorspronklike teks), ko-tekstuele beskrywing (beskryf van teks-interne relasies of tekselemente), verwysing, regverdiging, evaluering en vergelyking. Hierdie metatekstuele beskrywings, sê Schmidt (1982:157), geskied gewoonlik volgens voorafbepaalde en vasgelegde strategieë.

'n Belangrike voorwaarde vir Schmidt (1982:160) is dat literêre teksverwerkers se tekste voortvloei uit oorspronklike tekste. Teksverwerkers (Schmidt 1982:162) moet aan bepaalde kriteria voldoen: Hulle moet die teksverwerkingsberoep beoefen; hulle moet die konvensies waarvolgens hulle te werk gaan (1982:166) eksplisiet aantoon.

© University of Pretoria

Literêre verwerking sien Schmidt (2010:4) as die omskakeling van literêre tekste in ander media-aanbiedinge. Hy beskou literêre tekste nie as objektiewe entiteite nie, maar as die resultaat van hoogs gekondisioneerde sosiale prosesse. Enige bestudering van tekste moet ook die prosesse in ag neem wat uitloop op die produksie of resepsie van literêre tekste.

2.3.5 Kommentaar op Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie: Fokkema

Fokkema (1997:181) is van mening dat Schmidt se begrip “estetiese konvensie” ’n onderskeidende kenmerk van die moderne literêre sisteem is.

2.4 Dirk de Geest se funksionele sisteemteorie

2.4.1 Inleidende opmerkinge

Van Coller (2005:3,6) gee ’n verhelderende uiteensetting van De Geest se sisteemteorie en toon tereg aan dat De Geest (1996:102) ’n sisteem sien as ’n totaliteit van uiteenlopende elemente wat wedersyds op grond van gemeenskaplike eienskappe met mekaar skakel.

So ’n sisteem is in ’n sekere sin ’n outonome entiteit wat tog duidelik van die omringende werklikheid (Umwelt) onderskei kan word.

2.4.2 De Geest se siening van die literêre sisteem

Vir De Geest (1997:165) impliseer die konsep “sisteem” die bestaan van ’n aantal elemente wat in sekere mate funksioneel van hul omgewing losgemaak kan word en wat voldoende interne koherensie het om as ’n relatief afgeslote geheel gesien te word.



Die bogenoemde Greimasiaanse skema belig, aldus De Geest (1996:125), die relasionele struktuur van die diverse komponente: Elk van die terme ontleen sy posisie mede aan die globale struktuur, aangesien die plek daarvan as ’n verskil ten opsigte van ander posisies omskryf kan word.

© University of Pretoria

'n Topologiese lesing van die vierkant bied die moontlikheid om die spanningsverhouding tussen sisteem en Umwelt noukeuriger uit te druk. Die boonste helfte van die skema neem die teenstelling tussen sisteem en omgewing in ag. Elemente op die boonste vlak, soos onder andere Schmidt volgens De Geest (1996:125) poneer, behoort ondubbelsinnig tot die sisteem óf tot die Umwelt. Die onderste helfte van die semiotiese vierkant, die sogenaamd subteenstrydige gebied, gee die minder begrenste gebied van nie-Umwelt en nie-sisteem aan (De Geest 1996:126). Vir De Geest (1996:125) dui die term "nie-Umwelt" as 't ware die binnegrense van die sisteem aan, die gebied van elemente wat nie onvoorwaardelik as "vreemd" ervaar word nie. Die term "nie-sisteem" verwys dan, omgekeerd na die elemente wat hulle aan die grense buite die sisteem bevind.

Literêre sisteme en subsisteme word deur De Geest (1997:166) gesien as spesifieke tipes diskoerse wat binne 'n bepaalde situasie verwoord wat "sêbaar" in "literatuur" is en wat, daarteenoor, "onsêbaar" is. Hierdie diskoerse verwoord onder watter omstandighede, waar en vir wie bepaalde aspekte in literatuur "sêbaar" óf "onsêbaar" bly. Die konsep van "sêbaarheid" verwys na wat beslis in literatuur gesê moet word terwyl die konsep van "onsêbaarheid" verwys na wat beslis nie in literatuur gesê moet word nie.

Die konsep wat De Geest (1997:167) rakende die verskynsel "literatuur" verkies, is "literêr-diskursiewe sisteem". Onder "literêr-diskursiewe" sisteem, ag hy dan al die uitsprake wat verband hou met "literêre verskynsels". Hy noem sy benadering 'n diskursiewe benadering omdat dit te make het met diskoerse oor die wyse waarop "tekste" binne 'n bepaalde sisteem funksioneer.

Die diskursiewe benadering omvat 'n aantal aspekte, naamlik: wie praat (wat en hoe) oor literatuur en wie mag oor literatuur praat; met wie mag oor literatuur gepraat word.

Volgens De Geest (1997:167) word literêre sisteme gekenmerk deur 'n stel gekodifiseerde uitsprake wat sowel institusioneel (in terme van 'n bepaalde diskursiewe "spasie") as funksioneel (deur middel van bepaalde funksies en uitwerkinge) 'n soort sistemiese gebied afbaken. Deur hierdie afbakening word diskursiewe elemente en gebeurtenisse binne of buite daardie bepaalde sisteem of soms in 'n skynbaar onbeslisbare oorgangsgebied geplaas.

In literêre sisteme word, aldus De Geest (1997:167), die samehang tussen die idee van **diskursiwiteit** en die idee van **normatiwiteit** ondersoek.

"Norm" het vir De Geest geen etiese betekenis nie, maar verwys eerder na bepaalde geloofwaardige strategieë wat koördinasieprobleme wat neig om die sistemiese konstellasie omver te werp, vermy.

© University of Pretoria

Norme maak kommunikasie óór en deur middel van literatuur moontlik deur misverstand en ander diskursiewe risiko's so ver moontlik uit te skakel. Terselfdertyd reduseer "norme" kompleksiteit deur 'n konstruktiewe raamwerk vir optimale prosessering (produksie, interpretasie, evaluering) van nuwe inligting daar te stel (De Geest 1997:168).

De Geest (1996:175) fokus in sy diskursiewe raamwerk veral op die mate van eksplisietheid van normatiewe stellings. Hy meen die meeste akademiese navorsing tot dusver was gerig op eksplisiet normatiewe stellings in metatekste soos literêre kritiek, literêre manifeste, literêre polemieke en bloemlesings; dus tekste wat voorskryf hoe ideale "literatuur" volgens kategoriese formulerings moet lyk, as uitdrukking van wat nadruklik voorgeskryf is (beveel of gebied word) in tekste wat reeds geproduseer en geëvalueer is én as uitdrukking van wat daarteenoor eksplisiet verbied word (verbode is).

Alhoewel hierdie twee kategorieë norme vir De Geest (1997:168) die mees uitgesproke inligting oor die normatiewe aspekte van diskoers bied, behoort 'n funksionele teoretiese model ook die minder streng instansies van normatiwiteit in berekening te bring, met ander woorde alles wat nie eksplisiet voorgeskryf (beveel) word nie (nie-verpligting) en alles wat nie eksplisiet verbied word nie (nie-verbod). Slegs op hierdie wyse kan 'n omvattende analise van normatiwiteit en die innerlike dinamika van 'n diskursiewe sisteem gerealiseer word.

Benewens die vlak van eksplisiete poëtika, is daar, aldus De Geest (1997:168), die ewe belangrike dimensie van die werklike produksie self, met ander woorde, die mees implisiete internalisering en realisering van die gepropageerde norme in die literêre werke self. Op hierdie vlak lyk sake vir De Geest kompleks.

Die konfrontasie van eksplisiete en implisiete poëtika – die wyse waarop van outeurs en literêre kritici verwag word om op te tree en die wyse waarop hulle in werklikheid wél optree – kan belangrike inligting verstrek omtrent die graad van geslotenheid en gekodifiseerdheid van 'n sisteem. Juis deur die teenstrydighede van hierdie uitsprake aan te toon, word die interne ontwikkeling van 'n sisteem sigbaar.

© University of Pretoria

De Geest se semiotiese vierkant (1997:169) sien skematies soos volg daar uit:



De Geest (1997:169) meen die semiotiese vierkant stel die navorser in staat om, in plaas van om één definitiewe en spesifieke diskursiewe kode te gebruik, diskursiewe “plekke” op ’n formele wyse te definieer.

Hoewel eenvoudige binêre skemas (goed/kwaad) vir die funksionele prosessering van diskursiewe gebeure vir De Geest wel belangrik is, wil hy deur die semiotiese vierkant te gebruik, juis op die onduidelike en meerduidige prosessering van diskursiewe gebeure fokus.

Omdat die interaksies tussen die boonste en onderste vlak van die skema eksplisiet in berekening gebring word, is dit moontlik om tot ’n meer dinamiese benadering te kom. Waar die boonste vlak van die semiotiese vierkant vir De Geest (1997:170) hoofsaaklik die eksplisiet normatiewe kodifisering van sisteme beklemtoon, laat die onderste vlak ruimte vir individuele kreatiwiteit en artistieke eksperimente.

Veral die onderste vlak wat “enerzijds die elementen omvat die aanvaard zijn zonder meer (niet-verboden), en anderzijds die elementen die hooguit getolereerd worden” (niet-geboden), is oop vir veranderinge en vernuwende tendense (De Geest 1996:177). Ook word die gaping tussen nie-verbod en nie-bevel makliker oorbrug as wat die geval is by dit wat eksplisiet verbied en dit wat eksplisiet beveel word. Die onderste vlak van die skema in die sisteem verteenwoordig gevolglik ’n bevoorregte sfeer van relatiewe vryheid en buigsaamheid.

© University of Pretoria

Sogenaamd geslote sisteme konsentreer volgens De Geest (1997:170) byna sonder uitsondering op die eksplisiete formulering (of “sterk” kodifisering) en die afdwing van verbod en voorskrifte om sodoende die bestaande elemente van die sisteem asook die moontlike produksie van nuwe elemente te beheer.

2.4.3 Kommentaar op De Geest se funksionele sisteemteorie: Fokkema

Die leemte in De Geest se model, bestaan vir Fokkema (1997:184) daarin dat hy die rol van die individuele agente nie in die diskursiewe representasie in berekening bring nie.

2.5 Kanon en kanonisering

By sisteemteorieë wat op die wedersydse wisselwerking tussen en samehang van rolspelers berus, kom die kanon en kanoniseringprosesse in mindere of meerdere mate by die posisionering van die swart skrywers binne die Afrikaanse prosasisteem ter sprake.

By Even-Zohar speel die dominante individue en groepe, as deel van die instansie (die literêre *establishment*) ’n bepalende rol by kanonisering. Die literêre establishment het die mag om werke in die sentrum of op die periferie van die sisteem te posisioneer. Pierre Bourdieu se siening dat agente met simboliese kapitaal (beklee met bepaalde mag) binne ’n bepaalde sosiale veld aan outeurs simboliese kapitaal toeken, hou ook verband met kanonisering. Siegfried Schmidt lê klem op die sosiale rol van handelingsdeelnemers in die literêre proses en beskou literêre verwerkers (die “elites”) as bepalende faktore vir kanonisering. Dirk de Geest beskou die kanon as sosiaal en kultureel bepaald. Deur bepaalde (dominante) diskoerse omtrent literatuur vind verskuiwings en veranderings ten opsigte van die literêre kanon plaas.

2.5.1 Omskrywing van kanon en kanonisering

Kanon word beskou as ’n gesaghebbende groep meesterwerke wat as klassiek of onsterflik in ’n taal gesien word. Die betekenis van die literêre kanon word soos volg deur Viljoen (1992:196) uiteengesit:

> Die kanon is tradisioneel beskou, die versameling meesterwerke van die Westerse literatuur, die beste werke, daardie tekste wat vir ons die “literatuur” uitmaak. Dit strek oor tyd- en taalgrense heen, van Homerus en Vergilius af tot by Joyce.

© University of Pretoria

Vir Van Coller (2002:66) is die literêre kanon "…'n versameling tekste (…) wat op 'n bepaalde tydstip deur 'n bepaalde gemeenskap as waardevol beskou word (…)". In 'n omvattender definisie as dié van Van Coller, definieer Fokkema (1991:366) 'n literêre kanon as "a selection of well-known texts, which are considered valuable, are used in education, and serve as a framework of reference for literary critics".

Teenswoordig word die literêre kanon nie as ewig en vasstaande beskou nie, soos dit hieronder deur Robert Alter (1996:25) saamgevat word:

> As cultural fashions change and new values come to the fore, writers once deemed peripheral or un-canonical are brought into the canon, others once thought central being displaced to the margins. More drastically, books that were not originally imagined to belong to the category of literature, like Augustine's Confessions, Nietzsche's The Birth of Tragedy, Freud's The Interpretation of Dreams, are read into the canon and discussed in the same breath or in the same course with novels and poems. The pronounced tendency of our own time has been towards a new inclusiveness, a taking into the canon of philosophers and theorists of culture, previously neglected women writers, unrecognised minority writers, practitioners of folk poetry, and other forms of expression once held to be sub-literary.

Die kanon is veranderlik, omdat dit volgens Viljoen (1992:196-197) in die huidige tydsgewrig (einde van die twintigste eeu, begin 21ste eeu) eerder as histories gevormde instelling beskou word wat die belange van die heersende groep verskans. Kanon(s) word histories gevorm deur die oordele wat resensente, kritici, literatuurdosente, skrywers, keurders en ander hekwagters (agente in die meeste sisteemteorieë) in histories kontingente situasies vel. Daarna word kanons in stand gehou deur die kanonieke tekste voor te skryf, na hulle te verwys in klasse en tekste en deur hulle te bestudeer of met ander (tekste) te vergelyk. Ook Hambidge (*LitNet*, 24 April 2008) verwys na kanonisering as 'n historiese proses waarby rolspelers soos boekredakteurs, voorskryfkomitees, bundelsamestellers en instansies wat letterkundige pryse toeken betrokke is.

Elk van hierdie rolspelers verteenwoordig magsbasisse wat 'n bepaalde netwerk van letterkundige tekste in stand (moet) hou. Dit gaan dus by kanonisering primêr oor wie binne 'n bepaalde tydsgewrig besluit wanneer 'n teks "literatuur" en waardevol is of nié waardevol is nie. Dit wat deel van die kanon uitmaak en dit wat uit die kanon gesluit word, verander dus met verloop van tyd in ooreenstemming met heersende estetiese norme asook sosiopolitieke oorwegings. Die kontemporêre literêre kanon neig om meer inklusief te wees en veel méér as slegs "fiktiewe werke" in te sluit (Belfiori en Bennett 2009:28). Volgens Belfiori en Bennett (2009:29) kan die tipering van literêre werke as "literêr" of "populêr" ook oor tyd verander.

"Literêre waarde", so meen Lamarque (1994:9), is nie intrinsiek tot 'n literêre werk nie, maar iets

© University of Pretoria

wat aan 'n werk toegeken word deur die kulturele "establishment" van die tyd waarin die literêre werk verskyn en volgens die heersende estetiese waardes van daardie tyd. Simone Winko (2012:585-600) toon aan dat waardebepaling ("Wertung") as 'n handeling verstaan moet word waarvolgens 'n subjek aan 'n objek 'n bepaalde waarde volgens 'n bepaalde maatstaf toeken. Sy sê (Winko, S. 2012:586):

> Ein Text ist demnach nicht an sich wertvoll oder auch wertlos, sondern wird es erst, wenn man ihn auf einen Wertmaßstab bezieht und fragt, ob und in welchen Umfang er diesem Maßstab entspricht.

Sy meen waardebepaling kom tot uiting in twee vorme: geskrifte waarin die waarde van literêre werke geformuleer word en handelinge soos die herdruk van bestaande werke, asook insluiting in of uitsluiting uit bloemlesings en literatuurgeskiedenisse.

T.T. Cloete, anders as Lamarque en Winko, meen literêre waarde is intrinsiek aan 'n literêre werk. Hy (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/19-l/318-literatuur) stel dit soos volg:

> Daar is nie, soos dikwels gemeen of veronderstel word, 'n opposisie tussen die siening van die literêre werk as artefak, artistieke of estetiese objek, en die literêre werk as objek met allerlei sosiale, morele, politiese, religieuse en ander funksies nie. Die twee standpunte is versoenbaar: 'n literêre werk kan talle waardes en funksies vir die leser hê – polities, religieus, moreel, ens. – maar dit moet primêr literatuur wees, d.w.s. aan bepaalde literêr-artistieke kriteria voldoen.

Literêre waardetoekenning berus op lesers/kritici se literatuuropvatting(s). Literêre kritici word beskou as rolspelers in die kanoniseringsproses. Kritici se taak is om 'n oordeel oor 'n werk wat as literêr geag word, uit te spreek.

Abrams (2009:61) meen 'n literêre kritikus hou hom besig met "defininig, classifying, analyzing, interpreting, and evaluating works of literature". Omdat evaluering volgens T.T. Cloete (1992:271) die eindoogmerk van die kritikus is, moet dit deur die motivering van die oordeel voorafgegaan word.

Literêre kritiek word gewoonlik volgens 'n bepaalde literatuuropvatting beoefen.

Van Rees, C.J. en G.J. Dorleijn (http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/) definieer "literatuuropvatting" as "het geheel aan ideeën over doel, functie, aard, middelen, effecten en ontstaan van literatuur".

© University of Pretoria

Hulle presiseer hul definisie van literatuuropvatting soos volg:

> Onder een *literatuuropvatting* wordt verstaan een verzameling normatieve denkbeelden over de aard en functie van literatuur alsmede een verzameling definities van teksteigenschappen en literaire technieken (procédés), waardoor de tekst geacht wordt bepaalde effecten op de lezer te hebben. De denkbeelden zijn niet (empirisch) getoetst en zijn in het algemeen ook niet geformuleerd om getoetst te worden. Overigens, 'niet getoetst' staat niet gelijk aan 'onwaar'; het is zeer wel denkbaar dat vanuit een nieuwe interdisciplinaire invalshoek - bijvoorbeeld in de (experimentele) context van de psychologie van het lezen - bepaalde 'literatuuropvattelijke' vragen in een breder kader zijn te situeren en tot empirisch onderzoekbare vragen zijn te herformuleren. De deelnemers in het literaire veld gebruiken literatuuropvattingen om aan een literaire tekst eigenschappen en kwaliteit toe te kennen. Ze doen dat nu evenals eeuwen geleden. (Van Rees, C.J. en Dorleijn, G.J. 1993: http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/)

Verskillende soorte literêre kritiek op grond van verskillende literatuuropvattinge word gewoonlik onderskei.

Van Rees en Dorleijn (http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/) beskou Abrams se benadering tot literatuurkritiek as die bekendste *rekonstruksie-benadering*, gerig op die rekonstruering en sistematisering van denkbeelde oor literatuur.

Cloete (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/19-l/112-literatuurkritiek) meen, soos Abrams, dat die mees aanvaarbare vorm van die kritiek die normatiewe kritiek is. Onder "norm" verstaan hy egter nie etiese norme nie, maar suiwer literêre norme. Die kritiek wat hom met etiese vraagstukke ten opsigte van die literatuur besig hou, word moralistiese of etiese kritiek genoem. Volgens Cloete (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/19-l/112-literatuurkritiek) neem die normatiewe kritiek ("judicial criticism" deur [Abrams 2009:62] genoem), wat 'n waardeoordeel uitspreek en gegrond is op literêre beoordelingskriteria, gewoonlik 'n representatiewe vorm aan. Hierdie soort kritiek moet van die sogenaamde impressionistiese kritiek onderskei word. Die kritikus wat impressionistiese kritiek beoefen, steur hom weinig aan algemene kriteria en 'n representatiewe oordeel. Die impressionistiese kritikus laat sy eie, persoonlike smaak geld en sê sonder duidelike motivering waarvan hy/sy "hou". By die impressionistiese kritiek kan 'n duidelike persoonlike stempel aangetoon word.

Die onderskeid tussen die normatiewe en impressionistiese kritiek stem vir Cloete (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/19-l/112-literatuurkritiek) ooreen met die onderskeid tussen die sogenaamde objektiewe en subjektiewe kritiek, hoewel 'n element van subjektivisme (gewoonlik) ook by objektiewe kritiek teenwoordig is.

© University of Pretoria

Objektiewe kritiek probeer om 'n algemeen geldige uitspraak of dan representatiewe oordeel te gee, gegrond op algemeen aanvaarde kriteria, Die impressionistiese kritiek verteenwoordig 'n meer affektiewe vorm van kritiek terwyl die normatiewe kritiek 'n meer beredeneerde en analitiese vorm van kritiek verteenwoordig.

Van Rees en Dorleijn (http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/) toon aan dat Abrams se vier "theories of poetry" in werklikheid met vier tipes literatuuropvatting te make het, wat op vier verhoudings/wisselwerkings berus, naamlik die wisselwerking tussen teks en werklikheid; die wisselwerking tussen teks en leser; die wisselwerking tussen teks en digter/outeur en die wisselwerking tussen die teks self en [elemente binne die] teks (outonome teks).

Volgens Boonstra (1979:245) kan Abrams (1973:3-29) se kategorieë oor kuns/literatuur soos volg saamgevat word:

- mimetiese teorieë
- pragmatiese teorieë
- ekspressiewe teorieë
- objektiewe teorieë

Boonstra (1979:245) omskryf dit soos volg:

> Bij mimetische theorieën staat de relatie kunstwerk-universum centraal (de term universum staat voor de zintuigelijk waarneembare werkelijkheid en de ideale werkelijkheid), bij pragmatische theorieën staat de relatie kunstwerk-publiek centraal en bij expressieve theorieën de relatie kunstwerk-kunstenaar. Bij objectieve theorieën wordt het kunstwerk niet beschouwd in relatie tot iets buiten het kunstwerk, maar als een autonoom geheel.

Volgens Boonstra (1979:245) sou 'n mens argumente waarmee waardeoordele oor literatuur ondersteun word, op dieselfde wyse kon indeel. Dan kry 'n mens die volgende hoofkategorieë:

- Argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in verhouding tot die (waarneembare en ideale) werklikheid (mimetiese teorieë)
- Argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in verhouding tot die outeur (ekspressiewe teorieë)
- Argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word as 'n outonome geheel (objektiewe teorieë)
- Argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in verhouding tot die leser (pragmatiese teorieë)

© University of Pretoria

Boonstra (1979:245) voeg 'n verdere kategorie by dié van Abrams, naamlik argumente waarvolgens die literêre werk beoordeel word in verhouding tot ander literêre tekste.

Wanneer die leser (en nie die kunswerk nie) sentraal gestel word, sien die prentjie vir Boonstra (1979:246) daar anders uit, soos aangetoon deur die volgende grafiek:



Indien die leser (en nie die literêre teks nie) sentraal gestel word, kan daar by 'n waardeoordeel nooit sprake wees van *die* werklikheid, *die* ander literêre werke, *die* outeur of *die* leser nie. Dan gaan dit altyd oor die kritikus se siening hiervan. Dit is (dan) *die* kritikus (of dan in meer algemene sin die leser) wat uitspraak lewer oor *sy* interpretasie van die literêre werk op sigself of in relasie tot *sy* interpretasie van een van die gegewe elemente.

Dit behoort uit die voorafgaande uiteensetting duidelik te wees dat 'n mens 'n literêre kritikus se literatuuropvatting(s) nie op eenduidige wyse uit sy waardeoordele van 'n literêre werk kan aflei nie.

Willemse (1999:3-20) se siening omtrent waardebepaling as kanoniseringsmeganisme is toegespits op die Afrikaanse literêre kanon. Hy meen byvoorbeeld veral voor 1994 het waardebepalende seleksie meegebring dat bepaalde werke by die kanon ingesluit is, terwyl ander werke uitgesluit en na 'n marginale posisie verskuif is (Willemse 1999:3-20). Hieruit word afgelei dat Willemse 'n pragmatiese literatuuropvatting (verhouding: literêre werk-leser) voorstaan. Willemse (1999:3) gee in 'n beskrywing van "buite-kanonieke" praktyke toe dat die ondersoeker van literatuur die kanon (as maatstaf) nodig het om werke wat (vroeër) uitgesluit is ten opsigte van die (tans) bestaande kanon te herdefinieer. Hy onderskei tussen drie sfere wat (vroeër) deur die Afrikaanse kanon na die rand van die kanon uitgestoot is: die literatuur van marginale sosiale groeperinge (bruin en swart skrywers), populêre literatuur en die Afrikaanse mondelinge tradisie.

Soos Viljoen en Hambidge meen hy die begrip **kanon** staan in regstreekse verhouding tot sosiale beheer en die mag tot kulturele produksie en reproduksie.

© University of Pretoria

Hoewel meer swart Afrikaanse skrywers volgens hom sedert 1977 literêre werke gepubliseer het en teen die (toe heersende) magsbasis ingeskryf het, beweer hy dat die literatuur van marginale sosiale groeperinge (soos onder andere swart skrywers) in 1999 steeds nie in die Afrikaanse literêre kanon teruggevind word nie (Willemse 1999:11-12).

Sedert 1999 het die situasie, so meen die navorser, ten opsigte van die "marginale sosiale groeperings" verander. Soos uit die proefskrif sal blyk, is die Afrikaanse literatuur die afgelope dekades verryk deur die literêre bydraes van 'n aantal swart Afrikaanssprekende skrywers wat nie meer (bloot) op grond van pragmatiese argumente as "buite-kanonieke" skrywers beskou kan word nie.

Belfiori en Bennett (2009:28) toon Peter Lamarque (1996:9) se siening dat literêre werke primêr "institusionele" objekte is soos volg aan:

> Inspired imaginings on their own cannot make a text or stretch of discourse into a literary work. Without the existence of a complex social practice or institution in which texts fulfil determinate functions bound by convention, there could be no literary works.

Uit die geskiedenis van die kanon blyk dit volgens Guillory (1995:237) dat kanonisering slegs binne 'n sosiale konteks plaasvind. Hoogstaande literatuur word deur die reproduksie daarvan vir opeenvolgende generasies bewaar. Aangesien kanons mensgemaakte konstellasies is wat binne 'n sosiale konteks plaasvind, word kanons en kanoniseerders blootgestel aan kritiek en polemiek (Smith, Barbara H.1988). Volgens Guillory (1995:233-234) is die heftige polemiek oor die kanon juis "one of the more important events in the history of twentieth-century criticism".

Shavit (1991:233) beweer 'n teks verkry nie hoë status omdat dit waardevol is nie, maar omdat iemand glo dit is waardevol en belangrik; omdat iemand die politieke en kulturele mag het om aan die teks die status toe te ken wat hy/sy glo die teks verdien. Dit gebeur, sê Shavit, (1991:233) omdat die idee van waarde van een tydperk na 'n volgende tydperk verander soos die smaak van die mense-in-die-kultuur die mag het om kultuurveranderinge af te dwing.

In 'n resente naslaanwerk sê Van Bork e.a. (2012:DBNL) dat 'n voorwaarde vir kanonisering is:

> ...dat geschriften allereerst de sociale status krijgen van een literair werk doordat zij als zodanig door auteurs, uitgevers, critici, literatuurhistorici en literatuurdocenten behandeld worden. (…) Een en ander geschiedt steeds op grond van zich wijzigende literaire opvattingen en dat is er dan ook de oorzaak van dat de literaire canon in de loop der tijd aan verandering onderhevig is. Sommige werken verdwijnen uit de canon, andere worden eraan toegevoegd, enkele ontbreken bijna nooit.

© University of Pretoria

Kanonisering, so beweer Van Bork e.a. (2012:DBNL), gebeur nie slegs op literêre gronde nie. Voor die Middeleeue is die kanon deur didaktiese of godsdienstige elemente beheers. Sedert die Romantiek is die kanon toenemend deur estetiese eise bepaal. In die laaste dekades van die 20ste eeu, maar ook die eerste dekade van die 21ste eeu, het 'n duidelike bevryding van die kanon hom afgespeel waardeur groot onsekerheid ontstaan het oor wat tot die kanon gereken moet word en wat nie tot die kanon gereken moet word nie. Van Bork e.a. (2012:DBNL) se siening, hoewel op 'n ander vlak, stem in sekere mate ooreen met Wendell V. Harris (1991:112) se begrip "veelvoudigheid van kanons".

Harris (1991:112) meld dat Alastair Fowler ses verskillende soorte kanons onderskei wat algemeen in die literêre wêreld aanvaar word. Die ses soorte kanons wat hy onderskei, is:

(1) Die potensiële kanon sluit in die totale geskrewe korpus asook alle orale literatuur wat bly voortbestaan het.
(2) Die toeganklike kanon is daardie deel van die potensiële kanon wat op 'n gegewe tydstip beskikbaar is.
(3) Selektiewe kanons omvat lyste van outeurs en tekste in bundels, bloemlesings, sillabusse en resensente se keuses.
(4) Geskrifte wat Fowler die "amptelike" kanon noem, sien Harris (1991:112) as die vermenging van sodanige lyste.
(5) Persoonlike kanons is geskrifte wat individuele lesers "ken en op prys stel".
(6) Die kritiese kanon bestaan uit daardie werke of dele van werke wat by herhaling in kritiese artikels en boeke bespreek word.

Harris (1991:112) meen die term "kanon", soos gebruik vir 'n geslote gesaghebbende korpus tekste soos die Bybel, pas nêrens by Fowler se klassifikasie in nie; derhalwe plaas hy hierdie tekste onder 'n sewende kanon.

Hy onderskei 'n verdere soort kanon, naamlik 'n opvoedkundige kanon wat hy soos volg omskryf:

> If we take Fowler's official canon to mean something like all the authors and titles in whatever reasonably comprehensive literary histories are standard at a given time and if we accept his definition of the critical canon as the texts most written about at that time, the list of works commonly taught in high school and undergraduate classes will not only be much shorter than the official canon but also unlikely to correspond exactly to the critical. Thus there is theoretical space for a pedagogical canon.

© University of Pretoria

Hy wys op die bruikbaarheid van die onderskeid van verskillende soorte kanons, maar beveel aan dat dit wenslik is “to recognize the variety of the principles defining them, the looseness of the resulting definitions, and the need for additional classifications” (Harris 1991:112).

Harris (1991:112) meen Fowler se potensiële kanon word byvoorbeeld deur totale inklusitiwiteit gedefinieer, maar “the degree to which what it includes goes beyond traditional definitions of literature will depend on one's critical allegiances”. Ook die toeganklike kanon is inklusief, maar slegs “for a single location; perhaps further, it varies with the sophistication of each reader”.

Persoonlike kanons skyn, volgens Harris (1991:112) saamgestel te wees uit ’n “indeterminate interaction between all the works individuals have read and those they prefer to some degree or other”. Viljoen (1992:197), soos Fowler, onderskei in sy siening van verskillende soorte literêre kanons ook ’n persoonlike kanon.

Hoewel addisionele onderskeidings van kanons bruikbaar kan wees, meen Harris (1991:112) dat dit tot oorvleueling kan lei.

Harris se argument berus daarop dat die veranderinge waaraan kanons onderworpe is, gaan afhang vanuit watter oogpunt geskrifte beoordeel word.

In die opsig dat kanons slegs arbitrêre afbakenings is, stem sy siening dus met dié van Van Bork e.a. ooreen.

2.5.2 Even-Zohar se siening van kanon en kanonisiteit

Volgens Even-Zohar (1990:14 e.v.) se teorie word elke kulturele polisisteem deur stratifikasie gekenmerk. In elke sisteem word ’n sentrum (amptelike kultuur soos gemanifesteer in onder andere ’n standaardtaal, gekanoniseerde literatuur, gedragspatrone van die dominante klasse) en ’n periferie onderskei (Even-Zohar 1990:17).

In historiese gevalle word sentra op so ’n wyse gestratifiseer dat die dominante deel gewoonlik daarin slaag om die geheel te oorheers.

As gevolg van die heterogeniteit van die kulturele sisteem is daar altyd verskeie repertoriums wat om dominansie kompeteer. Sy mening is dat gekanoniseerde literatuur wat meer toonaangewend

© University of Pretoria

word, van die periferie na die sentrum beweeg, terwyl gekanoniseerde literatuur wat minder toonaangewend word, van die sentrum na die periferie beweeg.

Even-Zohar (1990:17) meen in die polisisteem word kanonisiteit op die mees konkrete wyse in die repertorium gemanifesteer. Terwyl literêre repertorium gekanoniseer of niegekanoniseer kan wees, kan die sisteem waartoe 'n repertorium behoort óf deel van die sentrum óf deel van die periferie wees. Vir Even-Zohar (1990:17) kom die onderskeid tussen die sentrale en perifere stratifikasies ooreen met die meer tradisionele onderskeid tussen "gekanoniseerde" en "nie-gekanoniseerde" items. Vir die literêre sisteem veral verwys die term "kanon" vir hom na die "literêre norme en werke" (sowel modelle as tekste) wat deur die dominante kringe binne 'n kultuur as "gewettig" (legitiem) aanvaar word en waarvan duidelik sigbare produkte deur die gemeenskap as deel van sy historiese erfenis bewaar word. Even-Zohar (1990:19 e.v.) onderskei duidelik tussen twee gebruike van die konsep "kanonisiteit". Op een vlak verwys dit na die vlak van tekste en op 'n ander vlak verwys dit na die vlak van modelle.

Op die vlak van tekste, deur Even-Zohar "statiese kanonisiteit" genoem, word 'n bepaalde teks as 'n gefinaliseerde produk aanvaar en by 'n stel "geheiligde" tekste gevoeg wat literatuur (kultuur) wil bewaar. Op die vlak van modelle, deur Even-Zohar "dinamiese kanonisiteit" genoem, slaag 'n bepaalde literêre model daarin om hom deur middel van die repertorium as 'n produktiewe beginsel in die sisteem te vestig.

Aangesien kanonisiteit vir Even-Zohar (1990:20) beteken om in die "sentrum" geleë te wees, word die sentrum gekenmerk deur die opposisie tussen konstante en veranderende gelaagdheid. Die konstante laag in die sentrum bestaan uit behoue tekste wat hoofsaaklik tot die verlede behoort. Die veranderende laag in die sentrum bestaan uit modelle vir toekomstige kulturele produksie, en is, volgens Even-Zohar (1990:19) die heel belangrikste vir die sisteem se dinamika omdat

> this kind of canonization is what actually generates the canon, which may thus be viewed as the group of survivors of canonization struggles, probably the most conspicuous products of certain successfully established models. Naturally, any canonical text can be recycled at any given moment into the repertoire in order to become a canonized model again. But once it is recycled, it is no longer in it's capacity of a finalized product that it plays a role, but as a potential set of instructions, i.e., a model.

Sodra 'n kanonieke teks wat in die konstante laag van die sentrum as vasstaande beskou is, weer in die repertorium in omloop kom, het dit nie meer die vermoë van 'n gefinaliseerde produk nie, maar word dit 'n potensiële stel instruksies, 'n model. Sheffy (1990:517) en Codde (2003:102) meen hierdie siening van Even-Zohar van kanonisiteit is beperkend, omdat dit op literêre vernuwing slegs via modelle fokus.

© University of Pretoria

Volgens Even-Zohar is die konstante laag in die kanon volledig vir individuele tekste gereserveer. Sheffy (1990:517) toon aan dat Even-Zohar die vasstaande gedeelte van die kanon (die sentrum) vir tekste reserveer sonder om met gekanoniseerde items en modelle wat in alle omstandighede hul literêre waarde behou, maar ook as modelle kan dien, rekening te hou. Sodanige gekanoniseerde, standhoudende modelle bly, volgens Sheffy (1990:517), as sentrale modelle in die literêre bewussyn voortbestaan, onaangeraak deur oorgange van sentrum en periferie.

Even-Zohar, so toon Codde (2003:103) aan, stel kanon en sentrum aan mekaar gelyk en toon nie duidelik aan nie dat wyd erkende en invloedryke items (tekste) gekanoniseer kan wees sonder om binne die sentrum van die kanon te staan. Hierdie invloedryke items beantwoord nie (meer) aan heersende literêre norme nie en geld ook nie as aktiewe modelle vir die produksie van nuwe tekste nie. Tog is daar vir Codde gekanoniseerde items/tekste (byvoorbeeld 'n sonnet van Shakespeare) wat duidelik deel van die kanon is, selfs al het dit "uit die mode" of uitgediend geraak en nie meer as "model" vir verdere tekstuele produksie dien nie.

Gekanoniseerde items in verhouding tot die veld van werklike produksie en resepsie hoef, volgens Codde, nie 'n sentrale plek in die kanon te neem nie.

Literêre evolusie geskied nie slegs deur die navolging van tekste en modelle nie, maar ook, volgens Sheffy (1990:515):

> by the accumulation of a rather stable reservoir consisting of the most valued and most established literary items of all past and present generations – in other words, by constructing canons.

Codde (2003:104) verkies om, in plaas van Even-Zohar se dubbelsinnige konsep van kanon, eerder die term gekanoniseerde items vir alle tekste en modelle wat kulturele prestige geniet het of steeds geniet, te gebruik.

Die term "sentraal" sou dan vir Codde eerder verwys na daardie tekste en modelle wat op 'n bepaalde moment in die geskiedenis die produksie van nuwe tekste beïnvloed.

2.5.3 Pierre Bourdieu: kanonisering as sosiale interaksie

Hoewel Bourdieu nooit direk die begrip "kanonisering" gebruik nie, kan aangeneem word dat kanonisering vir hom in sekere sin te make het met die toekenning van simboliese kapitaal deur invloedryke agente aan outeurs in die outonome deel van die literêre veld.

© University of Pretoria

Kanonisering gaan indirek vir Bourdieu, aldus Van der Waal (2006:13), om die voortdurende stryd om die beginsel van “heiliging” (*consecration*), dit wil sê die reg om met gesag die vraag na literêre waarde te beantwoord.

Omdat Bourdieu literatuur (kuns) as ’n sosiaal-kulturele verskynsel sien wat sterk afhanklik is van individuele en kollektiewe belange, kan aanvaar word dat outeurs, sowel as invloedryke instansies soos literêre uitgewerye en literêre kritici, in die literêre veld om die verwerwing of selfs toekenning van simboliese kapitaal sal kontesteer (Haagsman 2008:10).

Verboord (2003:262), in navolging van Bourdieu (1983:311-356), toon aan dat ’n outeur se aansien (prestige) afhanklik is van hoe hy/sy deur beduidende ander individue/groepe/instansies waargeneem word en hoe daardie individue/groepe/instansies aan hom prestige/erkenning toeken.

In Bourdieu se teorie, sê Verboord (2003:262), bepaal die relasies tussen die posisies wat persone in die literêre veld beklee (“space of positions”), hulle spesifieke individuele kenmerke (“space of habitus”), en die keuses wat hulle uitoefen in hul praktyke in die literêre veld (“space of position-takings”) die wyse waarop simboliese kapitaal toegeken word. Die posisie in die literêre veld word aangedui deur die relasie wat die outeur het met invloedryke instansies in die veld soos literêre uitgewerye, literêre kritiek, literêre pryse.

Belangrike faktore wat lei tot die aandag wat literêre kritici aan ’n outeur en sy werk gee, is die status van die uitgewery en die status van die vaktydskrifte waarin resensies gepubliseer word. Die betrokke instansies, naamlik literêre tydskrifte, literêre prystoekenners en invloedryke uitgewerye neem op hul beurt hul eie posisies in die literêre veld in.

Verboord (2003:264) voer aan dat literêre kritiek, as gespesialiseerde instansie met gesag om literêre werke te evalueer en te klassifiseer, die grootste invloed het op die kwaliteit en vlakke van prestige waarmee outeurs geassosieer word. ’n Literêre kritikus se gesag, as volgende stap in hierdie “kringloop” van waardetoekenning, hou verband met die goedkeuring van ander literêre kritici wat in die veld werksaam is. Literêre kritici sien gewoonlik toe, soos Van Rees (1983:397-417) aangetoon het, dat hulle oortuiginge oor die waarde van ’n literêre werk ooreenstem. Die konsensus onder literêre kritici oor die waarde van ’n literêre werk kan mettertyd daartoe lei dat sodanige werk as ’n meesterstuk geag word wat uiteindelik in die literêre kanon opgeneem word.

Van der Waal (2006:22) meen vanuit Bourdieu se veldteoretiese raamwerk kan relasies en strukture binne die literêre veld deur diskursiewe gebeure blootgelê word wat die betekenis en waarde van literêre pogings konstrueer, onderhandel of kontesteer.

© University of Pretoria

Hierdie diskursiewe gebeure kan gesien word as pogings van een groep om hul literatuuropvattings op groepe met ander literatuuropvattings af te dwing. Sodanige handelinge sien Van der Waal (2006:22) dan as 'n soort hekwagtergedrag, wat 'n bepaalde (literêre) ruimte duidelik begrens. Die begrensing wat met kanoniseringsmeganismes verband hou, se funksie is die insluiting van sommige agente én die uitsluiting van ander agente in die literêre veld.

2.5.4 Siegfried Schmidt se siening van kanon

Schmidt (1982) is van mening dat veral die handelingsrol van teksverwerking kan lei tot die stabilisering van 'n "kanon" van kunswerke wat op die basis van voorkeur aan die samelewing gebied word.

Vir Schmidt en Peter Vorderer, so voer Hartling (2005:4) aan, is die kanonmodel gebaseer op die handelingsrolle binne die mediasisteem. Kanonisering word beskou as 'n proses waarin kanons se buitengewone rol in die literêre sisteem eers duidelik word as die uitwerking op alle deelnemers in die proses in berekening gebring word.

Vir ontluikende skrywers (rolspelers in die produksiefase) dien die kanon hoofsaaklik as oriënteringspunt en hulpmiddel tydens die produksieproses. Ontluikende skrywers kan gekanoniseerde skrywers op bewuste wyse navolg óf hulle teen sodanige skrywers verset.

In die verspreidingsveld (handelingsrol van bemiddeling) dui kanons tendense in markontwikkeling aan. Die kanonieke waarde van 'n skrywer het 'n direkte invloed op die drukoplaag, ontwerp, bemarking en plasing van 'n werk. In die geval van 'n debuutwerk word daar gewoonlik 'n beperkte oplaag gedruk.

Vir lesers (handelingsrol van resepsie) dien kanons as seleksie- en oriënteringsmeganismes. Aangesien daar 'n magdom literêre werke in omloop is, bied bestaande literêre kanons aan lesers die geleentheid om te fokus op tekste wat as waardevol en tydloos (deur literêre verwerkers/ kritici/ resensente beskou word. Hierdie "waardevolle" tekste word geïnkorporeer in wat Schmidt die "kultuur se geheue" noem. In literatuurprosesse verkry kanons dan die aangesig van kollektiewe kennis.

Kollektiewe kennis is 'n wedersydse (sosiale) proses waarin agente voortdurend aanneem dat ander agente dieselfde verwagtinge/aannames (oor literatuur/kultuur) koester. Navorsing en akademiese vakkundigheid (handelingsrol van verwerking) is belangrike faktore in die kanoniseringsprosesse waar literêre kritiek op verskillende vlakke funksioneer.

© University of Pretoria

Die eerste vlak van literêre kritiek is joernalistieke kritiek; die tweede vlak staan bekend as akademies-wetenskaplike kritiek.

Hartling (2005:4), soos Schmidt en Vorderer, beklemtoon die belangrike rol wat verspreiding in die kanoniseringsproses speel. Hartling (2005:4-5) meen die belangrikste kanoniseringsmeganisme wat Schmidt en Vorderer onderskei, naamlik die inkorporering van literêre werke in universiteitskurrikula, skoolboeke en ensiklopedieë moet nie onderskat word nie.

Slegs wanneer 'n outeur en sy werke by ensiklopedieë, skoolboeke en universiteitskurrikula ingesluit word, kan hy volgens Schmidt as ten volle gekanoniseer beskou word. By Bourdieu geld dit as "hoogste heiliging".

2.5.5 Dirk de Geest se diskursiewe benadering tot die literêre kanon

De Geest (2003:211) toon aan dat die begrip "literêre kanon" tradisioneel gebruik word om te verwys na 'n baie beperkte korpus hoogs aangeskrewe en gesaghebbende literêre tekste. Gevolglik konstitueer die kanon die onbetwisbare boonste vlak binne die hiërargie van literêre produksie. Hierdie eksemplariese aard van die kanon kan aangedui word deur die blote vermelding van beroemde outeurs soos Homerus en Vergilius, Dante en Petrarca, Molière en Baudelaire, Chaucer, Shakespeare of Goethe wie se tekste gewoonlik as onoortreflike meesterstukke van die Westerse kultuur geag word. Hierdie korpus tekste van die kanon word dan ook voortdurend herdruk, herlees, weer geanaliseer en in onderwys gebruik. Die herdruk en herlees van literêre tekste (kultuurprodukte) sien De Geest (2003:202) as 'n bevestigende handeling. In sommige opsigte word hierdie funksionele gedrag gesien as 'n individuele ervaring; in ander opsigte, soos in die geval van literêre pryse en die diskoers van literêre kritiek, staan 'n sosiale belang voorop.

In die tradisionele literêre kanon, aldus De Geest (2003:202), word literatuur deur middel van 'n seleksieproses tot "egte" literatuur begrens. Deur grense vas te stel en basiese hiërargieë te skep, word kompleksiteit gereduseer sodat die estetiese waarde van hierdie fenomene nie betwyfel kan word nie. Die seleksieprosedures was, tradisioneel, vir De Geest (2003:202) gebaseer op die een of ander waardeoordeel, soms uitgesproke, maar meestal implisiet.

Waardeoordele is vir De Geest (2003:202-203) van sentrale belang omdat "kundiges" voortdurend uitsprake oor sogenaamd "goeie" literêre werke lewer. Volgens De Geest (1996:179) is die plek waar uitdruklik beveel word wat literatuur moet wees (sien bladsy 40-42), waarskynlik by uitstek gereserveer vir gekanoniseerde tekste, wat hy dan noem: "het geheel van prestigieuze teksten die gepropageerd worden als de optimale realisaties van de vigerende normen".

© University of Pretoria

Hierteenoor beklee die uitsprake en die tekste wat geassosieer word met die negatiewe normering of dit wat uitdruklik verbied word, moontlik 'n baie marginale, selfs "illegitieme" plek in die kanon. Uitsprake wat gerealiseerde tekste uitdruklik "verbied", word tradisioneel sover moontlik uit die literêre sisteem uitgesluit deur verswyging, kritiek of selfs sensuur.

Volgens De Geest behoort "egte" literatuur (egter) nie slegs te bestaan uit sogenaamd "prestigieuze" tekste as optimale realiserings van dit wat uitdruklik beveel word nie. In De Geest (1997:170) se siening van die literêre kanon kan 'n sinchroniese lesing van die semiotiese vierkant spanninge en ontwikkelinge binne 'n literêre sisteem verklaar[5]. Die beginpunt van veranderende fenomene word in die meeste gevalle geplaas in die sogenaamde "subcontraire" of subteenstrydige (die nie-verbode) gebied van 'n gegewe sisteem, aangesien hierdie diskursiewe plekke neig om die kontrolerende beginsels en die kodifiseringe van die sisteem te ontglip.

Veral die "subcontraire" plekke in die skema laat die moontlikheid van die geleidelike infasering van nuwe elemente in die sisteem toe. Aanvanklik word die teenwoordigheid van nuwe tendense beswaarlik opgemerk, óf (bloot) as 'n marginale instansie verdra. In ander situasies kan sulke "vreemde" elemente gesien word as disfunksionele faktore wat die vasgestelde identiteit en selfs 'n sisteem se bestaan bedreig.

Mettertyd kan die "vreemde" (nie-verbode) elemente opnuut geïnterpreteer word as vernuwings ten opsigte van die sisteem en kan die vernuwinge gepropageer en selfs in voorskrifte verander word. Ook die teenoorgestelde van die geleidelike kanoniseringsproses is moontlik. In hierdie geval verloor 'n bepaalde "apparaat" geleidelik sy funksionele literêre relevansie, word oorbodig en kan in bepaalde gevalle selfs uit die literêre sisteem weggelaat word.

De Geest (1996:181-182) stel dit soos volg:

> Oorspronkelijk endogene elementen verdwijnen dan geleidelijk aan uit het literaire functiesysteem (als 'niet-geboden'), om eventueel als volwaardige gegevens geïntegreerd te worden binnen een ander, functioneel concurrentieel systeem (de positie van de 'verboden'), tenminste vanuit het standpunt van het literaire systeem.

Binne die sisteem self is dan sprake van marginaliseringsprosesse. In hierdie geval verloor 'n element geleidelik aan strategiese, selfs funksionele waarde, word oorbodig en word uiteindelik selfs as hinderlik uit die invloedryke sentrum van die sisteem verban.

[5] De Geest se diskursiewe sisteemteorie verduidelik byvoorbeeld ook hoe marginale groepe (soos gays en vroueskrywers) die kanon kan betree.

© University of Pretoria

De Geest (1997:171) se verwysing na die vertikale dimensie van die semiotiese vierkant betrek sy siening van kanonisering as 'n geleidelike proses.

Die sogenaamd wedersydse "oopheid" en "geslotenheid" van literêre sisteme behoort volgens De Geest (1997:168) as geleidelike verskille gesien te word.

'n Funksionele literatuurteorie fokus, volgens De Geest (2003:212), op die geleidelike en historiese dimensie van literêre kanonisering. Hiervolgens behoort tekste nie inherent aan óf die kanon óf die nie-gekanoniseerde gebied nie, aangesien waardes veranderlik en afhanklik van historiese, institusionele en sistemiese faktore is.

Eerder as om bloot van "literêre kanons" as objektiewe gegewe, statiese kategorieë te praat, stel De Geest (2003:212) 'n studie van die dinamiese prosesse van kanonisering voor.

© University of Pretoria

2.6 Rasionaal vir die gebruik van ’n eklektiese model

Geen sisteemteorie of sisteemteoretiese implementering kan op volledigheid aanspraak maak nie; derhalwe word in die studie ’n eklektiese benadering gebruik. Onder “eklektiese benadering” verstaan die navorser ’n werkwyse waarvolgens die mees toepaslike sisteemteorie as hooffokus gebruik word om ’n gegewe swart skrywer se posisie te beskryf, terwyl elemente uit verskillende sisteemteorieë wat ook van toepassing op daardie skrywer is, aanvullend gebruik word. Die swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem kan nie binne die raamwerk van slegs een teorie volledig beskryf word nie.

Die belangrikste elemente van genoemde sisteemteorieë wat gebruik word om die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa in die Afrikaanse prosa(sub)sisteem in verdere hoofstukke te beskryf, is die volgende:

- Die siening van sisteem as ’n dinamiese konstruk, ’n netwerk van interafhanklike relasies wat by al vier modelle aanwesig is, is ’n belangrike konsep wat vir die beskrywing van swart skrywers se posisie in die Afrikaanse prosa(sub)sisteem gebruik kan word.

- In die studie van metatekste oor Abraham Phillips is veral sy posisionering binne die sosiale veld deur agente of rolspelers in die literêre, die ekonomiese, die kulturele en die politieke veld van groot belang; gevolglik word Bourdieu se veldteorie as raamwerk gebruik. Agente wat bepaalde posisies in die sosiale en literêre veld inneem, kontesteer oor wie die “mag” het om ’n outeur soos Phillips binne ’n bepaalde veld te posisioneer. By Phillips kan die dikwels kontensieuse interaksie tussen agente wat aan hom simboliese kapitaal toegeken het, duidelik aangetoon word. ’n Verdere belangrike kwessie, wat sy debuut betref, is die handelingsrol wat literêre bemiddeling, binne Schmidt se raamwerk, gespeel het in die toekenning van literêre prestige. ’n Omvattender beeld van Phillips se posisie kan ook verkry word deur die verband aan te toon tussen Schmidt se literêre bemiddeling en Dirk de Geest se diskursiewe raamwerk. Even-Zohar se siening van die rol van literêre instansies word ter aanvulling gebruik om Phillips se posisionering binne die Afrikaanse literêre kanon te beskryf.

- By die lees van metatekste oor Scholtz se werke word Even-Zohar se konsep van sisteem as ’n histories bepaalde netwerk van interaksies tussen produsent, produk/artefak, repertorium, mark en instansies as raamwerk vir die beskrywing van A.H.M. Scholtz se posisie in die Afrikaanse prosasisteem gebruik.

© University of Pretoria

Die “samewerking” tussen lede van die literêre *establishment* om sy werk te “bevorder”, is opvallend en word binne Even-Zohar se konsep van “kulturele beplanning” beskryf. Aangesien die navorser van mening is dat sekere aspekte van Even-Zohar se polisisteem nie ’n geheelbeeld van Scholtz se posisie bied nie, word Bourdieu se siening van die toekenning van simboliese kapitaal in die kulturele veld betrek. Scholtz het hom ook oor sy posisie in die sosiale veld uitgelaat; derhalwe word Bourdieu se begrippe habitus en hexis gebruik. Scholtz se debuut, binne De Geest se diskursiewe raamwerk, het “gesê” wat (voorheen) nie gesê “behoort” te word nie. Dit kan op De Geest se semiotiese vierkant gelees word as ’n “verskuiwing” vanaf dit wat binne ’n gegewe tydperk in literatuur as ontoelaatbaar beskou is na dit wat in literatuur as toelaatbaar beskou (kan) word. Die handelingsrolle van literêre bemiddeling en verwerking is by veral Scholtz se debuut ter sprake; derhalwe word Schmidt se siening hieroor in die beskrywing van sy posisie geïmplementeer.

- Oor Dido se oeuvre is besonder uiteenlopende uitsprake gemaak. De Geest se diskursiewe sisteemteorie wat berus op sy siening van uitsprake oor wat in literatuur gesê moet/nie gesê moet word, nie/gesê behoort te word/nie gesê behoort te word nie, is veral ter sake by E.K.M. Dido se posisionering binne of buite die Afrikaanse prosakanon. Die navorser gebruik hierdie uitsprake om Dido binne of buite die Afrikaanse literêre sisteem te posisioneer. Dido se eie uitsprake omtrent haar poëtika en posisie binne die sosiale veld is vanuit Bourdieu se siening oor posisionering ter sake. Bourdieu se siening van agente wat gemagtig is om simboliese kapitaal toe te ken, word ook by die bespreking van Dido se posisionering betrek.

- Schmidt se siening dat literatuur ’n wedersydse sosiale handeling is van bepaalde agente aan wie bepaalde operasionele rolle gekoppel kan word, naamlik *literêre produksie, literêre verspreiding, literêre bemiddeling* en *literêre verwerking,* word as raamwerk gebruik om die posisie van die sogenaamd “minder prominente” swart skrywers van Afrikaanse prosa se posisie in die Afrikaanse prosasisteem te beskryf. Daar kan, vanuit Schmidt se raamwerk, aangetoon word dat die literêre verwerkers wat deel van die *elite* vorm en volgens bepaalde konvensies optree, deur hul handelinge sommige van hierdie skrywers binne en ander buite die literêre kanon geposisioneer het. Aangesien etlike van hierdie skrywers hulle in onderhoude oor hul posisie in die sosiale veld uitlaat, is Bourdieu se siening hieroor as toepaslik ten opsigte van hul posisionering geïmplementeer. Even-Zohar se siening oor die bepalende rol wat instansies by die posisionering van ’n skrywer binne ’n sisteem speel, was by etlike van die swart skrywers wat in hierdie hoofstuk bespreek is, ter sake.

© University of Pretoria

2.7 Skematiese oorsig van die vier sisteemteoretiese benaderings

Even-Zohar: polisisteemmodel (Aanvanklik kultuurprodukte, later aangepas om literêre produkte in te sluit)	**Pierre Bourdieu: veldteorie**	**Siegfried Schmidt: "operasionele" sisteemteorie**	**Dirk de Geest: funksionele, diskursiewe sisteemteorie**
Aanpassing van Roman Jakobson se kommunikasiemodel, klem op wette en reëls	Klem op sosiologiese aspek van kuns	Klem op handelingsrolle, konstruktivisties	Aanpassing van Foucault se diskoersteorie, gebruik van Greimasiaanse semiotiese vierkant
Terme **Sisteem/literêre sisteem:** Dinamies, onderlinge interaksie, netwerk van relasies **Sisteem bestaan uit:** **Instansie**: Regering, media, akademiese en opvoedkundige instansies, enige agent wat aanvaarding/verwerping in hand werk **Repertorium:** Aggregaat van items waarmee 'n spesifieke teks geproduseer en verstaan word **Produsent:** Individue en groepe wat met produksie te make het en op verskeie wyses georganiseer is **Verbruiker:**Individue en groepe wat 'n voltooide produk/artefak as draer van werklikheidsbeeld hanteer/dekodeer **Mark:** Aggregaat van faktore wat te make het met koop en verkoop van literêre produkte en met promosie van tipes verbruik **Produk:** Resultaat van enige handelingsaksie, "uiting, teks, artefak, tekstuele fragmente. Produk is draer van werklikheidsbeelde. (1) Bogenoemde ses in voortdurende wisselwerking (2) Klem nie op sosiale handeling nie, maar op instansies. (3) Repertorium gesien as tipe model (4) Literêre kanon:konsep van opposisie:"staties"X dinamies"; sentrum X periferie	**Terme** **'n Veld** is netwerk van objektiewe relasies tussen posisies. **Bourdieu: Literêre veld** het nie te make met bepaalde tipes geskrewe tekste nie, het te make met literêre praktyke as 'n vorm van sosiale en spesifiek kulturele aksie – daar bestaan nie iets soos **literatuur** nie, wel tekste wat agente "literatuur" noem. Literêre veld is by implikasie ingebed in kulturele veld wat weer in maatskaplike veld ingebed is. **Literêre veld** as **voortdurend veranderende geheel** van magsverhoudinge tussen literêre institusies wat betrokke is by produksie, verspreiding en verbruik van fiksie, veral tekste wat as literêr waardevol geag word. Literêre waarde word subjektief, konteksbepaald toegeken, volgens literêre norme wat in literêre veld geld. Agente binne veld tree volgens veld se eie reëls op. Literatuur is 'n sosiaal bepaalde verskynsel: fokus op i**nteraksie** tussen **sisteem en agente.** **Kenmerk** van alle velde is **stryd om mag** om te bepaal wat vir 'n bepaalde veld waardevol is. Produksie sowel as verbruik van literatuur is 'n **sosiale proses**. Literêre veld word gekenmerk deur literêre en artistieke prestige (simboliese kapitaal). Simboliese kapitaal word verwerf deur kulturele kapitaal – dit gee agente mag – dit gaan dus om stryd. • Habitus gesien as 'n tipe model (verskillend van Even-Zohar se model). • Kanonisering word gekenmerk deur stryd om mag • Bourdieu onderskei in die literêre veld tussen 'n heteronome en 'n outonome veld.	**Terme** **Literêre sisteem:** Dinamiese netwerk van relasies/onderlinge en wedersydse verbondenheid tussen agente **Sisteem word gekonstitueer deur:** Agente wat as sosiale wesens as bemiddelaars óf as afwysende hekwagters optree **Drie konvensies wat werksaam is by literêre prosesse:** (1) Monovalensiekonvensie (feitekonvensie) (2) Estetiese konvensie (3) Polivalensiekonvensie **Interne organisasie van literêre sisteem:** Literêre sisteem bestaan uit **4 operasionele rolle** wat in alle literêre sisteme voorkom: **(1) Literêre produksie** – Alle handelinge met betrekking tot tekste se produksie **(2) Literêre bemiddeling** – Alle handelinge wat 'n literêre produk aan ander agente buiten literêre produsente blootstel **(3) Literêre resepsie** – Alle handelinge waardeur aan 'n literêre produk waarde volgens estetiese kriteria deur agente toegeken word. **(4) Literêre verwerking –** Alle handelinge wat op 'n literêre produk betrekking het en 'n ander literêre produk tot gevolg het byvoorbeeld opsomming, parafrasering, hervertelling, beoordeling, analise • Netwerk van handelinge, in noue samehang • Klem op handelinge, nie op instansies nie; klem op literatuur as sosiale proses • Bestee op oorsigtelike wyse aandag aan literêre kanon.	**Terme** **Literêre sisteem bestaan uit:** "literêre diskursiewe sisteme"/"diskursiewe gehele", onderskeid tussen sisteem en "Umwelt" **Onderskeidende kenmerk van literêre sisteem**: funksioneer volgens literêre norme wat gewoonlik in hul mees kategoriese dimensie bestudeer word naamlik: • wat uitdruklik gesê mag word • wat uitdruklik nie gesê moet word nie. • alles wat nie uitdruklik voorgeskryf/beveel is nie • alles wat nie uitdruklik verbied word/is nie. (1) Gee aandag aan die literêre kanon en kanonisering – kanon net skynbaar vasstaande – is in realiteit veranderlik. (2) Sien modelle in terme van die diskursiewe, semiotiese vierkant. (3) Literatuur is 'n spesifiek sosio-semiotiese kulturele fenomeen – verbind literatuur sterk aan kultuur.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 3: ABRAHAM PHILLIPS SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE VELD

1 Inleiding

Abraham Phillips se oeuvre het uiteenlopende reaksies wat as kontestasie gesien kan word, by literêre kritici ontlok. Boonop het hy hom meermale oor sy eie posisie uitgelaat. Die navorser beskryf Abraham Phillips se posisie in die kulturele en sosiale veld binne die hoofraamwerk van Bourdieu se veldteorie. Sy siening van kulturele en sosiale kapitaal, habitus en die wyse waarop simboliese kapitaal toegeken word, word gebruik om Phillips se posisie te beskryf. Die verband tussen Schmidt se siening van die operasionele rol van bemiddeling en De Geest se funksionele siening van hoe literêre verskuiwing binne 'n bepaalde tydsgewrig plaasvind, word by Phillips se debuut aangetoon.

2 Bourdieu se veldteoretiese uitgangspunte

2.1 Die konsep "kulturele veld"

Soos reeds in hoofstuk twee aangetoon, sien Bourdieu (Webb, Schirato en Danaher 2002:xi) 'n kulturele veld as 'n verteenwoordigende sosiale ruimte van kulturele praktyk. 'n Agent se posisie binne 'n bepaalde veld en die hoeveelheid sosiale en simboliese kapitaal (prestige, status, outoriteit) wat hy besit, bepaal hoeveel mag hy uitoefen en hoeveel invloed hy binne daardie bepaalde veld het. Groepe en individue met bepaalde institusionele mag bepaal watter kapitaal as "outentiek" in 'n bepaalde veld geag word.

2.1.1 Die verskillende vorme van kapitaal binne die kulturele veld

In hoofstuk twee is die verskillende vorme van kapitaal uiteengesit. Ekonomiese kapitaal het met alle vorme van materiële besit te make en berus op 'n stelsel van uitruiling van goedere. Kulturele kapitaal word in vier bestaansvorme aangetref, naamlik 'n geobjektiveerde toestand (byvoorbeeld boeke of skilderye), 'n geïnkorporeerde toestand wat verskillende agente se kulturele vermoëns, vaardighede en kennisvorme betrek, 'n liggaamsgebonde toestand (liggaamlike hexis) wat gesien kan word as die fisieke, geïnkorporeerde houdings en ingesteldhede wat by individue vanweë die verhoudings tussen bepaalde velde en individue se habitus te voorskyn kom; 'n geïnstitusionaliseerde vorm (habitus) byvoorbeeld 'n titel wat die opvoedingspeil van sy draer aandui.

© University of Pretoria

Sosiale kapitaal het te make met die min of meer standhoudende relasies wat agente binne 'n bepaalde veld met mekaar handhaaf en wat op 'n stelsel van uitruiling van materiële sowél as gesogte en uitsonderlike simboliese goedere berus.

Die hoogste vorm van kapitaal is vir Bourdieu **simboliese kapitaal** en sluit ekonomiese, sosiale en kulturele kapitaal in. Simboliese kapitaal hou met ekonomiese kapitaal (geld), sowel as "ontasbare" kapitaal soos prestige, status en outoriteit verband.

2.1.2 Bourdieu se konsepte "habitus" en "hexis"

Habitus, soos reeds in hoofstuk twee vermeld, kan gesien word as die wyse waarop mense hulself in verhouding tot ander mense/groepe/instansies sien. In werklikheid is habitus 'n stel aangeleerde ingesteldhede, denkwyses, liggaamshoudings, en praktyke soos maniere van praat, eet en beweeg, wat by mense in 'n bepaalde samelewing as "natuurlike" optrede ingeskerp is. Habitus bepaal mense se ingesteldheid teenoor ander mense en hul wêreld van kulturele goedere en praktyke. Habitus skep by mense, ooreenkomstig hul groep se sosiale norme, 'n ingesteldheid om met mekaar in wisselwerking te tree. Ingesteldhede genereer handelinge, persepsies en houdings wat as "normaal" ervaar word.

Hexis hang volgens Bourdieu op noue wyse met habitus saam. In hoofstuk twee is aangetoon dat hexis ook te make het met die noue samehang tussen veld en habitus. Deur die dinamiese verbondenheid tussen veld en habitus word agente se liggame en liggaamlike ingesteldhede geskep. Die liggaam en liggaamlike ingesteldheid is kenmerkend van die individu.

2.1.3 'n Siening van die literêre veld, gebaseer op Bourdieu se teorie

In Bourdieu se veldteorie vorm die literêre veld 'n onderdeel van die kulturele veld. Soos Haagsman (sien bladsy 24) aangetoon het, bestaan die literêre veld vir Bourdieu nie net uit die materiële produksie van literatuur wat op 'n tasbare produk betrekking het nie, maar ook op die simboliese produksie wat voortvloei uit die bemoeienis met die materiële produk. Dit het 'n geestelike, intellektuele produk tot gevolg.

Uit hoofstuk twee het geblyk dat agente se deelname en interaksie in die literêre veld 'n sosiale proses is waartydens verskillende agente hulle op bepaalde wyses met 'n "teks" wat as "literêr waardevol" geag word, bemoei en kulturele "handelinge" soos skryf, uitgee,

© University of Pretoria

bemark, lees, resenseer, uitvoer. Die literêre veld geld as 'n afgebakende, relatief "outonome" sosiale werklikheid met sy eie wette en hiërargie wat in sekere sin onafhanklik van die ekonomiese en sosiale veld funksioneer. Die literêre veld word onderverdeel in twee subvelde, naamlik die heteronome en die outonome sub-veld. In die heteronome subveld plaas Bourdieu outeurs wat topverkopers/"best sellers" skryf, waarvolgens ekonomiese sukses gemeet word aan die gewildheid van outeurs se werke by die publiek en media. Outeurs, in die sogenaamd "heteronome" subveld geposisioneer, is onderworpe aan invloede en standaarde buite die literêre veld. Topverkopers van outeurs in die heteronome subveld word gewoonlik nie deur literêre kritici as tekste met "literêre" meriete bekroon nie, maar in die praktyk, soos later in die hoofstuk aangetoon word, gebeur dit soms wel. Bourdieu onderskei ook 'n "outonome" subveld waarbinne hy sogenaamd "suiwer" outeurs plaas. Outeurs in die "outonome" veld streef na erkenning deur agente met prestige in die literêre veld: publikasie by 'n gevestigde uitgewery, erkenning deur hul eweknieë, invloedryke resensies in spesialispublikasies, die verkryging van literêre pryse om uiteindelik die hoogste "heiliging" te verkry deur by die kanon en die skool- of universiteitskurrikulum ingesluit te word. Literêre kritici het institusioneel reeds literêre prestige en mag verwerf en het die mag om simboliese kapitaal aan 'n outeur te verleen.

2.1.4 Die uitwerking van veranderinge in die sosiale en politieke veld op die literêre veld

Binne Bourdieu se sosiologiese veldteorie geld die sosiale en politieke veld as 'n oorkoepelende gebied waarbinne die kulturele veld ingebed is. Die literêre veld is op sy beurt weer in die kulturele veld ingebed. Indien die sosiale en politieke veld as oorkoepelende geheel veronderstel word, kan beweer word dat bepaalde sosiale, politieke en historiese veranderinge met veranderinge in die literêre veld verband hou.

2.1.5 Die veranderende sosiale en politieke veld en die verskyning van Phillips se debuut in 1992

Teen 1985 is die Suid-Afrikaanse politieke landskap gekenmerk deur onrus en onstabiliteit. 'n "Noodtoestand" is in hierdie tydperk deur die apartheidsregering van P.W. Botha afgekondig. Binnelandse betoginge en opstande sowel as ekonomiese sanksies deur buitelandse regerings was aan die orde van die dag.

© University of Pretoria

In 1985, tydens die Eerste Swart Afrikaanse Skrywersimposium in Paternoster, toe Afrikanernasionalisme nog 'n belangrike rol gespeel het, vermeld Jakes Gerwel (s.j.21) omtrent die heersende tydsgees die volgende:

> 'n Groot vraag vir hedendaagse swart skrywers skyn vir my te wees dié van bedoelde leserspubliek en die wyse van inskakeling in die literêre produksiesisteem. In die beoordeling van die ideologiese konteks van die skryfwerk moet 'n mens in gedagte hou dat Afrikanernasionalisme deur 'n aanpassingstadium gaan: Die eertydse eksklusiwiteit rondom Afrikaners word vervang deur 'n nuwe impuls waarin Afrikaans as koöpteringsmiddel van die sogenaamde "bruinmense" gesien word. Die gevoel van verwerping waarmee Petersen geworstel het, mag nou vervang word met 'n worsteling téén koöptering. Die politieke kultuur van verwerping is vervang deur een van koöptering – dit is die konteks waarbinne swart skrywers hedendaags in Afrikaans skryf.

Vanaf 1985 was daar toenemend buitelandse druk op die apartheidsregering om met "verbode" politieke organisasies soos die ANC en die UDF te begin onderhandel. Die "voorlopige" onderhandelings het in 1990 tot die vrylating van Nelson Mandela gelei. Die afskaffing van die Groepsgebiedewet in 1991 het 'n rol gespeel in die proses van politieke verandering. Verdere onderhandelings tussen die apartheidsregering en die ANC en UDF tussen 1990 en 1993 het op die 1994-verkiesing uitgeloop. Ongetwyfeld kan die eerste demokratiese verkiesing in 1994 in Suid-Afrika as 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis beskou word, aangesien alle bevolkingsgroepe, ook die voorheen benadeelde en onderdrukte groepe, ná die 1994-verkiesing gelyke beregtiging verkry het.

Binne die konteks van die sosio-politieke veranderinge wat reeds vanaf 1985 ten tye van die ou politieke bedeling in die Suid-Afrikaanse samelewing sigbaar begin word het, het Abraham Phillips se boek, *Die verdwaalde land* wat in 1992 by Queillerie–Uitgewers verskyn. Sy debuut het ongekende belangstelling by "wit" Afrikaanse, maar ook oorsese literêre kritici gewek.

Die moontlikheid bestaan dat Phillips se debuut in 1992 geredeliker deur magshebbende kritici aanvaar is as wat, sê maar in 1985, die geval sou wees. Grobler (1992:2) meen Suid-Afrika gaan in 1992 'n oorgangsfase van apartheid na post-apartheid binne, wat aanleiding daartoe gegee het dat "persoonlike verhale" van "ontberinge wat apartheid meegebring het" geboekstaaf word. Grobler vermoed hierdie "groter sosio-politieke vryheid" lei tot groter toleransie. Ook Hattingh (1997:97) spreek die vermoede uit dat literêre kritici in die geval van Phillips se debuut juis dermate van die teksgerigte "leestradisie van die Afrikaanse kritiek" afgewyk het vanweë die "veranderende politieke klimaat van die vroeg-negentigerjare" en die "media se sterk beklemtoning van versoeningspolitiek". Hierdeur impliseer sy dat

© University of Pretoria

veranderinge in die sosiale en politieke veld met veranderinge in die kulturele en literêre veld verband kan hou. Uit Skrywer en Binneprater se “gesprek” wat in ’n volgende paragraaf ter sprake kom, blyk dit dat Skrywer “hierdie tyd” (1992) as “hierdie prekêre”, dit wil sê onstabiele “oorgangstyd” beskou het.

3 Abraham Phillips se posisie in die Afrikaanse literêre veld

Om Phillips se posisie in die Afrikaanse literêre veld te beskryf, word aan twee aspekte aandag gegee, naamlik (1) die wyse waarop agente soos literêre uitgewers en literêre kritici, wat institusioneel met bepaalde simboliese kapitaal en mag beklee is en bepaalde posisies in die literêre veld, inneem, aan Phillips simboliese kapitaal in die oorkoepelende kulturele veld toegeken het; (2) Phillips se persepsie van sy hexis, habitus en sy posisie in die sosiale en kulturele veld.

3.1 Phillips se posisionering in die kulturele veld deur agente met simboliese kapitaal

Verboord (2003:262), soos in hoofstuk twee aangetoon, meen ’n outeur se prestige hang af van hoe hy deur beduidende ander individue/groepe/instansies of dan literêre kritici waargeneem word. Nie slegs moet die toekenning van waarde aan ’n outeur wye aanvaarding geniet nie, maar sowél toekenning as aanvaarding besorg prestige, indien dit afkomstig is van persone met aansienlike mag in die literêre veld. Die outeur se posisie in die literêre veld hou ten nouste verband met sy verhouding tot instansies soos literêre uitgewerye, literêre kritiek en literêre prystoekenning. Literêre kritici se kennisname van ’n outeur en sy werk, hang op sy beurt saam met die status van die uitgewery en die (vak)tydskrifte waarin resensies gepubliseer word.

Die betrokke instansies, naamlik literêre tydskrifte, literêre prystoekenners en literêre uitgewerye neem elk hul eie posisie in die literêre veld in.

Literêre prestige, sê Verboord (2003:263), is nie slegs die resultaat van literêre kritici se waardeoordele in die literêre veld nie, maar ook van die oortuiginge wat deur hierdie waardeoordele uitgespreek word. Om hierdie rede staan waarde wat toegeskryf word, as simboliese waarde bekend.

© University of Pretoria

3.1.1 Literêre uitgewerye

As instansie het 'n literêre uitgewery, aldus Kuitert, (2008:69), nie bloot met materiële produksie te make het nie, maar ook met simboliese produksie deur tendense, smake en style te stuur.

Senekal (2013:104) toon soos Verboord aan dat die uitgewer self tot die prestige wat uiteindelik aan 'n werk behoort, bydra. Alhoewel Phillips sy eerste drie romans by die pasgestigte onafhanklike uitgewery, Queillerie-Uitgewers, laat publiseer het, het Queillerie op daardie stadium waarskynlik nie dieselfde prestige gehad as wat 'n gevestigde uitgewery soos Human & Rousseau gehad het nie.

Daar word veronderstel dat publikasie by Queillerie vir Phillips "minder" ekonomiese en simboliese kapitaal sal besorg as wat die geval sal wees indien sy boeke by byvoorbeeld Tafelberg gepubliseer word. In werklikheid het die teenoorgestelde gebeur: Phillips se debuut het, ten spyte van publikasie by 'n uitgewery met sogenaamd "minder" prestige, ekonomiese sowel as simboliese kapitaal verwerf. Hettie Scholtz het 'n bepaalde strategie benut om Phillips se debuut te laat kanoniseer – sy het André P. Brink versoek om 'n inleiding tot die teks te skryf. Deur die Brink-inleiding is dit wat binne De Geest se diskursiewe raamwerk nie in [egte] literatuur verdra word nie, tot [egte] literatuur "verklaar" (sien voetnoot 15, bladsy 129 vir verduideliking van [egte] literatuur). Brink se inleiding het in groot mate bygedra tot die feit dat Phillips se debuut as gekanoniseer beskou is. Hettie Scholtz, in beheer van die toe pas gestigte uitgewery, Queillerie, het deur die publikasie van *Die verdwaalde land* waarskynlik die status quo van die gevestigde Afrikaanse literêre uitgewerye, Tafelberg en Human & Rousseau, "uitgedaag" deur Phillips se debuut en volgende twee tekste uit te gee. Volgens Scholtz (2010:6) was Phillips se debuut 'n "waagstuk" waarvoor sy nie "teruggedeins" het nie, maar wat ook vrugte afgewerp het, aangesien die debuut 'n ekonomiese sukses was wat verskeie herdrukke beleef het en vanweë die vertaling daarvan in Nederlands en Engels ook 'n simboliese sukses.

In 'n berig met die opskrif "Hulle noem hom nou 'n skrywer" (2009:19) laat Hettie Scholtz haar oor *Die verdwaalde land* soos volg uit: "Dié boekie het meer beteken vir transformasie as enige retoriek van enige politieke party. Ná publikasie het die briewe gerig aan hom behoorlik ingestroom. Mense wat hom persoonlik om verskoning vra vir die onreg van apartheid. En nie pienk liberale nie, gewone mense."

© University of Pretoria

Phillips se vierde teks, *Die evangelis van Kaggelsberg,* het in 2009 by LAPA verskyn. LAPA, uitgewery van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), se uitgeemissie lui onder andere soos volg: “LAPA is daarop gerig om in die leesbehoeftes van die Afrikaanse gesin te voorsien. Kwaliteit, waarde vir geld en verskeidenheid is vir ons ononderhandelbaar. (…) LAPA voorsien ook in die leesbehoeftes van Afrikaanssprekende volwassenes: Fiksie wat die hele spektrum – van ontspanning tot letterkunde – dek…” LAPA sou geklassifiseer kan word as ’n algemene uitgewery wat onder andere goeie gewilde prosa uitgee en nie as ’n instansie met dieselfde literêre prestige as byvoorbeeld Tafelberg Uitgewers nie. LAPA se gerigtheid op ’n breër lesersmark se leesbehoeftes kan die verwagting skep dat Phillips se boek groter ekonomiese sukses sou behaal. Of dit werklik die geval was, is te betwyfel.

In 2013 is Phillips se *Die hart van ’n ma* by Human & Rousseau uitgegee. Human & Rousseau is ’n gevestigde literêre uitgewery met bepaalde prestige. Die feit dat Phillips se jongste roman by Human & Rousseau gepubliseer is, skep die moontlikheid dat Phillips met bepaalde literêre prestige beklee word. Benewens die feit dat Human & Rousseau vir die materiële produksie van Phillips se teks verantwoordelik was, dra hulle ook tot die simboliese produksie van die boek by deur *Die hart van ’n ma* op die agterplatteks soos volg by lesers “aan te beveel”: “’n Ontroerende roman oor die mens se uitgelewerdheid aan magte buite homself, en sy stryd om geregtigheid.” Twee voormalige uitgewers, naamlik Leon Rousseau (Human & Rousseau) en Annari van der Merwe (Kwela Uitgewers) laat hulle op die agterplatteks soos volg oor hierdie boek uit: “’n Ontstellende en eerlike beeld van ’n gemeenskap wat deur tik geteister word.” (Leon Rousseau); “’n Outentieke en begripskeppende uitbeelding…” (Annari van der Merwe)

Op die agterplatteks word vermeld dat Phillips in 2008 met die Patrick Petersen-gedenkprys bekroon is; dat hy “’n stem vir die stemloses” genoem word. Daardeur word geïmpliseer dat Phillips met prestige beklee is. Hierdie formulering kan as versterking van Phillips se simboliese kapitaal gesien word. Dit kan binne Schmidt se operasionele sisteemteorie ook as literêre bemiddeling beskou word.

Produkinligting op die agterplatteks van Phillips kan, benewens die stuur van leesvoorkeure, ook in terme van Schmidt se siening van die bemiddelende rol wat agente ten opsigte van reklame speel, gesien word.

Phillips het deur die publikasie van sy materiële produkte by literêre uitgewerye die titel van “outeur”, ’n geïnstitusionaliseerde vorm van kulturele kapitaal, verwerf.

© University of Pretoria

3.1.2 Literêre kritici

Literêre kritici wat reeds posisies in die literêre veld ingeneem het en institusioneel met bepaalde mag beklee is, het Phillips op verskillende wyse in die literêre veld geposisioneer.

3.1.2.1 *Die verdwaalde land* (1992)

- **André P. Brink**

Phillips, wat vóór 1992 nie in die Afrikaanse literêre veld geposisioneer was nie, word in 1992

'n Agent in die veld toe hy sy handgeskrewe manuskrip aan André P. Brink stuur en Brink dit aan Hettie Scholtz besorg. Scholtz gee hierná Phillips se debuut, *Die verdwaalde land,* voorsien van 'n voorwoord deur Brink, uit. As akademikus, outeur wat internasionale sukses behaal het en literêre kritikus was André P. Brink in 1992 reeds 'n geruime tyd in die Afrikaanse kulturele en literêre veld geposisioneer en in die posisie om as Phillips se tussenganger en pleitbesorger op te tree.

Brink het teen 1992 ook die "status" van openlike kritikus van die apartheidsbestel gehad. Hy het 'n groot rol gespeel in die toekenning van simboliese kapitaal aan Phillips se debuut.

Omdat Abraham Phillips, sy gebrekkige skoolopleiding ten spyt, 'n ywerige koerantleser was, was hy waarskynlik bewus van Brink se "status" en het daarom sy manuskrip aan Brink gestuur. In sekere sin het Brink hom met die materiële produksie van Phillips se debuut – gewoonlik 'n uitgewer se taak – bemoei. Hy het die manuskrip gelees, volgens hom slegs die spelfoute reggemaak en die manuskrip aan Queillerie Uitgewers besorg. Op die uitgewer se versoek skryf hy 'n voorwoord vir die debuut. Die voorwoord is waarskynlik geskryf met die intensie om lesers se voorkeure te stuur of te rig. Deur die voorwoord dra Brink ook by tot die simboliese produksie (beeldvorming) van die debuut.

Uit dele van die "gesprek" tussen Skrywer en sy Binneprater blyk Brink se bemoeienis met die simboliese produksie van Phillips se debuut.

In die "gesprek" suggereer "Libertyn" (1992:35) op siniese en satiriese wyse dat Skrywer se bemiddeling deur die skryf van 'n "Inleiding" tot *Die verdwaalde land* moontlik die intensie

© University of Pretoria

gehad het om lesers se ingesteldheid ten opsigte van 'n manuskrip van "een van die baie Sjamaans in Suid-Afrika" in "hierdie prekêre oorgangstyd" te "beïnvloed".

In die loop van die gesprek tussen Skrywer en Binneprater word geïmpliseer dat Skrywer hierdie "outentieke", "onthullende", "eerlike" en "ontroerende" dokument literêr sou kon verwerk het. Op die vraag van Skrywer "Maar wat is my rol in die gebeure?" suggereer Binneprater moontlike wyses van literêre bemiddeling wat Skrywer sou kon probeer het. Deur middel van vrae kom Binneprater uit by wat Skrywer se oogmerk met Phillips se manuskrip was. Skrywer "erken" hy is versoek om te help dat die boek in boekvorm verskyn. Op Binneprater se vraag "Nou maar waarop wag jy?" antwoord Skrywer:

> Ek het net gewonder ... dink jy nie ek moet maar self ook iets bysê nie, jy weet ... kan 'n mens die arme man so sonder leidsman, so sonder bemiddeling die wêreld instuur? Immers: hy het na my toe gekom. Wat van darem net 'n inleiding? Ek het al klaar 'n mooi eerste sin: 'Die posstempel op die bruinpapierpakkie was Worcester.

Dan vervolg Skrywer:

> En verder, ons lesers (…) sal hulle weet hoe betekenisvol hierdie eenvoudige vertelling juis nóú is? Ek sou hulle ingesteldheid 'n bietjie kon beïnvloed met iets soos: "Die geskiedenis van die Mejavi-gesin spreek tot die gewete van iedereen wat nog probeer sê het: ons het nie geweet nie; ons was nie aandadig nie."

Nadat die "man van Worcester" se identiteit as Abraham Phillips bevestig is, word die "gesprek" voortgesit.

Binneprater konstateer vraenderwys: "Sal Phillips se stem dan nog gehoor word as jy al hierdie sitate (…) teen sy boek ingooi? Ek dog hy wou net hê jy moet die spelfoute regmaak."

Hierop antwoord Skrywer:

> Dit het ek al klaar gedoen, behalwe 'n paar fraaies wat iets van sy wêreld en sy belewenis weergee. Al hierdie kleinlike besware van jou – ek as skrywer en mens het 'n verantwoordelikheid: teenoor daardie man, teenoor myself, teenoor die lesers en die literatuur en die samelewing in hierdie prekêre oorgangstyd…

Dan maak Binneprater (die) Skrywer se identiteit "bekend" as hy sê: "Wag nou, André."

In reaksie op Brink se bemoeienis met Phillips se debuut, meen Marion Hattingh (1997:96), Brink was as "bekende letterkundige en skrywer" juis "in die posisie" om Phillips se "familiekroniek" tot "letterkunde te verklaar" deur 'n voorwoord vir *Die verdwaalde land* te skryf "waarin hy die verhaal as betekenisvolle bydrae tot reeds bestaande literatuur oor

© University of Pretoria

politieke slagoffers definieer". Sy is van mening dat hoewel Brink hom in die voorwoord aan die kant van "tradisioneel benadeeldes" skaar, hy "deur die wyse waarop hy dit doen" "onvermydelik" "sy eie posisie as bevoorregte openbaar, (…) deur middel van wie onderdruktes (die gemarginaliseerde ander) toegang tot 'n elitistiese instelling soos die letterkunde verkry (Hattingh 1997:96). Daardeur verraai Hattingh haar eie posisie: Sy vind Brink se bewuste bemiddeling "verdag" en stel haar waarskynlik teenoor Brink se "bevoorregte" posisie op.

- **Konsensus: Ander literêre kritici**

Ander agente wat in 1992 reeds in die Afrikaanse literêre veld as literêre kritici geposisioneer en institusioneel daartoe gemagtig was om literêre meriete aan Phillips se debuut te verleen, was Joan Hambidge, Elize Botha, Luc Renders, J.H. Senekal, George Weideman en Hilda Grobler. Binne Bourdieu se raamwerk kan hulle beskou word as besitters van simboliese kapitaal vanweë hul tersiêre geskooldheid en geïnstitusionaliseerde "titels" soos doktor, professor en resensent. Literêre kritiek, as instansie wat op grond van sy spesialisering en gesag in die evaluering en klassifisering van literêre werke, het 'n groot invloed op die mate van prestige waarmee outeurs geassosieer word. 'n Literêre kritikus se gesag hou gewoonlik ook verband met die goedkeuring van ander literêre kritici wat in die veld werksaam is.

Literêre kritici sien meestal toe, soos Van Rees (1983:397- 417) aangetoon het, dat hulle oortuiginge oor die waarde van 'n literêre werk ooreenstem. Oor Phillips se teks, *Die verdwaalde land* (1992) se meriete het 'n aantal gevestigde literêre kritici saamgestem. Marion Hattingh (1997:96-97) meen André P. Brink, se "positiewe" voorwoord tot Phillips se debuut het waarskynlik baie tot die positiewe ontvangs van "die meeste resensente", onder andere Joan Hambidge, J.H. Senekal en Hilda Grobler bygedra. Volgens Hattingh (1997:97) het "feitlik al die kritici" saamgestem oor Phillips se "besondere bydrae", "omdat hy 'n gemeenskap verteenwoordig wat nog selde self in die Afrikaanse prosa aan die woord gekom het". Die "perspektief en literêre verwoording deur iemand wat self die gevolge van apartheid ervaar het" is as "nuut en verrassend" ervaar.

Twee aanduidings van literêre kritici se konsensus oor die belang van Phillips se debuut, is eerstens dat die meeste literêre kritici *Die verdwaalde land* as 'n belangrike sosio-politieke dokument eerder as "literatuur" geklassifiseer het. Hilda Grobler (1992:2) beskou *Die verdwaalde land* as "een van die belangrikste sosio-politieke dokumente wat [in] dié dekade

© University of Pretoria

gepubliseer" is. Joan Hambidge (1992:6) sowel as Renders en ander kritici sien Phillips se debuut eweneens as 'n belangrike "sosiale dokument".

Tweedens was die meeste kritici dit eens dat die versoenende boodskap van *Die verdwaalde land* deur 'n afwesigheid van wrokkigheid gekenmerk is. Etlike kritici, soos Elize Botha, André P. Brink, J.H. Senekal, George Weideman en Joan Hambidge maak gewag van die feit dat Phillips se debuut deur 'n opvallende afwesigheid van wrokkigheid en 'n versoenende boodskap van vergifnis gekenmerk word. Eep Francken (2009:182) huldig min of meer dieselfde mening hieroor wanneer hy die volgende opmerk:

> In de eerste plaats neemt iemand uit een voorheen onderliggende bevolkingsgroep hier zelf het woord. Maar nog opvallender is dat Phillips weliswaar een wantoestand aan de kaak stelt, maar dat hij dat doet in een sfeer van verzoening. De tot nu toe gediscrimineerden moeten ondanks alles gaan samenwerken met de oude machthebbers, zegt hij.
>
> Zijn ware verhaal geeft hem – direct slachtoffer van apartheid immers – recht van spreken. Hij gebruikt dat recht voor een oproep tot vergiffenis. In *De verdwaalde land* neemt Phillips het ook op voor het Afrikaans: de taal mag niet met de apartheid vereenzelvigd worden, al was het maar omdat het ook de taal is van bijna de hele, zwaar gediscrimineerde bruine gemeenschap.

Teenstemme: Ander literêre kritici

Marion Hattingh neem 'n kritiese standpunt in ten opsigte "die meeste" literêre kritici se konsensus oor Phillips se debuut. Hattingh (1997:99) toon aan dat "verreweg die meeste resensente" wat *Die verdwaalde land* geresenseer het, slegs op bondige wyse na styl (tekstualiteit) in die teks verwys. Vir haar impliseer dit 'n "simplistiese, mimetiese leeswyse" asof die teks "alleenlik 'n venster bied op die lewe van iemand uit 'n gemarginaliseerde gemeenskap". Hattingh (1997:99-100) vermeld die "feitlik woordelikse oorname" van Brink se verwysings na Phillips se "direktheid" van styl deur kritici soos onder andere Weideman en Senekal. Sy impliseer hiermee dat die meeste kritici se positiewe beoordeling van Phillips se debuut 'n klakkelose navolging van Brink se voorwoord was.

Volgens Hattingh (1997:101-102) het die meeste literêre kritici se vermelding van Phillips se "biografiese" besonderhede in hul resensies, met patroniserende "oorwelwillendheid" teenoor 'n "skrywer uit 'n benadeelde gemeenskap" gepaard gegaan.

Sy meen Phillips se debuut is volgens "ooglopende politieke verklarings en literêr-historiese gronde" (die konteks waarbinne die teks verskyn het) beoordeel en nie vanuit 'n teksgerigte literatuuropvatting soos wat die heersende norm onder wit kritici op daardie stadium was nie.

© University of Pretoria

Hattingh (1997:102) beweer: “Sekere kritici het die randposisie waaruit Phillips skryf as ’n magtige posisie beskou wat selfs tot ’n herdefinisie van die Afrikaanse letterkunde kon lei.” Hattingh verwys met “sekere kritici” waarskynlik na Senekal (1992:10) wat in sy resensie beweer het dat die verskyning van hierdie debuut die “hoë, ernstige literatuur in Afrikaans tot in sy fondamente” geskud het en ’n “nuwe dimensie aan die literatuur gee, omdat dit die Afrikaner en sy geskiedenis uit die perspektief van die magtelose en ‘ondergeskikte’ aanbied”.

Ook Ena Jansen trek die “groot lof” waarmee “talle kritici” Phillips se debuut besing het, in twyfel. Sy meen “talle kritici” het agter bepaalde woorde soos “eerlikheid”, “Phillips skryf sy storie met menslikheid en ontroering” “weggekruip” (Jansen 1993:83). Sy beskou dit as ’n onreg teenoor Phillips “deur hom as ’n soort wonder-grootmens te behandel en hom met sy trompie in ’n konsertsaal te laat sit”.

3.1.2.2 *Erfenis van die noodlot* en *Die Messiasbende*

Konsensus: literêre kritici

Hattingh (1997:102) toon die feitlik deurgaans negatiewe beoordeling van Phillips se tweede roman, *Erfenis van die noodlot,* aan.

Volgens haar skryf literêre kritici “nie meer” oor “Abraham Phillips se moeilike lewensomstandighede of die dokumentêre aard van sy werk” nie. Phillips word “meteens” op “gelyke voet met wit Afrikaanse skrywers gelees”.

Dit wil dus vir haar lyk of ’n meer teksgerigte literatuuropvatting waar interne eienskappe van die teks (“styl”, “taalgebruik” en veral styl- en “taalfoute”) voorop geplaas word deur die meeste gevestigde resensente gevolg is.

Veral Gouws (1994:3) en Van Coller (1993:6) het Phillips se *Erfenis van die noodlot* in besonder negatiewe terme beoordeel. Van Coller (1993:6) noem hierdie verhaal ’n “relaas” “deurspek” met “clichés, mooiskrywery, taalfoute en ’n uiters geforseerde oorlading van die titel.” Dit wil voorkom of Gouws en Van Coller hierdie werk vanuit ‘n teksgerigte literatuuropvatting met klem op die “estetiese” aspekte van die teks beoordeel het. Volgens Hattingh (1997:100) toon Van Coller, ten opsigte van *Erfenis van die noodlot,* ’n

© University of Pretoria

“geneigdheid” om Phillips se styl in “oorvereenvoudigende terme” te beskryf. Nóg Van Coller nóg Gouws het na Hattingh (1997:100) se mening Phillips se “verouderde” taalvorme en sy “outydse” vertelstyl as ’n “aanklag teen apartheid” gelees. Hattingh se interpretasie van die funksie van Phillips se outydse vertelstyl as ’n aanklag teen apartheid sou kon dui op ’n ideologiese leeswyse van die teks.

Oor *Die Messiasbende* konstateer Herman Wasserman (1997:9) dat die verhaal na “melodrama en tranetrekkery” neig en dat daar plek-plek ’n “oordrewe sentimentaliteit” in die verhaal te bespeur is wat die wel en wee van die haweloos “soetlik” maak en lesersindentifikasie teenwerk. Dit lyk of Wasserman hierdie werk vanuit ’n teksgerigte eerder as ’n konteksgerigte literatuuropvatting beoordeel.

Jansen (1997:8) beweer sy het in 1993 al “gewaarsku” dat die lof vir *Die verdwaalde land* en *Erfenis van die noodlot* oordrewe was, en komende van die “sentrum” (establishment), “dalk selfs ’n simplistiese vergoeiliking van ’n ‘marginale stem’ was, moontlik te wyte aan ‘whiteys’ se skuldige gewete.”

Jansen (1997:8) gee te kenne dat sy deur hierdie waarskuwing nie Phillips “as bruinman en onervare skrywer” “buite spel” wou plaas nie, maar bloot wou aantoon “dat meer as ’n anekdotiese naïewe weergawe van ’n onderdrukte groep mense se komplekse lewens nodig is om sosio-politieke en/of literêre grense te versit”.

Jansen se mening verskil derhalwe spesifiek van die reeds genoemde bewering van Senekal, naamlik dat die “eerstehandse persoonlike geskiedenis van ’n gekleurde” in *Die verdwaalde land* ’n “geweldige impak op Afrikaans” gaan hê en “die hele Afrikaanse literêre wêreld” tot in “sy fondamente gaan skud”.

Jansen (1997:8) skaar haar by Hattingh se siening dat Phillips se boeke “… vrae oor die swart skrywer en die literêre produksieproses in Suid-Afrika aan die orde stel en ’n kritiese besinning oor leserstrategieë vra”.

Volgens Jansen (1997:8) het die gunstige sowel as ongunstige resensies van Phillips se debuut en *Erfenis van die noodlot* aangetoon dat Phillips se boeke “sekerlik” “geakkommodeer” word. Hiermee bedoel sy waarskynlik dat literêre kritici Phillips ter wille was en dat op bewuste wyse ’n ruimte in die Afrikaanse literêre veld vir hom geskep is.

© University of Pretoria

Teenstemme: Hans du Plessis, Lucas Malan, Coenie Slabber

In teenstelling met Van Coller (1993:6) en Gouws (1994:3) se fokus op stylfoute in *Erfenis van die noodlot,* beklemtoon Hans du Plessis (1994:12) die "opvallende andersheid" wat uitgebeeld word juis in die omgewing waaroor Phillips skryf. Du Plessis stel hom hiermee in 'n kontesterende posisie teenoor Van Coller en Gouws op. Hy konsentreer nie op die teks se stilistiese "tekortkominge" nie en beoordeel genoemde teks van Phillips nie in oorwegend negatiewe terme nie. Hy erken hierdie omgewing is "… weens die politiek van die jare vyftig" vir hom as "wit leser so vreemd", selfs al is hy ook "deel van Saartjie se taalgemeenskap". Du Plessis se fokus op die omgewing en gemeenskap kan 'n aanduiding wees dat hy die teks vanuit 'n konteksgerigte literatuuropvatting beoordeel. Eep Francken (2009:182), lektor aan die Universiteit van Leiden, se reaksie op Du Plessis se stelling dat Phillips se prosa "beduidend deel (word) van die oopmaak wat vir 'n nuwe gemeenskap in wording"en "noodsaaklik is", is die volgende:

> Dat hij (Phillips) (…) ook voor Zuid-Afrikaanse lezers werkelijk nieuws bracht, spreekt uit de recensie die Hans du Plessis (1994:12) aan *Erfenis van die noodlot* wijdde. Deze (blanke) criticus getuigt dat hij de tweede Afrikaanstalige gemeenschap, die van de *bruinmense,* gedurende de apartheidstijd in feite nooit gekend had, dat hij bijvoorbeeld nooit werkelijk beseft had dat er in Zuid-Afrika ook mensen waren die juichten bij *verlies* van die (rugby-) springbokken.

Op Du Plessis (1994:12) se stelling dat die roman 'n leefwêreld oopmaak wat altyd daar was, "maar wat almal van ons nie kon sien nie, of wou sien nie, of nie toegelaat is om te sien nie." reageer Francken (2009:182) soos volg: Indien mens Phillips se verhale soos Du Plessis lees, het die verhaal "een brede maatschappelijke functie". Du Plessis beoordeel die teks waarskynlik vanuit 'n minder teksgerigte literatuurbenadering as Van Coller en Gouws, moontlik juis om erkenning te gee aan die kultuur-historiese bydrae van die teks tot die Afrikaanse literatuurskat. Du Plessis volg ook 'n ander leesstrategie as wat by Hattingh se ideologiese lesing geïmpliseer word, naamlik dat Phillips se oudmodiese taalgebruik en direkte vertelwyse as 'n aanklag teen apartheid gelees moet word.

Ook Lucas Malan (1994:20) beoordeel *Erfenis van die noodlot* op positiewe wyse. Hy beskou die teks as 'n eerlike en pretensielose verhaal oor "gebeure wat die lewens van mense in 'n armoedige gemeenskap op 'n klein dorpie bepaal en verander het". Hy tipeer die verhaal as 'n tydsdokument oor die mense in die vyftigerjare wat 'n "boomskraap" lewe gelei het. Veral die half vergete taalvorme wat eie aan daardie sprekers was, vind hy besonder treffend. Malan se interpretasie van die verhaal as 'n tydsdokument waarin die effek van die

© University of Pretoria

taalgebruik besonder treffend is, is 'n historiese lesing wat blyke van 'n konteksgerigte literatuuropvatting (verhouding: teks – werklikheid) gee. Hy sien, anders as Hattingh, Phillips se oudmodiese taalaanbod nie as 'n aanklag teen apartheid nie. Hattingh se lesing gee blyke van 'n pragmatiese literatuuropvatting waar die effek wat die teks op die leser/gehoor het of behoort te hê, voorop staan.

Op *Die Messiasbende* reageer Coenie Slabber (1997:17) soos volg: "Hierdie derde vertelling herbeklemtoon sy kuns om met deernis die siel van die geteisterde en versukkelde mens in woorde te stel." Hy kom tot die volgende slotsom: "Hierdie derde klein novelle van hom, is 'n verdere verryking vir die Afrikaanse literatuur. Oor die tema en inhoud, as storievertelling, en veral oor die nugter, gestroopte taal en styl." Slabber neem die taalgebruik van die teks, sowel as die teks se gesprek met die werklikheid (konteks) in ag. Dit kan 'n aanduiding wees van 'n relasionele literatuuropvatting waarvolgens die kommunikasie tussen teks, leser en konteks in berekening gebring word. Sy siening dat hierdie novelle die Afrikaanse literatuur "verder" verryk, word as 'n kanoniserende uitspraak gelees.

3.1.2.3 *Die Evangelis van Kaggelsberg* (2009)

- **André P. Brink**

Toe Phillips se *Die evangelis van Kaggelsberg* in 2009 by LAPA verskyn het, was Brink steeds in die Afrikaanse kulturele (en literêre) veld geposisioneer en steeds beklee met die "status" van internasionale skrywer en (afgetrede) akademikus. Hy het in 2009 waarskynlik minder prestige en invloed in die Afrikaanse kulturele en literêre veld as in 1992 gehad as gevolg van verminderde literêre aktiwiteite, hoewel dit moeilik sou wees om so 'n stelling empiries te bewys.

Die literêre veld, as onderdeel van die sosiale veld, is histories bepaald. Literêre praktyke kan gevolglik deur veranderende historiese gebeurtenisse beïnvloed word. In 1992 was Brink hier te lande en oorsee bekend as 'n anti-apartheidsaktivis, deel van die struggle. In 2009 was die apartheidstruggle lank verby en kon Brink waarskynlik nie, soos in 1992, om politieke redes as bemiddelaar en tussenganger vir Phillips optree nie. In 'n berig oor Phillips se *Die evangelis van Kaggelsberg* herinner Brink (2009:40) sy lesers aan die waardering wat Phillips se debuut, *Die verdwaalde land*, **destyds** (in 1992) by Elize Botha, "…daardie formidabele en gedeë leser, liefhebber en kritikus" ontlok het. In sekere sin beroep hy hom dus op vroeëre positiewe kritiek wat Phillips se debuut ontlok het. Brink (2009:40) se

© University of Pretoria

bewering dat *Die evangelis van Kaggelsberg* "heel waarskynlik *mettertyd* (my kursivering) geëien (sal) word as die indrukwekkendste (…) werk van Phillips wat tot nog toe gepubliseer is", word gelees as die uitspreek van 'n hoopvolle verwagting dat die boek in die toekoms erkenning sal ontvang. Brink (2009:40) verwys na die werk as 'n verhaal oor 'n "hele gemeenskap van 'agtergeblewe' mense" en meen die verhaal se "… verstommende klimaks" bewys "meer as ooit tevore" watter "meesterlike storieverteller" Phillips is.

Brink se bewuste bemiddelende rol ten opsigte van *Die evangelis van Kaggelsberg* het klaarblyklik, anders as by sy debuut, weinig uitwerking op die resepsie van die teks gehad. Brink beveel *Die evangelis van Kaggelsberg* by lesers aan en ken simboliese kapitaal (prestige) aan Phillips toe deur hom 'n "meesterlike storieverteller" te noem en die teks as "die indrukwekkendste (…) werk wat Phillips tot nog toe gepubliseer het", te beskryf. Die teks, wat nie herdruk of vertaal is nie, kon egter nie dieselfde ekonomiese sukses as *Die verdwaalde land* in die heteronome literêre veld behaal nie. Die navorser lei af dat Brink in 2009 nie meer dieselfde posisie van mag in die literêre veld het om 'n teks tot letterkunde te "verklaar" soos wat hy in 1992 gedoen het nie.

- **Konsensus**

Die Evangelis van Kaggelsberg is deur gerekende literêre kritici soos Steward van Wyk en Eep Francken en resensente soos Theo Kemp, Stoffel Cilliers en Willem de Vries geresenseer. Hierdie kritici het nie in 1992 en kort daarná Phillips se vorige drie werke geresenseer nie. Van Wyk (2009:11), as professor en akademikus verbonde aan die Universiteit van Wes-Kaapland, asook Eep Francken, is beklee met simboliese mag én is in die literêre veld as akademici en kritici geposisioneer.

Van Wyk, Kemp, Cilliers en Francken het hierdie teks hoofsaaklik vanuit 'n teksgerigte literatuurbenadering beoordeel, met spesifieke verwysing na stylkenmerke in die teks, soos karakterisering, "outentieke" taalgebruik, vloeiende verhaalverloop en verrassende slot.

Francken (2009:182) meen 'n opvallende trek in die verhaal " – en van een duidelijke, zelfs spannende verhaallijn kan men zeker spreken – is echter dat het ditmaal juist de gangsters zelf zijn die vermoordt worden, een voor een, naar het lijkt systematisch."

Van Wyk, Kemp, Cilliers sowel as Willem de Vries en Francken het aan kontekstuele aspekte van die teks ook besondere aandag gegee. Vir Van Wyk (2009:11) weerspieël die

© University of Pretoria

boek op ontstellende wyse die haglike sosiaal-ekonomiese toestande soos werkloosheid en armoede onder die bruin gemeenskappe.

Francken (2009:182) konstateer die volgende:

> In deze kleine roman (…) maken de lezers kennis met een wijk vol ongure flatgebouwen waar de mensen geterroriseerd worden door gangsters en gebukt gaan onder geweld.

Sowel Van Wyk (2009:11) as Kemp (2009: *LitNet*) meen dat Phillips se *Die evangelis van Kaggelsberg* aan die belofte van sy debuut beantwoord.

Kemp (2009) spreek in sy resensie die hoop uit dat meer toekennings soos die Patrick Petersen-prys in 2008 Phillips sal erken as ’n stem wat sal aanhou om ongeregtigheid aan die kaak te stel.

In sy resensie van *Die evangelis van Kaggelsberg* meld De Vries (2009:6) dat Ampie Coetzee, emeritus-professor van die Universiteit van Wes-Kaapland, al in ’n brieweblad in die *Burger* daarop gewys het dat wanneer Phillips skryf, mense juis daaraan aandag moet skenk. Volgens De Vries (2009:6) dra Phillips grondige kennis van die bendes en bendegeweld waaroor hy in hierdie verhaal skryf. De Vries (2009:6) kom tot die slotsom dat Phillips ’n “seldsame talent” het wat die “gemeenskappe van die Kaggelsberge oor die hele land heen ’n stem gee”.

Die Evangelis van Kaggelsberg was, ten spyte van die ooreenstemmende sienings van literêre kritici soos Van Wyk, Kemp, Cilliers en De Vries oor die roman se literêre meriete, nie, soos *Die verdwaalde land,* in die heteronome veld ’n topverkoper nie. Die teks is nie herdruk of vertaal nie. In die outonome veld het Phillips egter wel vir *Die evangelis van Kaggelsberg* literêre “meriete” of simboliese kapitaal verwerf. Phillips se debuut, *Die verdwaalde land,* hierteenoor, het in die outonome veld literêre meriete verwerf, asook in die heteronome veld ekonomiese sukses, as ’n topverkoper wat herdruk en ook vertaal is, behaal.

3.1.2.4 *Die hart van ’n ma* (2013)

Phillips se jongste teks, *Die hart van ’n ma,* is deur ander literêre kritici geresenseer as wat by *Die evangelis van Kaggelsberg* die geval was. Die akademikus, Willie Burger, besit simboliese kapitaal vanweë sy posisionering in die Afrikaanse literêre veld en is institusioneel

© University of Pretoria

daartoe gemagtig om aan Phillips vir *Die hart van 'n ma* simboliese kapitaal toe te ken. In sy resensie posisioneer hy die teks binne Phillips se hele oeuvre (Burger 2013:52). Oor Phillips as mens en outeur sê hy die volgende:

> Reeds met sy debuutwerk, *Die verdwaalde land* (1992) het Phillips daarin geslaag om 'n blik te gee op die ervarings van die armste deel van die bevolking. Anders as so baie ander skrywers wat ook verhale uit townships vertel waar werkloosheid, bendegeweld, misdaad en dwelmmisbruik hoogty vier, skryf Phillips vanuit hierdie wêreld en nie vanuit 'n bevoorregte middelklasposisie daarbuite nie.

Wanneer Burger konstateer dat Phillips "tog" op geslaagde wyse 'n blik gee "op die ervarings van die armste deel van die bevolking" vanuit die wêreld van 'n "minderbevoorregte", wil dit voorkom of Siegfried Schmidt se handelingsrol van literêre bemiddeling hier werksaam is.

Burger (2013:52) stel die volgende:

> Ná die sukses van die outobiografiese *Die verdwaalde land* het Phillips in *Erfenis van die noodlot* (1993), *Die Messiasbende* (1997) en in *Die evangelis van Kaggelsberg* (2007) oor ervarings van mense in die armste gemeenskappe vertel. Die rou eerlikheid, sonder die gebruik van gesofistikeerde verteltegnieke, veelduidigheid en 'n versigtige ontginning van die taal, lei daartoe dat die verhale die leser deur hul outensiteit ontroer.

Deur die uitspraak dat Phillips sy verhaal met "rou eerlikheid" vertel, eggo Burger literêre kritici se vroeëre menings oor die aard van Phillips se werk, naamlik dat die rou eerlikheid van sy werk outentiek is en lesers ontroer.

Burger (2013:52) beweer dat "gesofistikeerde" lesers Phillips se vertellings "soms moraliserend en sentimenteel (sal) vind". Hy meen egter dat Phillips met hierdie roman "beslis 'n eerlike en onthutsende blik op sosiale probleme en die skrikwekkende gevolge van sosiale ongeregtigheid en uitsiglose armoede" gee. Dit lyk of Burger se fokus op die maatskaplike toestande waarop Phillips op ekspressiewe wyse 'n "eerlike en onthutsende blik gee" op onder andere 'n konteksgerigte literatuuropvatting (verhouding teks-werklikheid) berus.

In sy bespreking van *Die hart van 'n ma* maak Burger (2013:52) die volgende stelling:

> Skrywers soos Phillips, A.H.M. Scholtz (*Vatmaar* en *Afdraai*) en Joseph Marble (*Ek, Joseph Marble)* staan nie werklik in die literêre tradisie nie, maar hulle ervaar die drang om die stories van hul eie lewens of van hul gemeenskappe te vertel.

© University of Pretoria

Burger gee dus te kenne dat Phillips buite die gevestigde Afrikaanse literêre tradisie staan. Dit kan daarop dui dat hy die twee werke van Phillips wat hier genoem word, naamlik *Die verdwaalde land* en *Hart van 'n ma,* in 'n sekere opsig buite die Afrikaanse literêre kanon sou posisioneer. In 'n ander opsig kan dit egter ook beteken dat hierdie twee werke as vernuwend ten opsigte van die tradisionele Afrikaanse literêre kanon ervaar (kan) word.

Burger ken deur hierdie uitsprake aan Phillips wel simboliese kapitaal toe deurdat hy dit duidelik stel dat Phillips, ten spyte van 'n gebrekkige skoolopleiding, "tog" daarin kon slaag om aan sy lesers 'n blik op sy leefwêreld te bied.

Volgens Burger (2013:52) kon genoemde teks redaksioneel beter versorg gewees het. Op implisiete wyse opper hy in sy resensie kritiek teen uitgewers wat publikasiegeleenthede skep vir "skrywers wat uit gemeenskappe kom waar geletterdheid nie baie hoog is nie en waar 'n leeskultuur ontbreek", wat al "teen dié tyd" (Phillips se vyfde roman, meer as 20 jaar ná sy debuutwerk) 'n bietjie meer "leiding en hulp aan die skrywer" kon gegee het. Daar word afgelei dat Burger van mening is dat Phillips se boek méér trefkrag sou gehad het indien hy meer "leiding en hulp" met die produksie van die boek gehad het.

Riëtte Rust (2013:LitNet), as outeur waarskynlik met minder simboliese kapitaal as Burger beklee, konstateer dat Phillips *se Die hart van 'n ma* om die mens se uitlewering aan magte buite homself en sy stryd om geregtigheid gaan. Sy beskou die roman as 'n "hartverskeurende verhaal waarin die ma-figuur sentraal staan". Sy meld dat hierdie boeiende verhaal met "groot deernis" en "grondige kennis" van die tikprobleem in veral bruin plattelandse gemeenskappe vertel. Ook die boodskap van die boek spreek vir haar duidelik, naamlik dat daar hopeloos te min gedoen word om tikverspreiding en -verslawing hok te slaan.

Hoewel sy van mening is dat Phillips se skryfwerk met *Die hart van 'n ma* "ryp geword" het, meen sy tog dat die verhaal, soms "te veel vertél", eerder as om die leser te laat beléef; dat daar steeds by tye te veel op clichés staat gemaak word en dat die dialoog by geleentheid boodskappe aan die leser oordra, in plaas daarvan dat lesers dit behoort af te lei. Die pluspunt van die verhaal is die volronde karaktertekening van byvoorbeeld Maria Stokkies, die magtige, ryk Dolf Pistoors en die grillerige Die Priester en Pappielon. Sy meld dat Kaptein Wielieboy Mathabola ook volrond geteken word en as teenpool teenoor die gangsters dien. Soos Burger, maak ook Rust (2013:*LitNet*) gewag van die outentiekheid van die verhaal.

© University of Pretoria

Rust (2013:*LitNet*) het die verhaalslot “verrassend” gevind, die dialoog en taalgebruik van die roman vlot en die name van sommige gangsters, soos “Muisvoël en Popeye” “gepas en komies”. Ook die vraag oor hoekom iemand ’n gangster word, word vir haar in die verhaal wél beantwoord: Dit is “oor jy ‘gerespek word’. Jy’t ’n naam, almal wéét van jou.”

3.1.3 Die rol van ander literêre instansies

Literêre instansies (by Even-Zohar bekend as die *establishment*) wat institusioneel daartoe gemagtig is om simboliese kapitaal aan ’n outeur se werk toe te ken, is instansies gemoeid met vertaling, openbare radioprogramme, besprekings in leeskringe, prystoekenning, historiografiese optekening en literêre geskiedskrywing en voorskryfkomitees.

3.1.3.1 Vertalers

Aangesien Phillips se debuut in Engels en Nederlands vertaal is, word aangeneem dat hy internasionale erkenning geniet het. Deur die vertaling van sy debuut het hy in die heteronome veld ekonomiese sukses verwerf, maar ook simboliese kapitaal in die outonome veld, omdat aangeneem kan word dat hy hierdeur ook erkenning buite die grense van Suid-Afrika geniet het.

3.1.3.2 Uitsaaiers

Deur die voorlesing van sy teks, *Die evangelis van Kaggelsberg*, op ’n Afrikaanse radiostasie, RSG, het Phillips ’n mate van simboliese kapitaal verwerf. *Die evangelis van Kaggelsberg* is ook in enkele leeskringe bespreek.

3.1.3.3 Literêre prystoekenners

Aan Phillips is in 2008 ’n literêre prys, die Patrick Petersen Gedenkprys, vir sy hele oeuvre toegeken. Die Patrick Petersen Gedenkprys is ’n jaarlikse prys van die Afrikaanse Skrywersvereniging wat deur “ander skrywers” aan ’n “verdienstelike skrywer” toegeken word met die doel om te “vereer”. Deur die toekenning van die Patrick Petersen Gedenkprys is skrywers soos Adam Small (2000), Elsa Joubert (2001), A.H.M. Scholtz (2002), Peter Braaf (2003), Marzanne Le Roux van der Boon (2004), Abraham H. de Vries (2005) en Riana Scheepers (2006) deur “ander skrywers” vir hul bydraes vereer. Dit wil voorkom of die prys

© University of Pretoria

nie deurgaans bloot op grond van literêre "meriete" toegeken word nie. Riana Scheepers het byvoorbeeld die prys gekry omdat sy as "bemagtiger per excellence" beskou is.

Die motivering van die Skrywersvereniging met betrekking tot die toekenning van die Patrick Petersen Gedenkprys aan Phillips lui: "Nie net dien hy as rolmodel vir hulle wat uitsigloos is nie, maar hy motiveer juis dat met talent en 'n ysterwil lewensideale verwesenlik kan word" (Breytenbach, J. 2008:14). Hieruit sou 'n mens kon aflei dat die prys aan Phillips toegeken is op grond van sy bydrae tot 'n benadeelde gemeenskap eerder as op grond van sogenaamde "literêre meriete".

3.1.3.4 Historiografiese optekenaars

Waarskynlik geld die vermelding van Phillips se debuut deur 'n outeur soos Elsa Joubert in *Reisiger* (2009:402-403) as 'n historiografiese optekening waardeur hy ook simboliese kapitaal verwerf het. Joubert sê sy het, ná die lees van Phillips se *Die verdwaalde land*, met "ander oë" na Worcester, Phillips se plek van herkoms, gekyk.

3.1.3.5 Literêre geskiedskrywing

Phillips is in resente literatuurgeskiedenisse soos dié van Kannemeyer (2005) en Van Coller (1999 en 2006) vermeld. Henriette Roos (2006:54,69) verwys bondig na die historiese belang van Abraham Phillips se debuut in 1992 en noem dit 'n werk wat "…met **groot opspraak** die nuwe generasie (skrywers van kleur) ingelui het". In sy hersiene literatuurgeskiedenis, *Die Afrikaanse Literatuur 1652-2004* (2005:618), verwys Kannemeyer oorsigtelik na Phillips se debuut wat "besondere aandag" ontvang het.

Die feit dat Kannemeyer beweer dat die Afrikaanse letterkunde met hierdie skrywer 'n Grandma Moses-talent[6] bykry, kan 'n aanduiding wees hy vanuit 'n teksgerigte

[6] Grandma Moses was 'n Amerikaanse dame wat op 'n rype ouderdom begin skilder het en wie se werk gewildheid onder "gewone mense" verwerf het. Haar kunswerke is as "volkskuns" of kuns vir die massas geag. Volkskuns (West, S.(red):1996:440) omvat kuns wat deur plaaswerkers of ambagslui geskep is. In teenstelling tot die "skone" kunste het volkskuns benutbare of dekoratiewe waarde eerder as "estetiese" waarde. Volkskuns word gewoonlik deur 'n naïewe styl gekenmerk en is dikwels outodidaktiese of selfaangeleerde kuns. Deur die term "Grandma Moses" spreek Kannemeyer 'n waarde-oordeel oor Phillips se werk uit.

© University of Pretoria

literatuuropvatting (met die klem op die estetiese aard van tekste) literatuurhistoriografiese optekening doen en Phillips se werk eerder as 'n soort "volkskuns" ag.

In 'n historiese oorsig oor die prosawerke van bruin skrywers sê Renders oor *Die verdwaalde land:* "De kracht van Phillips' getuigenis ligt in de documentaire aard en in de ontwapenende eenvoud ervan." Hierdie konstatering word beskou as die toekenning van simboliese kapitaal aan Phillips.

In Renders (2006:431) se profiel van A.H.M. Scholtz maak hy op terloopse wyse van Phillips se werk en vertelwyse melding. In sy verwysing na Phillips verlaat Renders hom hoofsaaklik op Marion Hattingh se uitsprake.

Daar verskyn geen profiel oor Phillips in *Perspektief en Profiel, Deel 3* nie. Ook verskyn 'n profiel oor Phillips nie in die hersiene uitgawe van *Perspektief en Profiel* nie.

Phillips het deur die oorsigtelike vermeldings in literatuurgeskiedenisse waarskynlik slegs in mindere mate simboliese kapitaal verwerf.

3.1.3.6 Voorskryfkomitees

Geeneen van Phillips se prosawerke is nog by hoërskole voorgeskryf nie, maar sy debuut is wel as 'n onderrigteks in 'n voorgraadse studiegidssiklus by Unisa gebruik (1997-2003).

3.2 Phillips se posisie in die sosiale veld

Phillips neem, soos in die geval van die literêre veld, bepaalde posisies in. Hierdie (soms) opponerende posisies word vervolgens beskryf.

3.2.1 Phillips se persepsie van sy liggaamlike hexis en habitus

Phillips skryf sy vroeëre tekste vanuit 'n bepaalde liggaamlike gebondenheid/hexis, naamlik 'n "benadeelde", blank-gedomineerde toestand met minder simboliese en kulturele kapitaal as byvoorbeeld "bevoorregte" (lees wit) outeurs soos Elsa Joubert en André P. Brink. Hy moes dus vanuit 'n minderbevoorregte posisie "stry" om kulturele en simboliese kapitaal te verkry. "Phillips", so sê Burger (2013:52), "het nie die voorreg van hoë opleiding gesmaak nie. Hy kon nie die township verlaat en gaan studeer, met wêreldletterkunde kennis maak, en dan as

© University of Pretoria

belese en gesofistikeerde skrywer uit eie ervaring oor die township skryf nie (soos Chris van Wyk of Jacob Dlamini)."

By etlike geleenthede verstrek Phillips belangrike inligting omtrent sy **hexis** (beliggaamde ingesteldheid). In 'n gesprek met Antjie Krog (1993:48) verwys Phillips na sy jeugjare van honger en armoede. Hy openbaar teenoor Krog dat dit vir hom "moeilik" is om 'n boek te skryf. Hy woon, sê hy aan Krog, "nou al 18 jaar hier in die flatse op die boonste vloer" in 'n "hokkie" saam met ses ander mense. Hy spreek die wens uit om "hier" (Worcester se "flatse") weg te kom, maar, sê hy, "… dan hou ek my wat ek nie is nie".

Hierdeur gee Phillips te kenne dat hy sy armoedige lewensomstandighede as beperkend ervaar. Hy suggereer dat sy haglike sosiale omstandighede hom in 'n bepaalde (ondergeskikte) posisie in sy sosiale omgewing geplaas het.

Sy begeerte om uit hierdie posisie te ontsnap en om deur ander agente in dieselfde sosiale omgewing as outeur erken te word, sou as strewe na 'n beter posisie en meer mag binne die sosiale veld gesien kan word.

Phillips beskryf ook by meer as een geleentheid sy werkwyse as skrywer (**hexis**). Hy skryf sy verhale "met 'n bolpuntpen in twee klaswerkboeke". In die eerste klaswerkboek skryf hy die voorlopige verhaal; in die tweede skryf hy die geredigeerde verhaal oor. Die skryfproses skyn vir hom 'n moeisame en omslagtige proses te wees wat bepaalde beperkinge aan hom stel wat hy, by implikasie, moet oorkom om as "outeur" te slaag.

Phillips (1997:140) laat blyk in verskeie onderhoude sy gebrekkige skoolopleiding (habitus). Hoewel hy slegs standerd vier geslaag het, het hy daarna gestreef om homself te "verbeter" deur gereeld koerant te lees. As gereelde koerantleser ag hy homself as iemand wat "ingelig" is.

Koerantlees, sê hy in 'n gesprek, het hom "baie gehelp", "…want ek kon toe reeds vroeg die vernietigende minderwaardigheidsgevoel afskud en kwaliteite soos verantwoordelikheid en onafhanklike denke aanleer." Hierdie "onafhanklike denke" was volgens hom 'n groot bydraende faktor tot die skryf van *Die verdwaalde land.* Die feit dat hy gereeld koerant gelees het, en homself as "ingelig" beskou, het vir hom die moontlikheid tot selfverbetering geskep, die moontlikheid om eendag 'n "skrywer" te word. Uit hierdie uitspraak blyk 'n

© University of Pretoria

skynbare teenstrydigheid: Hy het slegs standerd vier geslaag (is dus eintlik halfgeletterd), maar as koerantleser het hy sy "vernietigende minderwaardigheidsgevoel" afgeskud en "verantwoordelike denke en onafhanklikheid" aangeleer. Hy openbaar dus 'n soort trots dat hy ten spyte van sy uitsiglose lewensomstandighede homself "verbeter" het.

Teenoor Murray la Vita (2011:106) noem Phillips die "skryf"-handeling het sy lewe "geweldig verander". Volgens (ander) "mense" het hy, sê hy, "baie eenvoudig en nederig gebly"; na sy eie mening het hy tog "diep binne hom" trots daarop gevoel dat iets belangriks bereik het. Ook hier openbaar Phillips 'n teenstrydigheid in die persepsie wat hy van homself het (hy is trots op sy prestasie) en die persepsie wat hy meen ander agente van hom het: Hy het "eenvoudig en nederig" gebly.

Phillips meen (La Vita, 2011:107) hy sou sy eerste drie werke "baie, baie beter (kon) geskryf het as hy die 'gereedskap' (kulturele vermoëns) gehad het wat 'n gewone skrywer as vanselfsprekend aanvaar". Hierdie stelling van Phillips impliseer dat hy homself nie as 'n "gewone skrywer" sien nie, maar eerder as "benadeelde" skrywer.

3.2.2 Phillips se persepsie van homself as "nie goed genoeg" nie

Op grond van bepaalde uitsprake van Phillips wil dit lyk asof hy deurgaans die persepsie het dat hy nie noemenswaardige simboliese en sosiale kapitaal van sy "eie" mense verwerf (het) nie. Dit betrek een van sy gekonstrueerde sosiale identiteite: hoe hy homself in verhouding tot sy eie mense ervaar. In 'n onderhoud met Antjie Krog (1993:48) stel hy dit dat sy "eie mense" hom as 'n "mislukking of 'n held" beskou. Hy suggereer teenoor Krog dat hy dit as 'n soort "stryd" sien: "Elke dag voel vir my soos 'n geveg. Jy kan nie wen nie." Hy noem teenoor Krog dat, hoewel "gewone" en "dronk" mense hom "op die hande dra" en "gek" is oor hy 'n boek geskryf het, hulle nie sy boek koop nie. Phillips voer die volgende redes hiervoor aan:

> Mense dink ek wil hê hulle moet die boek koop vir eie gewin. Mense sê dis nie ons kultuur om boeke te koop nie. Maar dis nie die punt nie. Die punt is mens koop 'n boek want dis jou gemeenskap daarin, dis jy daarin.

Die implikasie is dat Phillips daarna gestreef het om van sy eie gemeenskap sosiale erkenning (kapitaal) sowel as ekonomiese kapitaal te verkry.

Teenoor Krog (1993:48) gee hy sy "onbegrip" omtrent die posisie waarin hy glo hy homself bevind, soos volg te kenne: "Wat my verwar, wat ek nie kan verstaan nie, is die

© University of Pretoria

ondersteuning wat kom uit die deel wat verantwoordelik was vir juis die apartheid wat my familie se lewe so verwoes het."

Phillips (sien ook bladsy 7) konstrueer sy kulturele identiteite in verhouding tot mense van 'n ander ras (lees "wit" mense) op verskillende wyses op verskillende tye.

Uit hierdie uitspraak blyk weereens 'n teenstrydigheid in sy persepsie van sy sosiale posisie: Hy meen hy word deur sy eie gemeenskap gesien as of 'n "mislukking" of 'n "held". Hierteenoor het agente van wie hy dit nie verwag het nie, aan hom ondersteuning en erkenning gegee.

Phillips gee te kenne dat hy in die sosiale posisie waarin hy hom bevind, nie kan "wen" nie. Sy verskillende konstruksies van sy kulturele identiteit geskied met betrekking tot sy verskillende verhoudings met verskillende sosiale groepe op verskillende tye: Wit mense wat deel was van die groep wat in die era van apartheid verantwoordelik was vir sy familie se lyding, bied nou (ongeveer 1992) terwyl apartheid steeds die heersende ideologie is, aan hom ondersteuning; sy eie bruin sosiale groep behandel hom egter op skynbaar teenstrydige wyse as 'n mislukking (verwerping) of 'n held (erkenning).

Phillips laat blyk jare later ook teenoor La Vita (2011:106) dat hy "baie persoonlike en neerhalende kritiek" verduur het wat hy nie kon "verwerk" nie. Wat hom omtrent die kritiek "verbaas" het, was dat hy "nie eintlik verwag (het) om dit by mense teë te kom wat veronderstel is om anders te wees nie". Die suggestie is dat kritiek op sy werk en daarmee saam sy stryd om erkenning te kry en simboliese kapitaal in die kulturele, sosiale en literêre veld te verwerf, vir hom 'n voortdurende moeisame proses is.

Op die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium in 1995 het Phillips in 'n toespraak sy gevoeligheid vir negatiewe kritiek laat blyk: "Mense kan wel sê dat ek vandag kleinserig is (...) maar julle moet een ding onthou, iemand soos ek kom nie uit dieselfde agtergrond as julle nie." Deur die uitspraak "iemand soos ek kom nie uit dieselfde agtergrond as julle nie" suggereer hy dat hy van klasverskille bewus is en homself as "minder belangrik" as die "julle" ag. Aangesien hierdie toespraak op die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium gelewer is, kan aangeneem word dat die "julle" na wie hy hier verwys, mense met "geleerdheid" is wat "geleenthede" gehad het wat hom nie beskore was nie. Hy stel hom dus in 'n minder bevoorregte posisie teenoor die bevoorregte posisie van die "geleerdes" op. By die toekenningsgeleentheid van die Patrick Petersen Gedenkprys (De Vries, 2008:10), laat

© University of Pretoria

Phillips ook blyk dat hy (steeds) van klasseverskille in die samelewing waarvan hy deel uitmaak, bewus is. Phillips sê: “Tussen klasseverskille en apartheid is daar geen verskil nie. Die ‘bruin’ ou wat jou verdruk, maak méér seer.” Ook hier stel hy hom in ’n ondergeskikte posisie teenoor die “beter” klas (“geleerde”) bruin mens op. Phillips verwys in ’n gesprek met Willem de Vries (2009:8) na aanleiding van die gemeenskap wat in *Die evangelis van Kaggelsberg* ter sprake kom, weereens na klasverskille wanneer hy beweer dat die hoër klasse nie weet wat in die gemeenskappe waaroor hy skryf, aangaan nie.

Hy stel dit soos volg: “Die hoër laag (van die samelewing) soos onderwysers, weet nie wat hier aangaan nie. Iemand soos Dicky van der Ross weet nié wat hier aangaan nie.” Dicky van der Ross na wie Phillips hier verwys, is professor Richard van der Ross, oud-rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, ’n agent met simboliese kapitaal. Hierdie opmerking van Phillips hou waarskynlik verband met ’n repliek wat Richard van der Ross (2007:16) op ’n artikel van Phillips gelewer het. Phillips se reaksie op Van der Ross se repliek was dat Dicky (Richard) van der Ross nie wéét wat in die bruin woonbuurte aangaan nie. Phillips, as “minderbevoorregte” (armste onder die armes) suggereer dat hy bruin mense se ellendes ken, omdat hy deel van daardie sosiale veld is terwyl die “bevoorregte” Van der Ross van hierdie spesifieke sosiale veld geen kennis dra nie. Hoewel Phillips se posisie-inname hier ’n aanduiding is van ondergeskiktheid ten opsigte van die “hoër”, die “bevoorregte” klasse, suggereer hy dat hy, anders as Van der Ross, presies “weet” wat in die benadeelde bruin gemeenskappe aangaan. In ’n gesprek in 2009 met Murray La Vita (2011:107) stel Phillips dit dat die “geleerdes” in sy eie gemeenskap hom steeds nie as skrywer ag nie: Hulle trek vir hom “neus op” en nooi hom nie “om by skole” te gaan praat nie. Francken (2009:182) lewer die volgende kommentaar:

> Zolang hij schijft heeft Abraham Phillips **uit eigen kring** aanvallen te verduren. In het begin twijfelden sommigen er openlijk aan of hij zijn boeken wel zelf geschreven had. De laatste tijd probeert men hem weg te zetten als gatlikker die bij de blanke Afrikaners in het gevlei probeer te komen.

Francken toon aan dat Phillips nie slegs aanvalle uit “eie kring” moes verduur nie, maar ook openlike twyfel of hy sy boeke self geskryf het. Hy gee Phillips se siening oor klasverskille onder bruin mense soos volg in Nederlands weer:

> De onderwijzer wil niet dat ik op school kom vertellen. Er komt een beetje jaloezie bij, denk ik: “die een soek ’n ander sy pond vleis”. Jammer, want een arm kind aanvaardt de waarheid over armoede eerder van mij dan van een professor. En ik kan misschien een voorbeeld zijn, een kind van de lagere school kan later doen wat ik gedaan hebt (Francken 2009:182).

© University of Pretoria

Vir Phillips, so blyk dit uit die onderhoude wat met hom gevoer is, duur die stryd om sosiale kapitaal te verwerf, voort.

Phillips gee die pynlikheid waarmee hy verwerping deur (geleerde) bruin mense ervaar, te kenne, maar gee ook sy opregte wens om in sy gemeenskap werklik 'n verskil te maak, duidelik te kenne. Dit dui op die voortdurende stryd wat Phillips in sy gemoed ervaar om juis in eie sosiale kring aanvaar te word en sosiale kapitaal (erkenning) te verwerf.

Volgens Phillips moes hy nie slegs van die "hoër" klas bruin mense kritiek verduur nie, maar ook van wit mense. Tog noem hy in 'n Nederlandse weergawe van 'n onderhoud met Francken (2009:182) dat bepaalde wit mense hom juis baie ondersteun het. Op Francken se vraag "Schrijft u voor de verzoening?" antwoord Phillips (in Nederlands weergegee):

> Veel blanken hebben me verschrikkelijk veel pijn gedaan, maar drie blanken – geen bruinmense[7] – zijn juist op de donkerste momenten verschrikkelijk goed voor me geweest. Dat wil ek ervan zeggen.

Phillips se uitlating dui op teenstrydigheid: Baie wit mense het hom "verskriklike pyn" aangedoen, maar drie wit mense (in aanhaling hierbo "blankes" genoem) wie se name hy nie noem nie, was juis op die "donkerste oomblikke" verskriklik goed vir hom. Hier word gesuggereer dat Phillips ten opsigte van die erkenning (of nie) wat hy van wit mense in die sosiale veld verkry het, teenstrydige posisies inneem wat op innerlike stryd kan dui. Sy strewe na erkenning deur ander agente in die sosiale veld was in sommige gevalle tevergeefs. In ander gevalle is sy strewe na sosiale erkenning verwesenlik.

Op die Tweede Swart Afrikaanse Skrywersimposium (1997:142) gee Phillips sy gedrewenheid, om ten spyte van kritiek, aan te hou skryf, te kenne. Hy skryf, sê hy, om lesers bewus te maak van "euwels en ellendes" rondom hom, soos die "groot vraagstuk in **ons** gemeenskap: die drankprobleem…". 'n Mens sou hieruit kon aflei dat Phillips vanuit 'n konteksgerigte literatuuropvatting skryf: Hy sien die funksie van literatuur as 'n bewusmaking van sy "mense" se maatskaplike probleme. Deur sy skryfwerk wil hy sy eie gemeenskap "dien" en "ophef". Sy vasberadenheid om ten spyte van kritiek aan te hou skryf, skep die moontlikheid om verdere simboliese kapitaal te verwerf.

[7] Verskeie rolspelers gebruik "bruinmense" in plaas van die taalkundig-korrekte vorm "bruin mense", waarskynlik as aanduiding van 'n bepaalde kulturele groep.

© University of Pretoria

3.2.3 Phillips se persepsie dat hy "goed genoeg" is

Hoewel dit uit 3.2.2 moontlik kan voorkom of Phillips homself nét as "nie goed genoeg" vir sy "eie mense" gesien het nie, skemer daar tog in onderhoude 'n gevoel van eiewaarde deur. Omdat hy 'n gereelde koerantleser was en waarskynlik steeds is, beskou hy homself as op hoogte van land- en algemene sake, as 'n "onafhanklike denker", as iemand wat vir sy eie mense 'n "voorbeeld" kan stel. Hy laat teenoor Murray La Vita (2011:105) blyk dat die publikasie van sy boeke hom "goed" laat voel het. Omdat Phillips volgens Francken (2009:182) iets anders wou wees as blote "gatlekker" van blankes, naamlik eerder "de stem te zijn van arme ongeletterden die hij kent van nabij", vervul sy verhale juis 'n "brede maatschappelijke functie". Phillips noem dat hy begin skryf het omdat hy die omstandighede rondom die moord op sy broer wat sy gesin, veral sy ma, baie bekommernis en verdriet besorg het, wou openbaar (Francken 2009:182).

Etlike van die literêre kritici wat Phillips se werk beoordeel het, het melding gemaak dat hy deurgaans op ongeregtigheid en die haglike omstandighede van bruin mense fokus. Teenoor Francken (2009:182) noem hy dat hy soms uit mense se kritiek en reaksies op sy skryfwerk iets kon leer, veral wat die agtergrond betref van die karakter Saartjie en haar vriende in *Erfenis van die noodlot*.

Phillips verwerf deurlopend (vanaf 1992 tot 2013) deur middel van sy skryfwerk die "status" van "stem" vir die "stemloses". Francken (2009:182) konstateer dat Phillips "bekend staan" as 'n mens wat nie oor onreg "stilbly" nie.

Teenoor Jana Breytenbach (2008:14) laat Phillips ná die toekenning van die Patrick Petersen-prys die volgende blyk: "Dié toekenning beteken vir my geweldig baie. Dit laat my baie trots voel omdat ek al baie slegte ervarings gehad het, maar die Here het my beloon met dié prys."

Phillips is nie slegs outeur van vyf Afrikaanse romans nie, maar tree reeds so vroeg soos 1997 tot openbare gespreksvoering toe deur in etlike koerantartikels die rol van kampvegter vir Afrikaans, die moedertaal van die meeste mense in die sosiale veld waarvan hy deel is, te vervul. Hy "opponeer" as 't ware die "bevoorregtes" en "intellektuele" mense wat nie bereid is om vir die voortbestaan van Afrikaans as belangrike mediataal in die stryd te tree nie. In een so 'n koerantartikel het Phillips (1997:11) dit oor die gebruik en voortbestaan van die Afrikaanse taal as medium om bruin en swart Afrikaanssprekendes op te hef.

© University of Pretoria

Hy sê:

> Ek lewe, en is my lewe lank nog deel van die armstes onder die armes. Ek weet dat hulle so sukkel vir 'n dak oor hulle kop en kos vir hulle families, dat daar nie tyd is om hardvogtige mense te oortuig dat enige mens flinker dink, uitvind, navors en ontwikkel in jou moedertaal nie. (…) Die bruin en swart Afrikaanssprekende mense op die Kaapse Vlakte en Suid-Afrikaanse platteland moet in groot armoede en ellende hul lewe voortsit. Vir hulle is Afrikaans die enigste middel tot 'n beter lewe. (…) Die uurglas is besig om leeg te loop vir daardie mense. Daarom is dit skokkend om te sien hoe bevoorregte mense en instansies teen en oor Afrikaans baklei terwyl so 'n groot aantal van sy sprekers van ongeletterdheid, hongerte en armoede agteruitgaan. Hoe gouer intellektuele, politieke partye en bevoorregtes besef dat die taal groter is as hulle almal saam en dat dit eintlik hier gaan oor die miljoene bruin en swart Afrikaanssprekendes, hoe gouer sal Suid-Afrika by sy langverwagte vrede en versoening uitkom…

In 'n forum oor die behoud van Afrikaans as onderrigtaal aan die Universiteit van Stellenbosch beweer Phillips (2007:13) dat Afrikaans die "lewensbloed van veral die arm bruin mense" is. Volgens hom is dit 'n "drogredenasie" dat "die bruin mense nie vir Afrikaans omgee nie". Hy sê: "As hulle werk soek en soebat vir kos en 'n dak oor hul kop, moet veral die plattelandse 'bruin' mens dit in Afrikaans doen."

Dan beweer hy: "Ook word tik, dagga, Mandrax en wyn in Afrikaans aan die 'bruin' mense verkoop." Hy meen bruin mense het nie die "middele en vooruitsig op hoër onderwys nie, ook nie opvoedkundige programme in Afrikaans op die televisie om aan hulle 'n tweede keuse te bied nie". In hierdie debat stel Phillips die Afrikaanse taal in sekere sin gelyk aan arm bruin mense se stryd om oorlewing.

In sy repliek op Phillips (2007:13) se pleidooi, het Van der Ross (2007:16), voormalige rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland en beklee met sosiale sowel as simboliese kapitaal, die volgende gesê:

> Phillips skryf oor die arm, plattelandse bruin mense as sou hul armoede net uitgeroei kan word as diegene wat oor mag beskik, doen wat gedoen moet word om die erosie van Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch en by die SAUK te keer. Nee, my vriend, dit sal nie gebeur nie. Al word en bly die US Afrikaans, en al word die SAUK (dit is mos nou die SABC) meer Afrikaans, sal dit bitter min doen aan armoede onder die bruin mense.

Van der Ross gee hiermee te kenne dat Phillips twee onverwante sake, naamlik die gebruik van die Afrikaanse taal as kulturele instrument met die kwessie van verligting van armoede onder bruin mense in die sosiale veld oorsaaklik met mekaar in verband bring. Hierop het Phillips gereageer dat hy weet wat in benadeelde bruin gemeenskappe aangaan terwyl Van der Ross daar geen benul van het nie.

© University of Pretoria

4 Phillips as gekanoniseerde skrywer

Daar kan aanvaar word dat Phillips se debuut wel tot die Afrikaanse kanon gereken word.

Gerekende literêre kritici soos Brink, Senekal, Van Coller en Hambidge het aan hom simboliese kapitaal toegeken. Sy debuut is wyd geresenseer en Marion Hattingh (1993:37-48), 'n gerekende literêre kritikus, publiseer 'n wetenskaplike artikel in die akademiese tydskrif daaroor. 'n Literatuurhistorikus van statuur, Kannemeyer, het sy debuut in literatuurgeskiedenisse vermeld.

Sy debuut is deur 'n tersiêre instelling (Unisa) in die Departement Afrikaans vir die duur van 'n studiegidssiklus (vyf tot ses jaar) vir eerstejaarstudente voorgeskryf.

Phillips het ook die Patrick Petersen Gedenkprys vir sy eerste drie werke ontvang. Phillips het veral vir sy debuut die "hoogste heiliging" verkry: dié werk is geresenseer, grondig deur 'n literêre kritikus in 'n akademiese publikasie bespreek, in Kannemeyer se literatuurgeskiedenisse vermeld en aan 'n tersiêre instansie vir eerstejaarstudente voorgeskryf.

5 Samevatting

Deur die (doel)bewuste bemiddeling van veral André P. Brink is aan Phillips en sy debuut 'n relatief beduidende posisie in die Afrikaanse literêre veld toegeken. Phillips het in hoë mate in die heteronome literêre veld ekonomiese sukses verwerf, aangesien sy debuut etlike kere herdruk is en ook in Engels en Nederlands vertaal is. Hy het ook in die outonome veld vir sy debuut simboliese kapitaal verwerf deur die oorwegend positiewe resepsie van gevestigde literêre kritici daarvan.

Hoewel Phillips se *Erfenis van die noodlot* en *Die Messiasbende* oorwegend in negatiewe terme deur kritici soos Van Coller, Gouws en Wasserman beoordeel is, waarskynlik vanuit 'n estetiese literatuuropvatting, was daar literêre kritici soos Jansen, Du Plessis, Slabber en Malan wat van mening was dat hierdie werke wel meriete het. Hulle beoordeel genoemde tekste waarskynlik vanuit 'n meer konteksgerigte literatuuropvatting (verhouding teks-werklikheid) as 'n teksgerigte literatuuropvatting. Hattingh en Jansen het hulle opgestel teenoor (wit) kritici soos Van Coller en Gouws wat veral *Erfenis van die noodlot* besonder negatief beoordeel het. Veral Hattingh het hierdie kritici daarvan "beskuldig" dat hulle, anders

© University of Pretoria

as toe hulle *Die verdwaalde land* beoordeel het, op stylkenmerke van die teks fokus eerder as om die konteks waarbinne Phillips se verhaal ontstaan het en afspeel, in ag te neem.

Die toekenning van 'n literêre prys, die Patrick Petersen Gedenkprys vir sy oeuvre, het aan Phillips bepaalde "status" of simboliese kapitaal besorg. Oor sy status as "bekroonde" outeur noem Phillips in onderhoude dat hy "trots" voel op hierdie "prestasie".

Na Phillips die Patrick Petersen Gedenkprys in 2008 ontvang het, is nog twee boeke van hom gepubliseer. Hoewel Steward van Wyk en Eep Francken, gerekende besitters van simboliese kapitaal in die outonome veld, aan Phillips se *Die evangelis van Kaggelsberg* (2009) 'n mate van simboliese kapitaal toegeken het, het die boek wat nie vertaal of herdruk is nie, in die heteronome veld minder ekonomiese sukses as sy debuut behaal. Van Wyk en Cilliers meen die werk voldoen aan die belofte wat Phillips se debuut daargestel het, tog word dit betwyfel of hierdie werk deur (ander) literêre kritici as kanoniseerbaar beskou word.

Annari van der Merwe en Leon Rousseau (oud-uitgewers) asook Burger (akademikus) ken, as besitters van simboliese kapitaal, aan Phillips se *Die hart van 'n ma* 'n mate van simboliese kapitaal toe. Burger beweer egter ook dat Phillips, wat sy oeuvre betref, buite die Afrikaanse literêre tradisie staan.

Phillips se grootste bydrae tot die Afrikaanse literatuur lê waarskynlik in sy uitbeelding van arm, minder bevoorregte gemeenskappe wat aan uitsiglose omstandighede onderworpe is en in besondere mate aan maatskaplike euwels soos bendegeweld, huishoudelike geweld, drank- en dwelmverslawing blootgestel is.

Temas soos die invloed van armoede, werkloosheid en verslawing op arm bruin gemeenskappe kom deurgaans in Phillips se skryfwerk voor en getuig van sy maatskaplike betrokkenheid.

Hy noem by verskeie geleenthede dat hy onlosmaaklik "deel" van hierdie arm gemeenskappe is. Met sy skryfwerk wil hy, aan die een kant, by die "ander" (bevoorregte) deel van die gemeenskap begrip vir minderbevoorregte gemeenskappe skep. Phillips wou, aan die ander kant, met sy skryfwerk egter ook sy eie gemeenskap ophef. Hierdie strewe om maatskaplike euwels en onreg rakende sy eie mense deur sy skryfwerk aan die kaak te stel, is 'n aanduiding van sy eie literatuuropvatting: Vir hom moet literatuur die gemeenskap dien.

© University of Pretoria

Phillips laat sy volharding blyk om stem van die stemloses te wees. Hy het, ten spyte van soms felle en "ongevraagde" kritiek van wit sowel as bruin mense, volgehou om tekste oor die lot van sy eie mense te produseer. Phillips verwerf 'n mate van simboliese kapitaal deur sy eie volhardende handeling van "aanhou skryf".

By meer as een geleentheid erken Phillips dat die sosiale miskenning deur sy eie mense hom diep gekrenk het, terwyl hy "verbasing" uitspreek oor die sosiale en kulturele erkenning wat hy van "mense van wie hy dit nie verwag het nie" verkry het. Teenoor Francken (2009:182) noem hy dat drie "blankes" op 'n bepaalde tyd, naamlik "op de donkerste momenten" van sy lewe, "verskriklik goed" vir hom was. Oor die identiteit van hierdie drie wit mense sou 'n mens kon bespiegel.

Waarskynlik sinspeel Phillips op André P. Brink wat hom gehelp het om sy debuut gepubliseer te kry, Hettie Scholtz wat wél sy debuut gepubliseer het, al was dit volgens haar eintlik 'n "waagstuk" en Wium van Zyl wat hom voor die verskyning van *Die evangelis van Kaggelsberg* in 2010 aan die teks help skaaf het. Die konstruksie van sy eie sosiale identiteite blyk veelvoudig en ambivalent te wees.

Phillips se debuut word as gekanoniseerd beskou, aangesien dit die "hoogste heiliging" verkry het deur die prosesse van omvangryke resensering, die publikasie van 'n artikel in 'n vaktydskrif, die opname in literatuurgeskiedenisse en die voorskryf aan 'n universiteit. Sy ander werke word waarskynlik nie deur gerekende literêre kritici as "kanoniseringswaardig" beskou nie.

6 Gevolgtrekking oor Phillips se posisie in die Afrikaanse literêre veld

Phillips neem, wat sy debuut betref, wel 'n posisie in die Afrikaanse literêre veld in, aangesien hy in 1992, met die verskyning van sy debuut, die eerste swart skrywer[8] van Afrikaanse prosa geword het aan wie gerekende agente wat reeds in die literêre veld geposisioneer was en daartoe gemagtig was, simboliese kapitaal toegeken het.

Bourdieu (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/28-v/1416-veldtheorie) sien die sosiale omgewing as 'n gebied waarbinne rolspelers optree en outonome velde soos die literêre, die ekonomiese, die kulturele en die politieke veld oorvleuel.

[8] Sien Addendum 1 oor "swart" skrywers wat Afrikaanse prosawerke voor 1992 gepubliseer het.

© University of Pretoria

Binne die oorkoepelende politieke veld het sosiopolitieke veranderinge wat reeds vóór 1994 sigbaar begin word het, waarskynlik daartoe gelei het dat Phillips se debuut in 1992 gunstig deur literêre kritici ontvang is. Phillips is op doelbewuste wyse deur Brink wat in 1992 as literêre kritikus, internasionale skrywer en apartheidsaktivis in groot mate met simboliese en sosiale kapitaal beklee was, in 'n relatief beduidende posisie in die Afrikaanse literêre veld geposisioneer.

Hierdie posisionering is deur die meeste literêre kritici wat in 1992 in die literêre veld werksaam was, nagevolg, maar het ook twis ontlok van ander rolspelers soos Marion Hattingh en Ena Jansen. Deur Brink se bewuste bemiddeling het Phillips wat sy debuut betref, die outonome sowel as heteronome literêre veld betree.

Die literêre veld (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/28-v/1416-veldtheorie) is 'n sosiaal gestruktureerde ruimte van posisies waarbinne outeurs, kritici, uitgewerye, ensovoorts voortdurend kontesteer om te bepaal watter produkte simboliese kapitaal (kan) verwerf.

Hettie Scholtz, die eienaar van die destyds pasgestigte Queillerie-uitgewery het as 't ware gevestigde uitgewerye vanuit 'n kontesterende posisie "uitgedaag" deur Scholtz se debuut te publiseer. Die eerste oplaag van hierdie simboliese produk het vinnig verkoop en moes herdruk word. Dit is ook vertaal. Phillips se debuut het benewens ekonomiese waarde (herdrukke) ook kulturele (simboliese) waarde (vertaling) verkry.

Phillips laat blyk dat hy na die publikasie van sy debuut teenstrydige posisietoekennings in die sosiale veld ervaar het: enersyds het hy waarderende houdings (erkenning) ten opsigte van sy produk gekry; andersyds het hy onverskilligheid, selfs minagting daarteenoor beleef. Hierdie uiteenlopende ingesteldhede teenoor hom impliseer kontestasie ten opsigte van die posisies wat aan hom toegeken is.

Phillips se *Erfenis van die noodlot* en *Die Messiasbende* is, met die uitsondering van enkele literêre kritici, nie gunstig ontvang nie. Hy kon nie daarin slaag om simboliese kapitaal met hierdie twee simboliese produkte te verwerf nie.

Die prys wat hy in 2008 van die Afrikaanse Skrywersvereniging vir "verdienstelikheid" ontvang het, die voorskryf van sy debuut aan 'n tersiêre instelling en sy openbare optredes geld wel as die toekenning van simboliese kapitaal.

© University of Pretoria

Hoewel hy vir sy *Die evangelis van Kaggelsberg* en *Die hart van ’n ma* wel ’n mate van simboliese kapitaal in die outonome veld verwerf het, het die produkte nie ekonomiese welslae in die heteronome veld behaal nie. Slegs sy debuut word dus as gekanoniseer beskou.

Die posisie wat Phillips in die Afrikaanse literêre veld inneem, hou verband met die aard van sy skryfwerk. Hy dien sy agtergeblewe gemeenskap deur in sy skryfwerk op deurlopende wyse stem aan die stemloses te gee (sien kommentaar van Steward van Wyk oor “swart” skryfwerk, bladsy 11).

In en deur sy skryfwerk ontmasker hy kwessies soos armoede, werkloosheid, bendegeweld en drank- en dwelmmisbruik en bring hierdie maatskaplike kwessies onder lesers se aandag te bring.

In die volgende hoofstuk kom die posisie wat A.H.M. Scholtz in die Afrikaanse literêre sisteem beklee, hoofsaaklik binne die raamwerk van Even-Zohar se polisisteemmodel aan die bod.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 4: A.H.M. SCHOLTZ SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE LITERÊRE SISTEEM

1 Inleidende opmerkinge

A.H.M. Scholtz, deur Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) “ongetwijfeld” die “mees gelauwerde en succesvolle kleurlingprozaschrijver van de jongste jaren” genoem, se debuut, *Vatmaar* (1995), het, soos Abraham Phillips se debuut (1992), besondere belangstelling by gevestigde literêre kritici ontlok. Scholtz se debuut is, volgens Renders (AVRUG, Teks 5), deur kritici sowel as lesers “erg gunstig” ontvang. Van Scholtz het daar nog twee literêre tekste, naamlik *Afdraai* (1996) en *Langsaan die vuur* (1998) verskyn.

Vir Even-Zohar is literatuur ’n oop sisteem wat nie slegs uit tekste bestaan nie; die interafhanklikheid en wedersydse wisselwerking tussen aspekte soos repertorium, resepsie en produksie as literêr betekenisvolle elemente speel ’n ewe belangrike rol daarin. Hein Viljoen (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere) beweer die literêre sisteem is slegs via skrywer en leser oop na sy omgewing. Dit impliseer dat slegs via die konseptuele sisteme (onder andere gedeelde repertorium) waarmee skrywers skryf en lesers lees, die omgewing binne die teks of in die konkretisering daarvan ’n neerslag vind.

Viljoen (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere) beweer die "gedrag" van ’n sisteem bepaal **op ’n gegewe moment** die "toestand" (Engels: state) van daardie sisteem. Die toestand van ’n sisteem op ’n gegewe tydstip hang af van die wisselwerking van die verskillende entiteite binne die sisteem, die toestand van die relasies en die toestand van die struktuur van ’n sisteem.

Hieruit behoort te blyk dat dit nie soseer die sisteem is wat verander nie, maar eerder die toestand daarvan. Literêre sisteme kan betreklik vinnig van toestand verander, maar steeds as ’n samehangende geheel bestaan.

Wat as literêre produkte beskou word asook literêre norme en waardes berus op sosiale afspraak. (Viljoen, Hein: http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere).

Hoewel die literêre sisteem as ’n oop sisteem gesien word, moet die grens tussen die literêre sisteem en sy omgewing (alles wat nie-literêr is) op so ’n wyse getrek word dat die literêre

© University of Pretoria

sisteem die teks of artefak, sy produsent en ontvanger insluit, asook die norme en konseptuele raamwerke waarbinne produksie en resepsie plaasvind (Viljoen, Hein: http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere). Ook De Geest (sien verduideliking op bladsy 44-45) sien die literêre sisteem as ’n oop sisteem wat van die *Umwelt* (sy onmiddellike omgewing) onderskei moet word. Die grense tussen sisteem en *Umwelt* behoort egter nie as ewig en vasstaande beskou te word nie en kan met verloop van tyd verskuif.

By die posisionering van Scholtz binne die Afrikaanse literêre sisteem het veral Even-Zohar se beskouing van die noue wedersydse wisselwerking van produsent, sy artefakte, repertorium en instansie sowel as ontvangers se reaksie daarop op ’n bepaalde tydstip belangrik geblyk.

Hoewel Even-Zohar se polisisteembenadering die klem verplaas vanaf die individuele werk na die sisteem wat die produksie en resepsie van die werk beheers, kan 'n bepaalde werk of werke ook belig word. Die historiese betekenis van ’n skrywer en sy werk op 'n bepaalde tydstip vir 'n bepaalde groep lesers (die outeur se posisionering binne ’n sisteem) kan redelik akkuraat deur die polisisteembenadering vasgestel word. Scholtz se beduidende posisie in die Afrikaanse literêre sisteem hou vir die navorser veral verband met die tydperk waarbinne sy werke verskyn het; derhalwe is die polisisteembenadering as raamwerk gekies.

Hoewel Scholtz hom in mindere mate oor sy sosiale posisie (habitus en hexis) as Phillips uitgelaat het, meen die navorser dat Bourdieu se sieninge hieroor wel by die bepaling van Scholtz se posisie van belang is. Aan Scholtz is in groot mate simboliese kapitaal in die kulturele veld toegeken; derhalwe is Bourdieu se siening hieroor bykomend geïmplementeer. Aangesien literêre bemiddeling en (literêre) verwerking by Scholtz se debuut ter sprake gekom het, word Schmidt se siening hieroor ook benut om Scholtz se posisie op omvattender wyse te beskryf.

Ter inleiding word daar slegs na die tersaaklike teoretiese aspekte van Even-Zohar se polisisteemteorie (sien hoofstuk twee vir uiteensetting) verwys.

© University of Pretoria

1.1 Tersaaklike aspekte van Even-Zohar se polisisteemteorie

1.1.1 Sisteem as netwerk van onderlinge relasies

Even-Zohar (1990:85) definieer sisteem (sien hoofstuk twee) as die netwerk van relasies tussen 'n versameling faktore wat met 'n sosio-kulturele aktiwiteit verband hou.

1.1.2 Die interaksie van produsent, produk, (gedeelde) repertorium, instansie, mark

"Produsent" omvat vir Even-Zohar (1990:35) individue en sosiale gemeenskappe in wedersydse verhouding tot mekaar, wat op verskeie wyses georganiseer is en met produksie gemoeid is. Produsent(e) vorm deel van sowel die literêre instansie as die literêre mark. 'n Produsent se "aktiewe" gebruik van 'n repertorium lei daartoe dat nuwe produkte geproduseer word.

'n Produk kan vir Even-Zohar, soos in hoofstuk twee uiteengesit, 'n konkrete kulturele artefak wees, óf 'n model wat van sodanige artefakte afgelei is, óf selfs 'n volle repertorium – indien die produsent deel van die establishment óf 'n akademikus is wat die mag het om nuwe kulturele opsies te skep. Die produksie van literêre werke as kulturele items, hou vir Even-Zohar altyd direk met "repertorium" verband. "Repertorium" word dan ook beskou as die sentrale idee van sy polisisteemteorie.

Andringa (2006:526) se siening van repertorium wat deur 'n groep agente gedeel word, stem met Even-Zohar se siening ooreen, maar sy definieer repertorium as 'n "stuk verstandelike toerusting" of literêre kritici se grondige kennis van 'n versameling werke wat in 'n literêre sosialiseringproses binne 'n bepaalde sosio-kulturele omgewing[9] verwerf word. Hierdie "verstandelike toerusting" verskaf aan agente riglyne vir waardering asook modelle vir nuwe produksie.

Repertorium, aldus Andringa (2006:526), word gedeel deur 'n groep geïnstitusionaliseerde en individuele agente (outeurs, uitgewerye, lesers, resensente) en beheer die wyses waarop daar met tekste omgegaan word.

[9] Ook Schmidt lê klem op agente se verwerwing van kennis as 'n sosialiseringsproses.

© University of Pretoria

Instansie, soos in hoofstuk twee aangetoon, verwys vir Even-Zohar na alle faktore wat kultuur beheer. Instansie sluit in: hoër onderwysinstellings, massamedia en enige agent wat die aanvaarding óf verwerping van modelle en norme beïnvloed. As 'n konserwatiewe mag tree instansie op om kultuur se voortbestaan te verseker en bevorder die skep van nuwe modelle of repertoriums. Die instansie word gekenmerk deur interne konflik. Na die dominante agente (instansie) wat die sentrum van die instansie "beset", verwys hy as die *establishment* wat die status van 'n kulturele artefak bepaal. Shavit (1991:233) het hieroor die volgende beweer:

> A text gains a high status not because it is valuable, but because someone believes it to be valuable and more important, because someone has the political-cultural power to grant the text the status they believe it deserves.

Volgens Codde (2003:106) is sisteme wat deur enige vorm van krisis bedreig word, veral vatbaar vir verandering wat 'n herorganisasie van die sisteem se interne struktuur óf vir die indringing deur vreemde elemente van aangrensende sisteme veronderstel.

Die enigste noodsaaklike voorwaarde vir verandering is die beskikbaarheid van 'n alternatiewe repertorium. Die siening van sogenaamd "onbestendige" kulturele sisteme wat oop is vir indringing van verskeie repertoriums, van binne of van buite die sisteem, stem ooreen met Swidler se aanname dat in kulture met "onbestendige lewens" verskeie ideologieë begin meeding om posisie in 'n poging om die aanvaarde, sentrale repertoriums te vervang (Codde 2003:106).

Andringa (2006:528) meen, soos Even-Zohar, dat repertoriums prosesmatig en dinamies is vanweë interne en eksterne magte se uitwerking daarop. Even-Zohar (1990a:15) onderskei byvoorbeeld tussen *primêre* en *sekondêre* elemente in 'n repertorium. Sekondêre elemente is elemente (in die sentrum) wat gestabiliseer het, wyd aanvaar word en tot voorspelbare produkte, oordele en lesings op 'n gegewe tydstip lei. Primêre elemente (op die periferie) is die innoverende elemente wat die sekondêre deel uitdaag en verander.

© University of Pretoria

1.2 A.H.M. Scholtz binne die Afrikaanse literêre sisteem, beskryf vanuit Even-Zohar se polisisteemteorie

1.2.1 Scholtz as produsent en sy interaksie met instansies wat (ook) as "produsent" funksioneer

Scholtz kan beskou word as (primêre) produsent van sy debuut, *Vatmaar* (1995) asook *Langsaan die vuur* (1996) en *Afdraai* (1998). As produsent het Scholtz, wat tot met die publikasie van sy debuut in 1995, indien sy debuut nie gepubliseer sou word nie, nié tot die literêre establishment behoort en 'n prominente posisie in die literêre sisteem ingeneem nie, klaarblyklik nie die mag (gehad) om nuwe kulturele opsies te skep nie.

Ten spyte van die feit dat Scholtz, volgens Renders, heeltemal "buite die Afrikaanse literêre tradisie" gestaan het, het hy juis met die publikasie van sy debuut dit reggekry om nuwe kulturele opsies te skep.

Annari van der Merwe, literêre uitgewer by Kwela, 'n filiaal van Nasionale Boekhandelaars wat in 'n belangrike historiese tydperk, naamlik die tydperk ná die eerste demokratiese verkiesing van 1994, tot stand gekom het, het institusioneel die mag gehad om as "produsent" nuwe kulturele opsies te skep. As nuutgestigte filiaal van Nasionale Boekhandel het Kwela toe dit tot stand gekom het, waarskynlik minder institusionele mag as 'n gevestigde uitgewery soos byvoorbeeld Tafelberg Uitgewers gehad. Shavit (1991:234) beweer 'n "nuwe" teks wat nog nie 'n prominente posisie inneem nie, word gewoonlik nie deur 'n gevestigde uitgewer gepubliseer nie. Hy sê die volgende: "More often than not it is published by a publishing house which has not yet gained a central position, but is still fighting for recognition and prestige."

Kwela se uitgeefilosofie was op daardie stadium (1995) om aan voorheen benadeelde skrywers publikasiegeleenthede in Afrikaans te bied. Renders (aie.ned.univie.ac.at ›… › Afrikaans in Europa) sê hieroor:

> In het nieuwe Zuid-Afrika ontstaan er nieuwe publicatiemogelijkheden. Vooral uitgeverij Kwela speelt hier een voortrekkersrol. Het is de uitdrukkelijke bedoeling van deze uitgeverij om aan opkomende zwarte en bruine schrijvers kansen te bieden die ze in de oude bedeling bij de gevestigde uitgeverijen nauwelijks gekregen hebben. Kwela wil een onontgonnen creatieve kader aanboren en een nieuw doelpubliek bereiken.

© University of Pretoria

Van der Merwe was, in haar hoedanigheid as uitgewer by Kwela Uitgewery, deel van die literêre *establishment* (instansie) en het al drie Scholtz se kulturele artefakte uitgegee. Sy was veral op noue wyse betrokke by die uitgee van Scholtz se debuut, *Vatmaar*. Sy beskryf hoe *Vatmaar,* waarvan die manuskrip aanvanklik in Engels geskryf is, deur Wium van Zyl, in oorleg met Scholtz, na Afrikaans omgeskakel is (Van der Merwe1996:26). Hoewel Nicole Devarenne (2013:73) vir Van der Merwe erkenning gee vir die mate van toewyding waarmee sy *Vatmaar* se emblematiese Afrikaanssprekende "gemengde ras"-gemeenskap aan 'n hoofsaaklik "wit" gehoor bekend gestel het **op die regte oomblik** (my beklemtoning) van politieke oorgang en nasionale herdefinisie, meen sy dié hantering van die debuut moes anders gedoen gewees het.

Devarenne (2013:73) sê:

> Nonetheless, it seems to me that the radical experiment of Scholtz's manuscript, which depicts the entanglement of English and Afrikaans in the linguistic world of many South Africans, has been sacrificed to the perhaps inevitable, standardizing economic drive of the local and global publishing industry. That there was not considered to be a place for the bilingual (or translingual *Vatmaar* in a South African or world literature – as there was for *In the Heart of a Country* or *Triomf* – is, I think, a great pity.

Van Zyl kan, benewens Scholtz en Van der Merwe, ook as 'n soort "produsent" van Scholtz se debuut beskou word. Volgens Schmidt se operasionele sisteemteorie (sien ook hoofstuk twee) kan hierdie omskakelingsproses van *Vatmaar* ook as 'n vorm van literêre (vooraf)verwerking gesien word.

1.2.2 Scholtz se kulturele artefakte

Scholtz se tekste, *Vatmaar, Langsaan die vuur* en *Afdraai* word, in Even-Zohar se terminologie, as konkrete artefakte of draers van 'n bepaalde werklikheidsbeeld gesien. As materiaal vir sy repertorium vir genoemde drie kulturele artefakte gebruik Scholtz ervaring van sy eie bruin gemeenskap se wel en wee en gee hy stem aan die vroeër stemloses. Sy tekste is dus op 'n bepaalde tydstip in die Afrikaanse literêre wêreld deur lede van die *literêre establishment* as van besondere belang geag.

© University of Pretoria

Van sy debuut, *Vatmaar,* sê Marion Hattingh (1995:35):

> Hy voer sy lesers mee met vertellings wat veral boei weens hul geworteldheid in 'n gemeenskap wie se leefwêreld nog **nie voorheen** (my beklemtoning) op so 'n omvattende en genuanseerde wyse in die Suid-Afrikaanse letterkunde verwoord is nie.

'n Belangrike aspek van *Vatmaar*, so meen Hannatjie van der Merwe (2003:9), is dat die stemme van mense wat in die verlede nie gehoor is nie, "vir hulself begin praat". Volgens Rykie van Reenen (1997:28) was dit veral die "ongekanoniseerde" Afrikaans wat in *Vatmaar* geskryf is, wat die boek "onvergeetlik" gemaak het.

In *Langsaan die vuur* word nie slegs die vyf aparte lewensverhale saamgebind deur die tema van verontregting en vooroordeel nie, maar word die leser ook die kans op meelewing met die ervarings van vroeër benadeelde "mede-burgers" gegun (Van Reenen 1997:28). Van *Afdraai* sê Victor N. Teise (1999:8): "Dié pretensielose roman wil kroniek wees van 'n Suid-Afrikaanse samelewing uit die perspektief van die groep Afrikaanses wie se ervarings nog nie werklik in die Afrikaanse letterkundetradisie gedokumenteer is nie."

Die "nuwe" repertorium wat Scholtz skep, het te make met die feit dat sy werke op outentieke wyse 'n taal- en leefwêreld skep wat tot op daardie tydstip nog nooit vantevore op juis daardie wyse in die Suid-Afrikaanse letterkunde uitgebeeld is nie.

Die "nuwe" werklikheidsbeeld waarvan Scholtz se artefakte draers is, word soos volg deur Renders (aie.ned.univie.ac.at ›…› Afrikaans in Europa) getipeer:

> Het inclusieve karakter van de teksten van Scholtz wordt versterkt doordat de personages die aan het woord komen, in de Zuid-Afrikaanse maatschappij (voorheen) niet gehoord worden en geen enkele vorm van zeggenschap hebben. Scholtz biedt een alternatief voor de wereld van de blanken die gekenmerkt wordt door exclusiviteit. De meeste blanken in zijn werken beschouwen de kleurlingen en de zwarten als een onderklasse waar ze geen rekening mee hoeven te houden.(…) Zwarten en kleurlingen (…) worden vernederd, beledigd, zonder reden mishandeld of in de gevangenis geworpen. Kortom, hun menswaardigheid wordt hun ontnomen.

Scholtz se *Vatmaar* lê juis die (vroeëre) miskenning van swart en bruin mense bloot en skep 'n "nuwe" werklikheidsbeeld wat nie voor 1994 op hierdie wyse verwoord is nie. Vatmaar se mense word in *Vatmaar* in die sentrum geplaas.

© University of Pretoria

Hoewel "Kleurlingschrijvers" van Afrikaanse literêre werke, volgens Renders (aie.ned.univie.ac.at ›…› Afrikaans in Europa), ná 1994 die vryheid gegun is om "ondubbelzinnig tegen de apartheid stelling te nemen zonder hun manuscripten gewraakt te zien", is hulle so gepreokkupeer met hul eie wêreld omdat hulle dit as broos beskou. Hul tekste weerspieël 'n "voortdurende betrokkenheid" by hul eie gemeenskap.

Renders (aie.ned.univie.ac.at ›…› Afrikaans in Europa) stel dit soos volg:

> De band tussen de kleurlingschrijvers en de kleurlinggemeenschap is bijzonder hecht. De literaire werken van de kleurlingschrijvers hebben een uitgesproken sociale en politieke inslag. De problemen die de hele kleurlinggemeenschap raken, zijn erin aan de orde. De schrijvers vertolken wat er in de kleurlinggemeenschap leeft. Vanuit deze betrokkenheid klagen ze aan, drukken ze hun frustratie uit of ageren ze voor verandering."

Betrokkenheid by sy eie gemeenskap is vir Renders dan ook 'n onderskeidende kenmerk van 'n "kleurlingskrywer"[10] soos Scholtz se literêre werke. In hoofstuk drie is aangetoon dat Abraham Phillips se literêre werke ook deur gemeenskapsbetrokkenheid gekenmerk word.

Gagiano (2002:171) sien Scholtz se herhaalde toe-eiening van Afrikaans as Vatmaar se mense se moedertaal, as "handelinge van her-opeising en terugname, wat die rol van hierdie teks as 'n beskeie dog noodsaaklike uitdaging tot wit Afrikaanse literêre en kulturele hegemonie" daarstel. Renders (aie.ned.univie.ac.at ›…› Afrikaans in Europa) meen dat Scholtz, deur die "kleurlinge en swartes" se "lotgevalle" in *Vatmaar* op te teken, aan die "stemlozen" stem en daardeur "een identiteit" gee. Hoewel Vatmaar se inwoners sonder sosiale aansien en eiendom is, word hulle op universele wyse as gewone mense uitgebeeld wat na geluk en 'n veilige tuiste in Vatmaar streef. Volgens Renders, (aie.ned.univie.ac.at ›… › Afrikaans in Europa), "kunnen ze zich thuisvoelen omdat ze zich door de gemeenschap aanvaard weten…"

1.2.3 Scholtz se repertorium(s)

1.2.3.1 Veranderende sosiale omstandighede: "onbestendige" kulturele sisteem

Scholtz se debuut is in 1995, 'n jaar ná die eerste demokratiese verkiesing gepubliseer. Die periode in Suid-Afrika rondom 1994 kan as 'n "onbestendige" tydperk van sosiale en politieke

[10] Sien hoofstuk 1 van die proefskrif oor Renders se gebruik van die term "kleurling".

© University of Pretoria

transformasie beskou word wat in die Afrikaanse literêre sisteem neerslag gevind het. Ná 1994 het die politieke en sosiale ideologie van “demokrasie” gevestig begin raak en die politieke ideologie van apartheid “amptelik” verdwyn.

Scholtz was deel van hierdie “nuwe”, “onbestendige” historiese, sosiale en politieke werklikheid.

Die náwerking van die vroeëre apartheidsideologie in Suid-Afrika het egter lank ná die eerste demokratiese verkiesing nog in sogenaamd swart skrywers van Afrikaanse prosa se werk neerslag gevind. Die etniese groep waarmee Scholtz hom geassosieer het, is tydens die apartheidsbewind deur wetgewing “Kleurlinge” (van gemengde afkoms) genoem en het nie politieke en maatskaplike regte gehad nie. Na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 verkry hulle in beginsel gelyke maatskaplike en politieke regte. Renders (aie.ned.univie.ac.at ›… › Afrikaans in Europa) beweer dat daar ná 1994 in Suid-Afrika wel demokrasie was, maar “nog geen gelijkheid” nie. Ook het “niet alle grieven binnen de kleurlinggemeenschap” verdwyn nie. Volgens Renders is die magsverhoudinge tussen “blank en zwart” volledig omgekeer, maar wat “kleurlingen” betref, “lijkt de situatie van de kleurlingen ongewijzigd te blijven. Waar de kleurlingen vroeger te donker waren om wit te zijn, is hun huidskleur nu te licht om zwart te zijn”.

Adhikari (2005) huldig in sy boek *Not White Enough, Not Black Enough* ook die mening dat “Coloureds” (bruin mense), in die apartheidsbestel vóór 1994 nie wit genoeg was nie, maar sosiale bevoorregting bo swart mense geniet het. In die demokratiese bestel ná 1994 is die bruin mense nie swart genoeg nie en is hulle van baie van die sosiale voorregte wat hulle voor 1994 gehad het, ontneem. Hulle bly in sekere sin steeds gemarginaliseerd, hoewel nou op ’n ander wyse as tydens die apartheidsbestel.

Uit Scholtz se werke blyk dat hy wel voel hy het nou (1995) die vryheid om bruin mense se lewensverhale openlik te vertel. Reeds in sy debuut spreek hy sy leser aan en konstateer dat hy die storie van “bruinmense” gaan vertel. Dit kan vertolk word as die konstruksie van ’n kulturele (bruin) identiteit.

Ná 1994 is die taalbeleid in Suid-Afrika gewysig. In die ou apartheidsbestel (voor 1994) was Afrikaans benewens Engels die amptelike taal. In die post-apartheidsbestel is Afrikaans se status as amptelike taal gereduseer tot een van die elf amptelike tale uitgerangeer terwyl Engels die voorkeurtaal geword het. Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm)

© University of Pretoria

impliseer dat Afrikaans se gereduseerde status daartoe bygedra het dat “kleurlingschrijvers” se Afrikaanse prosawerke

> ...nogal gretig in de Afrikaanse literatuur ingehaald worden. Is dit een laattijdige poging om de kleurlinggemeenschap alsnog voor de Afrikaanse zaak te winnen? De soms uitermate lovende recensies suggereren dat dit wel eens het geval zou kunnen zijn.

Uit die uitspraak van Renders word afgelei dat die “uitermate lovende recensies” van literêre kritici ’n wyse kan wees om sogenaamd swart skrywers vir die voortbestaan van die Afrikaanse taal te koöpteer.

1.2.3.2 Scholtz se beperkte literêre blootstelling

Scholtz lees, noem hy teenoor Tom Gouws (1996: 62-63), die Bybel, “al is ek nie ’n Christen nie”.

Sy ander leesstof is Kahlil Gibran se *Die profeet* en Langenhoven se *Die pad van Suid-Afrika***.** Tom Rymour (2000:18) merk tydens ’n besoek aan Scholtz die volgende omtrent sy studeerkamer op: “…I begin to notice an interest in the esoteric; there are books by Madame Blavatsky and Paul Brunton”. In die onderhoud met Rymour (2000:18) noem Scholtz dat hy slegs werke van Adam Small, G.K. Chesterston en Neville Shute gelees het. Hieruit sou ’n mens kon aflei dat hy min vorige literêre blootstelling gehad het.

Gerwel (1995:31) vermeld dat Scholtz, as skrywersfiguur “merkwaardig” is, omdat hy “weinig van die opsigtelike literêre geskooldheid van die tipiese Afrikaanse skrywer” besit, hy “minimale skoolopleiding” ontvang het, ’n “bouer van beroep” was en “eers op die gevorderde ouderdom van 72 jaar” gedebuteer het.

Hiermee word geïmpliseer dat Scholtz, ten spyte van beperkte vorige literêre blootstelling tog daarin kon slaag om ’n merkwaardige literêre werk te skep. Venter (1997:10) wys daarop dat Scholtz (as skrywer), soos Langenhoven, sy leser(s) in *Vatmaar* en *Langsaan die vuur* direk aanspreek.

1.2.3.3 Aansluiting by ’n vroeëre orale verteltradisie

Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa) sê die volgende oor Scholtz:

© University of Pretoria

> Zonder literaire opleiding of een gedegen kennis van de Afrikaanse letterkunde kon Scholtz alleen maar terugvallen op de enige vorm van vertellen die hij eerstehands kende: de orale. De manier waarop in een besloten gemeenschap informatie wordt doorgegeven en verhalen worden verteld, bepaalt de verteltrant in het werk van Scholtz. (...) Scholtz vertrekt van de oervertelsituatie; hij gebruikt de meest rudimentaire en tegelijkertijd de meest universele manier van vertellen namelijk een verteller die iets aan een toehoorder vertelt: "Ek gaan 'n storie vertel van die bruinmense van Suid-Afrika" schrijft hij in het voorwoord tot de "Geagte Leser" in *Vatmaar*.

Hoewel Scholtz, so meen Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa), nie "het traditionele orale erfgoed tot zijn verhaalstof" maak nie, is sy werke "geen bewerkingen van oudere, mondeling overgeleverde vertellingen" nie. George Weideman (1996:119) noem, soos Renders, dat Scholtz "sonder kennis van literêre konvensies" skryf; met "oervertelpatrone, oorvertellings wat reguit, eerlik, soms selfs kru" is.

Vir Venter (1995:8) berus die hele struktuur van *Vatmaar* op die storieverteltradisie van die ongeletterde mens, maar hierdie stories is in die Vatmaar-wêreld 'n "veredelde en dikwels hoogs gestileerde kulturele besit". Venter (1997:10) meen dat Scholtz, deur die leser in *Langsaan die vuur* direk as "Liewe leser" aan te spreek, 'n "bondgenootskap van vertroulikheid tussen hom en die leser" skep. Volgens hom sluit Scholtz hierdeur tog by 'n vroeëre verteltradisie, naamlik dié van Langenhoven aan.

'n Ander aspek wat by Venter en Renders se siening oor Scholtz se orale vertelwyse aansluit, betrek die verhaalstruktuur. Heilna du Plooy (1997:79) vind *Vatmaar* se retoriese struktuur relevant. Sy meen die visie van die werklike outeur (Scholtz) spreek uit die hantering van sy verhaalstof. In die roman is hy (as verteller) nie die magsfiguur nie, maar die kanaal waardeur sy eie mense kan en mag praat.

Soos Du Plooy (1997:79), maak Venter (1995:8) gewag van *Vatmaar* se unieke struktuur waar in 'n hele aantal hoofstukke 'n hele aantal fiktiewe vertellers hulle verhale oor Vatmaar en sy mense vertel wat uiteindelik tot die sentrale romanidee bydra, naamlik "dat mens net mens binne 'n gemeenskap is".

Vatmaar se storie, meen Jane Rosenthal (1996:5), word "quite dispassionately" aan die leser gebied en lesers moet hul eie gevolgtrekkings maak oor wat hulle gelees het. Rosenthal huldig die mening dat die verteller bloot 'n kanaal vir sy eie mense se stories is. Volgens Gerwel (1995:31) is daar in *Vatmaar* vir "die eerste keer" 'n "vol en geskakeerde beeld van mense in hul gemeenskapsverband".

© University of Pretoria

Hy meen hierdie roman is 'n "tegniese kragtoer" waarin die skrywer 'n "verbluffende beheer oor die verwikkelde ineengevlegtheid van verhaallyne, magdom van karakters, verskuiwing van tydsvlakke en afwisseling van perspektiewe" openbaar, terwyl hy "steeds die (oënskynlike) ongekunsteldheid handhaaf waaraan die vertelling en uitbeelding egtheid en oortuigingskrag ontleen". Vir Hattingh, (1995:35) soos vir Du Plooy en Gerwel, word in die roman aangetoon dat identiteit onlosmaaklik met die lewensverhale van spesifieke mense verbonde is. Sy is van mening dat juis die opeenvolging en vervlegting van meer as twintig karakters se stories aantoon hoe ryk aan betekenis die identiteit van hierdie groep mense, bestaande uit Namas, Griekwas, kinders van verskillende inheemse swart mense, die afstammelinge van wit en Griekwa-ouers is. Rymour (2000:18) prys *Vatmaar* aan as 'n "coherent fictional world" wat uit "complex narrative lines…" and "multitude of unforgettable characters" bestaan.

1.2.3.4 *Vatmaar* as model vir 'n geïntegreerde Suid-Afrikaanse samelewing

Louise Viljoen (2005:98) is van mening dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis in *Vatmaar* (1995) *herskryf* (my kursivering) word "…to include the histories of the marginalised, to supplement official narratives about the settlement of land and to contest existing claims on land" (sien hoofstuk een oor die konstruksie van gekleurde identiteite).

Die belang van Scholtz se verhaal is vir Viljoen (2005:101) daarin geleë dat dit gemarginaliseerde geskiedenisse opteken, maar ook die verhaal is van 'n hibriede gemeenskap waarin 'n verskeidenheid groepe vreedsaam naas mekaar bestaan. Op hierdie wyse funksioneer hul storie as 'n model vir 'n geïntegreerde Suid-Afrikaanse samelewing wat nie voor 1994 bestaan het nie. Ook Anastasia de Vries (1995:5) wys daarop dat hierdie roman uiteindelik die verhaal van 'n "breër Suid-Afrikaanse samelewing" vertel.

1.2.3.5 Bruin gemeenskappe in die sentrum van kulturele artefak(te)

In *Vatmaar*, *Langsaan die vuur* en *Afdraai* belig en bevorder Scholtz, volgens 'n hele aantal literêre kritici, op bewuste wyse bruin gemeenskappe se eiesoortigheid. In die voorwoord van *Vatmaar* konstateer Scholtz sy "credo"/sy "poëtika":

> Ek gaan 'n storie vertel van die bruinmense van Suid-Afrika. Hulle het nie uit die Noorde gekom nie en ook nie van oorsee af nie. Hulle het híér ontstaan, opregte Suid-Afrikaners wat dalk eendag Azaniërs genoem sal word.

© University of Pretoria

Hy lig sy leser as 't ware met trots omtrent sy herkoms (bruin mens) in en plaas hulle midde-in die Suid-Afrikaanse werklikheid en geskiedenis. Deur sy vertelling van sy mense se verlede konstrueer hy 'n kulturele identiteit. Ook lig hy die leser pertinent in omtrent sy voorneme of intensie waarmee hy sy artefak aanbied, naamlik: "Ek gaan 'n storie vertel van die bruinmense…" Hierdie stelling kan gesien word as Scholtz se konstruksie van 'n kulturele identiteit waarop hy (vir die eerste keer in sy mense se geskiedenis?) trots voel.

Groepe en individuele agente, so toon Andringa (2006:528) aan, kan 'n model aanvaar en laat voortbestaan. In Scholtz se tekste, as konkrete draers van 'n bepaalde werklikheidsbeeld, word die fokus op bruin gemeenskappe nie deur "wit" literêre kritici as onvanpas verwerp nie, hoewel dit waarskynlik in bepaalde gevalle van hul eie sienswyses omtrent bruin gemeenskappe kon verskil het. Bruin literêre kritici het Scholtz se teks as 'n simboliese weergawe van hul eie geskiedenis en situasie aanvaar.

De Vries (1995:5) sien Scholtz se "storie van die bruinmense van Suid-Afrika" as 'n "literêre vergestalting" van 'n "deel van die Suid-Afrikaanse samelewing wat **tot dusver** 'n **baie marginale posisie ingeneem het in die literatuur**" (my beklemtoning). Marion Hattingh (1995:35), 'n "wit" kritikus, se slotsom omtrent Scholtz se debuut is dat dit 'n "belangrike literêre teken" van 'n "trotse identiteits- en historiese bewussyn" by 'n "vroeëre gemarginaliseerde gemeenskap" is. *Vatmaar* is vir Gerwel (1995:31) "inderdaad die eerste werklik literêr-betekenisvolle roman in Afrikaans deur iemand anders as 'n wit skrywer".

Hoewel Scholtz se "romantiese uitbeelding van die wêreld van sy jeug, sy nostalgiese terugkyk na 'n verlore platteland-"manier" volgens Chris van der Merwe (*LitNet*) wel 'n bekende tema in die Afrikaanse prosa mag wees, is Scholtz se boek "totaal anders" as die tradisionele plaasroman, aangesien die "gekleurdes" in *Vatmaar* nie op die rand van die verhaal is nie, maar in die sentrum. Die opset is ook nie patriargaal nie: Vroue en mans is gelykes, met vrouekarakters wat dikwels die hooffigure is.

In Scholtz se roman, sê Van der Merwe (*LitNet*), "is daar nie 'n enkele verteller nie, maar 'n reeks vertellers, want *Vatmaar* is almal se storie — *Vatmaar* gee stem aan 'n hele gemeenskap".

Weideman (1996:119) meen Scholtz se debuutroman is vernuwend in verskeie opsigte: die outentieke vertelwyse, die blik op die bruin gemeenskap asook die taalgebruik. As voorbeeld

© University of Pretoria

van Scholtz se vernuwende taalgebruik, wys Weideman (1996:119) op sy gebruik van die taalvariant “lewendagge” in plaas van “lewendige”.

Vir hom kry die leser juis deur Scholtz se outentieke taalgebruik ’n blik op Vatmaar se unieke gemeenskap. Weidemann (1996:119), soos Gerwel (1995:31), klassifiseer *Vatmaar* as ’n “ware gemeenskapsroman” wat vertel van samehorigheid en deursettingsvermoë van ’n bruin gemeenskap, mense in wie se are die bloed van Basoeto, Boer, Engelsman, Griekwa en Indiër vloei. Weideman se uitsprake oor Scholtz se bydrae kan as ’n kanoniserende handeling geag word.

Anastasia de Vries (1995:5) noem dat in *Vatmaar* die bruin mense se belewing van hul eie lotgevalle en geskiedenis ’n sentrale rol speel en deur hulself vertel word. Ook vir Oosterwyk (2000:10) lê die belang van *Vatmaar* daarin dat Vatmaar se mense aktief aan die geskiedenis meegewerk het, en nie bloot “victims of discrimination and exploitation” was nie, maar deur Scholtz uitgebeeld word as “real people – men and women with their own minds, wills and voices”. Hul storie is werd om onthou te word “as a counter to those who are willing to remain ignorant or ashamed of the identity and past of coloured people”.

Jane Rosenthal (1996:5) vind Scholtz se tekening van die bruin mense se werklikheid in *Vatmaar* so aanskoulik dat mens nie kan dink dis ’n fiktiewe plek nie. Sy wys daarop dat twee-derdes van Vatmaar se stories “with skilful changes of narrator” deur sy eie mense vertel word. Sy vind Scholtz se karakters “entirely convincing, both in their eccentricities and their bland, bleak boring limitations”. Een van die skerps getekende karakters is vir haar Tant Wonnie Muller.

1.2.3.6 Openlike ondermyning van rassistiese konvensies

Groepe agente, as deel van die establishment, wat binne die literêre sisteem bepaalde handelingskeuses uitoefen, doen dit, na Andringa (2006:257) se mening, volgens geïnternaliseerde waardes en belangstellings.

Andringa (2006:257) toon aan dat waardes, as produkte van sosialisering, afhang van wat op ’n sekere tydstip in ’n bepaalde omgewing heers. Die verandering ná 1994 van Suid-Afrika se politieke landskap van apartheidsonderdrukking na ’n demokratiese bestel het ’n invloed op literêre kritici se waardes gehad. Die politieke en sosiale verandering het waarskynlik daartoe

© University of Pretoria

gelei dat (wit) resensente wat *Vatmaar* geresenseer het, op pertinente wyse na Scholtz se openlike ondermyning van die apartheidstelsel verwys het. Vóór 1994 sou die meeste resensente waarskynlik met meer omsigtigheid na die ondermyning van apartheid verwys het, aangesien die ideologie van apartheid in hierdie tydperk nog geheers het.

Die verandering van sosiale en politieke waardes wat veral by wit literêre kritici sigbaar begin word het, het waarskynlik tot die verstewiging van Scholtz se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem bygedra.

Vir Gagiano (2002:170) lê die belang van *Vatmaar* daarin dat dit binne die Suid-Afrikaanse historiese konteks waar koloniale ideë van "settlers and settlements from Europe" gewettig is, gesien kan word as die uitbeelding van 'n "*counter*-image of settlement". Gagiano (2002:170) sê: "The community is shown to originate in the transgression of taboos."

Hoewel Gagiano (2002:171) meen die Vatmaar-verhale word "sonder kwaadwilligheid" vertel, herinner die verhale die leser voortdurend aan die politieke, kulturele en ekonomiese uitsluitingstaktieke waaraan "gekleurdes" en swart Suid-Afrikaners voor 1994 onderworpe was.

Wium van Zyl (1995:16) meen die "nou al bekende sondes van die kolonialisme" word op 'n **nuwe** manier in *Vatmaar* uitgewys, maar "sonder omhaal" kom ook die "rassisme en kleinlike gemeenheid" wat onder gekleurdes bestaan, aan die bod.

Volgens Rykie van Reenen (1995:1) bevat *Vatmaar* nie slegs stories van idilliese liefdes oor grense heen nie, maar ook stories van "soveel ander óú verontregting".

Vir literêre kritici soos Marion Hattingh en Anastasia de Vries het die politieke veranderings wat na 1994 plaasgevind het, bruin mense se sosiale waardes bevestig. Hattingh (1995:35) se mening omtrent *Vatmaar* is dat hierdie aktuele verhaal histories in die eerste twee dekades van die twintigste eeu afspeel. Sy noem dat uitbuiting en rassevooroordeel wat "steeds bestaan" in die verhaal uitgelig word.

De Vries (1995:5) meen *Vatmaar* bevat, benewens komiese vertellings en ironiese wendings, ook "verdoemende uitsprake" oor die "onmenslikheid van die Engelse soldate en ook die Boere". Soos ander resensente toon De Vries aan dat daar ook van onderlinge onverdraagsaamheid en rassisme onder Vatmaar se mense vertel word.

© University of Pretoria

Waar literêre kritici wat Scholtz se debuut geresenseer het, wel pertinent verwys na die wyse waarop Scholtz apartheid ondermyn, maar meen die verhaal word “sonder kwaadwilligheid” (Gagiano) vertel, maak Renders, ’n Belgiese literator, daar groot gewag van. Die voorwoord van *Vatmaar* klink vir hom soos ’n “onverholen uitdaging”’ aan blanke Afrikaanssprekende Afrikaners: Die blanke Afrikaners het níé die diepste wortels in Suid-Afrika nie, maar wel die “…kleurlingen omdat ze geen ander land kennen.”

In *Langsaan die vuur* (1996) wat uit vyf biografieë bestaan, beslaan die geskiedenis van swart mense vanaf die slawetydperk in die agtiende eeu tot 1982. Volgens Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa) vertel die lewe “van de protagonisten” die verhaal van “de rassenverhoudingen en meer in het bijzonder van rassendiscriminatie in Zuid-Afrika”. Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa) meen die boek skets “een pijnlijk portret van mensen die het slachtoffer zijn van discriminatie en apartheid”. Scholtz, so meen Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa):

> vervlecht de draden van de Zuid-Afrikaanse en de Afrikanergeschiedenis met de lotgevallen van een kleurlingfamilie. De kleurlingen worden genadeloos uit de blanke maatschappij gerangeerd. Toch blijft de hoop op een betere toekomst bestaan. Verzoening is haalbaar als de blanke tot inkeer komt.

Vir Coenie Slabber (1997:14) en Van Reenen (1997:28), anders as vir Renders, word die vyf lewensverhale nie slegs met skerp bitterheid oor verontregting vertel nie, maar ook met deernis, liefde en die hoop op versoening.

Afdraai begin met die Anglo-Boereoorlog. Renders (aie.ned.univie.ac.at ›...› Afrikaans in Europa) sê hiervan:

> Deze familiekroniek, die het grootste deel van de twintigste eeuw overspant, richt zich op de situatie van een kleurlingfamilie. De marginalisering van de kleurlingen begint reeds in de Engelse concentratiekampen waar de kleurlingvrouwen het lijden van de Afrikaner vrouwen delen en (...) helpen verzachten. Na de oorlog neemt het kleurbewustzijn gaandeweg toe om uiteindelijk in een steeds strengere apartheidswetgeving geïnstitutionaliseerd te worden.

Dit blyk nie duidelik uit Renders se siening waarom hy meen die “kleurlingvrouwen” wat saam met die Afrikanervroue in die konsentrasiekampe gely het, se marginalisering juis daar reeds begin het nie. Anders as Renders, meen Teise (1999:8) daar word op bruin, maar ook “blanke” mense se ontberinge tydens die Anglo-Boereoorlog gefokus.

© University of Pretoria

Die alternatiewe blik wat Scholtz op die Suid-Afrikaanse geskiedenis bied, lê volgens Weideman (1999:14), die "volle weefsel van Suid-Afrikaners se lotverbondenheid" bloot. Hy is van mening dat *Afdraai* 'n "knap kroniek" is, vanweë "die krag van sy eenvoud", die "fyn flitse karakterisering" en veral die "onmiskenbare strekking van menslikheid en van 'vergeefnis', 'erbarming' en 'versoening sonder maat, soos wat die skrywer in sy opdrag en nawoord bepleit". Weideman wil, anders as Renders, hierdie kroniek nie as 'n eensydige blik op die geskiedenis van bruin mense sien nie.

1.2.4 Scholtz se kulturele produkte in verhouding tot die instansie: literêre kritici

'n Hele aantal dominante agente met kulturele mag (literêre kritici) wat volgens Even-Zohar se siening van sisteem tot die kulturele sentrum, die *establishment,* behoort, verklaar dat *Vatmaar* 'n "besondere bydrae" tot die Afrikaanse literatuurskat lewer.

Hieronder tel Afrikaanssprekendes soos Gerwel, Hattingh, Viljoen, Gagiano, Du Plooy, Van der Merwe, Weideman, Van Zyl, De Vries, Van Reenen, maar ook Engelssprekende kritici soos Rymour, Oosterwyk en Rosenthal. Die ooreenstemmende uitsprake van die literêre *establishment* dat *Vatmaar* 'n besondere bydrae tot die Afrikaanse literatuur lewer, is 'n sosiale handeling. Hulle sou waarskynlik Scholtz se debuut by die Afrikaanse literêre kanon voeg en hom binne die Afrikaanse prosasisteem posisioneer[11].

Benewens *Vatmaar* (1995), het ook Scholtz se prosawerke, *Langsaan die vuur* (1996) en *Afdraai* (1998) by Kwela Uitgewery verskyn. In teenstelling met Abraham Phillips se *Erfenis van die noodlot* en *Die Messiasbende* wat ná sy debuut verskyn het en deurgaans negatief beoordeel is, het die meeste resensente Scholtz se twee werke wat op sy debuut gevolg het, steeds hoog aangeslaan.

L.S. Venter (1997:10) meld dat in die verhale in *Langsaan die vuur* dieselfde "rondborstige en pittige verteller as in *Vatmaar* (…) aan die woord is." Volgens hom is dit 'n verteller wat "nooit verveel nie", wat weet wanneer om "voluit te vertel en wanneer om dinge amper ongesê te laat".

[11] Die siening dat 'n literêre werk van iemand uit 'n marginale groepering wat volgens De Geest se beskouing eerder sou hoort op die vlak van wat uitdruklik nie (voorheen) gesê moes word nie, kan "skuif" na die vlak van wat uitdruklik gesê kan word.

© University of Pretoria

Hy meen *Langsaan die vuur* se verteller "pieker en peins" nie oor die lewe nie. Hy vertel dinge soos wat dit is en soos sy karakters dit sê.

> Vir Ethel sê Teacher Doollie sommer reguit: "Ethel, jy is die enigste mens wat die Here sonder harsings geskape het." Hierdie dooddoener lok geen vertelkommentaar uit nie. Eweneens swyg die verteller as sy heldin se hoop dat sy nie swanger moet wees nie deur Ouma Drieka vernietig word met die woorde: "Wens in die een hand, kak in die ander hand en voel watter een weeg die swaarste." Die lewe waarvan hierdie woorde getuig, is hard en onsentimenteel, maar die moeite werd. (Venter, L.S. 1997:10)

Venter (1997:10) kom tot die volgende slotsom: "Wie *Vatmaar* en *Langsaan die vuur* optel en lees, kan daarvan verseker wees dat hy/sy die vriend word van 'n verteller wat met die diep wysheid van 'n eenvoudige mens (sic)[12] na 'n groot stuk Afrikaanse lewe kyk."

Gabriël Bothma (1997:8) was minder positief omtrent *Langsaan die vuur* as Venter (1997:10). Hy gee toe dat sy verwagting was dat die verhale in *Langsaan die Vuur*, soos by *Vatmaar*, 'n eenheid sou vorm, maar hierdie "afsonderlike" verhale was vir hom 'n "taamlike teleurstelling". Daar is volgens Bothma (1997:8) in *Langsaan die Vuur* net té veel parallelle met *Vatmaar.* Sy slotsom is die volgende:

> Dit strek Scholtz nietemin tot eer dat hy dit regkry om selfs 'n afkeurende, onwillige leser soms te laat regop sit. Al is dit net deur 'n oorspronklike woord of frase, of met die ontwapenende menslikheid wat die onderbou van sy verhale vorm.

Slabber (1997:14) vergelyk die karakters in *Langsaan die vuur* met Thomas Hardy se karakters, "versukkelde plattelandse mense (…) wat so magteloos is teen die noodlot".

Johan Coetser (1998:8) toon aan dat *Afdraai* rondom datums gebou is: Dit begin by die Anglo-Boereoorlog en eindig by die vestiging van die Nasionale Party-regering se apartheidsideologie. Coetser (1998:8) maak ook gewag van die oorlogsmetafoor wat in hierdie kroniek aan die orde kom wat aan die oorlog 'n "aangrypende menslike gesig" gee. Volgens hom maak die handgeskrewe voorwoord en nawoord, gerig aan "my medeburger", van hierdie kroniek ook 'n verhaal van versoening.

Vir Phil du Plessis (1999:9) lê die wins van *Afdraai* in die direkte wyse waarop en outentisiteit waarmee die kroniek vertel word. Hoewel die verhaal vir hom wel "emosionele slaankrag" en

[12] "(E)envoudige mens" is patroniserend.

© University of Pretoria

"baie kostelikhede" het, slaag die boek nie as "skeppende literatuur" nie, omdat die verhaal "té kompleks verweef, en gemanipuleer vir effek" is.

Omdat literêre kritici, volgens Andringa (2006:526), 'n grondige kennis van 'n versameling (literêre) werke het en vanuit 'n verwysingsraamwerk van literêre produksie en resepsie optree, kan hulle skrywers vergelykend volgens verskille en ooreenkomste karakteriseer en daardie skrywers in 'n waardeoordelende hiërargie plaas wat kan uitloop op waardeoordele soos "net so goed soos" werke van ander outeurs, "beter as" werke van ander outeurs of "swakker as" werke van ander outeurs. Waardeoordele kan ook as kanoniserende handelinge deur die literêre establishment gelees word waarvolgens outeurs in 'n bepaalde literêre sisteem (of nie) geplaas word (nie).

Hoe hierdie hiërargie op grond van vergelyking werk, kan aangedui word deur die volgende uitsprake van resensente ten opsigte van Scholtz se debuut, *Vatmaar,* van nader te bekyk.

Gerwel (1995:31) gaan byvoorbeeld hiërargies vergelykend te werk wanneer hy meen Scholtz se roman is "in omvang en kwalititeit" van 'n "gans ander kaliber" ("beter as") as dié van sy bruin/swart voorgangers, naamlik Arthur Fula, Eddie Domingo, S.V. Petersen en Adam Small. Gerwel (1995:31) meen *Vatmaar* "…hoort eintlik by (blanke) Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena,* André P. Brink se *Kennis van die aand"* en "selfs Anna M. Louw se *Kroniek van Perdepoort".* Gerwel beskou *Vatmaar* dus as "net so goed" soos die werke van Joubert, Brink en Louw.

Die ooreenkoms tussen *Vatmaar* en genoemde werke vind Gerwel in die feit dat daar in al hierdie werke "dieselfde wye grepe uit die lewe van 'n gemeenskap (is), aangebied met indrukwekkende tegniese organisasie van en beheer oor die magdom van gegewens, die meevoerende vermoë om 'n storie te vertel, die skerp oog vir karakter en die onthullende en geïntegreerde gebruik van vignette". Ook Van Reenen (1995:1) meen *Vatmaar* is "net so goed" soos Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* en Engela van Rooyen se *Met 'n eie siekspens.* Vir L.S. Venter (1995:8) herinner die onthulling van een van die karakters in Vatmaar, tant Wonnie, naamlik dat opregte liefde goed sowel as sleg kan wees, aan P.G. du Plessis se *Siener in die suburbs.* Soos Van Reenen vind Venter (1995:8) *Vatmaar* "net so goed soos" die werke van, Van Rooyen en Joubert. *Vatmaar* bied volgens hom die leser "dieselfde vreugde en stof tot nadenke" as Engela van Rooyen se *Met 'n eie siekspens* en Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena.* Venter (1995:8) beweer ook dat *Vatmaar* die soort roman is wat Mikro met *Die koperkan* en F.A. Venter met *Swart*

© University of Pretoria

pelgrim probeer skryf het, maar nie "kon nie". Venter meen dus *Vatmaar* is "beter as" die werke van Mikro en F.A. Venter. Volgens Chris van der Merwe (2004:105) kan Scholtz se *Vatmaar* met Boerneef se *Teen die helling* vergelyk word, aangesien Scholtz in *Vatmaar* met dieselfde soort "nostalgie" oor sy jeugwêreld skryf as Boerneef. Van der Merwe impliseer hiermee dat *Vatmaar* "net so goed" is soos Boerneef se *Teen die helling.* Vir George Weideman (1996:119) is *Vatmaar* tematies verwant aan *Ampie, Die swerfjare van Poppie Nongena* en *Toorberg.*

Die implikasie is dat Scholtz se debuut volgens genoemde resensente "net so goed" soos bepaalde werke van "wit" outeurs geag (kan) word en daarom as deel van die Afrikaanse literêre kanon beskou kan word.

Weideman (1999:14) het *Afdraai* met Elsa Joubert se *Reise van Isobelle*, Christoffel Coetzee se *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz*, en Etienne van Heerden se *Toorberg* vergelyk. Volgens hom is *Afdraai* 'n kroniek wat 'n "alternatiewe blik op die (Suid-Afrikaanse) geskiedenis bied". Hy sê:

> Waar die "amptelike" geskiedenis die pad van Suid-Afrika afgebaken, uitgestippel en van bordjies voorsien het, laat draai Scholtz ons af om 'n wildernis van menswees, pyn en hoop te laat sien wat "ras" en "kleur", paradoksaal genoeg, deurslaggewend én irrelevant maak. (Weideman 1999:14).

Weideman se oordeel oor *Afdraai* as "net so goed soos" Joubert se *Reise van Isobelle*, Coetzee se *Op soek na Generaal Mannetjies Mentz* en Van Heerden se *Toorberg* word deur die navorser as 'n kanoniserende handeling gelees. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak word, is dat Weideman Scholtz se *Afdraai* binne 'n bepaalde historiese konteks, naamlik dié van 'n inklusiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis (wil) plaas. Vir Coetser (1998:8) is dit, wat *Afdraai* betref, "moontlik om sekere ooreenkomste of spore van ander tekste daarin uit te wys. Soos Anna M. Louw se *Kroniek van Perdepoort* of Deon Opperman se drama *Donkerland* is dit 'n familiegeskiedenis; soos John Miles se *Kroniek uit die doofpot* is dit 'n verhaal van verontregting..." Hoewel Coetser dit waarskynlik meer oor *Afdraai* se "gesprek" met ander Afrikaanse tekste het, word daar gesuggereer dat hy *Afdraai* as "net so goed soos" Louw se *Kroniek van Perdepoort* of Opperman se drama *Donkerland* en Miles se *Kroniek uit die doofpot* ag.

Die feit dat literêre kritici wat tot die *establishment* behoort Scholtz se debuut náás die gekanoniseerde prosawerke van wit outeurs vermeld, word gesien as 'n

© University of Pretoria

kanoniseringsmeganisme, 'n wyse waarop Scholtz se werke binne die Afrikaanse literêre kanon geplaas word.

1.2.5 Ander instansies wat aan Scholtz literêre erkenning gegee het

1.2.5.1 Instansies wat literêre pryse toeken

Toonaangewende literêre instansies het aan Scholtz literêre toekennings soos die MNet-prys, die CNA-prys en die Eugène Maraisprys vir sy debuut toegeken.

Scholtz het egter nie die mees gesogte Afrikaanse literêre prys, naamlik die Hertzogprys, ontvang nie. Hy was finansieel 'n vermoënde man wat volgens sy eie uitsprake "genoeg" geld gehad het en waarskynlik nie, soos Phillips, die geldelike vergoeding wat die literêre pryse vir hom meegebring het, "nodig" gehad het nie. Hy noem in een onderhoud die volgende: "Geld het ek genoeg…" Hieruit lei 'n mens af dat hy simboliese, eerder as ekonomiese kapitaal nastreef. Dit kan selfs as 'n uitdrukking van sy tevredenheid met sy lewensmiddele asook sy lewensomstandighede gelees word.

1.2.5.2 Instansies wat literatuurgeskiedenisse skryf

'n Aantal dominante agente wat volgens Even-Zohar se siening van sisteem tot die kulturele sentrum, die *establishment,* behoort, soos die Belgiese (Nederlandse) literator, Luc Renders en John Kannemeyer, het A.H.M. Scholtz se belangrike bydrae tot die Afrikaanse literatuur in resente literatuurgeskiedenisse vermeld. Anders as wat by Phillips die geval was, word Scholtz nie slegs op oorsigtelike wyse in literatuurgeskiedenisse genoem nie. Dit kan 'n aanduiding wees dat aan Scholtz 'n "belangriker" plek as aan Phillips in die Afrikaanse literêre sisteem toegeken word.

Kannemeyer (2005:670) noem Scholtz se *Vatmaar* 'n "taamlike sensasie" omdat Scholtz 'n "karige skoolopleiding" geniet het en sy debuut eers op twee en sewentigjarige ouderdom verskyn het. In sy bespreking steun Kannemeyer (2005:670) duidelik op Gerwel (1995:31) se resensie wat in *Insig* verskyn het. Vir hom bring *Vatmaar* 'n "korrektief en 'n aanvulling op die 'amptelik' beskrewe geskiedenis" (die geskiedenis soos deur die onderdrukkers gedokumenteer) (Kannemeyer 2005:671). Oor *Langsaan die vuur* (1996) sê Kannemeyer (2005:671) dat die boek uit vyf lewensverhale bestaan wat "elkeen 'n greep uit die lang geskiedenis van verontregting wat geslagte lank deel van Suid-Afrika was", beskryf. Ten

© University of Pretoria

opsigte van *Afdraai* (1998) vergelyk Kannemeyer (2005:672) die roman, wat "epiese reikwydte" het en van die Anglo-Boereoorlog tot met "die demokratiese bedeling in die jare negentig" strek, met Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle***.**

In 'n onderafdeling van haar perspektief op die Afrikaanse prosa, getitel "Die skrywer van kleur" noem Henriette Roos (2006:68) dat A.H.M. Scholtz se debuut *Vatmaar* "uiters suksesvol" was. Volgens haar fokus Scholtz in sy oeuvre deurlopend op 'n "hegte gemeenskapsband met 'n 'gedeelde identiteit, waardes en strewes'". Sy is van mening dat Scholtz se vertellings die **"**besondere aard en die sin van die orale tradisie in die Afrikaanse letterkunde weer beklemtoon" en dat Scholtz "gedemonstreer (het) hoe onderhoudend en onthullend narratiewe geskiedskrywing kan wees".

Volgens Renders (aie.ned.univie.ac.at ›…› Afrikaans in Europa) het Scholtz se werk veral op literêr-historiese vlak verruiming en vernuwing gebring:

> Het voegt een noodzakelijk complement toe aan een literaire geschiedenis die al te lang al te blank is geweest. Scholtz is een welsprekend woordvoerder van zijn gemeenschap.

In sy profiel oor Scholtz beskryf Renders (2006:428-443) hom as 'n "outodidak" wat "sonder literêre opleiding of 'n grondige kennis van die Afrikaanse letterkunde" op die mondelinge vertelvorm kon terugval.

Vir Renders (2006:429) is Scholtz 'n "meesterverteller van onopgesmukte verhale oor die lotgevalle van gewone mense". Omdat Scholtz se werke nie die "manipulasie van 'n literêre konvensie" is soos byvoorbeeld in Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* nie, staan sy werk daardeur "buite die Afrikaanse literatuurtradisie" (Renders 2006:430).

Renders (2006:431) beweer die styl van Scholtz se werke is 'n "aanklag teen die apartheidsregime".

Wanneer Renders (2006:435) beweer dat Scholtz in sy tekste die "skynheiligheid en die arrogansie van die blankes" voortdurend "aan die kaak" stel en "hul onmenslike behandeling van die swart mense en die kleurlinge" "in alle felheid ontbloot", verklap hy iets omtrent sy eie stereotiepe denke oor alle "wit" Suid-Afrikaners wat "skynheilig" sou wees en onderdrukkend sou optree.

© University of Pretoria

Opvallend vir Renders (2006:431-433) in Scholtz se oeuvre is die "chronologiese tydsverloop" en die inklusiewe verhaalwêreld, bevolk deur karakters wat "voorheen" (voor 1994) "geen seggenskap" gehad nie.

Hy beskou die "gemengde aard" van die verbeelde gemeenskappe waarin swart, wit en kleurling in harmonie saamleef, as 'n onderskeidende kenmerk van Scholtz se oeuvre (Renders 2006:434).

Van belang vind Renders (2006:439) die eskatalogiese aard van al drie Scholtz se prosawerke.

Telkens dui Scholtz aan dat daar 'n "einde aan onderdrukking" sal kom en word die "moontlikheid van 'n positiewe ontwikkeling in die vooruitsig" gestel. Renders (2006:439) beweer dat die vaste geloof in 'n "uiteindelik goeie afloop" van die Suid-Afrikaanse geskiedenis op 'n "Christelike[13] interpretasie van die geskiedenis en van die lewe van die mens" berus.

Renders (2006:442) se opmerking oor Scholtz se werk se "belangrike verruiming en verryking" tot die Afrikaanse literatuur, is 'n eggo van Gerwel (1995:31) en Kannemeyer (2005:670) se uitsprake hieroor.

1.2.5.3 Instansie: literêre voorskryfkomitees

'n Instansie soos die Departement van Basiese Onderwys se voorskryfkomitee het *Vatmaar* vir etlike jare by skole vir graad 12-leerlinge voorgeskryf. Volgens Hannatjie van der Merwe (2003:9) word die boek "deur verskeie universiteite as voorgeskrewe boek gebruik…"

[13] In die onderhoud wat Tom Gouws (1996:62-63) met Scholtz gevoer het, laat hy egter blyk dat hy nie die Christelike geloof nie, maar die ECKANKAR-geloof aanhang, gegrond op 'n "Oosterse lewenswyse waarin die mens as geestelike wese soek om God te behaag met sy goeie dade, sy gebalanseerdheid. (…)".

© University of Pretoria

1.3 Aspekte van Schmidt se model: literêre bemiddeling en literêre verwerking

1.3.1 Literêre bemiddeling

Die aktiewe bemoeienis met Scholtz se debuut deur 'n literêre instansie met "mag" (Kwela Uitgewery) kan ook vanuit Schmidt se raamwerk van literêre bemiddeling beskryf word (sien hoofstuk twee). Die feit dat Annari van der Merwe (1996:26) *Vatmaar* in 'n publikasie met "prestige" (*Insig*) 'n "klein juweel" genoem het, kan egter ook gesien word as toekenning van simboliese kapitaal (Bourdieu) aan Scholtz, aangesien, Van der Merwe se bedoeling waarskynlik was om lesers se belangstelling in 'n bepaalde rigting te stuur.

1.3.2 Literêre verwerking

1.3.2.1 Teksverwerking van *Vatmaar*

Teksverwerkers, soos die vertalers wat Scholtz se debuut in Engels, Nederlands en Duits vertaal het, kan binne Schmidt se raamwerk as tipes "produsente" maar ook as "verwerkers" van Scholtz se kultuurprodukte beskou word. Vertalings en omsettings van Scholtz se debuut, *Vatmaar,* kan ook vanuit Schmidt se operasionele teorie as literêre verwerking gesien word. *Vatmaar* is deur Christopher van Wyk, outeur van verskeie tekste soos onder andere *Shirley, Goodness and Mercy* (2004), in Engels vertaal. Janice Honeyman, 'n bekende regisseur in Suid-Afrikaanse toneelkringe, het Scholtz se *Vatmaar* na 'n verhoogstuk verwerk wat met groot sukses op verskeie plekke in Suid-Afrika voor entoesiastiese gehore opgevoer is. Diane de Beer (2002:2) beskryf hierdie verwerking van *Vatmaar* as 'n "highly acclaimed production".

Scholtz se debuut is deur teksverwerkers wat in hoë mate met simboliese kapitaal beklee is (volgens Bourdieu se siening), in die vorm van wetenskaplike artikels in akademiese publikasies, verwerk (binne Schmidt se raamwerk).

Vir Heilna du Plooy (1997:69-90) is die opvallendste eienskap van die roman die gebrek aan die prioritisering van stemme en die "grootlikse gelykwaardigheid van sprekers en die interafhanklikheid van diegene wat praat en diegene wat luister". Du Plooy spits haar in die artikel veral toe op die roman se veelstemmigheid wat as 'n nuwe model vir die Suid-Afrikaanse samelewing kan funksioneer. Die implikasie is dat daar voor hierdie roman se verskyning op eenstemmigheid as onderdrukking van ander stemme (wat ook gehoor moet

© University of Pretoria

word) gekonsentreer is. Ook Viljoen (2005:97,100-102), hoewel vanuit 'n ander invalshoek as Du Plooy, beklemtoon dat die wyse waarop die gemarginaliseerde geskiedenisse in *Vatmaar* vertel word, as 'n model vir 'n geïntegreerde Suid-Afrikaanse samelewing gesien kan word. Sy sê:

> Scholtz's novel does not only record marginalised histories, but it is also the story of a hybrid community in which a variety of groups coexists. As such, their story functions as a model for an integrated South African society. (Viljoen, L. 2005:101)

Gagiano (2002:161-177) ondersoek die rol wat onder andere 'n teks soos *Vatmaar* 'n rol kan speel "to give public expression to the voices of formerly silenced communities". Sy voer aan:

> …the deep fissures in South African society require intense efforts in order to make those isolated from one another mutually intelligible. All South Africans need to broaden their cultural vocabularies. This is where texts such as novels and those containing the oral art of neglected communities can function as 'translations', and have profound social importance. It can be predicted that rehistoricising writings and culturally recontextualising teaching practices will continue to be required in this country, but also texts that contain the vision of a shared South African future.

M.M. Nieman (1998:127-141) se siening dat V*atmaar* op effektiewe wyse as 'n teks vir tweedetaalonderrig in 'n multikulturele klaskamer gebruik kan word, word as 'n bepaalde tipe teksverwerking (omwerking) beskou.

1.3.2.2 Teksverwerking van *Afdraai*

Vertalings van Scholtz se prosateks, *Afdraai,* (1998) in Nederlands en Duits, geld, volgens Schmidt se terme as literêre verwerking. Vanuit Bourdieu se siening van die toekenning van simboliese kapitaal deur agente wat in die literêre veld geposisioneer is, kan vertalings ook 'n aanduiding wees dat Scholtz se werk internasionale erkenning geniet.

1.4 Scholtz se posisie beskryf vanuit Bourdieu se veldteorie

1.4.1 Scholtz se posisie in die sosiale veld: habitus en hexis

Scholtz kwalifiseer in 'n onderhoud sy opvoedingspeil (habitus) as 'n "standard five boy" (Burger, K. 1996:7). Hy openbaar teenoor Burger (1996:7) ook sy liggaamlike ingesteldheid (hexis): Hy skryf sy manuskripte "met die lang hand" en 'n "Bic(pen) in skoolboekies".

© University of Pretoria

Sy dogter tik daarna die manuskrip oor. Ten opsigte van habitus en hexis wil dit dus voorkom of daar 'n mate van ooreenkoms tussen Scholtz en Abraham Phillips is: Geeneen van hulle het hul skoolloopbaan voltooi nie; albei skryf hul manuskripte met die hand in skoolboekies.

Uit onderhoude wat met Scholtz gevoer is, blyk dit dat hy homself binne die sosiale veld spesifiek as 'n "bruin mens" sien wat Afrikaans praat. Teenoor Tom Gouws (1996: 62-63) merk hy op: "Ek is nie 'n Kleurling of 'n Afrikaner nie, ek is Afrikaans." Hierdie stelling impliseer dat hy die benaming "Kleurling" as 'n skeldnaam ervaar, maar ook nie as 'n wit "Afrikaner" getipeer wil word nie, hoewel hy Afrikaans as huistaal met Afrikaners deel. Hy konstrueer 'n kulturele (bruin) identiteit deur sy posisie-inname ten opsigte van ("wit") Afrikaners.

Scholtz, sy literêre prestasies ten spyt, in terme van Bourdieu se konsep van "simboliese kapitaal", het nie van die gemeenskap waarbinne hy geleef het, erkenning of dan simboliese kapitaal verwerf nie. So stel Scholtz dit teenoor Hein Willemse (1996:37), dat die Mafikeng (deesdae Mahikeng)-gemeenskap oor sy "prestasies" geswyg het, maar dat erkenning van sy prestige (wel) van buite sy tuisdorp gekom het. Willemse formuleer dit soos volg: "Hierdie skrywer van die Noordweste se sukses het *byna ongesiens in sy tuisdorp verbygegaan* (my kursivering).

Scholtz konstateer:

> Niks, niks. (…) Daar's niks in die koerant nie. Daar's 'n paar wat my gelukgewens het, maar die wat jy sou verwag, hulle kyk jou net so. Dis beter so, jy wil nog op die aarde loop. My herkenning is nie in die dorp nie. Dis daarbuite. Ek waardeer dit. Ek is hoog dankbaar.

Ook Abraham Phillips, in hoofstuk drie bespreek, het nie van agente in sy eie sosiale veld erkenning gekry nie.

1.4.2 Scholtz se simboliese kapitaal

Scholtz het in die kulturele en literêre veld simboliese kapitaal verwerf.

Scholtz se debuut is deur "wit", maar ook "swart" literêre kritici soos Gerwel en De Vries as 'n buitengewone werk beskryf. Daar het ook verskeie wetenskaplike studies deur akademici soos H. du Plooy, Minnie Lewis en L. Viljoen wat in hoë mate simboliese kapitaal besit,

© University of Pretoria

verskyn. Hierdeur het Scholtz in groter mate simboliese kapitaal as byvoorbeeld Phillips verwerf.

Vergelyk 'n mens Scholtz se debuut met Abraham Phillips se debuut, is dit opmerklik dat "swart" literêre kritici soos Willemse en Gerwel nie uitsprake oor Phillips se debuut gelewer het nie. Oor Willemse en Gerwel se opvallende afwesigheid ten opsigte van Phillips se debuut kan alleen maar bespiegel word.

1.5 Scholtz se kulturele artefakte: gekanoniseerd of nie?

In hoofstuk twee is aangetoon dat Even-Zohar in elke sisteem 'n sentrum (amptelike kultuur soos gemanifesteer in onder andere 'n standaardtaal, gekanoniseerde literatuur, gedragspatrone van die dominante klasse) en 'n periferie onderskei.

Vir die literêre sisteem veral verwys die term "kanon" vir Even-Zohar na daardie "literêre norme en werke" (sowel modelle as tekste) wat deur die **dominante kringe binne 'n kultuur as legitiem aanvaar word** (my beklemtoning) en as deel van sy historiese erfenis deur die gemeenskap bewaar word (Codde 2003:102).

Even-Zohar onderskei twee vlakke van "kanonisiteit", naamlik die vlak van tekste en die vlak van modelle.

Op die vlak van tekste word 'n bepaalde teks as 'n gefinaliseerde produk aanvaar en by 'n stel "geheiligde" tekste gevoeg wat literatuur bewaar. Scholtz se literêre tekste sou, volgens Even-Zohar se siening, aan die een kant, nie tot die sentrum van die kanon behoort nie, aangesien dit nie 'n manifestering van sogenaamd "amptelike" kultuur is nie: Scholtz gebruik byvoorbeeld nie "Standaardafrikaans" in sy tekste nie. Sy tekste geld ook nie as "behoue" tekste wat tot die verlede behoort nie. Volgens 'n ander siening van Even-Zohar, sou Scholtz se literêre tekste egter wel tot die sentrum van die kanon kon behoort, omdat dit deur die "dominante kringe binne 'n kultuur" (literêre kritici en literatuurhistorici) as "legitiem" aanvaar is. Scholtz se werke het wel 'n "nuwe" repertorium bekend gestel, aangesien bruin mense se geskiedenis en lotgevalle, anders as vóór 1994, in die sentrum geplaas word.

In die apartheidstydperk het bruin mense se geskiedenis, met die uitsondering van enkele skrywers soos Arthur Fula, Eddie Domingo, S.V. Petersen en Adam Small, nié op

© University of Pretoria

eerstehandse wyse[14] in prosawerke gefigureer nie (sien Addendum 2). Vanuit Even-Zohar se raamwerk sou die "nuwe" repertorium wat as beelddraer van bruin mense se leefwerklikheid funksioneer, op teenstrydige wyse beskou word as 'n "primêre element" wat die bestaande sisteem "uitdaag". In hierdie geval sou Scholtz se werke op die periferie van die sisteem geplaas word. Indien Even-Zohar se argument verder gevoer word, sal "gevestigde" elemente in die sentrum van die sisteem, soos verteenwoordig in die maklik oproepbare kennis van bepaalde werke van André P. Brink, Elsa Joubert, Anna M. Louw en Etienne van Heerden as sekondêre elemente van repertorium gesien word.

Scholtz se debuut het binne Bourdieu se teoretiese raamwerk die "hoogste heiliging" ontvang, aangesien sowel Afrikaanse as Engelse kritici sy teks op omvangryke wyse geresenseer het; analises van bepaalde aspekte van die debuut in akademiese publikasies verskyn het; sy teks tot 'n suksesvolle verhoogstuk omgewerk is; die teks in verskeie tale vertaal is; hy in resente literatuurgeskiedenisse vermeld word en sy werk aan skole en etlike universiteite voorgeskryf is; hy drie literêre pryse daarvoor ontvang het.

2 Samevatting

Veranderde politieke en sosiale faktore in Suid-Afrika ná 1994 het daartoe bygedra dat Scholtz deur sy oeuvre, maar veral deur sy debuut, *Vatmaar*, 'n relatief beduidende posisie in die Afrikaanse literêre sisteem verwerf het. Waarskynlik het die demokratiese politieke ideale wat ná 1994 nagestreef is en die "gelyke" sosiale omstandighede daartoe bygedra dat Scholtz, 'n "standard five boy", se debuut, en in mindere mate *Langsaan die vuur* en *Afdraai*, met waardering deur die Afrikaanse sowel as Engelse literêre *establishment* ontvang is.

Die literêre *establishment* het Scholtz se kulturele artefakte geklassifiseer as literatuur wat 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse literatuurskat lewer.

Dit het hy reggekry ten spyte van die feit dat hy "buite die Afrikaanse literêre tradisie" van daardie tyd (ongeveer 1995) gestaan het en nie reeds bestaande ("wit") literêre tradisies nagevolg het nie.

[14] Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* is nie 'n eerstehandse optekening van 'n "swart" mens se lewensgeskiedenis nie.

© University of Pretoria

3 Gevolgtrekking

Scholtz se oeuvre is beskryf deur die wedersydse interaksie tussen produsent-artefak-instansie-repertorium binne 'n bepaalde tydsgewrig aan te toon.

Scholtz word vanweë sy produksie van *Vatmaar* (1995), *Langsaan die vuur* (1996) en *Afdraa*i (1998) binne 'n bepaalde historiese tydperk (ná die eerste demokratiese verkiesing) in Suid-Afrika gesien as 'n beduidende agent in die Afrikaanse literêre sisteem. Sy debuut is in Engels, Duits en Nederlands vertaal. *Afdraai* is in Engels en Nederlands vertaal.

Vatmaar is tot 'n verhoogstuk verwerk en suksesvol voor gehore dwarsoor Suid-Afrika opgevoer. Die vertalings en verwerkinge van Scholtz se kulturele artefakte het aan Scholtz, volgens Bourdieu se siening van posisionering binne die sosiale sowel as die literêre veld, simboliese kapitaal in die heteronome literêre veld besorg.

Literêre kritici en literatuurhistorici wat Scholtz se belangrike bydrae tot die Afrikaanse literatuurskat in resensies en literatuurgeskiedenisse in die tydperk 1996-2006 aangetoon het, het waarskynlik 'n handeling van "kulturele beplanning" uitgevoer wat as 'n soort kanoniseringsproses beskou kan word.

Scholtz se oeuvre het, benewens die aandag wat Afrikaanse literêre kritici en historiograwe ter plaatse aan hom gegee het, die aandag van 'n Belgiese literator, Luc Renders, asook van Engelse literêre kritici soos Jane Rosenthal en Tom Rymour ontvang.

Rymour (2000:18) merk op dat daar meer as 10 000 kopieë van *Vatmaar* verkoop is en dat vertalings in Holland en Duitsland "like hot cakes" verkoop het. Die verskyning van 'n profiel oor Scholtz deur Renders in die 2006-uitgawe van *Perspektief en Profiel* is 'n verdere aanduiding dat Scholtz 'n posisie in die Afrikaanse literêre sisteem inneem.

Scholtz se werke is deur literêre kritici op vergelykende wyse gesien as "net so goed soos" prosawerke deur gevestigde ("wit") Afrikaanse skrywers soos Elsa Joubert, André P. Brink, Engela van Rooyen, Anna M. Louw en Boerneef.

Nege jaar ná die verskyning van sy debuut is Scholtz oorlede. Hy het beduidend méér simboliese kapitaal as Abraham Phillips verwerf. Hy kan, afhangende van die wyse waarop Even-Zohar se siening van posisies op die sentrum of die periferie van literêre sisteem

© University of Pretoria

geïnterpreteer word, op verskillende plekke in die Afrikaanse literêre sisteem geposisioneer word.

Anders as by Abraham Phillips, van wie slegs sy debuut as werklik gekanoniseer beskou kan word, beklee Scholtz, veral wat sy debuut, maar ook sy ander twee artefakte betref, bepaald ŉ beduidende posisie in die Afrikaanse literêre kanon. Op grond van die literêre *establishment* se verwerkinge van en uitsprake oor sy bydrae tot die Afrikaanse literatuur beskou die navorser hom as ŉ gekanoniseerde skrywer.

In die volgende hoofstuk word die teenstrydige uitsprake wat literêre kritici oor E.K.M. Dido se oeuvre gemaak het, ontleed ten einde haar posisie in die Afrikaanse prosasisteem te bepaal.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 5: E.K.M. DIDO SE POSISIE IN DIE AFRIKAANSE PROSASISTEEM

1 Inleidende opmerkinge

Soos Phillips en Scholtz, kan Dido beskou word as 'n belangrike swart skrywer van wie Afrikaanse prosawerke sedert 1992 gepubliseer is. Wat Dido 'n belangrike swart skrywer maak, is die feit dat sy beskou word as die eerste swart vroueskrywer wat aan vroeër gemarginaliseerde subjekte stem gee. Dido het, soos Phillips, oor 'n lang tydperk prosatekste gepubliseer. Haar oeuvre tot op datum bestaan uit *Die storie van Monica Peters* (Kwela) (1996), *Rugdraai en stilbly* (1997) (Kwela), *'n Stringetjie blou krale* (2000) (Kwela), *Die onsigbares* (2003) (Kwela), *'n Ander ek* (2007) (Umuzi) en *Emma en Nella* (2010) Umuzi).

Dido se posisie in die Afrikaanse prosasisteem word in hierdie hoofstuk hoofsaaklik binne Dirk de Geest se diskursiewe raamwerk bespreek. Volgens De Geest bestaan literêre sisteme uit gekodifiseerde uitsprake wat 'n soort sistemiese gebied of diskursiewe ruimte van "literêre verskynsels" afbaken op institusionele sowel as funksionele vlak. In hierdie diskursiewe spasie kan die gekodifiseerde uitsprake sowel as die uitwerkings wat die uitsprake kan hê, aangetoon word. Die navorser gebruik literêre kritici se gekodifiseerde uitsprake om Dido binne of buite of op die rand van die Afrikaanse literêre kanon te posisioneer. Dido se uitsprake oor haar werkwyse word verder binne Bourdieu se siening van die sosiale veld bespreek.

1.1 Enkele belangrike begrippe in De Geest se sisteemmodel

Literêre sisteme word vir De Geest (1997:167) gekenmerk deur 'n stel gekodifiseerde uitsprake oor "literêre verskynsels" binne 'n soort afgebakende sistemiese gebied.

In tekste wat as literêre verskynsels getipeer word, word deur kategoriese formulerings voorgeskryf hoe "egte" literatuur moet lyk, deur onder andere direkte voorskrifte of bevele. Vir De Geest (1997:167) hou die term "norm" verband met bepaalde geloofwaardige strategieë wat gebruik word om herhaalde koördinasieprobleme te verhoed. Volgens hierdie siening maak norme kommunikasie óór en deur middel van literatuur moontlik.

Volgens De Geest (1997:170) omvat die boonste gebied van die semotiese vierkant (sien verduideliking op bladsy 47) hoofsaaklik die eksplisiet normatiewe kodifisering van die sisteem terwyl die onderste gebied meer ruimte vir individuele kreatiwiteit toelaat.

© University of Pretoria

Deur die semiotiese vierkant (model) te gebruik, wil De Geest (1997:168) die dinamika van die literêre sisteem deur diskursiewe spanninge, soos geopenbaar in vernuwing en verandering, aantoon. 'n Diachroniese lesing van die vierkant verstrek vir De Geest (1997:170) belangrike inligting omtrent spanninge en evolusies binne 'n literêre sisteem.

Die diskursiewe plekke op die onderste as van die semiotiese vierkant (sien verduideliking op bladsy 44 e.v.) bied die moontlikheid van geleidelike bekendstelling van nuwe elemente aan die sisteem. Aanvanklik word die teenwoordigheid van "vreemde"/nuwe tendense bloot verdra. Hierteenoor kan "vreemde" elemente beskou word as 'n bedreiging van die vasgestelde identiteit en bestaan van 'n sisteem.

In 'n selfs latere stadium kan hierdie "vreemde" elemente hervertolk, selfs eksplisiet gepropageer en in voorskrifte verander word. Ook die teenoorgestelde proses kan mettertyd plaasvind: 'n Bepaalde "tegniek" kan sy funksionele literêre relevansie verloor en uitgedien raak (die gebied van " nie-verbod" of blote "toleransie"); selfs uit die produktiewe sentrum verwyder word. Veral in laasgenoemde gebied, wat bestaan uit wat aanvaar word (nie-verbod) en wat bloot verdra word (nie-bevel), is veranderinge moontlik.

Ook kan die gaping tussen nie-bevel en nie-verbod klaarblyklik makliker oorbrug word as die gaping wat tussen verbod (die eksplisiet verbode) en bevel (die gevestigde kanon en sy modelle) bestaan.

Die onderste gebied van die skema verteenwoordig binne die sisteem 'n bevoorregte gebied van relatiewe vryheid en buigsaamheid.

De Geest (1997:170-171) beweer die twee vertikale deiksisse – bevel en nie-verbod teenoor verbod en nie-bevel – verwys na die positiewe deiksis (aan die linkerkant) versus die negatiewe deiksis (aan die regterkant). 'n Negatiewe soort poëtika konsentreer op die beperkende krag van die bestaande norme deur eksplisiet die grense wat nie verwaarloos moet word nie, te konstateer. Voorts neig 'n negatiewe poëtika om die afstand tussen die aanvaarde en gepropageerde kanon aan die een kant, en die gevaar van 'n dreigende oortreding aan die ander kant, te beklemtoon.

Hierdie verdedigende houding neem dikwels die vorm aan van stellinge wat eksplisiet waarsku teen enige oordrewe of buitensporige eksperimente byvoorbeeld 'n [egte] literêre teks moet nie [te veel] X of Y wees nie.

© University of Pretoria

'n Positief georiënteerde poëtika sal waarskynlik die gebied van nie-verbod as 'n vrugbare area vir kreatiewe eksperimente interpreteer wat die sisteem kan verryk en versterk.

2 Uitsprake wat oor Dido se werk gemaak is

Dit moet beklemtoon word dat die plasing van Dido se werke op bepaalde diskursiewe plekke op die navorser se eie interpretasie van literêre kritici se uitsprake berus. Ook Dido se ars poëtikale uitsprake het onder die loep gekom.

In die paragrawe hieronder word uitsprake van literêre kritici asook 'n literêre historikus aangetoon. Hier word van die veronderstelling uitgegaan dat literêre kritici institusioneel daartoe gemagtig is (binne Bourdieu se siening van simboliese kapitaal, soos in hoofstuk twee beskryf) om bepaalde uitsprake oor literatuur te maak.

2.1 Alles wat beslis in literatuur gesê moet word

Volgens De Geest se semiotiese vierkant lê uitsprake oor wat literatuur beslis moet wees (links) en wat literatuur beslis nie mag wees nie (regs), op die boonste as van die semiotiese vierkant. Hierdie soort uitsprake hou gewoonlik verband met gekanoniseerde literatuur.

Uit die onderstaande uitsprake van literêre kritici is die bedoeling van wat in literatuur gesê moet word, afgelei. Hoewel dit nie altyd moontlik is om 'n direkte verband tussen 'n kritikus se literatuuropvatting en sy/haar uitsprake oor 'n literêre werk aan te toon nie, sal die navorser, waar dit relevansie het, dit probeer aantoon.

Uitspraak 1: In 'n literêre werk moet gebeure sinvol verwerk en vertolk word.

Uit Fanie Olivier (1997:8) se kritiek teen Dido se debuut, naamlik die oneweredige en ongemotiveerde gebruik van verteltyd en die gebrek aan spanning om die gebeure sinvol te verwerk en te vertolk, is afgelei dat hy van 'n literêre werk vereis dat gebeure sinvol verwerk en vertolk word. In daardie sin geld Dido se debuut dan vir Olivier waarskynlik nie as [egte][15] literatuur nie. Olivier beoordeel literatuur waarskynlik vanuit 'n teksgesentreerde

[15] Vergelyk De Geest (1997:171) se siening dat 'n negatiewe soort poëtika hoofsaaklik op die beperkende krag van die bestaande norme konsentreer deur eksplisiet die grense wat nie verwaarloos behoort te word nie, te konstateer. Hierdie verdedigende houding neem dikwels die vorm aan van stellinge wat eksplisiet waarsku teen enige oordrewe of buitensporige eksperimente byvoorbeeld 'n [egte] literêre teks moet nie [te veel] X of Y wees nie.

© University of Pretoria

literatuuropvatting (verhouding: teks – teks) waar estetiese kenmerke van die teks soos eenheid in veelheid en kompleksiteit voorop staan.

Uitspraak 2: In 'n literêre werk moet karakters 'n funksionele rol in verhaalgebeure speel.

Hoewel Willemse (1996:30) Dido se debuut binne 'n bepaalde, omvattende politieke en sosiale raamwerk plaas, naamlik van voor die apartheidsjare tot na die ontbanning van die ANC en hy meen dat Dido 'n verhaal (wil) "vertel met die groots opgesette temas van ewigdurende liefde teen die agtergrond van die onlangse Suid-Afrikaanse politieke stryd", neem die vrouefigure volgens hom slegs vaagweg van die vryheidstryd kennis, sonder om werklik deel daarvan te wees. 'n Teksgerigte literatuuropvatting (samehang tussen verhaalelemente) (sien bladsy 46-48) kon 'n rol by Willemse se waardeoordeel gespeel het. Ook Fanie Olivier (1997:8) vind ten opsigte van Dido se debuut die hoofkarakter se onbetrokkenheid by die aktiewe versetstryd onbevredigend. Die bedoeling van Willemse en Olivier hou waarskynlik met 'n teksgerigte literatuuropvatting (verhouding:teks-elemente in die teks self) verband waarvolgens karakters in 'n [egte] literêre werk 'n funksionele rol in verhaalgebeure moet speel.

Uitspraak 3: In 'n literêre werk moet verhaalelemente 'n samehangende geheel vorm.

Die verteller in *Rugdraai en stilbly* is vir Loock (1998:8) een van die roman se swak punte. Die leser bly heeltyd bewus dat die alwetende verteller aan die woord is, eerder as wat die verhaal sy loop neem. Hoewel dit na 'n paradoks mag lyk, impliseer Loock waarskynlik hiermee dat 'n verteller in 'n literêre werk nie by die verhaal moet inmeng nie en dat die verteller (as verhaalelement) met alle ander verhaalelemente moet saamhang. Loock beoordeel die teks waarskynlik vanuit 'n teksgerigte literatuuropvatting.

Adele Nel (1998:8) meen Dido se *Rugdraai en stilbly* ontaard "soms" in 'n blote "relaas" van "uitkringende gebeure". Hieruit word afgelei dat Nel die werk vanuit 'n estetiese literatuuropvatting (funksionele samehang van verhaalgebeure met ander verhaalelemente) nie as 'n [egte] literêre werk sal ag nie.

Abrahams (*LitNet*) se beswaar teen *Die onsigbares* is dat die natuurlike idiolek nie deurgaans by individuele karakters volgehou word nie. Die onnatuurlikheid van sommige van die dialooggedeeltes skryf hy toe aan die skrywer se hebbelikheid om agtergrondsinligting

© University of Pretoria

deur middel van gesprekke, in plaas van deur derdepersoonvertellerskommentaar, aan te bied. Abrahams se bedoeling dat agtergrondsinligting in 'n literêre werk op 'n funksionele wyse 'n geheel met betrekking tot ander verhaalelemente moet vorm, berus op 'n estetiese literatuuropvatting.

Uitspraak 4: In 'n literêre werk moet karakters oortuigend uitgebeeld word.

Volgens die uitsprake van Viljoen (2003:24) en Van Zyl (2003:9) raak Dido se karakterisering meer genuanseerd en oortuigend, soos sy as skrywer ontwikkel. Van Zyl (2003:9) meen dit is ook by *Die onsigbares* die geval.

'n Wins in hierdie roman is vir Heidi de Villiers (2004:214-216) die "meer genuanseerde uitbeelding van veral die wit ras". Individuele karakters wil, volgens De Villiers, (2004:215) in genoemde roman verteenwoordigend wil wees van verskillende bevolkingsgroepe.

Van Zyl (2007:13) toon aan dat die hoofkarakter in *'n Ander Ek* "soos in ander romans van Dido" 'n rolmodel word vir ander vroue wat slagoffers van geweld is. Sy meen die karakterisering in die roman is "oortuigend". Ook Pakendorf (2007:4) toon aan dat Dido in die roman "goed" daarin slaag om haar hoofkarakter se emosies "oortuigend" oor te dra en ook 'n "oortuigende beeld van die Kaapse topografie" gee, van die hospitale na die stasie en die strate om die Parade, asook sy bont straatbewoners, hul taal en gewoontes. Soos Van Zyl, toon Pakendorf (2007:4) aan dat Dido in hierdie roman "onteenseglik sterk" is in haar karakterisering van die verskillende mense, "veral die bergies met wie die hoofkarakter in aanraking kom en die nuanses in hul taalgebruik". Roux (2007:8) sonder ook Dido se karakterisering in hierdie roman as "eg" uit.

Uitspraak 5: In 'n literêre werk moet verteltegniek funksioneel aangewend word.

Kannemeyer (2005:673) lewer die volgende uitspraak oor Dido se *Rugdraai en stilbly*: "Soos Dido se eerste roman munt die roman uit deur die vlot vertelling…"

Louise Viljoen (2003:24) merk op dat met elke roman wat Dido skryf, sy meer selfversekerd raak en haar storievertelvaardighede meer geslyp raak. Dit, sê Viljoen, is ook die geval met *Die onsigbares*. Kannemeyer (2005:673) meen Dido se verdienste in die roman lê in die "vaart van die vertelling".

© University of Pretoria

Fernel Abrahams (2003:*Litnet)* toon aan dat in die roman "verskillende verhaallyne met groter behendigheid" vervleg word as "wat tevore by Dido die geval was". Uit Kannemeyer, Viljoen en Abrahams se verwysings na die vaardigheid waarmee hierdie verhaal vertel word, is afgelei dat hulle op die estetiese aspekte van die teks konsentreer en hoofsaaklik vanuit 'n teksgerigte literatuuropvatting beoordeel.

Volgens Viljoen (2003:24) gebruik Dido in *'n Ander Ek* die verteltegniek van die terugflits op doeltreffende en natuurlike wyse. In haar bespreking van hierdie roman noem Wybenga (2003:13) dat Dido se verteltegniek verbeter met elke nuwe roman wat sy skryf: "In Dido se vorige roman was die dodelike chronologiese weergawe van gebeure 'n leesobstruksie. Nou word die terugflits baie natuurlik deel van die teks." Viljoen en Wybenga se verwysing na die doeltreffende verteltegniek in die teks, dui waarskynlik op 'n teksgerigte literatuuropvatting waarvolgens die estetiese aspekte van die teks voorop staan.

'n Ander Ek van Dido verskil, volgens Van Zyl (2007:13), in vele opsigte van haar vorige romans: Dit is "veel enkellyniger", dit speel "oor 'n veel korter periode af"; "die verhaal verloop met 'n vaart", met "gladde oorgange" en ten spyte van 'n ietwat sombere verhaalgegewe is die aanbieding en verteltrant "lewendig en meermale humoristies". Sy meld dat Dido in die roman "… fassinerende – soms nogal humoristiese – beeld van 'n skaduwêreld gee". Volgens haar word hierdie skaduwêreld "met deernis uitgebeeld". In De Villiers (2007:214-216) se resensie oor *'n Ander Ek*, beweer sy dat "anders as byvoorbeeld in 'n vorige roman, naamlik *'n Stringetjie blou krale*", dit hier nie gaan om die vind van 'n gekleurde identiteit in 'n postapartheidsbestel na die politieke veranderinge in 1994 in Suid-Afrika nie, maar om die ervaring van 'n geweldsmisdaad en die gevolge daarvan aan eie lyf deur middel van die geslaagde vertelwyse van terugflitse. Vir Riet de Jong-Goossens (2007:174) lê die krag van hierdie roman daarin dat "Unknown" se "… afschuwelijke ervaringen als *bergie* realistisch en aangrijpend worden verteld…". De Jong-Goossens wys op die verhaal se aanvanklike trae verhaalgang, maar geleidelik "komt er vaart in en blijft de lezer geboeid tot het eind." Waarskynlik beoordeel De Villiers *'n Ander Ek* vanuit 'n mimetiese literatuuropvatting (verhouding: teks-werklikheid [sien bladsy 46-48]).

Crous (2010:8) beweer, ten opsigte van *Emma en Nella,* dat Dido oor 'n onderhoudende vertelstyl en die vermoë om haar leser te boei, beskik.

© University of Pretoria

2.2 Alles wat beslis nie in literatuur gesê behoort te word nie

Hierdie soort stellinge (deur "kundige" literêre kritici) "waarsku" teen oordrewe eksperimente, byvoorbeeld 'n [egte] literêre teks moet nie [te veel] X of Y wees nie. Uit die onderstaande sieninge ("waarskuwinge") van literêre kritici is afgelei dat kritici bepaalde aspekte van Dido se tekste in die boonste gebied van verbod (regs) sou plaas.

Uitspraak 1: In 'n literêre werk behoort daar (absoluut) nie chronologies vertel te word nie.

Gretel Wybenga (2001:17) bemerk in *'n Stringetjie blou krale* "steeds" tekens van "skrywersonbeholpenheid", byvoorbeeld die onvermoë om te weet wat om weg te laat en wat om te suggereer, en wanneer om die dodelike chronologie op te hef. Hierdie siening van Wybenga suggereer dat *'n Stringetjie blou krale* vanweë die volgehoue chronologiese vertelwyse nie as egte literatuur geld nie.

Uitspraak 2: 'n Literêre teks behoort nie terugflitse op verwarrende wyse te gebruik nie.

Cilliers (2010:7) meld dat die skrywer in *Emma en Nella,* Dido se mees resente roman, baie swaar op terugflitse leun wat dikwels vernuftig gebruik word, maar ander kere verwarrend is.

Hy stel dit soos volg: "Sy werk egter voortdurend aan soveel intriges en subintriges en die uitbou van soveel verhoudings en karakters, dat die terugflitse partykeer nie chronologies is nie."

Uitspraak 3: 'n Literêre teks behoort nie 'n omslagtige vertelwyse te handhaaf nie.

Gretel Wybenga (1998:14) het dit teen die breedvoerige vertelwyse eerder as illustrasie in *Rugdraai en stilbly*, hoewel sy toegee dat die romangegewe met "hartgrondige egtheid" aangebied word. In haar resensie rig Wybenga 'n direkte en eksplisiete aanbeveling aan die skryfster, naamlik dat Dido, indien sy volgehou lees, hierdie stilistiese probleme met gemak in latere werke kan oorkom. Wasserman (1998:9) meen die storie se vertelwyse in die boek is "omslagtig en stadig". Onnodige herhaling en omslagtige beskrywings, so meen Wasserman (2001:6), kom ook in *'n Stringetjie blou krale* voor. Wybenga se analise van die teks, so word afgelei, berus op 'n teksgerigte literatuuropvatting waar estetiese aspekte van 'n teks beklemtoon word.

© University of Pretoria

Wanneer Wybenga (2003:13) beweer dat Dido in *Die onsigbares* “dieselfde stof korter kon uitsê”, impliseer sy ’n langdradige vertelwyse in die roman. Crous (2010:8) gee te kenne dat Dido se geneigdheid tot wydlopigheid duidelik uit *Emma en Nella* blyk. Wybenga en Crous impliseer hierdeur dat die vertelwyse in ’n [egte] literêre teks nie (te) breedvoerig moet wees nie.

Uitspraak 4: In ’n literêre teks behoort karakters en groepe nie eensydig uitgebeeld te word nie.

Op die webblad http://www/upe.ac.za/afned/angel2a.htm word van *Die storie van Monica Peters* gesê:

> Die skrywer het (…) vir haar die geleentheid geskep om die vrou, spesifiek die “bruinvrou” in Suid-Afrika, as slagoffer of oorwinnaar van ’n politieke en geslagsbestel te teken. Omdat die hoofkarakter egter nie suksesvol uit haar gelatenheid groei nie en die karakters as uitsluitlik goed óf sleg uitgebeeld word, verloor hulle menslikheid.

De Villiers (2004:216) toon aan dat in Dido se *Die storie van Monica Peters* en *’n Stringetjie blou krale* die uitbeelding van die wit ras (te) eensydig was. Sy impliseer hierdeur dat ras in (egte) literatuur nie eensydig uitgebeeld moet word nie.

Uitspraak 5: In ’n literêre teks behoort karakters nie ongeloofwaardig uitgebeeld te word nie.

Willemse (1996:30) se vernaamste beswaar teen *Die storie van Monica Peters* is dat Monica se ouers en skoonouers randfigure; “goedige kartonkarakters” bly. Die implikasie is dat karakterontwikkeling nie gemotiveerd is nie. Volgens hom word die rol van blankes in die vryheidstryd ook nie in die roman genoegsaam verklaar nie.

Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) vind in Dido se *Rugdraai en stilbly* die optrede van die personasies te inkonsekwent om “echt geloofwaardig te kunnen zijn”.

Uitspraak 6: ’n Literêre teks behoort nie eksplisiet moraliserend te wees nie.

Heidi de Villiers (2004:216) vind die moralisering in *Die storie van Monica Peters* “opsigtelik” en “hinderlik”. Ook die einde van *’n Stringetjie blou krale* is volgens De Villiers (2003:177) “te moraliserend”: Die sogenaamde bose word gestraf wanneer die rassistiese Bennie in ’n

© University of Pretoria

motorongeluk betrokke is en gevolglik verlam raak in sy onderlyf.

Wat Dido se *Rugdraai en stilbly* (1997) betref, het heelwat literêre kritici hulle oor die eksplisiete moraliserende aard daarvan uitgelaat. Adele Nel (1998:8) vind in die roman soms "oordrewe moralisering". Herman Wasserman (1998:9) sien die boek oor vroueslanery en drankmisbruik as 'n "morele les" sonder 'n "eie invalshoek".

Volgens De Villiers (2004:216) was *Die onsigbares* 'n uitsondering ten opsigte van moralisering. Sy het moralisering in die roman "minder opsigtelik en minder hinderlik" as in "veral Dido se debuutroman" gevind.

Ten opsigte van Dido se jongste roman, *Emma en Nella* (2010), toon Crous (2010:8) aan dat hierdie werk nog (te) veel in 'n soort "prekerige, handboekagtige relaas oor tikverslawing" vassteek.

Uitspraak 7: 'n Literêre werk behoort nie voorspelbaar te wees nie.

Rugdraai en stilbly vertoon, so meen Wasserman (1998:9), vinnig 'n voorspelbare patroon: geweld, vrede, weer geweld, weer vrede.

Een van Coetser (2000:11) se punte van kritiek teen genoemde teks is ook die voorspelbaarheid wat vir hom op die lang duur "hinderlik" word. Kannemeyer (2005:673) laat hom oor 'n negatiewe aspek van die roman, naamlik "voorspelbaarheid" uit. Hy beweer "… die herhaalde afwisseling van tonele van geweld en tydelike versoening word op die duur **te** (my beklemtoning) patroonmatig en selfs ongeloofwaardig…"

In haar bespreking van *'n Ander Ek* toon Heidi de Villiers (2007:216) aan dat die roman voorspelbaar is. Crous (2010:8) opper beswaar teen die voorspelbare wyse waarop sy haar karakters in *Emma en Nella* hul probleme laat oplos.

Uit Wasserman, Coetser, Kannemeyer, De Villiers en Crous se uitsprake word afgelei dat voorspelbaarheid nie as 'n kenmerk van literatuur beskou behoort te word nie. Die uitwerking van sodanige uitsprake kan beteken dat die werke buite die sisteem geposisioneer word en nie as deel van die Afrikaanse literêre kanon beskou word nie.

© University of Pretoria

'n Aspek wat met "voorspelbaarheid" saamhang, is die beswaar dat die leser nie uit die staanspoor moet weet wat die ware identiteit van 'n karakter is terwyl die karakter self nog nie van sy/haar ware identiteit bewus is nie.

Vir literêre kritici soos Pakendorf (2007:4) en Heilna du Plooy (2007:13) lê *'n Ander Ek* se grootste gebrek daarin dat "Egidius Papier" se ware identiteit vir haarself 'n raaisel is, maar dat "haar naam, herkoms, omstandighede" vir die leser in die eerste hoofstuk al uitgestippel word.

Pakendorf en Du Plooy is van mening, so is afgelei, dat 'n [egte] literêre werk nie alles vir die leser by die aanvang van die verhaal uiteen behoort te sit nie.

Uitspraak 8: In 'n literêre teks behoort karakters se taalgebruik nie geyk te wees nie.

Wasserman (2001:6) meen, anders as De Villiers (2003:174), dat Dido in 'n *Stringetjie blou krale*, taal (te) "dikwels" geyk gebruik.

Meads (2010:5) suggereer dat clichés (geykte taalgebruik) soos "Met 'n steekpyn iewers in haar bors sien sy dat sy slape nog meer grys bygekry het" wat soms in die verhaalgegewe in *Emma en Nella* voorkom, aan die verhaal afbreuk doen.

Uitspraak 9: In 'n literêre werk behoort karakters en gebeure nie los van kontekste te funksioneer nie.

Een van Loock (1998:8) se besware omtrent *Rugdraai en stilbly* is dat Dido nie die moontlikhede wat deur die ruimte gebied word, volledig ontgin nie, dus dien die ruimte bloot as agtergrond waarteen die verhaal afspeel.

Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) maak die volgende uitspraak omtrent *'n Stringetjie blou krale:*

> De roman houdt een scherpe veroordeling in van de rascistiese houding van de kleurlingen tegenover de zwarten. Met de komst van een zwarte meerderheidsregering is hier geen verandering in gekomen, integendeel. In de roman wordt er echter geen enkele poging aangewenden om de oorzaken van dit rascisme te achterhalen. De lezer moet het uitsluitend stellen met het levensverhaal van Nancy dat daardoor de allure van een soap opera krijgt.

Renders se beswaar teen die roman (dat dit die aangesig van 'n *soap opera* kry) impliseer

© University of Pretoria

dat hy van mening is dat Nancy se lewensverhaal los van die konteks van rassisme funksioneer. Die konteks waarbinne rassisme voorkom, word dus, by implikasie, nie krities binne die verhaalverloop ondersoek nie.

In Dido se roman, *'n Ander Ek,* figureer die groter Suid-Afrikaanse samelewing vir Pakendorf (2007:4) beswaarlik. Vir hom sentreer die roman rondom die alledaagse bestaansprobleme van bruin mense. Pakendorf sê hieroor:

> Kwelvrae oor die huidige situasie, misdaad en immigrante van die res van Afrika, regstellende aksie en probleme ten opsigte van die "Kleurlinge" in die nuwe bestel is bykans geheel en al afwesig.

Hoewel die roman vir Heilna du Plooy (2007:13) om 'n aktuele saak gaan, naamlik geweld en die nagevolg daarvan, word daar nie op die politieke, ideologiese of sosiale aspekte van geweld gefokus nie. Vir sowel Pakendorf as Du Plooy word 'n aktuele saak, naamlik geweld in Suid-Afrika en die nagevolge daarvan wel in Dido se *'n Ander Ek* uitgelig, maar die oorsake en gevolge daarvan kom nie binne die verhaalteks ter sprake nie.

2.3 Alles wat in literatuur gesê kan word

Die navorser verstaan De Geest se stelling, naamlik "Alles wat in literatuur gesê kan word" as dat alle aanvanklik "vreemde" of nuwe elemente mettertyd op die een of ander wyse in die sisteem "aanvaar" word en selfs as vernuwende elemente in die literêre sisteem gepropageer (kan) word. Party van Dido se prosawerke skep, volgens bepaalde kritici se uitsprake, ruimte vir dit wat nog nie vantevore nie in die Afrikaanse literatuur gesê is nie, maar nou gesê kan word. In 'n sinchroniese lesing van De Geest se semiotiese vierkant verteenwoordig die onderste gebied van nie-verbod die moontlikheid van vernuwing en verandering.

In 'n diachroniese lesing van die onderste gebied van nie-verbod van De Geest se semiotiese vierkant kan "vreemde" elemente as interessante (nuwe) modelle vertolk word wat vir die sisteem gepropageer kan word.

Literêre kritici, soos Crous, Olivier, Van Zyl en andere, het in hul bespreking van aspekte van Dido se oeuvre direk gesê of geïmpliseer dat bepaalde aspekte van haar oeuvre plek kan hê in literatuur. Na aanleiding van hierdie geïmpliseerde of direkte standpunte sou ek sekere van Dido se werke in die onderste gebied links (die gebied van nie-verbod) posisioneer.

© University of Pretoria

Uitspraak 1: ’n Vroeër gemarginaliseerde swart vrou se outentieke eie stem word “vir die eerste keer” in Afrikaanse literatuur gehoor.

Philip John (1998:30) konstateer in ’n algemene bespreking oor die werk van onder andere swart vroulike skrywers van “contemporary Afrikaans literature” die volgende:

> As well as undermining grand unifying discursive projects, this literature provides a means whereby previously silenced and marginalised groups such as (…) *women and coloured people give clear voice to their concerns*. Afrikaans literature has also increasingly become a medium through which previously obscured values and orientations force themselves onto the foreground – amongst others, a broad humanism, eroticicm and the ecological awareness.
>
> The concerns of *this* Afrikaans literature are not determined by an exclusivist nationalist agenda, but are responses to, and explorations of the possibilities generated by the transition to a more open democratic society.

Die navorser lei uit hierdie algemene stelling van John af dat hy meen die publikasie van onder andere ’n skrywer soos Dido se werke, anders as vroeër, ’n geleentheid bied om op outentieke wyse stem te gee aan gemarginaliseerde groepe (“women and coloured people”) wat voorheen die swye opgelê is.

Vir Irma Loock (1997:8) het Dido se debuut, *Die storie van Monica Peters* (1996), as verwoording “sonder verbittering” van die ervarings van ’n uitgewekene wat by die struggle betrokke was, vernuwing in die Afrikaanse letterkunde gebring. Hoewel Loock in haar uitspraak nie pertinent na kleur verwys nie, is die implikasie dat “uitgewekene” na die ervarings van ’n swart vrou verwys. Marius Crous (1996:14) sê van die roman:

> Vir die eerste keer in Afrikaans word die stem van die swart vrou gehoor, sonder dat daar van ’n tussenganger of optekenaar gebruik gemaak word.

Crous (1996:14) bespreek die perspektief in die roman op die politieke uitgewekene wat die grootste gedeelte van haar lewe in Engeland moes deurbring en wat wag om na Suid-Afrika toe terug te keer. Crous impliseer dat Dido se debuut belangrike vernuwing in die Afrikaanse literatuur gebring het, aangesien die swart vrou se outentieke eie stem “vir die eerste keer” sonder die bemiddeling van ’n tussenganger (soos Elsa Joubert?) gehoor word. Olivier (1997:8) sê die volgende:

> Dat hierdie boek (*Die storie van Monica Peters*) verskyn ten spyte van al hierdie en ander gebreke, is waarskynlik te danke aan die feit dat dit die eerste novelle in Afrikaans is wat deur ’n ‘nie-wit’ vrou geskryf is.

© University of Pretoria

De Villiers (2003:169) beweer Dido is die eerste nie-wit (of dan: swart of "gekleurde") vroueskrywer wat deur middel van Afrikaanse prosa die lot van een van haar lotgenote — dié van die hoofkarakter in hierdie en in haar ander romans — verwoord. Voor haar het die "wit" skrywer Elsa Joubert as tussenganger gepoog om die lot van 'n swart hoofkarakter in *Die swerfjare van Poppie Nongena* te verwoord. Deur die eie verwoording van die swart vrou se lotgevalle verbreek Dido, saam met die manlike swart en "gekleurde" skrywers wat haar voorafgegaan het, die tradisie van die vroeër Afrikaanse literatuur as "die skepping van 'n bevoorregte klas Afrikaners (…) wat die omstandighede daargestel het vir die ontluiking van 'n bepaalde hegemonie" (Willemse, 1994:150).

Volgens Van Zyl (2006:21) laat die sogenaamde *gekleurde* perspektief van waaruit in *Die storie van Monica Peters, 'n Stringetjie blou krale* en *Die onsigbares* vertel word, Dido se werk binne die postkoloniale diskoers na die prototipe van "the empire writes back" lyk. Van Zyl (2006:22) konstateer oor genoemde werke die volgende:

> Die vroulike subjek, wat in tekste geskryf vanuit 'n wit perspektief in die verlede dikwels dubbel gemarginaliseer is as sowel vrou én anderskleurige, plaas Dido nou **in die sentrum** (my beklemtoning), onder meer deur aandag te verleen aan die kwessie van identiteit...

Van Zyl (2006:22-23) toon aan dat die hoofkarakters in Dido se romans hoofsaaklik vroulik en bruin is en die verhale van voorheen gemarginaliseerde figure vertel. Die afleiding wat gemaak word, is dat voorheen gemarginaliseerde figure nie (voorheen) toegelaat is om hul eie verhale in die Afrikaanse literatuur te vertel nie.

Uitsprake van die kritici word bevestig deur Dido se eie formulering van haar poëtika. Sy noem tydens 'n colloquium in Stellenbosch oor Suid-Afrikaanse skrywers onder die tema "Afrikaanse skrywers in 'n veranderde konteks" (1997:7) dat "hoewel baie boeke reeds geskryf is oor bruinmense", sy daarop "wil konsentreer dat die regte verhaal vertel word". Sy het in haar rede ook genoem dat die "uitbeelding van bruin mense in die Afrikaanse letterkunde dikwels stereotiep is, en nie geskakeerd genoeg gedoen is nie." Die implikasie is dat Dido deur die "regte verhaal" in haar skryfwerk te vertel die stereotipering van bruin mense wil "regstel".

© University of Pretoria

Uitspraak 2: In ’n literêre werk word karakters funksioneel binne hul (eie) spesifieke leefwêreld uitgebeeld.

Loock (1997:8) meld dat in Dido se *Die storie van Monica Peters* die karakter, Monica, op die voorgrond bly en nie die oënskynlike klem op die politiek nie. Loock vind leseridentifikasie met die hoofkarakter gevolglik ’n “moontlikheid”. Haar siening van die karakter, Monica, wat (eerder as die politiek) op die voorgrond bly, staan lynreg teenoor die sieninge van Willemse en Olivier, wat Monica se onbetrokkenheid by die vryheidstryd as ’n leemte in die roman sien.

Aangesien die narratief in *Die storie van Monica Peters* vir Van Zyl (2006:23) hoofsaaklik deur ’n ek-verteller weergegee word, word “die illusie van outentisiteit geskep met betrekking tot die stem van die vroulike subjek, wat haar eie klein geskiedenis vanuit ’n subjektiewe hoek meedeel…”

Uit Van Zyl se siening word afgelei dat sy van mening is dat Dido haar karakter, Monica, wat ook die ek-verteller is, funksioneel binne haar eie leefwêreld op outentieke wyse uitbeeld.

Volgens Van Zyl (2006:22) vertel die vroulike hoofkarakters in Dido se romans, *Die storie van Monica Peters, ’n Stringetjie blou krale* en *Die onsigbares* met ’n outentieke stem hul eie klein geskiedenisse.

Uitspraak 3: ’n Literêre werk ondersoek sosiale identiteite en politieke kwessies op ’n ander wyse as wat vroeër die geval was.

Van Zyl (2006:30-31) is van mening dat Dido sterk punte en tekortkominge in *Die onsigbares* in verskillende soorte verhoudings uitlig (man teenoor vrou, ouer teenoor kind, medemense onderling) en alternatiewe van huwelike, vriendskappe en hulp oor kleur-, geslags-, klasse- en kultuurgrense heen belig. In die teks word, so meen Van Zyl, op die diversiteit van sosiale identiteite gefokus. Volgens Wybenga (2003:13) het Dido in hierdie boek haar “grondige kennis van drie Suid-Afrikaanse kulture, wit, bruin en Xhosa” benut in haar uitbeelding van die moeilike omstandighede waaronder polisiemanne en hul gesinne soms moet funksioneer.

Wat vir Van Zyl (2006:31) oor die algemeen aangaande Dido se romans opval, benewens haar genoemde gedurfdheid om kontensieuse onderwerpe indringend te ondersoek en nuwe terreine oop te skryf, is die kulturele meervoudigheid en meerstemmigheid wat die

© University of Pretoria

identiteitskonstruksie in haar werk reeds sedert *Die storie van Monica Peters* kenmerk. *'n Stringetjie blou krale* en *Die onsigbares* gaan volgens haar nog verder om die pluraliteit van verskillende kulture en tale op die voorgrond te plaas en te vier. Dido se unieke uitbeelding van verskillende identiteite, word afgelei, word as "nuut" en "anders" deur Van Zyl ervaar.

Anne Scheepers (1998:44-45) meen Dido se oogmerk met *Rugdraai en stilbly* was om sosiale betrokkenheid, die bewusmaking van "die lotgevalle van vroue vanuit alle rasse- en kultuurgroepe wat gebuk gaan onder die skeldnaam 'vrouemishandeling'…" onder lesers se aandag te bring. Scheepers sê: "Om hierdie rede is die werk van Dido sosiaal van veel groter betekenis as wat in hogere literêre kringe erken sal word." Scheepers se uitspraak suggereer dat Dido se uitbeelding van 'n maatskaplike euwel soos vrouemishandeling op ooglopend andere wyse 'n verskeidenheid sosiale identiteite ("lotgevalle van vroue vanuit alle rasse- en kultuurgroepe") betrek.

In haar bespreking van Dido se *Die onsigbares* meen Viljoen (2003:24) Dido is 'n "rasegte verteller met 'n sterk maatskaplike bewussyn" wat deur bepaalde waardes gedryf word. Ook De Villiers (2004:214) lê in haar bespreking van genoemde teks klem op die "sterk sosiale bewustheid wat uit die roman spreek" en meen dit is "tiperend van Dido se prosa-oeuvre". In hierdie boek lewer Dido, volgens De Villiers (2004:215), kommentaar op die algemene landswye misdaad, maar vestig veral die aandag op knelpunte rakende die polisiewêreld…" Viljoen en De Villiers se uitsprake suggereer dat Dido se aanpak van sosiale kwessies "anders" is.

'n Ander Ek is vir De Villiers (2007:215) nie polities gelaai soos Dido se vorige *Die storie van Monica Peters* en *'n Stringetjie blou krale* nie, maar Dido se "diep gesetelde maatskaplike bewustheid" wat "kenmerkend van haar werk geword het" blyk ook hier. De Villiers stel dit soos volg:

> Deur die hoofpersoon as enkeling uit te sonder, maak Dido die leser bewus van die trauma wat talle ander slagoffers van soortgelyke aanrandings in die hedendaagse gewelddadige Suid-Afrika ondergaan.

Sy toon ook die implisiete outeur se deernis met die "misdeeldes in die samelewing", veral die bergies, aan (De Villiers 2007:215). Van Zyl (2007:13) meen in *'n Ander ek* " is daar veel minder sprake van eksplisiete sosiale kritiek" en die didaktiese aspek wat vroeër "so sigbaar" in Dido se werke was, ontbreek. Tog word in die boek aangetoon "watter enorme inbreuk misdaad, soos ons dit tans in Suid-Afrika beleef", op die "gelukkiges" wat oorleef, en hul

© University of Pretoria

gesinne maak. Uit De Villiers en Van Zyl se uitsprake lei die navorser af dat hulle van mening is dat Dido die uitwerking van misdaad op 'n enkele slagoffer op unieke wyse uitbeeld.

Die sosiale en politieke implikasie van rassediskriminasie[16] kom, volgens etlike literêre kritici veral in Dido se *'n Stringetjie blou krale* aan die bod. Resensente soos Wybenga (2001:17), Stephanie Nieuwoudt (2000:8), Johan Coetser (2000:11) en Trevor Oosterwyk (2000:10) was oor Dido se *'n Stringetjie blou krale* van mening dat die belangrikste bydrae van hierdie boek die uitbeelding van rassediskriminasie tussen swart en bruin is. Ook Crous (2010:8) is van mening dat *'n Stringetjie blou krale* Dido se "geslaagste roman" is, omdat dit die "kwessie van identiteitsoeke in die Suid-Afrikaanse konteks vanuit 'n ander invalshoek" hanteer. Die uitsprake van genoemde literêre kritici oor die "ander invalshoek" van waaruit rassediskriminasie, naamlik tussen bruin en swart, in *'n Stringetjie blou krale* hanteer word, impliseer dat hulle meen dat die werk vernuwing in die Afrikaanse literatuur gebring het. Rassediskriminasie (bruin teenoor swart) word op 'n "ander" wyse as vroëer (wit teenoor bruin/swart) in die roman belig. Dit moet egter beklemtoon word dat rassediskriminasie nie in die postapartheidsbestel verdwyn het nie en steeds ter sake is, maar dat dit nie veronderstel is om op statutêre en afdwingbare wyse soos tydens apartheid te funksioneer nie.

Oosterwyk (2000:10) en Herman Wasserman (2001:6) gee in hul resensies in die eerste plek aandag aan die term "rassisme". Volgens Oosterwyk (2000:10) is rassisme "about the false belief that one's group is better than another purely on the basis of some physical marker, such as skin colour, a belief that leads to discrimination"[17]. Hy meen Dido se *'n Stringetjie blou krale* bevraagteken bepaalde voorveronderstellings rondom rassisme. Nomsa se terugkeer na haar wortels, is volgens hom "steeped in racism. Coloured racism." Oosterwyk (2000:10) sê: "Dido's novel presents vividly the intricacies of racial issues in a community created by racism and racial prejudice, one that continues to define its very existence by it."

Wasserman (2001:6) konsentreer op die verreikende implikasies van rasklassifisering soos wat dit in die apartheidsdae gegeld het wat tot diskriminasie en onderdrukking gelei het en ook 'n verskralende effek gehad het op Suid-Afrikaners se begrip van die kulturele omgewing waarbinne hulle hul bevind.

[16] Rassediskriminasie is vóór 1994 statutêr deur die apartheidsregering afgedwing, maar is statutêr na die eerste demokratiese verkiesing in 1994 afgeskaf. Die groepering van bevolkings volgens rasse in Suid-Afrika na 1994 het egter bly voortbestaan.
[17] Sien ook hoofstuk 1 oor rassisme as konstruk.

© University of Pretoria

Wasserman (2001:6) sê:

> Deur ingewikkelde kulturele prosesse te reduseer tot biologiese kenmerke soos velkleur, het die rasse-klassifikasie van apartheid van kultuur iets staties gemaak.

Volgens hom is deur die eensydige rasklassifikasie van die verlede die "boeiende wyses waarop kultuur voortdurend verander, of in wisselwerking met mekaar verkeer en mekaar wedersyds beïnvloed, uit die oog verloor". Hy impliseer dat die wyse waarop rassekwessies in die roman as 'n kulturele verskynsel (eerder as 'n kwessie van velkleur) uitgebeeld word, verandering van sienswyses hieroor moontlik maak. Wasserman (2001:6) is van mening dat die kulturele of etniese identiteit wat Nancy onderdruk, by haar tot spanning lei en ook as "waarskuwing (dien) dat die lang geskiedenis van spannings tussen verskillende groepe steeds 'n rol speel in 'n postkoloniale bestel". Hy is van mening dat die soeke na etniese identiteit ook aantoon "dat identiteit in 'n spanningsveld staan tussen waar 'n mens vandaan kom en waar jy jou tans bevind. Terwyl Nomsa/Nancy haar identiteit herbevestig deur 'n ontginning van haar oorspronge, is daar ook 'n bewustheid dat identiteit voortdurend heronderhandel word na gelang van iemand se huidige posisie" (Wasserman 2001:6).

Ook vir De Villiers (2003:170-171) tree 'n alternatiewe vorm van rassisme in *'n Stringetjie blou krale* te voorskyn, naamlik dié van "gekleurde" teenoor swart, waarmee die reduksie van kultuur as 'n statiese proses bevestig en herbevestig word wanneer dit verbind word aan die mens se persepsie van mag as behorende tot 'n bepaalde ras. Op vele vlakke vind daar in die roman 'n klemverskuiwing plaas in terme van die polariserende apartheidslogika, waardeur die stigmatiseringsproses deur die "wit" ras van die "ander", vervang word met 'n soortgelyke hiërargiese posisionering van die "kleurling" teenoor die swart ras as die "ander" (De Villiers 2003:171). Volgens De Villiers (2003:174) keer die hoofpersoon nie terug na 'n statiese siening van kultuur as iets wat *is* nie. Nancy is Xhosa, maar voel haarself ook 'n "gekleurde". De Villiers ag Nancy se verwoording hiervan aan haar seun as 'n gelyktydige bevestiging én ontkenning van die twee kulture as komplemente. Haar bewustheid "dat identiteit in 'n spanningsveld staan tussen waar 'n mens vandaan kom en waar jy jou tans bevind", soos Wasserman (2001:6) dit stel, word weerspieël in die nuwe naam wat sy kies, naamlik "Nancy Nomsa Karelse".

Minnie Lewis (2004:157-173) meen ook die leser in *'n Stringetjie blou krale* word gekonfronteer met die harde werklikheid van rassisme en die hoofpersonasie se moeilike taak om 'n leefbare ruimte en oortuigende identiteite vir die "gekonstrueerde hibried" te skep.

© University of Pretoria

Lewis (2004:169) toon aan dat Nomsa/Nancy en bruin vroulike identiteit 'n bedreigde identiteit is: sy is deel van twee kulture (swart en bruin) wat albei vroue marginaliseer. Nancy probeer haar swart vroulike identiteit onderdruk, maar kan nie daarvan los kom nie. Sy is terselfdertyd onlosmaaklik verbonde aan die "gekleurde" identiteit wat op haar afgedwing is. Uiteindelik, as "gekleurde" vrou, dubbel gemarginaliseer, verpersoonlik sy ook 'n dubbele emansipasie wanneer sy deur die grense van ras en geslagtelike marginalisering breek en oorleef om haar verhaal te vertel. Ook vir Van Zyl (2006:25-26) word die proses van emansipasie van die vroulike hoofkarakter te midde van 'n gemeenskap waar rassevooroordeel tussen wit en swart hoogty vier, in *'n Stringetjie blou krale* voltrek. Van Zyl (2006:27-28) is van mening dat in hierdie teks benadruk word dat identiteitsvorming 'n dinamiese proses is wat verband hou met beweging en verandering. Daar word by kleur as identiteitsaanduider verbygestreef deur die wordingsproses eerder te verbind met innerlike groei. Daardeur word 'n keuse geïmpliseer vir 'n nuwe soort identiteitsvorming, wat nie bloot op uiterlike voorkoms gebaseer is nie.

Moontlik kan Renders (AVRUG) se siening dat die roman as tema rassevooroordele in die "kleurlinggemeenskap" het, dui op 'n eensydige interpretasie. Die navorser meen, soos Van Zyl en Lewis, dat die roman veel eerder die dinamika van identiteitsvorming as die statiese aspek van rassevooroordeel as tema het.

In 'n onderhoud wat in *Rapport*, 17 Maart 2002 verskyn het, noem Dido pertinent haar oogmerk met die skryf van *'n Stringetjie blou krale*: "Ek wou kyk wat gebeur as jy jou identiteit ontken" en wou "veral die punt maak dat velkleur op sigself niks sê nie". Hieruit laat Dido blyk dat sy genoop gevoel het om deur die karaktertekening in die roman aan te toon dat kulturele verskille, eerder as velkleur, 'n merker van sosiale identiteit behoort te wees.

Uitsprake van die kritici oor veral sosiale identiteite wat pertinent in Dido se werke ter sprake kom, word bevestig deur Dido se eie formulering van haar poëtika. Teenoor La Vita (2007:13) erken sy dat sy dikwels in haar romans oor haar "eie mense" se ongunstige sosiale omstandighede skryf juis omdat daar so baie sosiale kwessies onder bruin mense is wat uitgelig moet word.

In 'n onderhoud (2008:8) wat met haar gevoer is oor haar hoofkarakters wat meestal bruin mense is, word Dido se woorde in Nederlands soos volg weergegee:

© University of Pretoria

> t' Zal wel komen doordat ik zelf 'bruin' ben. Ik weet hoe mijn mensen in de verschillende sociale klassen leven en praten. Overtuigend schrijven over iemand uit een andere groep is moeilijk.

Vir Cochrane (2008:36-37) lê Dido se bydrae tot die Afrikaanse literatuur in die feit dat sy "bepaalde ongekarteerde sosiale en kruiskulturele kwessies" soos huishoudelike geweld, kulturele konflik tussen swart en bruin en verbrokkeling in polisiegesinne beskryf. Cochrane se uitspraak suggereer dat Dido se skryfwerk oor kwessies soos huishoudelike geweld en kulturele konflik tussen swart en bruin vernuwing in die Afrikaanse literatuur bring. Uit veral *Die onsigbares* blyk vir hom dat die maatskaplike kwessies nie noodwendig beperk is tot 'n sekere etniese groep nie, maar dat almal wat onder huishoudelike stressors in die samelewing gebuk gaan, daarmee kan identifiseer.

Uitspraak 4: In 'n literêre werk word verskillende taalregisters funksioneel gebruik.

Uit onderstaande uitsprake van kritici is afgelei dat hulle Dido se funksionele gebruik van verskillende taalregisters in sommige van haar werke as 'n kenmerk van literatuur sien.
Loock (1997:8) vind Dido se taalgebruik in *Die storie van Monica Peters* "idiomaties, natuurlik".

De Villiers (2003:174) vind veral die effektiewe gebruik van verskillende taalregisters in *'n Stringetjie blou krale* van belang. Dido gebruik Standaardafrikaans vir die vertellersteks, maar ook 'n soort gehibridiseerde taal (gesien in woorde soos "gemixte bloed"; "viesgeit" en "tjaaina"). Naas die vertellersteks (De Villiers 2003:175) is daar dialooggedeeltes geskryf in Standaardafrikaans, in die omgangstaal van die plattelandse gekleurde, en in sogenaamde Kaaps. Oor Dido se taalgebruik in die roman laat Oosterwyk (2000:10) hom soos volg uit: "…Dido's command of Afrikaans and the use of the language is outstanding in the pictures she creates."

Abrahams (*LitNet*) toon, soos De Villiers by *'n Stringetjie blou krale* aangetoon het, dat die belangrike bydrae van *Die onsigbares* die effektiewe gebruik van verskillende taalregisters is. Hierdie eiesoortige taalgebruik van Dido kan ook gesien word as 'n konstruering van 'n eiesoortige gekleurde identiteit. Volgens Heidi de Villiers (2007:216) beweeg *Die onsigbares*, soos in "vorige romans" weg van die "hegemonie van die taal van die voormalige wit oorheerser" deur 'n losser, meer informele taal te gebruik. 'n Pluspunt van die roman vir Van Zyl (2006:31) is die outentieke taalgebruik, waardeur die spreekwyse van die onderskeie

© University of Pretoria

karakters uit verskillende dele van die land voorgestel word. Dido demonstreer in hierdie opsig dat sy 'n taalvirtuoos is wat verskillende registers en kodes voortreflik kan hanteer. Ook Viljoen (2003:24) vermeld Dido se gemaklike omgang met die spreektaal in die roman. Kannemeyer (2005:673) is van mening dat dit veral in die "sprankelende dialoog" van die roman is waarin Dido se groot verdienste lê.

Oor Dido se taalgebruik in *'n Ander Ek* stel Van Zyl (2007:13) vergelykenderwys die volgende:

> Soos in haar ander romans speel Dido weer 'n vernuftige speletjie met die verskillende taalvariante van Afrikaans. Die woorde in die verskillende taalregisters kry in hierdie proses 'n groter betekenislading: Dit benoem 'n ruimer konteks en help die leser om die verskillende karakters te kan plaas ten opsigte van hul plek van herkoms en hul posisie in die samelewing.

Riet de Jong-Goossens (2007:174) gee toe dat die "sappige 'kleurling'-Kaaps" wat in die roman gepraat word, dit vir buitelanders moeilik kan maak om te lees en die verhaal te ontrafel, maar, sê De Jong-Goossens "…laat dit de lezer er niet van weerhouden het boek te gaan lezen!"

Meads (2010:5) toon aan dat Dido, soos in haar vorige romans, in *Emma en Nella* gewone spreektaal afwissel deur 'n verskeidenheid vorme van Afrikaans in die mond van die verskillende karakters. Sy meen die unieke taalgebruik gee "kleur aan die roman" en toon aan dat Dido, soos in ander boeke, dikwels Xhosa- woorde tussenin gebruik.

Uit Loock, De Villiers, Van Zyl, De Jong-Goossens en Meads se uitsprake is afgelei dat hulle meen die uniekheid van bepaalde werke van Dido lê in die vernuftige aanwending van verskillende taalregisters, haar "vermenging" van taal.

2.4 Alles wat nie in literatuur gesê hoef te word nie

In die diskursiewe gebied van nie-bevel geld vir De Geest alle uitsprake rakende alles wat bloot in literatuur toegelaat kan word of verdra word. Uit literêre kritici se sieninge oor bepaalde aspekte van sekere van Dido se werke lei ek af dat werke wat na "middelmoot-literatuur" neig, eerder "verdra" word.

'n Bepaalde aspek van Even-Zohar se polisisteemteorie, naamlik dat verskillende soorte literatuur as subsisteme van 'n groter polisisteem funksioneer, sou in hierdie geval te pas kom.

© University of Pretoria

Even-Zohar (1979:292) formuleer die verband tussen verskillende literêre subsisteme soos volg:

> Thus, standard language cannot be accounted for without the non-standard varieties; literature for children is not considered a phenomenon sui generis, but is related to literature for adults; translated literature is not disconnected from "original" literature; mass literary production (thrillers, sentimental novels, etc.) is not simply dismissed as "non-literature" in order to evade discovering its mutual dependence with 'individual' literature.

As Even-Zohar se polisisteemmodel by sommige van Dido se tekste in berekening gebring word, sou "middelmoot-literatuur" as 'n subsisteem binne die polisisisteem van Afrikaanse prosa beskryf kan word.

Van Coller (2011:*LitNet*) beskou "middelmoot-literatuur", in Nederlands "triviaalliteratuur", as "meestal toeganklik, (lokaal)-realisties en maatskaplik betrokke".

Voorts word middelmoot-literatuur vir hom gekenmerk deur 'n "(eenvoudige verhaalstruktuur, ouktoriële vertelwyse, 'telling'" eerder as 'showing', blokkarakterisering, groot ooreenstemming tussen storie en verhaal, en beantwoording aan lesersverwagtings". Hy gee toe dat die sogenaamde "middelmoot-literatuur" 'n problematiese kategorie binne enige literêre veld is en dat daar geen eenstemmigheid oor hierdie soort literatuur bestaan nie.

Wurth (2009:345-361) toon aan dat die onderskeid tussen "hoë" en "lae" literatuur vanweë 'n verskeidenheid faktore vervaag het en onderskei nie duidelik tussen "hoë" en "lae" literatuur nie. Van sogenaamd "middelmoot-literatuur" of "triviaalliteratuur" sê Van Bork en andere (2012) die woord is afgelei uit die Latynse woord "trivialis" wat beteken "dit wat mens oral kan vind, dit wat vir almal toeganklik is". Van Bork e.a. (2012) is van mening dat triviaalliteratuur 'n normatiewe aanduiding is van

> dat deel van de literatuur dat niet behoort tot de teksten die gewoonlijk in de literatuurgeschiedenissen wordt behandeld of dat in de literatuurkritiek buiten beschouwing wordt gelaten omdat het niet tot de gecanoniseerde literatuur behoort.

Triviaalliteratuur gaan om populêre tekste wat afgestem is op massaverbruik, wat in die eerste plek ontspanning wil bring (Van Bork e.a.:2012). Soos Wurth, is Van Bork e.a.(2012) van mening dat die grens tussen "hoë" en "lae" literatuur nie duidelik aangetoon kan word nie, omdat die norme waaraan die verskil tussen "hoë" en "lae" literatuur gemeet kan word, nie verduidelik kan word nie. Daar bestaan egter iets soos 'n algemene siening oor wat 'n mens in 'n bepaalde periode onder triviaalliteratuur verstaan.

© University of Pretoria

Soos Van Coller, noem Van Bork dat triviaalliteratuur gekenmerk word deur 'n te groot voorspelbaarheid van die verhaalverloop, 'n weinig gekompliseerde vertelopbou, vereenvoudiging en/of swart-wit-tekening van die werklikheid en 'n konserwatiewe benadering van die onderwerp. Deur die illusie van werklikheidsbeheersing (held, gelukkige einde) en deur die naïewe erns en die gebrek aan humor en ironie wat gewoonlik in sodanige "middelmoot"-literatuur of dan triviaalliteratuur sigbaar is, word die leser as 't ware in 'n passiewe leeshouding gedwing.

Literêre kritici se klassifikasie van sommige van Dido se werke soos *Die storie van Monica Peters, Rugdraai en stilbly* en *Emma en Nella*, as "goeie, gewilde prosa", "lekkerleesstories" en "populêre verhale" hou waarskynlik met die term "middelmoot-literatuur"/triviaalliteratuur verband. Loock (1998:8) tipeer Dido se *Rugdraai en stilbly* as 'n "lekkerlees boek met 'n eietydse tema" (die uitwerking van gesinsgeweld op die betrokkenes) maar sy meen die boek is nie "groot letterkunde" nie. Sy klassifiseer dit wel as "gewilde prosa in Afrikaans". Marius Crous (2010:8) noem byvoorbeeld dat Dido haar sedert haar debuut gevestig het as "een van die Afrikaanse skrywers wat op 'n "konstante grondslag goeie, gewilde prosa lewer waarin die een of ander maatskaplike kwessie aan die orde gestel word."

Die volgende uitsprake berus op Van Coller se siening van die kenmerke van "middelmoot-literatuur".

Uitspraak 2.4.1: "Middelmoot-literatuur" is toeganklik.

Uit Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) se beskouing dat Dido se eerste twee werke as lokaal-realisties en toeganklik getipeer kan word, word afgelei dat haar werk by implikasie as "middelmoot-literatuur" gesien kan word.

Die "deernis en humor" waarmee onder andere die bergies se verhaal in *'n Ander Ek* vertel word, maak die roman vir Pakendorf (2007:4) "baie leesbaar vir 'n algemene publiek". Leesbaarheid vir die "algemene publiek" kan, by implikasie, as "toeganklikheid" gelees word en met "middelmoot-literatuur" verband hou.

© University of Pretoria

Uitspraak 2.4.2: "Middelmoot-literatuur" het 'n beskrywende, ongesofistikeerde vertelwyse.

Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) toon die ooreenkoms tussen Dido en Abraham Phillips se werk aan wanneer hy beweer dat albei "ongesofisticeerde verteltechnieken" gebruik.

Hy sê die volgende:

> Dat hun boeken ondanks het *gebrek aan diepgang* en de ooglopende afwezigheid van vakmanschap toch hun lezers kunnen bekoren ligt aan de naïeve ongekunsteldheid en de passionele overtuiging waarmee ze hun verhalen vertellen.

'n Beskrywende, ongesofistikeerde vertelwyse het waarskynlik op "middelmoot-literatuur" betrekking.

Hein Willemse (1996:30) meen Dido se debuut, *Die storie van Monica Peters*, behoort as 'n "populêre verhaal" gelees te word, vanweë Dido se gebruik van 'n "oorwegend beskrywende vertelwyse" en die vermenging van twee genres, naamlik dié van die liefdesverhaal en dié van die speurroman. Volgens hom is Dido se debuut 'n roman van "klein gebeurlikhede en persoonlike bekommernisse".

Uitspraak 2.4.3: "Middelmoot-literatuur" vertel 'n boeiende storie.

Loock (1997:8) vind die intrige in *Die storie van Monica Peters* "boeiend". Haar uitlating omtrent die storie se "boeiende intrige" kan by implikasie met "middelmoot-literatuur" verbind word.

Volgens Fernel Abrahams (2003:*LitNet*) maak die toenemende spanning wat uitloop op die gesinsmoord in Nadia Viljoen se verhaal van *Die onsigbares* 'n "**lekkerleesboek"** waarin die verskillende verhaalgrepe en perspektiewe *soos "*stukkies van 'n speurverhaal" blootgelê, uitgestel en dan weer aangevul word.

Uitspraak 2.4.4: "Middelmoot-literatuur" dra dikwels 'n didaktiese boodskap oor.

In die slotsom van haar bespreking oor *'n Stringetjie blou krale* verwys De Villiers (2003:177) na Ampie Coetzee (2001:84) se uitspraak dat die roman die volgende bepaald didaktiese

© University of Pretoria

boodskap oordra: “[W]ees wat jy gebore is, en weet waar jy vandaan kom.” In die lig van die voorafgaande sou De Villiers die volgende woorde kon toevoeg: “Wees wie jy gebore *is*, maar *word* ook meer. Weet waar jy *vandaan* kom, maar weet ook waarheen jy *onderweg* is.” Wat *’n Stringetjie blou krale* (2000) betref, meen Coetser (2000:11) die didaktiese toon is veral in die verhaalslot van hierdie werk sigbaar.

Uit literêre kritici se uitsprake is afgelei dat hulle, wat die didaktiese aspek van sommige van Dido se werke betref, soms met mekaar saamstem en ander kere weer van mekaar verskil. De Villiers (2004:216) is van mening dat, soos in vorige van Dido se romans, *Die onsigbares* nie aan idealisme en didaktiek ontkom nie. Van Zyl (2003:9) wys ook op die “soms didaktiese ondertoon van die verhaal”. Viljoen (2003:24) hierteenoor, meen egter dat hierdie verhaal ’n behoorlike balans tref tussen die “narratiewe en didaktiese”. Volgens Wybenga (2003:13) is die boek nie “eksplisiet” didakties nie, maar het wel ’n duidelik lerende inslag.

Die didaktiek waaraan die leser volgens Abrahams (2003:*LitNet*) meermale in hierdie werk blootgestel word, ’n bepaalde aspek van Dido se posisie as skrywer ter sprake. Wanneer bykans elke resensie en artikel daarna verwys dat sy die eerste bruin vrou is wat ’n boek in Afrikaans gepubliseer het, word Dido, so meen Abrahams, deel gemaak van wat ’n pioniersgeslag genoem kan word – die eerste groep bruin skrywers wat ná ‘94 gepubliseer het.

Die didaktiese toon van Dido se werke herinner hom aan die skrywersgeslag van die vroeë twintigste eeu wat (…) veral wou hê dat hulle boeke die ongunstige maatskaplike omstandighede (soos armoede, werkloosheid) waarin Afrikaners hulself toe bevind het, moes beklemtoon. Abrahams plaas hiermee die didaktiese aspek van Dido se werk binne ’n bepaalde historiese konteks. Hieruit lei die navorser af dat die eksplisiet didaktiese aard van Dido se werk in die teenswoordige tydsgewrig ’n soortgelyke funksie vervul as die Afrikaanse skryfwerk van die vroeë twintigste eeu (soos byvoorbeeld in J.R.L. van Bruggen se *Ampie*). Dido wil, is die implikasie, deur haar skryfwerk spesifieke maatskaplike euwels wat daar teenswoordig binne die bruin gemeenskap bestaan, beklemtoon. Sy wil lesers “leer” om op maatskaplike euwels soos armoede, werkloosheid en drankmisbruik bedag te wees en daardie gevare te vermy.

Stoffel Cilliers (2010:7) impliseer dat Dido in *Emma en Nella* lesers teen dwelmverslawing wil “waarsku”. Hy sê hieroor die volgende:

© University of Pretoria

> Soos in haar vorige romans beeld die skrywer weer 'n onrusbarende maatskaplike probleem uit; hierdie keer metamfetamien- of tikverslawing, wat veral in die Wes-Kaap epidemiese afmetings aanneem.

Ook Meads (2010:5) meen Dido wil in *Emma en Nella* die leser bedag maak op die gevaartekens van dwelmmisbruik, asook die gevare en die behandeling van dwelmverslawing.

In Dido se roman word, so meen Crous (2010:8), die gevolge van tikverslawing binne gesinsverband ondersoek.

Dido se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem kan nie net vanuit De Geest se funksionele sisteembenadering vasgestel word nie, maar ook vanuit Bourdieu se siening van simboliese kapitaal.

3 Dido se verwerwing van simboliese kapitaal in die Afrikaanse literêre veld

3.1 Die toekenning van simboliese kapitaal aan Dido

Instansies soos literêre uitgewerye, literêre kritici, literatuurhistorici, literêre prystoekenners en literêre voorskryfkomitees wat simboliese kapitaal besit, is daartoe gemagtig is om aan skrywers simboliese kapitaal toe te ken.

In vorige hoofstukke is aangetoon dat Bourdieu die literêre veld onderverdeel in twee subvelde, naamlik die outonome veld en die heteronome veld. Die outonome deel van die literêre veld is op literêre prestige (simboliese kapitaal) gerig. Dido het in die outonome veld veral vir *'n Stringetjie blou krale* simboliese kapitaal verwerf. Die heteronome deel van die literêre veld is op ekonomiese wins gerig. Dido se *Die storie van Monica Peters* en *'n Stringetjie blou krale* is herdruk. Sy het wel met genoemde werke in die heteronome veld ekonomiese sukses verwerf.

Die feit dat Dido se werke deur gevestigde literêre uitgewerye soos Kwela en Umuza gepubliseer is, dra tot haar literêre prestige by.

Heidi de Villiers (2003:167-179) en Dorothea van Zyl (2006:22-34), akademici met simboliese kapitaal, het bepaalde aspekte rondom die konstruksie van identiteit in *Die storie van Monica Peters* en *'n Stringetjie blou krale* in akademiese publikasies belig.

© University of Pretoria

Hierdie diepgaande besprekings dui daarop dat Dido literêre prestige (simboliese kapitaal) in die outonome literêre veld verwerf het. Tania Colyn het in haar MA-tesis Dido se oeuvre bespreek asook gepoog om Dido binne die Afrikaanse sisteem te posisioneer.

3.1.1 Literêre uitgewerye

Vir Bourdieu, so toon Verboord (2003:262) aan, speel die status van die uitgewery 'n bepalende rol in die toekenning van prestige aan 'n outeur. Literêre uitgewerye is 'n instansie met die mag om literêre prestige aan tekste toe te ken.

Dido se eerste vier romans is deur Kwêla, 'n filiaal van NB, 'n "bekende klein Suid-Afrikaanse uitgewer" wat "spesialiseer" in onder andere "fiksie uit Afrika", uitgegee. Kwela was aanvanklik daartoe verbind om aan voorheen benadeelde skrywers uitgeegeleenthede te bied. Kwela (www.kwela.com/) se huidige uitgeedoelwit is om "die trefwydte van Suider-Afrikaanse literatuur te verbreed en onvertelde stories te dokumenteer". Kwela kan as 'n gevestigde uitgewery beskou word wat kleiner in omvang is as byvoorbeeld Tafelberg en Human & Rousseau. Dido se mees onlangse twee romans is deur Umuzi uitgegee. Umuzi (www.randomstruik.co.za/struik-umuzi.php) is 'n filiaal van Random House Struik LTD wat hulself bestempel as "South Africa's biggest *publishing* house" wat "the best of both local, English and Afrikaans, and international titles" aanbied.

3.1.2 Literêre kritici

Hoewel 'n hele aantal literêre kritici soos Marius Crous, Heidi de Villiers, Dorothea van Zyl en Fanie Olivier Dido eksplisiet die eerste swart Afrikaanse vroueskrywer noem wat dit kon regkry om 'n boek in Afrikaans te publiseer, wys Hein Willemse (2007:211) daarop dat Frieda Gygenaar eintlik die eerste swart vrou was wat 'n roman in Afrikaans gepubliseer het, naamlik *My liewe klein Jo* wat in 1992 by Benedic Uitgewery verskyn het. Hy sê:

> Omdat haar roman uitdruklik op die populêre mark gerig is en by 'n kleiner uitgewery verskyn het, het Gygenaar veel minder aandag as E.K.M. Dido gekry wie se eerste roman, *Die storie van Monica Peters,* vir haar wye bekendheid besorg het.

Cochrane (2008:33-34) ag E. K. M. Dido in 2008 as die "hoofverteenwoordiger" van "swart Afrikaanse vroueskrywers" wat "haar posisie binne die literêre sisteem verstewig" het deur haar betrokkenheid by ander "uitvloeisels van die literêre sisteem soos byvoorbeeld haar

© University of Pretoria

hantering van besprekings op *Litnet* en betrokkenheid by literêre byeenkomste en debatvoering.

Volgens Van Zyl (2003:9) bevind Dido as "voorheen benadeelde" met die verskyning van haar vierde roman, *Die onsigbares,* haar in die posisie van 'n postkoloniale skrywer. Haar siening dat Dido se romans, soos die werk van A.H.M. Scholtz, baanbrekerswerk met 'n "outentieke "Afrika- en Afrikaanse kleur" is, word beskou as 'n toekenning van simboliese kapitaal.

In haar resensie van Dido se *'n Ander Ek* ken Van Zyl (2007:13) aan Dido die status van 'n bewese "baasverteller" toe wat, soos in haar vorige werke, 'n meesleurende "storie" vertel.

Van Dido, beweer Jaybee Roux (2007:8) dat daar nie na Dido as die éérste gekleurde vrou wat 'n "beduidende bydrae lewer tot die Afrikaanse letterkunde" verwys behoort te word nie. Dido is volgens hom "nie een van ons heel beste skrywers ten spyte van, óf as gevolg daarvan dat sy 'gekleurd' is nie; sy is 'n uitstekende skrywer. Punt." Roux ken aan haar die status van "uitstekende skrywer" toe.

3.1.3 Ander Afrikaanse outeurs

Abraham de Vries (1997:7), as bekende Afrikaanse kortverhaalskrywer 'n besitter van simboliese kapitaal, het tydens 'n colloquium verwys na "onlangse tekens in die Afrikaanse letterkunde" tot herontdekking van die individuele self. Hy verwys na die ego-dokumente van skrywers soos Abraham Phillips, E.K.M. Dido, A.H.M. Scholtz" waar die eie verhaal ingepas word in, so word aangeneem, die groter prentjie van die Afrikaanse literêre sisteem.

3.1.4 Literatuurhistorici

Aan Dido is bepaalde literêre prestige (simboliese kapitaal) toegeken deur literatuurhistorici wat haar oeuvre op hoofsaaklik positiewe wyse in literatuurgeskiedenisse vermeld het. Dido se debuut word deur J.C. Kannemeyer (2005:672), literatuurhistorikus en outeur van verskeie Afrikaanse literatuurgeskiedenisse, 'n "onthullingsroman" genoem. Van *'n Stringetjie blou krale* sê Kannemeyer (2005:673): "Soos in haar eerste twee romans slaag Dido ook hier om haar verhaal meesleurend te vertel, maar met die terugkeer van haar [Nomsa se] kinders kom daar 'n moralistiese element in die verhaal."

© University of Pretoria

Van Dido sê Henriette Roos (2006:69) dat haar werk "goed ontvang" is en dat sy steeds 'n "aktiewe skrywer" is. Dido is ook deur Luc Renders in 'n publikasie soos *Stilet* en tekste op die Internet vermeld.

Heidi de Villiers (2006:289-302) het 'n profiel oor E.K.M. Dido se oeuvre (wat strek tot by die verskyning van *'n Stringetjie blou krale*) in die 2006-uitgawe van *Perspektief en profiel* geskryf. In die profiel gee De Villiers 'n omvattende en deeglike oorsig van die belangrikste uitsprake wat kritici met literêre prestige oor Dido se werke gemaak het. Dit dien as bevestiging van Dido se literêre prestige.

3.1.5 Instansies wat literêre pryse toeken

Aangesien daar aan Dido tot op datum geen literêre prys vir enige van haar werke toegeken is nie, kan aangeneem word dat sy in hierdie deel van die literêre veld geen simboliese kapitaal verwerf het nie. 'n Ere-D.Litt-graad is in 2005 deur die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) aan haar toegeken vir "bydraes wat sy tot die literêre wêreld gemaak het" (www.kwela.com/authors/2595). Die D.Litt-graad wat aan haar toegeken is, word wel beskou as die verwerwing van simboliese kapitaal.

3.1.6 Voorskryfkomitees

Dido se *'n Stringetjie blou krale* is deur die Wes-Kaaplandse Onderwysdepartement vir graad 11-leerlinge (Afrikaans Huistaal en Eerste Addisionele Taal) voorgeskryf. Dit word as die verwerwing van simboliese kapitaal beskou.

3.2 Dido se posisie in die sosiale veld

3.2.1 Hexis en habitus

Dido se verwysing na haar hexis, haar "toestand" van bruin wees, hou nie slegs verband met die beperkinge wat "bruin wees" aan haar opgelê het nie, maar ook met bepaalde "voordele". Teenoor Murray La Vita (2012:13) en Elias P. Nel (2008:36) noem Dido haar armoedige, maar gelukkige kinderjare. Sy beskou, anders as Abraham Phillips, haar armoedige kinderjare egter nie as 'n sosiale struikelblok nie.

© University of Pretoria

Hoewel Dido teenoor Brümmer (2007:8) noem dat sy in die "ou dae" (tydens apartheid), "gesigloos" was en na haar aanvanklike "blydskap" oor die nuwe Suid-Afrikaanse samelewing met haar "issues" vrede moes maak, het sy uiteindelik tot die besef gekom dat sy nie 'n "helse politieke pawn" hoef te wees nie.

Sy noem teenoor La Vita (2007:13) dat sy in die beginjare van demokrasie in die nuwe Suid-Afrika as bruin mens "anders" behandel is: "eers was ek te 'swart' om wit te wees, en nóú is ek te 'wit' om 'swart' te wees" en dat deure ongelukkig soms toe gaan "omdat ek bruin is". Teenoor Sonja Loots (2003:24) sê Dido: "Ek wonder nog oor my mense se identiteit." Sy laat ook blyk dat baie van haar eie mense reeds haar "kop afgebyt" het oor haar gebruik van die woorde "bruin" en "Kleurling". Van "bruin"/"Kleurling" wees, sê sy: "Ek is 'n Kleurling. Ek kan nie weghardloop van daai nie." Deur haar stelling gee Dido blyke van haar gekonstrueerde gekleurde kulturele identiteit. Sy beskou die term "kleurling" klaarblyklik nie as 'n skeldwoord nie, maar as 'n selfverwysende term na haar kulturele identiteit.

Dido noem teenoor Nel (2008:36) dat sy mettertyd tot die insig gekom het dat sy 'n "Suid-Afrikaner, nie 'kleurling' of 'swart' nie, maar 'n skrywer van Afrika" is. Haar konstruksie van haar kulturele identiteit het, so blyk dit uit haar uitsprake, met verloop van tyd verander sodat sy in 2008 kan verklaar dat sy haarself nie (meer) op verengende, rasgebaseerde wyse as slegs "swart" of "kleurling" ag nie, maar op meer omvattende en inklusiewe wyse haarself as 'n skrywer van "Afrika" beskou. In die sosiale veld beleef sy haar posisie as "skrywer van Afrika", met ander woorde, sy beskou haarself as deel van die Afrika-kontinent.

In 'n onderhoud (2008:8) bespreek Dido haar werkswyse, toe sy *Die onsigbares* geskryf het. In die Nederlandse weergawe van haar woorde sê sy haar werkswyse was om na mense "die zelf in die werelden zitten" se verhale te luister. By die skryf van *'n Ander Ek* het sy baie navorsing oor die bergies self gedoen, met hulle gepraat, twee kere in 'n nagverblyf oorgeslaap, en selfs 'n nag buite geslaap.

Volgens haar het die bergies en swerwers (of hobo's) hulself meestal "heel netjies" voorgestel as "Meneer So-en So". Sy noem, in Nederlands weergegee, dat sy ondervind het dat daar binne hulle groep 'n duidelike "klassenscheiding" is:

> "low class, middle class, high class", maar vrijwel allemaal zijn het ontwikkelde mensen die een vak kennen of vroeger een zaak hadden.

© University of Pretoria

Dikwels, so beweer Dido, het bergies op straat beland weens gewone “spanningen en moeilijkheden” en van verantwoordelikheid af gevlug. Dido gee deur hierdie uitspraak te kenne dat sy, soos Abraham Phillips, wel deeglik van klasverskille onder bruin mense bewus is.

Dido se habitus verwys onder andere na haar vlak van geskooldheid. In onderhoude noem sy dat sy voor matriek die skool moes verlaat, maar matriek buitemuurs behaal het en haar as verpleegkundige verder bekwaam het. Die implikasie is dat sy, deur die verbetering van haar kwalifikasies vir haarself ’n beter posisie in die sosiale veld beding het.

Haar debuutroman (1996), noem Dido in ’n onderhoud met Brümmer (2007:8), het begin as ’n brief aan ’n koerant omdat sy uit verset wou kla teen “die swart ouens” wat ná ’94 “baie verbaal” was en “gevoel” het “die bruin mense weet nie van swaarkry nie; hulle was nooit in die struggle betrokke nie en hulle is die *jam* tussen twee snye brood”. Dido (2008:8) sê in ’n onderhoud, in Nederlands weergegee, dit was ’n lang en moeisame proses voor *Die storie van Monica Peters* by ’n uitgewer aanvaar is: Die oorspronklike Engelse manuskrip is telkens teruggestuur en eers “bij de vijfde verwijzing kwam ik bij Annari van der Merwe terecht, dat was toen Kwela”.

Annari van der Merwe het voorgestel dat Dido haar boek na Afrikaans omwerk. Dido meld teenoor Brümmer (2007:8) dat sy, ten spyte van vyf gepubliseerde romans agter haar naam, dit “as bruin skrywer nooit maklik” gehad het nie (’n verwysing na ’n vroeëre tydperk waartydens sy gemarginaliseerd op grond van velkleur gevoel het). Dido, so word gesuggereer, het slegs met inspanning en volharding ’n posisie in die sosiale en literêre veld verwerf. Dido gee ook blyke dat sy deur Van der Merwe se bemiddeling (binne Schmidt se teoretiese raamwerk) toegang tot die Afrikaanse literêre veld verkry het.

Dido se maatskaplike missie, naamlik bewusmaking van sosiale euwels onder bruin mense en bemagtiging van bruin kinders deur geletterdheidsprojekte, blyk uit onderhoude wat La Vita (2007:13) en Brümmer (2007:8) met haar gevoer het. Die bewusmaking en bemagtiging van bruin mense kan gesien word as Dido se strewe om sosiale kapitaal te verwerf.

4 Dido as gekanoniseerde skrywer

De Geest wil deur sy diskursiewe raamwerk wegbreek van die siening dat die literêre sisteem ewig en vasstaande is en eerder op die dinamika daarvan fokus. Volgens hom sal

© University of Pretoria

die mate waarin werke gekanoniseerd is, afhang van die diskursiewe ruimtes wat deur literêre kritici aan bepaalde werke toegeken word. Ten spyte van die soms teenstrydige uitsprake deur literêre kritici oor Dido se *Die storie van Monica Peters*, *'n Stringetjie blou krale* en *Die onsigbares* beskou die navorser genoemde werke as gekanoniseerd. *Die storie van Monica Peters*, *Rugdraai en stilbly* en *Emma en Nella* word deur etlike literêre kritici as nie-gekanoniseerde prosawerke geag.

Cochrane (2008:45) voer drie redes aan waarom hy meen dat Dido in die Afrikaanse literêre kanon opgeneem is. Sy is in Kannemeyer se *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (2005) opgeneem, 'n omvattende profiel oor haar verskyn in die 2006-uitgawe van *Perspektief en profiel* en sommige van haar verhale is opgeneem in die nuutste uitgawe van *Die Afrikaanse kortverhaalboek* (2005), saamgestel deur Abraham H. de Vries.

Daar is verskillende uitsprake oor Dido se werk, maar die feit dat sy soveel belangstelling in akademiese kringe uitgelok het en aspekte van haar werk in 'n skripsie en 'n proefskrif[18] ter sprake gekom het, dui op 'n proses van kanonisering.

5 Samevatting

Dido, as die eerste "swart" vrou (baanbreker) wie se eie outentieke stem in die Afrikaanse literatuur gehoor is, beklee 'n besondere posisie binne die Afrikaanse prosasisteem.

Op grond van bepaalde gekodifiseerde uitsprake van sekere kritici is afgelei dat Dido se *Die storie van Monica Peters, Rugdraai en stilbly* en *Emma en Nella* nie as [egte] literatuur beskou word nie. Van die aspekte uit hierdie werke wat volgens kritici se uitsprake beslis nie in [egte] literatuur gesê behoort te word nie, is onder andere 'n absoluut chronologiese en omslagtige manier van sê, eensydige uitbeelding van karakters en groepe, eksplisiete moralisering, voorspelbaarheid en geykte taalgebruik. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat genoemde werke binne De Geest se diskursiewe raamwerk bloot "verdra" word. In Even-Zohar se terme behoort hierdie werke waarskynlik tot die subsisteem van "populêre literatuur" of dan "middelmoot-literatuur". "Populêre literatuur" is in gekodifiseerde uitsprake geklassifiseer as meestal toeganklike, (lokaal)-realistiese en maatskaplik betrokke literatuur met 'n eenvoudige (moontlik enkellynige) verhaalstruktuur en 'n ouktoriële vertelwyse.

[18] Minnie Lewis (2005: UK) skryf 'n proefskrif oor ruimte en identiteit in die werk van "gekleurde" skrywers met spesiale verwysing na E.K.M. Dido. Tania Colyn (2010:US) skryf 'n MA-tesis oor die konstruksie van die identiteite van die vroulike figure in die werk van E.K.M. Dido.

© University of Pretoria

Bepaalde gekodifiseerde uitsprake van kritici soos Renders, Crous, Van Zyl en De Villiers oor aspekte van Dido se *Die storie van Monica Peters, 'n Stringetjie blou krale, Die onsigbares* en *'n Ander Ek* is binne De Geest se raamwerk geïnterpreteer as vernuwende tendense wat 'n verskuiwing in die literêre kanon kan meebring.

Dido se eiesoortige uitbeelding van gekleurde identiteite in *'n Stringetjie blou krale* en *Die onsigbares* is as 'n vernuwende tendens deur literêre kritici beskou.

Daar het uit teenstrydige gekodifiseerde uitsprake van bepaalde kritici omtrent Dido se *Die storie van Monica Peters* geblyk dat sy in verskillende posisies binne De Geest se diskursiewe raamwerk geplaas kan word. Hein Willemse se uitspraak dat die debuut na "populêre literatuur" neig, word as 't ware "weerspreek" wanneer Van Zyl poneer dat Dido in hierdie teks in haar eie outentieke stem die verhaal van die voorheen gemarginaliseerde swart vrou vertel en daardeur die swart vrou in die sentrum plaas. Uit Van Zyl se uitspraak is afgelei dat sy Dido se debuut wel as [egte] literatuur sou beskou.

Literêre kritici soos Viljoen en Wybenga het aangetoon dat dit duidelik uit Dido se oeuvre blyk dat sy as skrywer ontwikkel het, terwyl Crous en De Villiers ook insinkings in haar oeuvre aangetoon het.

Dido neem 'n beduidende posisie in die Afrikaanse literêre sisteem in. Benewens die vermelding in erkende, resente literatuurgeskiedenisse en 'n omvangryke profiel deur Heidi de Villiers (2006:289 e.v.), is haar *Stringetjie blou krale* deur 'n onderwysinstansie vir 'n bepaalde tydperk voorgeskryf. Hoewel Dido geen literêre prys vir enige van haar werke ontvang het nie, het sy in 2005 erkenning van 'n tersiêre instansie verkry deur die toekenning van 'n eredoktorsgraad. Sy verkry verdere sosiale kapitaal deur verskeie optredes as openbare spreker.

Dido se uitsprake oor die belangrikheid van haar (kulturele) gekleurde identiteit blyk uit haar onderhoude met Afrikaanse en Nederlandse onderhoudvoerders. Sy laat blyk dat sy haar kulturele identiteit binne die Suid-Afrikaanse opset aanvanklik (na 1994) op eensydige wyse as gemarginaliseerd, maar mettertyd op 'n meer verruimende wyse as "skrywer in Afrika" gekonstrueer het. Sy laat, soos Abraham Phillips, haar bewustheid van klasseverskille onder "bruin" mense blyk, maar anders as Phillips, het sy nie die persepsie dat haar eie sosiale groep haar minag nie. Haar taak as skrywer sien sy, soos Phillips, as die ontmaskering van maatskaplike wantoestande en die opheffing van haar eie mense.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 6: "MINDER PROMINENTE" SWART SKRYWERS VAN AFRIKAANS BINNE DIE AFRIKAANSE PROSASISTEEM

1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word "minder prominente" swart skrywers wat sedert 1992 Afrikaanse prosawerke gepubliseer het, bespreek. Hierdie swart skrywers word as minder prominent as Abraham Phillips, A.H.M. Scholtz en E.K.M. Dido geag, omdat daar 'n beperkte aantal resensies oor hul werke verskyn het en die meeste van hulle slegs een werk gepubliseer het. Die meeste van genoemde skrywers is ook net terloops, indien enigsins, in literatuurgeskiedenisse vermeld. S.P. Benjamin, Kirby van der Merwe en in mindere mate P.J. Philander se werk het wel groter aandag van literêre kritici ontvang, maar na die navorser se mening nie genoeg om 'n afsonderlike hoofstuk te regverdig nie. Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie is as raamwerk gebruik, omdat die navorser van mening is dat die handelingsrol van literêre verwerking deur die *elite* 'n bepalende rol gespeel het in die posisionering van die "minder prominente" "swart" skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse prosasisteem. Ook die handelingsrol van bemiddeling het 'n relatief belangrike rol gespeel in die posisionering van hierdie skrywers binne die sisteem. Bepaalde aspekte van Pierre Bourdieu se siening van habitus, hexis en verwerwing van simboliese en sosiale kapitaal, kom ook, waar dit by genoemde skrywers van toepassing is, aan die bod. Even-Zohar se siening van instansies wat verband hou met etlike swart skrywers se werk word gebruik om enkele ander sake te belig wat by hierdie skrywers van belang is met betrekking tot hul posisies binne die sisteem.

2 Schmidt se operasionele sisteemteorie

Soos reeds in hoofstuk 2 aangetoon, sien Schmidt (2010:3) die literêre sisteem as die wedersydse interaksie tussen vier handelingsrolle, naamlik produksie, bemiddeling, resepsie en verwerking.

Die rolle beskou Schmidt (1982:19) as menslike, sosiale handelinge wat met 'n bepaalde intensie en volgens 'n bepaalde strategie binne 'n bepaalde samelewing uitgevoer word. Agente is reële sosiale individue met 'n geskiedenis van sosialisering wat binne 'n bepaalde situasie optree. Hul handelinge word beïnvloed deur hul behoeftes, vermoëns, motiverings en intensies (Schmidt 1982:19).

© University of Pretoria

Schmidt (1982:62) beweer die handelingsrolle van produksie, bemiddeling, resepsie en verwerking is nie na willekeur verwisselbaar nie.

Volgens Schmidt (1982:95) bestaan daar temporele en kousale verhoudings ten opsigte van die vier handelingsrolle. Eers vind produksie plaas, dan bemiddeling, dan resepsie, dan verwerking. Produksie maak die ander drie handelingsrolle moontlik. Bemiddeling maak resepsie deur 'n substansiële gehoor moontlik. Verwerkers bestee gewoonlik eers aandag aan 'n literêre teks nadat dit wyd ontvang is.

Schmidt (1997:123) gebruik die begrip "elites" vir individue of georganiseerde groepe wat met mekaar saamwerk óf van mekaar verskil soos deur die sisteem bepaal word. Elites stel sosiaal relevante ideë, oortuigings en ingesteldhede bekend en stabiliseer en verander ideë, oortuigings en ingesteldhede. Omdat elites bevoorregte handelingsmoontlikhede het, kan hulle bepaalde literêre handelinge en besluite uitvoer wat openbare menings kan beïnvloed en die publiek se handelinge kan stuur.

2.1 Die handelingsrol van literêre produksie

Teksprodusente kan individue of groepe wees met 'n geskiedenis van sosialisering en bepaalde sosiale waardes waarvolgens hulle optree (Schmidt 1982:109). Die produsent wat 'n (literêre) "produk" geskep het, "versoek" implisiet 'n agent soos 'n literêre uitgewery wat hom met literêre produksie bemoei, om die produk as 'n literêr-kommunikatiewe teks te hanteer. Schmidt (1982:96) beweer produksie vereis gewoonlik vorige resepsie. Volgens hom kan 'n outeur nie 'n literêre werk produseer sonder dat hy/sy ander literêre werke gelees het nie. Produsente struktureer hul produkte op optimale wyse met die hoop op kanonisering (Schmidt 1982:57).

2.2 Die handelingsrol van literêre bemiddeling

Schmidt (1982:131) stel dit dat literêre bemiddeling gewoonlik uitgevoer word deur 'n instansie soos 'n literêre uitgewery wat toegewy is aan die massaproduksie en verspreiding van literêre tekste.

Die intensie van 'n literêre bemiddelaar is die bekendstelling van 'n outeur aan ontvangers en verwerkers (Schmidt 1982:131). Bemiddelaars het dus verwagtinge oor die resultate van die bemiddelingshandeling asook die ingesteldhede van die bedoelde ontvangersgehoor.

© University of Pretoria

Literêre bemiddelaars se oogmerk is om deur middel van bepaalde strategieë die gehoor se handelinge te beïnvloed (Schmidt 1982:124).

Bemiddelingshandelinge sluit vir Schmidt (1982:125) onder andere die volgende aspekte in: kommunikasie met die outeur oor die produksie of verwerking van die manuskrip, die besluit oor 'n gegewe medium en die redaksie van die manuskrip.

Bemiddelingshandelinge sluit ook alle handelinge in rakende die oppervlakteteks: die keuse van die lettertipe, die uitleg, die drukproses en die bindproses. 'n Bykomende bemiddelingsrol is dié van verspreiding wat versending van die voltooide produk na ontvangers insluit, byvoorbeeld die vervoer na boekhandelaars. Benewens verspreidingshandelinge vervul uitgewerye ook die bemiddelingsrol van bemarking. Bemarking sluit alle bekendstellingshandelinge deur individue of groepe in (Schmidt 1982:126).

2.3 Die handelingsrol van resepsie/ontvangs

Literêre resepsie tree in werking wanneer 'n ontvanger in 'n bepaalde situasie 'n oppervlakteteks as 'n literêre teks waarneem. Schmidt (1982:136-137) meen een van die voorwaardes vir resepsie is onder andere die ontvanger se vermoë om bepaalde tekstipes te herken. Resepsie is nie blote passiewe ontvangs nie, maar impliseer reeds 'n mate van verwerking.

Verskeie faktore kan 'n rol by resepsie speel, onder andere ontvangers se persoonlike ekonomiese situasie, hul toegang tot literêre kommunikasie deur boekaankope, hul beroepe en voorkeure ten opsigte van vryetydsbesteding; hul sienings van heersende magstrukture; hul status binne die sosiale klas asook sosiale instansies soos familie, skool en universiteit se invloed op hul werklikheidsbeeld.

Resepsie van 'n literêre produk kan eers plaasvind nadat produksie en bemiddeling in werking gestel is.

2.4 Die handelingsrol van literêre verwerking

Verwerking vind eers plaas nadat produksie, bemiddeling en resepsie plaasgevind het (Schmidt 1982:96).

© University of Pretoria

Literêre verwerking is 'n spesiale soort sosiale handeling. Die inset tot literêre verwerking is 'n oppervlakteteks wat deur die verwerker as literêr geag word.

Die uitset of resultaat van die literêre verwerkingshandeling is 'n "nuwe" teks wat die een of ander metatekstuele vorm van verbalisering aanneem: analise, sintese, parafrase, kondensasie, ko-tekstuele beskrywing, verwysing, regverdiging, evaluering en vergelyking (Schmidt 1982:156).

Teksverwerkers beoefen teksverwerking as beroep, gaan volgens bepaalde konvensies te werk en verbaliseer hul bevindinge.

Volgens Schmidt (2010:3), is die literêre teks in sosiale prosesse ingebed wat volgens 'n bepaalde samelewing se sosiale, kulturele, politieke en ekonomiese voorwaardes funksioneer. Literêre fenomene is ingebed in literêre sisteme. Literêre tekste word nie beskou as objektiewe entiteite nie, maar eerder as die resultaat van hoogs gekondisioneerde sosiale prosesse wat uitloop op die produksie of resepsie van literêre tekste (Schmidt, 2010:4.

3 "Minder prominente" "swart produsente van prosawerke in Afrikaans sedert 1992

3.1 Inleidende opmerkinge

Die "minder prominente" "swart" outeurs of dan reële agente wat sedert 1992 Afrikaanse literêre produkte binne die Suid-Afrikaanse sosiale werklikheid geproduseer en by literêre uitgewerye gepubliseer het, word hieronder in chronologiese volgorde vermeld.

- Karel Benjamin: *Staan uit die water uit!: 'n Kaapse jeug* (1996) en *Pastoor Scholls trek sy baadjie uit en ander verhale* (1999) (Kwela Uitgewery)
- S.P. Benjamin: *Die reuk van steenkool* (1997) en *Die lewe is 'n halwe roman* (1999) (Queillerie Uitgewery)
- Clive Smith: *Bly te kenne, Braam* (1997) (Kwela)
- Joseph Marble: *Ek, Joseph Daniel Marble* (1999) (Kwela)
- Elias P. Nel: *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) en *Mafoiing en annerlike gelofietjies* (2001) (Tafelberg Uitgewery)

© University of Pretoria

- Kirby van der Merwe: *Klapperhaar slaap nie stil nie* (1999) (Kwela)
- P.J. Philander se prosadebuut: *Rebunie (*2000) (Human & Rousseau)
- Catherine Willemse: *Met 'n diepe verlange* (2006) (Human & Rousseau)
- Bettina Wyngaard: *Troos vir die gebrokenes* (2009) en *Vuilspel* (2013) (Umuzi Uitgewery)
- Anastasia de Vries se bundel rubrieke: *Baie melk en twie sykers* (2010) (Protea Boekhuis)
- Zain Eckleton: *Die rolbalspeler* (2011) (Kwela Books)

S.P. Benjamin en Kirby van der Merwe se werk het meer aandag van teksverwerkers ontvang as dié van ander produsente.

3.2 Die handelingsrol van produksie

3.2.1 Produsente as individue

Schmidt (1982:96) se bewering dat produksie gewoonlik vorige resepsie vereis en dat 'n outeur nie 'n literêre werk kan produseer sonder dat hy/sy ander literêre werke gelees het nie, kan waarskynlik nie in alle gevalle as "geldig" aanvaar word nie. In sy bespreking van Karel Benjamin se debuut stel Hein Willemse (1997:33) dit dat die wanopvatting bestaan dat letterkunde die "verwoording van die ervaringe van 'n intellektuele, sosiale en ekonomiese elite" is en dat die werkersklas hoofsaaklik mondeling ingestel is, uit noodsaak lees en skryf en nie vir die "plesier" daarvan letterkunde "lees" of lewer nie. Willemse (1997:33) konstateer: "Ek twyfel of Benjamin die Afrikaanse letterkunde lees." Hy prys Benjamin se "sonderlinge talent as skrywer (…) uit die groot Afrikaanssprekende werkersklas" aan.

Willemse, so lei die navorser af, huldig die opvatting dat skrywers uit die "werkersklas" (nie deel van die "*elite*" nie) se "letterkunde" nie noodwendig mondelinge letterkunde hoef te wees nie en in dieselfde mate "letterkunde" as "hoë" letterkunde kan wees. Dit wil dus voorkom of Willemse sowel "werkersklas-letterkunde" as "hoë" letterkunde op inklusiewe wyse bloot as "letterkunde" sou wou klassifiseer. Sy mening dat Benjamin se debuut 'n meer genuanseerde beeld van die Afrikaanse leeswêreld in sy geheel gee, word as 'n kanoniserende handeling beskou.

© University of Pretoria

Op Karel Benjamin se begrafnis het Annari van der Merwe (Wyngaard, H. 2002:8), uitgewer by Kwela, gesê:

> Oom Kallie was 'n natuurlike verteller met 'n aanvoeling vir die dramatiese en humoristiese. Sy lewenservaring en die mense wat hy teëgekom het, het hom sulke ryk stof gebied dat hy daaruit sy staaltjies kon skep.

Van der Merwe se uitlating suggereer dat outeurs wat beperkte literêre blootstelling gehad het, vir literêre produksie uit ander bronne soos hul natuurlike vermoëns kan put.

S.P. Benjamin voldoen, anders as Karel Benjamin, aan die "vereiste" wat Schmidt aan 'n outeur stel, naamlik dat produksie vorige resepsie vereis. Uit onderhoude met Antonia Steyn (http://www.litnet.co.za/mond/sbenjamin.asp) en Wilhelm Snyman (1998:12) blyk dit dat Benjamin boeke van Afrikaanse outeurs soos Jeanne Goosen, Dolf van Niekerk, Etienne van Heerden, Eben Venter en Koos Kombuis gelees het.

Hy het dus kennis van Afrikaanse literêre werke gehad toe hy sy debuut, *Die reuk van steenkool,* geskryf het.

Clive Smith (2009:8) gee te kenne dat hy as tiener Iain Banks se *The Wasp Factory* en werke van Ernest Hemingway gelees het. Veral Hemingway, sê Smith (2009:8), "taught me a lot how to be a writer". Smith het dus wel vorige literêre blootstelling gehad toe sy debuut, *Bly te kenne, Braam* in 1997 gepubliseer is.

Andries Visagie (2003:208) tipeer Joseph Marble as 'n man uit die werkersklas wat ongeveer nege jaar skool gegaan het. Marble kan dus as halfgeskoold en met beperkte vorige literêre blootstelling beskou word. Cecile Cilliers (1999:7) asook Leana Lategan (2000:6) maak in hul resensies gewag van 'n "redaksionele hand" wat in Marble se werk (te) sigbaar is. Lategan (2000:6) meen die roman het 'n "naïewe vertelstyl" terwyl Gretel Wybenga (1999:7) meen die aanbod van sommige van die verhaalgegewe is so kru dat die leser gedurig in gedagte moet hou dat 'n onbetroubare verteller waarskynlik bepaalde gebeure vertel. Uit Wybenga en Lategan se stellings is afgelei dat Joseph Marble waarskynlik beperkte literêre blootstelling gehad het en op sy herinnering van onaangename gebeure uit sy verlede staat gemaak het toe hy sy debuut geskryf het.

Teenoor Le Roux Schoeman (2009:12) laat Elias P. Nel hom soos volg oor die maak van stories uit: "Ek is van kleins af geskoei in die verteltradisie." Hy het, in opdrag van Radio

© University of Pretoria

Sonder Grense, letterlik “stories” op die platteland gaan haal en opgeteken. Mondelinge verhale, sê Nel, bestaan reeds “(l)ank voor boeke of enige ander tegnologie.” Nel het vorige blootstelling aan ’n vorm van “literêre” produksie, naamlik die mondelinge verteltradisie, gehad toe hy sy eie twee kortverhaalbundels geskryf het.

Op die agterplatteks van Kirby van der Merwe se debuut, *Klapperhaar slaap nie stil nie,* word Van der Merwe as “oud-kunsonderwyser” aan die leser bekend gestel. Daar word veronderstel dat P.J. Philander, as digter en onderwyser, toe sy prosadebuut, *Rebunie*, geskryf en aan ’n uitgewer voorgelê is, wel literêre blootstelling gehad het. Die navorser se interpretasie van “onderwyser” is dat in Van der Merwe en Philander se geval hulle kennis van literêre produkte (moes) gedra het.

Anastasia de Vries, ’n bekende rubriekskrywer en joernalis, het literêre blootstelling gehad voor die publikasie van *Met baie melk en twie sykers*.

Bettina Wyngaard, ’n regsgeleerde en outeur van *Troos vir die gebrokenes* en *Vuilspel,* het uit die aard van haar beroep universiteitsopleiding en waarskynlik literêre blootstelling gehad.

Zain Eckleton noem teenoor Willemien Brümmer (2011:12) dat hy ’n leser is wat reeds so vroeg as in 1986, toe sy eerste kortverhaal in *Huisgenoot* gepubliseer is, biblioteke besoek het op soek na geskikte “leesgoed” waarmee hy kon identifiseer. Die biblioteekboeke was egter uit die “oogpunt van wit skrywers” geskryf. Hy wou ook graag lees oor kinders op die Kaapse Vlakte, maar kon nie geskikte leesstof deur bruin skrywers hieroor vind nie. Eckleton sê:

> Ek het besef daar’s nie plek vir bruin skrywers in die normale publikasiewêreld nie en ek het nie gehou van hoe Adam Small bruin mense uitbeeld nie. Almal weet van *District Six, die musical.* Dis *nice*, dis lekker humor en so aan, maar dis net ’n baie klein deel van die bruin kultuur. Dis waar my skrywery begin het, want ek wou ’n ware weergawe gee van die bruin mense in Suid-Afrika.

Uit Eckleton se mededeling blyk dit dat hy van kindsbeen af ’n leser was wat hom met bepaalde tipes boeke wou identifiseer. Toe hy nie geskikte leesstof in sy belangstellingsveld kon vind nie, het hy geroepe gevoel om self boeke te skryf waarmee lesers kon identifiseer. In sekere sin neem Eckleton, deur hom afwysend teenoor wit en bruin skrywers op te stel, ’n kontesterende skrywersposisie in (Bourdieu).

© University of Pretoria

3.2.2 Produsente as groepe/instansies

Uitgewerye is ten nouste gemoeid met die produksieproses van individuele produsente se produkte, aangesien 'n produsent gewoonlik sy produk (manuskrip) aan 'n uitgewery voorlê. Keurders in diens van uitgewerye, lees die produk en maak dan aanbevelings daaroor. In etlike gevalle word daar agente aangewys om die produsent te help om die produk verder af te rond (sien Burger se kritiek oor uitgewerye op bladsy 80). Wanneer die produk as aanvaarbaar beskou word en daar oorleg oor die lettertipe, bladuitleg en omslag gepleeg is, word daar met die produksieproses begin. In die studie het die navorser op die bemiddelende rol eerder as produksierol van uitgewers gekonsentreer, aangesien die verkryging van uitgewerye se produksiedata buite die bestek van die studie val.

3.3 Die handelingsrol van literêre bemiddeling

3.3.1 Bemiddelende handelinge

In 'n redaksionele kommentaar waarin Wium Van Zyl (1997:1) as pleitbesorger vir bruin skryfwerk optree, vermeld hy dat die wêreld van die Afrikaanse boek **teen 1997** (my beklemtoning) nog altyd sterk op 'n blanke leserspubliek afgestem was en dat daar 'n "groeiende verset" by "gekleurde" Afrikaanssprekendes teen dié toestand is.

"Gekleurde" Afrikaanssprekendes se pogings om vir skrywers uit "opsygeskuifde gemeenskappe publikasiegeleenthede buite die gevestigde en gewantroude uitgewers te bied", was volgens hom slegs gedeeltelik geslaagd, omdat die "kapitaal en deskundigheid van byvoorbeeld Tafelberg Uitgewers" ontbreek het. Hy toon in hierdie verband die bemiddelende rol van Annari van der Merwe met haar "meertalige, uiters professionele uitgewery, Kwela Boeke" en Queillerie Uitgewers aan. Genoemde uitgewers het, so meen hy, tot die toetrede van swart Afrikaanse prosaskrywers tot die mark bygedra. Van Zyl toon aan dat dit nie soseer 'n kwessie was dat "gevestigde uitgewers vroeër nie hierdie skrywers wou uitgee nie", maar dat "gekleurde Afrikaanssprekendes" hulself "nou" (1997) nie meer as "tweedeklas burgers in die taalgemeenskap voel nie", maar toenemend 'n besef van eiewaarde ontwikkel.

Volgens Van Zyl (1997:1) is hierdie swart skrywers se "grootste prestasie" dat hulle 'n "te lank geslote verhaleskat" vir mense "dwarsoor die hele Afrikaanse spektrum" ontsluit. Hy meen swart Afrikaanse prosaskryfwerk skep die geleentheid om 'n verdeelde taalgemeenskap te

© University of Pretoria

versoen. Van Zyl vertolk hier deur die openlike propagering van swart Afrikaanse skryfwerk 'n bemiddelende rol.

Antjie Krog (2001:34) maak melding van die belangrike bemiddelende rol wat Kwela gespeel het in die verskyning van bruin mense se skryfwerk. Volgens haar het dit 'n "verfrissende verskuiwing teweeggebring vanaf 'n (dikwels snobistiese) verering van styl- en strukturele eksperimente na 'n waardering vir die oopskryf van voorheen onbekende geskiedenisse en nuwe leefwêrelde". Sy beweer die "belewing van apartheid wat vroeër hoofsaaklik spekulatief en filosofies deur wittes gesien is, is nou (2001) eerstehands blootgelê." Twee sake val by hierdie bewering op: (1) die suggestie dat die belewing van apartheid in skryfwerk in die verlede (bloot) op spekulatiewe wyse deur "wittes" bejeën is, (2) dat bruin mense nou deur Kwela die geleentheid gegun word om oor hul belewing van apartheid en hul eie wêrelde te skryf.

Krog (2001:34) haal 'n belangrike uitspraak van Marion Hattingh oor Abraham Phillips se debuut aan:

> As 'n uitgewer meen dat hy aan lesers wil deurgee dat die boek as tydsdokument eerder as hoge letterkunde gelees moet word, dan kan hy dit in sy bemarkingsveldtogte deurgee en/of 'n agterbladteks in dié verband skryf. Enige teks wat goed versorg is deur die uitgewer, kort nie die kierie van 'n voorwoord of die persoon agter die boek om die boek te verkoop nie. 'n Uitgewer wat haar/sy sout werd is, sorg dat daardie unieke klank in 'n skrywer se stem eg en reg deurkom. Dit is die sorgplig van elke uitgewer.

Elke uitgewer het, volgens Hattingh (Krog, A. 2001:34), die plig om voldoende geld beskikbaar te stel vir keurders en om genoeg personeel aan te stel wat manuskripte saam met die skrywer kan versorg. Die implikasie is dat uitgewers 'n verpligting het om bruin skrywers se potensiaal sodanig te verwesenlik dat hulle werke gepubliseer kan word. Hattingh se uitlating kan as 'n direkte aanklag teen uitgewers beskou word wat nie hul (maatskaplike) verpligting teenoor agtergeblewe gemeenskappe nakom nie (sien ook Burger se siening hieroor op bladsy 80).

© University of Pretoria

3.3.2 Persepsies oor die bemiddelende rol van uitgewers

3.3.2.1 Persepsies van skrywers wie se werk nie deur gevestigde uitgewers uitgegee is nie

Hoewel Valda Jansen[19] (1996:22-24) nie self 'n prosawerk in Afrikaans, by 'n gevestigde uitgewery gepubliseer het nie, het sy in 1996 wel etlike ongemaklike kwessies rondom 'n eksklusiewe "wit" Afrikaanse letterkunde geopper. Uit Jansen se konstatering dat die Afrikaanse letterkunde "nog altyd 'n wit issue" is, "die swart skrywer op sigself nie goed genoeg is nie" en "eers aanvaar (sal) word as hulle in wit skrywers se voetspore volg", lei die navorser af dat sy meen swart skrywers word op doelbewuste wyse uit die wit Afrikaanse letterkunde gehou en dat van swart skrywers verwag word om "soos wit skrywers" te skryf.

Jansen (1996:22-24) rig 'n pertinente waarskuwing aan "wit" mense wanneer sy die volgende sê:

> Die wit mense sal moet ophou met hulle paternalistiese toesighouery en voorskrywery en die swart skrywers moet besef dat hulle stemme broodnodig is vir 'n gebalanseerde beeld van die Suid-Afrikaanse samelewing.

Die navorser se interpretasie van Jansen se stelling is dat sy die persepsie gehad het dat "wit" skrywers (steeds) (1996) neersien op swart skrywers en op hooghartige wyse voorskriftelik optree teenoor hulle. Dit wil uit haar "aanklag" lyk of die sogenaamde "ras"kwessie twee jaar ná die demokratiese verkiesing nog steeds hoogty vier. Dit veroorsaak klaarblyklik dat swart skrywers steeds die persepsie van uitsluiting het.

Zelda Jongbloed (2001:28) pleit in 'n artikel dat die bruin skrywer en leser 'n "plek in die son móét kry". Koos Human (2001:17), literêre bemiddelaar in die uitgewersbedryf, wys in sy repliek op Jongbloed (2001:28) daarop dat Small, S.V. Petersen en P.J. Philander se werke, hoewel in "Standaardafrikaans", wél deur gevestigde (lees "wit") uitgewerye gepubliseer is, en Adam Small se werk in "Kaaps", sowel as "Standaardafrikaans" (*Heidesee)* ook deur 'n gevestigde uitgewery gepubliseer en goed ontvang is. Human (2001:17) erken gevestigde uitgewerye het in die verlede al oordeelsfoute oor Afrikaanse manuskripte begaan, maar hy betwis Jongbloed se uitspraak dat daar 'n "doelbewuste afkeur van werk van 'bruin' skrywers" by gevestigde uitgewerye soos Tafelberg was".

[19] Jansen het wel gedigte in verskeie publikasies gepubliseer.

© University of Pretoria

Willem Fransman Junior (2004:4) wat nie 'n literêre produk by 'n hoofstroomuitgewery gepubliseer het nie, glo teen 2004 dat daar steeds te min bruin/swart "gepubliseerde skrywers"[20] is. Volgens sy mening word daar voorskriftelik teenoor bruin skrywers opgetree en word hulle nie (deur gevestigde uitgewerye) toegelaat om oor hul eie "struggle" te skryf nie. Hy impliseer dat bruin skrywers wat oor hul eie "struggle" skryf, doelbewus deur uitgewers uit die literêre sisteem gesluit word. Hy meen die swart skrywersbyeenkomste van 1985 en 1995 en hoofstroom-uitgewers en belanghebbers in Afrikaans se betrokkenheid hierby, het die probleem van uitsluiting nie opgelos nie. Fransman Junior (2004:4) wys daarop dat slegs "enkeles, E.K.M. Dido, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, A.H.M. Scholtz, S.P. Benjamin, Karel Benjamin en ander selektief deur hoofstroom-uitgewers uitgegee (is)". Hy is van mening dat daardie skrywers, daardie "eie broers en susters wat wel gepubliseerde skrywers geword het" "*sell-outs* of opportuniste" is wat (bloot) die kans om te publiseer, aangegryp het. Hy beskou hierdie skrywers dus as "uitverkooptes". Sy vraag "Of is hulle niks anders nie as gekompromitteerdes wat hul eersgeboortereg vir 'n potjie lensiesop verkoop het?" sou daarop kon dui dat hy hulle met minagting bejeën.

Volgens Fransman Junior (2004:4) bly bruin mense se "stories, wat deur ons eie mense deur ons eie penne geskryf moet word, (…) nog onvertel en ongepubliseer. Ons hartseer en pyn is nog nie verwoord nie." Die implikasie is dat bruin mense wat oor hul eie pyn skryf se werke nie by gevestigde uitgewerye gepubliseer (sal) word nie; dat bruin skrywers met minder gevestigde uitgewerye tevrede moet wees.

Koos Human (2004:6) reageer (sien ook sy reaksie op Zelda Jongbloed se uitlatings hierbo) soos volg op Willem Fransman Junior se beskuldigings: "Ek het simpatie met die teleurstelling wat skrywers ondervind wanneer 'n manuskrip afgekeur word. As 'n mens besluit om 'n manuskrip voor te lê, beteken dit immers dat jy self dink dit verdien publikasie, en 'n negatiewe reaksie lei tot 'n suspisie dat daar nie suiwer volgens meriete geoordeel is nie." Hy wys daarop dat skrywers "uit alle kringe" se werk soms deur uitgewers afgekeur word. Fransman Junior (2004:4) se bewering dat hulle nie oor hul eie "struggle" mag skryf nie, wil Human (2004:6) "onomwonde" weerlê.

Human sê: "Ek is seker dat enige hoofstroom-uitgewer sal gryp na 'n goed geskrewe, boeiende roman, drama of digbundel oor die struggle." Hy stel voor dat skrywers wie se werk afgekeur word, objektief deur keurdersverslae moet werk. Hoewel Human (2004:6) erken dat

[20] Willem Fransman Junior en sy vrou, Edwina, het wel 'n bundel kortverhale, *Reise na die hart,* by 'n nie-gevestigde uitgewery gepubliseer. Die navorser kon hierdie teks nie in Unisa-biblioteek of by boekwinkels opspoor nie.

© University of Pretoria

ook keurders by gevestigde uitgewerye soms oordeelsfoute begaan, betwyfel hy dit dat 'n hek, soos Fransman Junior skynbaar glo, "bewustelik en opsetlik" vir swart skrywers toegehou word.

3.3.2.2 Skrywers wie se werk gepubliseer is

Kirby van der Merwe (http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar:kirby.asp.) meen in 2000 gekleurde skrywers moet hul onvertelde stories van lyding vertel; "stereotipes, verromantiserings en wanvoorstellings onder die stof" loop. Bruin[21] skrywers moet deur hul skryfwerk vir hulle 'n "plek in die literatuurwêreld" afbaken. Van der Merwe is van mening dat bruin skrywers teen 2000 nog nie hul regmatige posisie in die Afrikaanse literêre sisteem inneem nie. In 'n onderhoud met Herman Wasserman (2000:4) sê Van der Merwe dat hy hom rondom 2000 steeds gemarginaliseerd voel en hom by die gemarginaliseerdes skaar. Hy spreek die hoop uit dat bruin skrywers se boeke "in die toekoms" (na 2000) op meriete gepubliseer sal word en nie as 'n "politieke agteroorbuiging nie". Hy suggereer dat literêre bemiddelaars bruin skrywers se boeke (teen 2000) steeds ter wille van politieke korrektheid publiseer. Van der Merwe spreek hom in die onderhoud uit oor die stereotipering van bruin mense. Hy beweer gevestigde (wit) uitgewers het sekere stereotiepe verwagtinge rondom bruin skryfwerk wat hy soos volg bewoord:

> As 'n bruin skrywer wil skryf, moet jy jou beperk by sekere dinge. 'n Mens kry die idee dat mense net bruin mense se stemme wil hoor as hulle nie "oorlams" is nie.

Van der Merwe stel dit dat as jou voortande uit is, wil hulle nie van jou hoor nie. Die "hulle" na wie verwys word, kan onder andere na ("wit") uitgewers verwys wat (steeds) vooropgestelde ideë oor bruin mense het en daarom by voorbaat nie bruin mense se skryfwerk vir publikasie aanvaar nie. In dieselfde onderhoud noem hy teenoor Wasserman (2000:4) dat hy nie 'n "probleem" met sy "velkleur en identiteit" het nie en dat sy identiteit met Afrikaans gekoppel is. Hy het sy debuut juis geskryf omdat hy glo hy kan so 'n bietjie "toor" met Afrikaans.

Elias P. Nel erken dat voorheen benadeelde skrywers teen 2001 nie oor die ontoeganklikheid van produksiekanale kan kla nie, want daar het (reeds) "ietwat van 'n verbetering" gekom (Wasserman 2001:6).

[21] Kirby van der Merwe verwys deurgaans na homself as 'n "bruin" skrywer. Die navorser beskou dit as 'n gekonstrueerde kulturele identiteit.

© University of Pretoria

Bettina Wyngaard huldig (teen 2013) nie dieselfde mening ten opsigte van gevestigde literêre uitgewerye as Kirby van der Merwe en Elias P. Nel nie.

In ’n onderhoud noem Wyngaard dat sy haar boeke vir publikasie aan Umuzi voorgelê het omdat Umuzi, as deel van Random House, “nog altyd” (dus ook in die verlede) vir haar “bekend gestaan het” as ’n uitgewer van uitstekende materiaal. Oor die voordele om haar werk by Umuzi uit te gee, sê sy dat om saam met so ’n “toegewyde groep mense” te werk, haar gedwing het om die gehalte van haar werk voortdurend te evalueer.

Teenoor Brümmer (2011:12) noem Zain Eckleton dat hy hom “keer op keer” vasgeloop het teen uitgewers se voorskrifte. Drie manuskripte wat hy aan uitgewers voorgelê het, is afgekeur omdat daar nie “bruin humor” in sy werk was nie en hy nie van “djy” en “djou” gepraat het nie. Eckleton se siening (in 2011) stem met dié van Van der Merwe ooreen in die sin dat hy stereotiepe denke oor bruin skryfwerk laak. In ’n opsig verskil Eckleton se siening oor bruin skryfwerk van dié van Van der Merwe wat gemeen het dat (gevestigde) uitgewerye (in 2000) op polities-korrekte wyse slegs skryfwerk oor bruin mense se eienaardighede en andersoortige taalgebruik wou publiseer.

Nadat Eckleton Nelleke de Jager, van Kwêla, oor die radio ’n uitnodiging hoor rig het dat bruin mense manuskripte moet voorlê, het hy gereageer en teenoor haar die volgende genoem: “…ek wil skryf vanuit my kultuur, sonder om stereotipes aan te blaas en sy het gesê ek moet skryf soos wat ek moet skryf.” De Jager het ná hierdie gesprek nie aan die taal in sy manuskrip probeer verander nie. Sy was dus nie voorskriftelik nie. Eckleton se intensie, naamlik die wens dat sy produk in die Afrikaanse literatuur ingesluit word, blyk uit sy mededeling dat hy sy storie geskryf het sodat dit na “albei kante toe sny”, omdat hy wou hê dat bruin sowel as “wit” mense daarmee moes identifiseer. De Jager het ’n bemiddelende rol gespeel in die publikasie van Eckleton se debuut, aangesien sy bruin skrywers deur die openbare medium, radio, bruin skrywers uitgenooi het om manuskripte voor te lê. Dit wil voorkom uit Eckleton se uitspraak asof hy gemeen het sy vroeëre skryfwerk is deur “ander” (gevestigde?) uitgewerye afgewys omdat hy nie tipies “bruin” Afrikaans gebruik het nie.

3.3.3 Literêre uitgewerye se bemarkingsrol

Bemarking is een van die bemiddelingsrolle wat literêre uitgewerye vervul. Bekendstelling van produsente se produkte deur onder andere inligting op agterplattekste te verstrek, is een

© University of Pretoria

bemarkingstrategie wat gebruik word om belangstelling in 'n literêr-kommunikatiewe teks op te wek.

Karel Benjamin se debuut word op die agterplatteks soos volg bekend gestel:

> Die lewe van Karel Benjamin, die spreekwoordelike "man op straat" ontvou soos 'n film in hierdie outobiografiese vertellings. In en deur die eiesoortige vertelstyl, outentieke taalgebruik en uitdrukkingswyses word die lewe van die "gewone mens" herskep – deur homself en nie 'n buitestander nie – en daarmee saam 'n vervloë tyd en 'n lewenstyl wat onredbaar verlore sou wees as dit nie in woorde opgeteken word nie. (…) Die skrywer is 'n baasverteller (…).

Deur woorde soos "eiesoortige vertelstyl, outentieke taalgebruik en uitdrukkingswyses" te gebruik, word die leser/ontvanger se belangstelling opgewek. Oor *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories*, word op die agterplatteks die volgende inligting verstrek:

> Karel Benjamin kén sy médespelers op die groot verhoog van die lewe; hy onthou hulle met verstommende skerpheid en laat gesprekke en gebeure herleef wat die leser met hul lewensdrif en onvergelyklike humor saamsleur.

Dit is sy "outentieke Kaaps-Afrikaanse uitdrukkingswyse en die afwesigheid van alle pretensie in sy vertellings wat hulle so uitsonderlik maak".

Die wyse waarop die "eiesoortigheid" van Karel Benjamin se werke onder die (voornemende) leser se aandag gebring word, word as 'n kanoniseringsmeganisme gesien: Benjamin voeg, by implikasie, op eiesoortige wyse iets "nuuts" tot die Afrikaanse literatuur toe.

Van S.P. Benjamin se *Die lewe is 'n halwe roman* word gesê die werk bestaan uit tien kortverhale "waarin die rou werklikheid van 'n plakkerskamp in *Happy Valley* afspeel". Dit word gestel dat die werk 'n "deurleefde blik" bied "op die ervarings en drome wat in 'n ontredderde 'bruin' gemeenskap broei".

Die vermelding dat hierdie bundel kortverhale van Benjamin "met ontstellende eerlikheid 'n wêreld blootlê wat nog selde in Afrikaans beskryf is", suggereer dat sy werk vernuwing in die Afrikaanse literêre wêreld bring.

Clive Smith se *Bly te kenne, Braam* word aan die potensiële leser(s) bekend gestel as 'n "verhaal van ons eie permissiewe tyd". Van Joseph Marble se *Ek, Joseph Daniel Marble*

© University of Pretoria

word op die agterplatteks onder andere die volgende gesê: “Dis ’n genadelose wêreld waarin onskuld geen bestaansreg het nie, waarvan Joseph Marble, voormalige bendelid en welsynskind, hier vertel. So ’n rou eerlike stuk skryfwerk kan net kom van iemand wat dié soort lewe aan sy lyf gevoel het. (…)” Marble se boek word aan die leser as ’n “rou eerlike stuk skryfwerk” oor ’n “genadelose wêreld” bekend gestel. Hierdie wyse van bekendstelling kan ’n aanduiding wees dat lesers eerder ’n “ongewone” as ’n “gewone” uitbeelding te wagte kan wees.

Elias P. Nel se *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) word op die agterplatteks aan die leser bekend gestel as ’n reis na ’n kontrei “van lugspieëlings, soutpanne en ysterklipkoppe, driedoringbosse (…) en plekke soos Verneukpan, Brandvlei en Kenhardt in die Noord-Kaap”. Dit word gestel dat die debuut humoristiese verhale, maar ook “verhale oor onreg en lyding” insluit.

Die lesers word met hierdie soort inligting voorberei wat hulle te wagte kan wees. Wat M*afoiing en annerlike gelofietjies* (2001) betref, word die voornemende leser soos volg “uitgenooi”: “Kom maak jou tuis langs onverklaarbare vure onder die sterre, luister na ratelings op die dak, en gee jou oor aan koue rillings wat koorsig teen jou rug afgly.” Die stelling dat Elias P. Nel “oornag gewildheid” verwerf het met sy vertellings oor Verneukpan kan lesers bewus daarvan maak dat Nel as ’n “gewilde” skrywer beskou word. Die vermelding dat Hennie Aucamp, ’n bekende literêre kritikus, meen Nel het lesers met sy taal “oorrompel”, word as ’n bemarkingstrategie beskou.

Die agterplatteks oor Kirby van der Merwe se *Klapperhaar slaap nie stil nie* gee die volgende inligting omtrent “dié boeiende debuut”: “Die eise wat grootwordjare op die Kaapse Vlakte aan mense stel is vir nie-inwoners van die gebied grootliks ’n geslote boek.” Die suggestie is dat “nie-inwoners” van hierdie vir hulle (onbekende) “wêreld van armoede, onkunde, oneerlikheid, geweld, gebrek aan respek, gangsters, die muwwe reuk van paraffien en ’n klapperhaarmatras waarop kinders snags moet lepellê” kennis **behoort** (my beklemtoning) te dra. Hierdie soort mededeling kan ook as simboliese produksie (Bourdieu) gesien word, aangesien potensiële lesers se smaak in ’n rigting (die moontlike kennis wat hulle van ’n onbekende werklikheid kan verkry) gestuur word.

P.J. Philander se *Rebunie* (2000) word aan lesers bekend gestel as die verhaal “van die onderwysers Kallie wat hom vasloop in die vooroordele van ’n plattelandse gemeenskap in die veertigerjare. Die verhaal is gebaseer op werklike gebeure soos beleef deur die verteller,

© University of Pretoria

Piet, wat in daardie stadium skoolhoof van die Esau Gedenkskool op Calvinia was". Die inligting op die agterplatteks van Catherine Willemse se *Met 'n diepe verlange* lui soos volg:

> Catherine Willemse se diepe verlange was om vir dié wat na haar kom 'n geskiedenis na te laat. Sy is gebore uit die derde geslag vrygemaakte slawe. Sou vrygemaakte slawe dit kon bekostig om na hulle land van herkoms terug te keer, sou hulle nie weet na wie en waarheen nie, want slawe is nie net van hulle vryheid ontneem nie maar ook van hulle geskiedenis.

Die wyse van bekendstelling op die agterplattekste van Philander en Willemse se boeke kan gesien word as 'n poging om lesers se belangstelling in die slawegeskiedenis te wek. Die geskiedenis van bruin mense, so word geïmpliseer, is belangrik en onlosmaaklik deel van die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis. Lesers, so word geïmpliseer, behoort daarvan kennis te neem.

Bettina Wyngaard se *Troos vir die gebrokenes* (2009) word op die agterplatteks soos volg bekend gestel: "Drie geslagte vroue se wel en wee is verweef in dié verhaal van hoop waar hoop soms wil beskaam. Dit is dié vroue, en 'n hele gemeenskap in die Overberg, se verhaal." Die stelling "*Troos vir die gebrokenes* gee 'n sonderlinge binnekyk op 'n plattelandse bruin gemeenskap en die onvergeetlike karakters wat ten spyte van alles die lewe vol in die oë kyk", kan gelees word as die wyse waarop 'n bepaalde beeld van bruin gemeenskappe se wel en wee by lesers gevorm word. *Vuilspel* (2013) word op die agterplatteks as 'n verhaal "oor sterk vroue, bendegeweld en aanvaarding" getipeer. Die implikasie is dat hierdie tekste oor die lewensomstandighede van sterk (bruin) vroue 'n belangrike universele aspek van menswees, naamlik swaarkry en die verwerking daarvan, belig. Die lesers word deur sodanige bemarkingstrategie as 't ware by 'n "onbekende" wêreld betrek.

Op die agterplatteks van Anastasia de Vries se *Baie melk en twie sykers* word lesers wat "Ravensmead in die Kaap die gatkant van onse wêreld" nie ken nie, se belangstelling in hierdie leefwêreld gewek. Sodanige uiting word as 'n reklametegniek geag.

Die agterplatteks van Zain Eckleton se *Die rolbalspeler* (2011) gee die volgende beeld omtrent die hoofkarakter:

> Hans vleg rottangmandjies in Soutrivier. Hy bly saam met sy ma en broer in Bishop Lavis, en dit gaan maar sukkel-sukkel, veral noudat sy ma diabetes het. Op pad werk toe een oggend help 'n blondekop-vrou hom oor Voortrekkerweg… Dis eers oorkant die straat dat hy haar reghelp. 'Dankie, maar dit was nie nodig nie,' sit hy haar op haar plek. Net omdat hy sleg sien beteken nie hy's hulpeloos nie… Dit neem nie lank voor hy en die blondekop vriende raak nie. Erika moedig hom aan om lid te word van die plaaslike rolbalklub vir blindes. En om klaar te

© University of Pretoria

> maak met skool. In ’n oogwink verander Hans se hele lewe. Daar is skielik weer hoop, nuwe vriende.

Die inligting wat omtrent die (blinde) hoofkarakter se leefwêreld verstrek word, kan beskou word as ’n tegniek om lesers wat nie blind is nie, van blindes of swaksiendes se moeilike leefomstandighede bewus te maak.

3.4 Die handelingsrol van literêre verwerking

Binne die Suid-Afrikaanse konteks vervul die meeste literêre kritici, die sogenaamde “elites”, die rol van resepsie sowel as teksverwerking. Die resultaat van teksverwerkingshandelinge sluit ’n verskeidenheid metatekste in soos onder andere analise, sintese en parafrase.

Die handelinge van teksverwerkers soos in “nuwe” tekste uiteengesit, so beweer Schmidt (1982:57), kan tot die stabilisering van ’n “kanon” van kunswerke lei.

Vervolgens word literêre verwerkers se metatekste oor onder andere Karel Benjamin, S.P. Benjamin, Joseph Daniel Marble en andere beskryf. Aangesien sommige van hierdie produsente meer as een literêre produk geproduseer het, word elke produsent se oeuvre en die reaksie daarop as ’n eenheid bespreek.

3.4.1 Karel Benjamin: *Staan uit die water uit! ’n Kaapse jeug* (1996) en *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories* (1999)

Wanneer Willemse (1997:33) die verskyning van Karel Benjamin se *Staan uit die water uit! ’n Kaapse jeug* as ’n “belangrike bydrae tot die bemagtiging van die meerderheid Afrikaanse sprekers” in die Kwela-stal sien, word dit as ’n aanduiding vertolk dat hy Karel Benjamin se nie-elitistiese werk binne die Afrikaanse literêre wêreld wil plaas.

Hoewel Heindrich Wyngaard (1996:6) meen Benjamin se debuut hoort eerder in die mondelinge genre tuis, sien hy die boek as “steeds ’n mylpaal”; ’n “man op die straat” se storie wat vir die “eerste keer” in sy “eie stem” vertel word. Wyngaard beklemtoon die “nuutheid” van Benjamin se bydrae.

Ook Hans du Plessis (1996:10) beklemtoon die “nuwe perspektiewe” omtrent die lewe van die bruin gemeenskap.

© University of Pretoria

Hy sê:

> Met hierdie boek word dit net weer duidelik dat daar sedert Abraham Phillips al meer prosa verskyn oor die bruin gedeelte van die Afrikaanse gemeenskap wat tot onlangs toe nie deel was van die Afrikaanse letterkunde nie – nie gelyke deel in elk geval nie. Saam met die werke van Phillips en Scholtz gaan daar vir die leser 'n dimensie oop waarvan ons in die verlede óf tweedehands óf verdraaid gehoor het – of waarvan die wit Afrikaanse leser net nooit geweet het of wou weet nie.

Du Plessis gee toe dat die prosa van die "bruin gedeelte van die Afrikaanse gemeenskap" tot onlangs (1996) nie 'n "gelyke deel" van die Afrikaanse letterkunde was nie. Daardeur word vroeëre uitsluiting van die Afrikaanse literêre sisteem geïmpliseer. Hierdie uitspraak van Du Plessis kan ook as 'n bemiddelende handeling gesien word, aangesien dit by implikasie die oningeligte publiek/leser aan iets nuuts in Afrikaans – die werk van Karel Benjamin – wil bekend stel.

Dit wil voorkom of Du Plessis kanoniserend optree deur implisiet te "versoek" dat Karel Benjamin se teks by die korpus Afrikaanse literêre tekste wat deur gevestigde skrywers geskryf is, ingesluit word. Die boek het aan Du Plessis "leesplesier" verskaf omdat die taal "spontaan by die inhoud van die leefwêreld" pas. Klaas Steytler (1998:16) vind, soos Du Plessis, Benjamin se debuut 'n "plesierige werk" met soepel taalgebruik en die "nuutste en anderste boek die afgelope jaar".

Soos Wyngaard en Du Plessis, beklemtoon Steytler die nuutheid en andersheid van Benjamin se debuut. Coenie Slabber (1996:38) meen die boek is 'n "meesleurende stuk Afrikaanse volksheid (…) wat tot "baie onlangs nog" (eggo van Du Plessis se "tot onlangs toe") deur gevestigde uitgewerye eenkant toe geskuif is". Soos Du Plessis erken Slabber dat bruin skrywers se prosa "tot baie onlangs nog" (1996) deur gevestigde uitgewerye uitgesluit is. Slabber en Du Plessis, huldig die mening dat prosawerke soos Benjamin se debuut deur "gevestigde uitgewerye" gepubliseer behoort te word. Soos Du Plessis lewer Slabber ook 'n pleidooi vir groter inklusiwiteit.

Hoewel Slabber die egtheid, aardsheid en dikwels uitbundige humor treffend gevind het, meen hy die verskillende tipes vertellinge bevat ook hartseer en bitterheid. Hy vind, soos Du Plessis en Steytler, die gebruik van kleurryke Afrikaans in die boek besonder verrykend. Slabber (1998:38) beskou die boek wat met Karel Benjamin se herinnering aan hul huis in Goodwood begin en met hul gedwonge verskuiwing vanweë die Groepsgebiedewet eindig "subtiel rassisties-ondermynend".

© University of Pretoria

Hierteenoor is Du Plessis (1996:10) van mening dat Benjamin sy jeugherinneringe "sonder wroeging, sonder groot politieke oordele of filosofiese bagasie" vertel.

Hoewel Madeleine van Biljon (2000:20) toegee dat die verhale in *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories* 'n "skat uit die verlede" is wat nie "verlore" moet gaan nie, meen sy die verhale is van ongelyke gehalte. Hambidge (1999:15) tipeer hierdie verhale as "streekvertellinge" wat "met opset nie hogere letterkunde" wil wees nie en wat die illusie van luisterstories skep. Hambidge se siening oor die teks word as 'n kanoniserende handeling gesien.

Aangesien Van Biljon die woord "streekvertellinge" gebruik, word aanvaar dat sy genoemde werk as "kontreiverhaal" binne 'n subsisteem, naamlik "kontreikuns" binne die Afrikaanse prosasisteem sal plaas. Vir Hambidge lê die belang van hierdie vertellinge daarin dat dit vir die "nie-bruin" leser insig gee in die bruin[22] mense se swaarkrybestaan. Haar uitspraak dat hierdie verhale "nie-bruin" lesers insig in die bruin mense se swaarkry (sien ook Phillips se siening hieroor in hoofstuk 3) sal gee, word as 'n bemiddelende handeling gelees – sy "propageer" as 't ware Benjamin se verhale by lesers van 'n ander sosiale en kulturele groep. Sy beskou hierdie "lekkerlees vertelstories" waarin die Kaaps-Afrikaanse leefwêreld weergegee word, as "net so goed soos" Jan Spies en P.G. du Plessis se "stories". Hambidge se tipering van hierdie teks as "lekkerlees vertelstories", word gesien as 'n bemiddelende handeling wat die algemene leserspubliek se ingesteldheid teenoor die "Kaaps-Afrikaanse leefwêreld" wil verander.

Volgens Johan Coetser (1999:13) skep Benjamin, in *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories,* soos in sy vorige werk, 'n outobiografiese ruimte waarin sy alter ego, oom Kallie, "vanuit die hede die verlede vertellend binnegaan en voorvalle en staaltjies aan die leser oordra". In 'n verhaal soos "Onwettige appels" dra die onderspeling van bepaalde aspekte by tot die orale aard van die verhale in hul Kaapse variant. Coetser meen agter hierdie verhale sit waarskynlik 'n nie-bewuste literatuuropvatting "waarin die begeerte om 'n persoonlike geskiedenis as onderdeel van 'n voorheen onvertelde streeksgeskiedenis te vertel, geopenbaar word". Coetzer, soos Du Plessis, gee toe dat daar 'n "voorheen onvertelde streeksgeskiedenis" bestaan het en beskou Benjamin se teks as die openbaring

[22] Die meeste literêre kritici gebruik die term bruin skrywer sonder aanhalingstekens. Dit is waarskynlik om aan te dui dat dit om 'n bepaalde Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep gaan. Na 1994 het aanduidings na ras nie verdwyn nie, hoewel "bruin" nie in die omgang meer op polities-onderdrukkende wyse soos voor 1994 gebruik word nie.

© University of Pretoria

van die begeerte om daardie “persoonlike geskiedenis” te vertel. Met die publikasie van die boek is die geleentheid (wel) geskep om ’n voorheen onvertelde geskiedenis te vertel.

3.4.2 S. P. Benjamin: *Die reuk van steenkool* (1997) en *Die lewe is ’n halwe roman* (1999)

S.P. Benjamin se twee tekste verskil in toonaard van die lokale realisme van Karel Benjamin se twee tekste. Resensente het S.P. Benjamin se werk in meer detail bespreek, hom vir onder andere sy soepel taalgebruik geloof en veral die universele karakter van sy twee tekste belig.

Betreffende Benjamin se debuut beweer Renders (https://aie.ned.univie.ac.at/node/13481) dat die eerste demokratiese verkiesing van 27 April 1994 nie alle griewe binne die “kleurlinggemeenschap” laat verdwyn het nie. Hy sê:

> Terwijl de machtsverhoudingen tussen blank en zwart volledig omgedraaid zijn, lijkt de situatie van de kleurlingen ongewijzigd te blijven. Waar de kleurlingen vroeger te donker waren om wit te zijn, is hun huidskleur nu te licht om zwart te zijn. Het leidt tot een gevoel van ontgoocheling waaraan ook in de literatuur uiting wordt gegeven. Van de zwarte meerderheidsregering wordt weinig heil verwacht. *In die reuk van steenkool* van S.P. Benjamin klinkt het waarschuwend:
>
> "Mandela," lag my ma. "Die swart god in die krip?"
>
> "Júlle god in die krip, ja," sê my pa. "Júlle god in die krip. Maar vir wie gaan hy kom vrymaak?" (…) Aan wie is die boodskap in sy hand gerig? Is dit geskryf in ’n taal wat ook ons verstaan?" (1997: 93)

Volgens Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) gaan die kindverteller, Lukas, in hierdie teks deur ’n inisiasieproses, maar ontdek dan dat die grootmenswêreld geen paradys is nie. Wanneer hy ontdek dat die held uit sy kinderjare voete van klei het, bly “alleen scepticisme en wantrouwen over”. Renders sê:

> In *Die reuk van steenkool*, waarin realistische scènes naatloos in surrealistische overgaan, geldt dit wantrouwen ook voor de toekomstige zwarte regering. Geen verbetering in de levensstandaard van de kleurlingen kan ervan verwacht worden.

Van Manen (1998:12) toon, soos Renders, aan dat Benjamin se verhaal oor die wedervaringe van ’n bruin gesin in die oorgangstydperk na die Nuwe Suid-Afrika handel. Vir haar is ’n belangrike element van die verhaal die impak wat die sosiaal-politieke veranderinge op ’n bruin gemeenskap het.

© University of Pretoria

Louise Viljoen (1998:6) vermeld ook dat die vertelling met “groot verbeeldingskrag en insig” die proses waardeur die gesin “geleidelik disintegreer teen die agtergrond van die oplaaiende geweld en politieke spanning van die jare tagtig”, aantoon. Benjamin profeteer oor die land se politieke toestand waarin bruin mense se lewe nie gaan verbeter nie. Volgens Renders, Van Manen en Viljoen kan die debuut as kommentaar op die bruin mense se prekêre posisie in die veranderde Suid-Afrika gelees word (sien in hoofstuk 1 ook Adhikari se mening hieroor).

Wium van Zyl (1998:34) gee, soos Renders, aandag aan die kindverteller, Lukas, wat in die vertellersrol homself die taak oplê om voortdurend veranderende dinge deur skrif en tekening te verewig. Soos Louise Viljoen (1998:6), wys Jane Rosenthal (1998:37) ook op die veranderinge waaraan Lukas se gesin onderworpe is, en hoe die aanvanklik gelukkig getekende gesinslewe uiteindelik op byna onafwendbare wyse ontwrig word, hoewel dit op paradoksale wyse lyk of alles vir Lukas se gesin dieselfde gebly het. Rosenthal (1998:37) se slotsom is die volgende: “In addition to this deftly handled paradox, the narrator maintains an ironic yet tender coolness towards his family…” Rosenthal toon, soos Van Zyl (1998:34) en Viljoen (1998:6), die afstandelikheid van die verteller aan. Viljoen (1998:6) noem die verteller ’n “randfiguur” en Van Zyl (1998:34) noem hom ’n “buitestander”.

Anastasia de Vries (1998:29) is egter van mening dat hoewel die verteller “oënskynlik objektief waarneem en vertel” dit nie op onbetrokke en afstandelike wyse gebeur nie. Van Zyl, Viljoen, De Vries sowel as Rosenthal meen die verteller gebruik taal beeldend, selfs verbeeldingryk. Hulle is dit eens dat hierdie debuut ’n “besondere” een is wat die leser iets omtrent bruin mense se persepsie van marginalisering laat beleef. Die sienings van Viljoen, Van Zyl en De Vries word ook as bemiddelende handelinge gesien: lesers word as ‘t ware opgeroep om deur die lees van die boek kennis te neem van die feit dat bruin mense as ’n bepaalde bevolkingsgroepering in die nuwe Suid-Afrika steeds ’n gemarginaliseerde politieke posisie inneem. Hul posisie het na 1994 (die eerste demokratiese verkiesing) klaarblyklik nie verbeter nie.

Literêre kritici het ’n grondige kennis van ’n versameling (literêre) werke en tree op vanuit ’n sosiale verwysingsraamwerk van literêre produksie en resepsie wat hulle in staat stel om outeurs vergelykend volgens verskille en ooreenkomste te karakteriseer en in ’n waardeoordelende hiërargie te plaas. Wanneer literêre kritici ’n outeur se werk(e) met dié van ander outeurs vergelyk, konstateer hulle dat ’n bepaalde werk van ’n outeur “net so goed/belangrik” is soos ’n bepaalde werk van ’n ander outeur.

© University of Pretoria

Kritici kan ook meen 'n bepaalde werk van 'n outeur is selfs "beter as" werke van ander outeurs of "swakker as" ander outeurs se werke. Waardeoordelende hiërargiese uitsprake deur die literêre *establishment* (Even-Zohar se terminologie) of "elites" (Schmidt se terminologie) kan geïnterpreteer word as 'n kanoniserende handeling wat daarop gemik is om 'n outeur se werk(e) binne die literêre kanon te plaas.

Literêre verwerkers soos Louise Viljoen, Jane Rosenthal, Mariëtte van Manen en Prins het S.P. Benjamin se debuut, *Die reuk van steenkool*, as "net so goed soos" Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* en Mark Behr se *Die reuk van appels* beoordeel. Viljoen (1998:6), Van Manen (1998:12), Rosenthal (1998:37) asook Prins (http://www.upe.ac.za/afned/angel21.htm) wys op die bewuste ooreenkoms van die titel met Mark Behr se *Die reuk van appels.* Rosenthal (1998:37) meen die teks "is told with a simple intensity and unpretentious confidence that makes it immediately engaging". Viljoen (1998:6) toon 'n ooreenkoms in tema en toonaard tussen *Ons is nie almal so nie* en die debuut aan. Volgens Viljoen (1998:6) het Benjamin se roman egter 'n "eie klank" wat daarop kan dui dat sy dié boek binne 'n ander kategorie as *Ons is nie almal so nie* sal plaas. Sy is van mening dat die verhaal "vars is, sonder om naïef te wees; lakonies, sonder om sinies te wees"; en "een van die plesierigste verrassings van 1997 se publikasie-oes". Prins (http://www.upe.ac.za/afned/angel21.htm), soos Viljoen (1998:6), meen die verskillende motiewe in die roman is soms op "heel vernuftige wyse" met mekaar vervleg. Genoemde literêre kritici se waardeoordelende uitinge oor Benjamin se debuut word as kanoniserende handelinge beskou.

Teksverwerkers soos De Vries, Prins, Van Manen, Viljoen en Rosenthal tree as deel van die "elites" volgens aangeleerde norme en konvensies binne sosiale verband op. Hul ooreenstemmende waardeoordelende uitsprake oor S.P. Benjamin se debuut kan in Schmidt se terme gesien word as 'n soort "samewerking" volgens bepaalde voorskrifte van die sisteem. Binne Schmidt se raamwerk geld dit as 'n soort ongeskrewe, gedeelde konvensie. Binne die raamwerk van Bourdieu se teorie sou ooreenstemmende waardeoordelende uitsprake van literêre kritici as konsensus oor die literêre meriete van 'n bepaalde teks beskou kan word. Anastasia de Vries (1998:29) sien hierdie debuut as 'n "heel besonderse ervaring" uit die pen van 'n "Afrikaanse skrywer wat daarin slaag om 'n verhaal te skep met 'n universele reikwydte ".

Snyman (1998:12) is van mening dat die debuut 'n "ennobling understanding of the human condition and explores a wide range of emotions as seen through the eyes of the writer who

© University of Pretoria

bares his soul with a tranquil and self-assured intelligence. A rare feat" bied. Ook vir Van Manen (1998:12) het hierdie roman 'n "universaliteit wat hom nie deur kleur of die Suid-Afrikaanse opset laat begrens nie". Sy toon aan dat die "oënskynlik naïewe verteltrant" in werklikheid "knap beeldende woordkuns" is.

Van Manen (1998:12) spreek die mening uit dat die aanmoedigingsprys wat hierdie verhaal gekry het in die De Kat/Sanlam romanwedstryd "welverdiend" was. Prins (http://www.upe.ac.za/afned/angel21.htm) toon eweneens aan dat die boek die universele tema van die mens se soeke na geluk het.

Die debuutroman is vir De Vries (1998:29), Prins (http://www.upe.ac.za/afned/angel21.htm) en Snyman (1998:12) nie slegs 'n "lekkerleesboek" nie, maar ook 'n diepsinnige werk.

Vir Schmidt kan literêre kunswerke tot die realisering van verskeie individuele esteties-kommunikatiewe tekste op die basis van een oppervlakteteks lei. Literêre kritici se menings ten opsigte van die literêre meriete van 'n bepaalde literêre teks hoef nie in alle gevalle ooreenstemming te toon nie. Volgens Van Rees (1983:407) kan 'n literêre kritikus ook die (teenstellende) siening handhaaf dat bepaalde aspekte van 'n literêre werk nie literêre meriete het nie. Van Manen (1998:12) is byvoorbeeld die enigste literêre kritikus wat nie slegs S.P. Benjamin se woordkuns in sy debuut aanprys nie, maar ook noem dat sy soms, "wanneer die ma oor hoenders filosofeer", die skrywer se stem "hoorbaar en steurend" vind.

Oor die literêre meriete van S.P. Benjamin se *Die lewe is 'n halwe roman* (1999) het literêre kritici, soos by sy debuut, saamgestem. Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) het veral die volgende aspekte opvallend gevind: Al die hoofpersonasies is deur die lewe vermink, hul omstandighede is erbarmlik en die lewe wat hulle lei, is "uitermate precair". Hulle ken geen veilige of geborge bestaan nie, meestal weens die "dreiging die van hun naaste omgeving uitgaat". Die volslae troosteloosheid van 'n "verkommerde" bestaan word deur die versugting na of die herinnering aan iets beters nog "dikker in de verf gezet". Die paradys bestaan nie. Die aardse lewe is hel. Renders meen Benjamin beeld sy personasies, die swakkeres in die samelewing, met groot deernis uit. Sy slotsom is die volgende:

> Zijn onopgesmukte schriftuur geeft met verbijsterende directheid de onverbiddelijkheid van deze barre leefwereld weer.

© University of Pretoria

Marion Hattingh (2000:50) toon aan dat Benjamin, in dié roman, soos in sy debuutroman, psigologies oortuigende karakters skep en hulle sintuiglik naby aan sy lesers laat kom. Vir haar lê hierdie "moet-lees" boek 'n "aktuele stuk Suid-Afrikaanse werklikheid tot op die been bloot". Die uitspraak dat dié boek 'n "moet-lees" boek is, geld ook as 'n bemiddelende handeling.

Volgens Bernard Odendaal (2000:6) verklap die titel, *Die lewe is 'n halwe roman,* iets oor die teks se aard en die inhoud. Dis 'n bundel kortverhale (verhaalflardes) wat weens die "milieu-samehang, die kruissnydings van gebeure of situasies en die herhaalde voorkoms van personasies 'n 'halwe roman' word". Hy meen die "flardes verhaal wat met voortdurende fokuswisselinge vertel word", hang met die verbrokkeling wat in hierdie gemeenskap plaasvind, saam. Hy vind die vertelwyse soms manipulerend, "asof die skrywer te ywerig sy bepaalde siening van die skokkende verbrokkeling en verwording probeer tuisbring". Die verteller doen, volgens hom, "kil, afstandelik aan ten spyte van 'n personale fokalisering". Hy bevestig in sy slotsom dat die inligting omtrent Benjamin se boek wat op die agterplatteks verskyn, naamlik dat Benjamin met hierdie boek "met ontstellende eerlikheid 'n wêreld blootlê wat nog selde in Afrikaans beskryf is", wel waar is. Die suggestieryke krag van enkele verhale, byvoorbeeld "Die vlinder in ons familie" en "Op soek na 'n somer", gee wel blyke waarom Benjamin 'n bekroonde skrywer is.

L.S. Venter (1999:9) is van mening dat die verhaalgegewe in hierdie bundel kortverhale "dikwels skrikwekkend" is en dat Benjamin op 'n "wrang manier" die tradisie van die "humorrealisme" in Afrikaans voortsit. Hy vind Benjamin se humor in hierdie kortverhale nie "vals en versuikerend" nie, maar eg en blywend. Hy toon ook aan dat al die verhale die mens binne 'n bepaalde sosiale ruimte plaas: die familie, die straat waar hy/sy woon en die plakkerskamp. Volgens hom word wat in hierdie sosiale ruimtes gebeur, deur Benjamin herskryf tot "iets anders" as die geykte betekenis van menslike verhoudings. Venter se siening van die bundel as 'n herskrywing van beperkende sosiale ruimtes tot "iets anders" dui op 'n kanoniseringshandeling. Daar word geïmpliseer dat die bundel "vernuwing" in die Afrikaanse letterkunde bring.

Lizette Potgieter (2000:8) meen Benjamin gee in *Die lewe is 'n halwe roman* "stem en 'n identiteit aan 'n ontredderde bruin gemeenskap wat 'n bestaan moet maak in 'n plakkerskamp, Happy Valley". Volgens haar word die leser gekonfronteer met 'n skeidslyn tussen 'n heelal van normatiewe kodering op die vlak van taal en gedrag en 'n wesenlike realiteit wat dit oorskry. Sy is van mening dat die boek 'n belangrike plek ten opsigte van bruin literatuur

© University of Pretoria

inneem, vanweë die verwoording van “diegene wat anderkant die pad bly” se gevoelens. Die feit dat sy die merker “in ‘bruin’ literatuur” gebruik om ’n “belangrike plek” te kwalifiseer, kan daarop dui dat sy Benjamin se boek binne ’n subsisteem (“bruin literatuur”) wil posisioneer. Dit kan ook beskou word as ’n sienswyse dat “bruin” literatuur ’n aparte literatuur behoort te wees.

Louise Viljoen (2000:17) wys op die verrassingselement wat die proloog van die boek (’n gesprek tussen twee engele: Jakob en Angeliena) vir die leser inhou. Sy meen die leser lei af dat engele se taak is om plekke te besoek en halwe stories vollediger te maak. Sy toon aan dat die boek, soos uit die titel af te lei is, tussen ’n roman en ’n versameling kortverhale wat skynbaar met mekaar verband hou, lê. Die engele het klaarblyklik insae in die binnelewe van die karakters; die halwe stories kan dus vollediger gemaak word deurdat hulle aan die leser ’n weergawe bied van die karakters se gedagtes en gevoelens. Volgens Viljoen (2000:17) is dit die rede vir die voortdurende perspektiefwisseling wat soms selfs binne ’n verhaal, byvoorbeeld “Brand” voorkom. Vir haar is hierdie tegniek baie effektief in “Die mense wat probeer vergeet” aangewend. Sy sê:

> Die skrywer slaag daarin om met klein, maar hoogs betekenisvolle taferele, wêrelde van gevoel op te roep, soos in die beskrywing van die vrou, Myra, se intense verlange waar sy met ’n hoender op haar skoot sit in “Sonde van die kinders”.
>
> Op hierdie manier gee hy reliëf en dimensie aan die lewe van misdeeldes wat dikwels nie deur die breër gemeenskap menswaardig geag word nie. (Viljoen, L.2000:17)

Haar slotsom is dat die “varsheid en rou energie van Benjamin se debuutroman (…) in hierdie versameling kortverhale vervang” word met die “rustige selfbeheerstheid van ’n bedrewe vakman” wat “kennelik besig is om homself as ’n Afrikaanse skrywer te onderskei”.

Viljoen se siening dat Benjamin “kennelik” besig is om homself as ’n “Afrikaanse skrywer te onderskei”, word as ’n kanoniserende handeling beskou. Dit kan ook gesien word as die posisionering van Benjamin binne die Afrikaanse prosasisteem.

In Hendrik-Muller Uys se MA-tesis word Benjamin se kortverhaalbundel, *Die lewe is ’n halwe roman* as ’n hegte eenheidsbundel met kenmerke van ’n roman getipeer.

Hy kom tot die gevolgtrekking dat die bundel ’n hibridiese tussenvorm tussen die tradisionele kortverhaalbundel en die roman met postmodernistiese kenmerke verteenwoordig.

© University of Pretoria

3.4.3 Clive Smith: *Bly te kenne, Braam* (1997)

Van Clive Smith is benewens *Bly te kenne, Braam,* ook tekste in Engels, naamlik *Denzil's Con, Missing Girl* en *From Belhar to Hollywood* gepubliseer.

Op die webblad http://www.upe.ac.za/afned/braam.htm word die boek as "heeltemal leesbaar" getipeer, hoewel as punt van kritiek die "onhandige hantering van motiewe, soos die opvallende Viking-motief" geopper word. Hoewel die verhaal soms verrassende wendinge neem, kan die boek, aldus die onbekende resensent, nie as "boeiende literatuur" beskryf word nie. Ook Fanie Olivier (1998:10) het dit teen die feit dat alles in hierdie verhaal "eensklaps en skielik" gebeur; teen die simplistiese uitbeelding van verhoudings; die ongemotiveerde Viking-tema; die ongeloofwaardige tiener, Braam; sy naïwiteit oor menseverhoudings, die dood en seksualiteit.

Van Manen (1998:17) het die verhaal 'n "ontstellende leeservaring" gevind. Braam se kennismaking met die seksuele val vir haar buite die normale patroon; hy leer ook dat hy nie op grootmense (sy ouers, sy ouma) kan vertrou of op hul woord kan staatmaak nie. Sy meen die eenvoud van vertelling van Braam se storie beklemtoon juis die kompleksiteit van verhoudings.

Hein Willemse (1990:33) tipeer hierdie verhaal as 'n inisiasiestorie. Hy meen Smith slaag wél daarin om geloofwaardige en skerp omlynde karakters te skep. Braam leer telkens hierdie karakters in verskillende ruimtes ken; dit lei tot verbreding van sy wêreld. Volgens Willemse (1990:33) word die verhaal "meestal suksesvol uit die gesigspunt van die ontdekkende kind vertel". Hy (Willemse, H. 2011:211) meen die novelle bied 'n tematiese verruiming ten opsigte van swart Afrikaanse skryfwerk. Willemse beskou, so wil dit voorkom, "swart Afrikaanse skryfwerk" as 'n aparte korpus skryfwerk wat duidelik van wit Afrikaanse skryfwerk te onderskei is.

Volgens L.S. Venter (1998:18) word uit Braam se perspektief 'n taamlik "ordinêre verhaal oor gesinsgeweld, drank, ontug en ander maatskaplike euwels" vertel. Hy vind Smith "hanteer die sensitiewe verhaalstof van 'n ontwikkelende homoseksualiteit op 'n verrassende en vars manier". Venter sien aan die een kant die teks as 'n taamlik "ordinêre verhaal" en aan die ander kant meen hy die "sensitiewe verhaalstof van 'n ontwikkelende homoseksualiteit" word op 'n "verrassende en vars manier" hanteer.

© University of Pretoria

Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) is van mening dat Smith se debuut, soos S.P. Benjamin se *Die reuk van steenkool* (1997), om gesinsprobleme draai. In al twee verhale is kindervertellers aan die woord wat hul eerste seksuele ervaringe moet verwerk. Braam gaan, soos Lukas in *Die reuk van steenkool,* deur 'n inisiasieproses, maar die wêreld waartoe hulle toegang verkry, bied aan hulle geen paradys nie. As hulle agterkom dat hul kinderhelde voete van klei het, raak hulle skepties en wantrouig. Renders gaan vergelykend te werk, maar spreek geen spesifieke waardeoordeel oor Smith se teks uit nie.

Crous (2005:134) beoordeel hierdie debuut vanuit 'n ander perspektief. Hy toon aan dat binne die Suid-Afrikaanse literatuurdiskoers dit oorwegend wit skrywers soos Johann de Lange, Koos Prinsloo, Stephen Gray, Joan Hambidge en Ingrid de Kok is wat tekstueel die een of ander *gay*-identiteit probeer konstrueer. Smith kyk volgens Crous egter vanuit 'n swart perspektief na die *gay*-ervaring. In 'n oorwegend hetero-seksistiese samelewing bestaan daar oënskynlik nie iets soos "swart *gays*" nie, omdat homoseksualiteit as 'n koloniale verskynsel beskou word. Crous (2005:134) meen in die geval van swart *gay*-skrywers is daar sprake van dubbele diskriminasie: Hulle is "anders" omdat hulle swart is én omdat hulle *gay* is. Hy gebruik die kontensieuse term swart om die Andersheid (lees: nie-blanksentrisisme, nie-gekanoniseerdheid) binne die Suid-Afrikaanse letterkunde te beklemtoon (Crous 2005:134).

Volgens Crous (2005:136) word die verhaal vertel van Braam, 'n tiener uit 'n gebroke huishouding, wat wegbreek van die *gender*-norme van die oorheersend hetero-seksuele samelewing en vrede begin maak met sy seksuele oriëntasie en sy eie identiteit.[23]

3.4.4 Joseph Marble: *Ek, Joseph Daniel Marble* (1999)

Gretel Wybenga vind "subtiele tekens" in die verhaal dat Marble reeds as kind van sy abnormale bestaanswyse bewus was. Volgens Lizette Potgieter (2000:7) vertel die debuut die verhaal van gesins- en bendegeweld asook die haglike en armoedige omstandighede waarin kinders soos Marble moes grootword. Sy meen met hierdie "rou skryfwerk" ('n eggo van inligting wat op die agterplatteks verskyn), sonder enige literêre truuks of 'n ingewikkelde struktuur, sit Marble nie maskers op en vra verskoning nie. Hy lê die klem op individuele vryheid en die reg om keuses te maak en uit te oefen.

[23] Crous was na my wete die enigste literêre verwerker wat 'n artikel in 'n akademiese publikasie oor Clive Smith gepubliseer het.

© University of Pretoria

Leana Lategan (2000:6) is van mening dat Marble se outobiografiese vertelling só geskryf is dat die leser 'n blik op die "destydse Johannesburgse kleurlinggemeenskap se lewe" kry. Sy vind die afwesigheid van verwyte en verbittering in die verhaal opmerklik: "Geen apartheidsbestel wat hier die skuld kry vir omgewoelde en hartseer lewens nie." Sy meen "dis miskien juis hierdie sober beriggewing wat 'n mens alles uiteindelik laat herdink" en by die leser simpatie vir die skrywer wek. Cilliers (1999:7) is van mening dat Joseph Marble 'n jeuglewe van blootstelling aan seks, geweld, ontrou, armoede, die "vernedering van weggooikind, welsynskind" "uit sy lyf uitgeskryf" het. Van die geweld- en seksbeskrywings was vir haar "weersinwekkend", maar tog ook "aangrypend" omdat die kind, Joseph Marble wat "in daardie afgryslike wêreld moes leef", geen ander wêreld geken het nie. Die slot vind Cilliers onbevredigend. In teenstelling met Lategan (2000:6) wat van mening is dat die boek "oordeelkundig deur 'n slim uitgewer geredigeer" is, vind Cilliers (1999:7) die redaksionele hand "te sigbaar, die Afrikaans soms skokkend, soms té korrek". Binne Schmidt se siening van die polivalensiekonvensie (sien hoofstuk 2 vir verduideliking) is verskillende, selfs teenstrydige, esteties-kommunikatiewe realiserings op grond van 'n enkele oppervlakteteks moontlik.

Renders (http:cas1.elis.rug.ac.be/avrug/zuidaf06.htm) sê van hierdie prosawerk die volgende:

> *Ek, Joseph Daniel Marble* schetst een ontluisterend beeld van het leven in de kleurlingwoonbuurten. Meer nog dan de schokkende incidenten wijst de naïviteit van de verteller, die zich nauwelijks bewust lijkt van de onaanvaardbaarheid van zijn vroegere gedrag, op volslagen bandeloosheid. Het pleidooi voor meer aandacht voor de kinderen in welzijnszorg en het besef dat het leven toch meer te bieden heeft, zijn de enige schrale tekens van hoop in een ongezouten werk dat zonder franjes de nachtzijde van het leven in de *townships* onthult.

Renders, soos Lategan en Celliers, beskou die werk as "ongesout" of onafgerond. Hulle sou waarskynlik genoemde werk nie binne die Afrikaanse literêre sisteem posisioneer nie.

Volgens Andries Visagie (2003:209)[24] vertel Marble se lewensverhaal die verhaal van 'n kind se blootstelling aan 'n verbrokkelde gesinslewe, gesinsgeweld, bendegeweld en die uitwerking van drank- en daggahandel op sy kinderlewe.

Visagie (2003:210) meen die mans in Joseph Marble se gemeenskap leef in armoede en kan, weens 'n gebrek aan geleenthede, nie hul manlike identiteit op grond van finansiële

[24] Visagie het 'n artikel oor Marble geskryf wat in 'n akademiese publikasie verskyn het.

© University of Pretoria

stabiliteit, onafhanklikheid en 'n suksesvolle beroepslewe konstrueer nie. Hy beweer hierdie mans gryp geweld en seksualiteit aan as die enigste beskikbare alternatiewe in die skepping van 'n (ongenaakbare) manlike identiteit.

Visagie (2003:216) toon die diskontinuïteit tussen die stem van die volwasse self en die stem van die self as jeugdige protagonis in die outobiografie aan. Vir hom (Visagie, A. 2003:216) is die manlike subjek wat uiteindelik in Marble se debuut aan die leser geopenbaar word, nie 'n enkelvoudige en onveranderlike gegewe nie. Weens die diskontinuïteit tussen die volwasse verteller en die jeugdige protagonis ontstaan daar 'n veelstemmigheid in die teks wat verder gekompliseer word wanneer 'n mens bewus word van die uiteenlopende diskoerse waarbinne Marble se teks gesitueer is (Visagie 2003:217). Vergelyk ook Wybenga (1999:4).

3.4.5 Elias P. Nel: *Iets goeds uit Verneukpan?* (1998) en *Mafoiing en annerlike gelofietjies* (2001)

Ingrid Geldenhuys (1999:50) noem Nel se debuut "kontrei-stories". Sy sê: "Die temas wat in die Afrikaanse letterkunde aangespreek moet word, uit die mond van die 'histories gemarginaliseerdes' self word sonder fanfare, beskuldigings gedoen." Geldenhuys se siening dat Nel se temas in sy debuut sake is wat "in die Afrikaanse letterkunde aangespreek moet word", word as 'n kanoniserende handeling gesien.

Renders klassifiseer *Iets goeds uit Verneukpan?* as "streeksliteratuur", 'n spesifieke soort literatuur. Vir Hennie Aucamp (1998:8) is hierdie verhale egter méér as kontreikuns of kontreikuns. Aucamp sonder "Jan Dos" as 'n soort protes-verhaal uit, maar dan "verhulde" protes wat "spontaan ingeweef" is by die verhaalgang. Hy toon aan dat die verhale by die mondelinge tradisie aansluit en meen "van ganser harte" dat daar wél iets goeds uit Verneukpan voortgekom het.

Vir Albert Crafford (1999:18) was die verhaal van Jan Dos, vir wie daar min genade voor die reg was, ook skrynend. Crafford (1999:18) stel dit soos volg: "Toe die waarheid (vir Jan Dos) uitkom, kon geen verskoning versoening bring nie."

Sowel Aucamp as Craffert se uitinge omtrent hierdie debuut word as kanoniserende handelinge beskou. Aangesien Aucamp die werk as "méér as kontreikuns" ag, is die navorser van mening dat hy dié werk tot die Afrikaanse prosasisteem sou voeg.

© University of Pretoria

Henriette Grové (1999:8) het dit veral oor die unieke wyse waarop Nel in hierdie bundel sy mense aan die leser voorstel. Die nuutskeppings en die digterlike taalaanwending vind sy oortuigend, maar sy vind die verteller se "boekerige taal" plek-plek in die boek "steurend". Haar slotsom is egter dat die boek 'n "lekker lees" is. Constant Steyn (1998:6) beveel óók hierdie boek as genotvolle leesstof aan. Die sieninge van Grové en Steyn kan in sekere mate ook as kanoniserende handelinge gesien word, maar dan in meer engere sin: 'n lekkerleesboek" sal waarskynlik vir hierdie kritici in 'n ander (sub)sisteem tuishoort.

Renders (cas1.elis.ugent.be/avrug/zuidaf06.htm) meen Nel vier "met warmte het leven in de kleurlinggemeenschap". Die leser word verplaas na 'n plattelandse wêreld met sy wel en wee, sy bygeloof, skynheiligheid, vetes en rassisme. Die taal van die vertellings is 'n variant van Standaardafrikaans wat deur die "kleurlinggemeenschap" gepraat word. Daardeur wen die taal volgens Renders "authenticiteit". Tog meen hy dat Nel se "klein-realistische miniatuurtjes" soms té anekdoties is om te "beklijven" [onthou]. Renders sou die Nel waarskynlik binne 'n (sub)sisteem, naamlik dié van "streeksliteratuur" binne die Afrikaanse prosasisteem posisioneer.

Cecile Cilliers (2001:11) se vernaamste beswaar teen sommige van die verhale in *Mafoiing en annerlike gelofietjies* is dat hulle "slegs vertellings" bly, hoewel sy dit stel dat die "manier waarop Elias P. Nel met die taal omgaan" 'n "blywende indruk" op haar gelaat het. Sy is van mening dat Nel se verhale juis gelees moet word "vir sy vrolike, lewendige en boweal éérlike taalgebruik".

Volgens Hennie Aucamp (2001:9) behoort die vertellings in hierdie teks ter wille van die "lewenskragtige taal" hardop gelees te word. Hy vind veral die surrealistiese elemente in die teks boeiend. Hy huldig die mening dat 'n mens hierdie bundel juis nodig het om Afrikaans weer "nuwe energie" te gee. Cilliers se siening dat hierdie verhale "slegs vertellings" bly, word as posisionering binne 'n (sub)sisteem beskou. Hierteenoor is Aucamp se siening dat mens hierdie bundel juis nodig het om Afrikaans "nuwe" energie te gee,[25] 'n beskouing wat posisionering binne die Afrikaanse prosasisteem impliseer en terselfdertyd ook as 'n bemiddelingshandeling beskou kan word.

[25] In Aucamp se uitspraak is iets van Even-Zohar se siening van 'n literêre werk wat as "model" kan dien, terug te vind.

© University of Pretoria

3.4.6 Kirby van der Merwe: *Klapperhaar slaap nie stil nie* (1999)

Kirby van der Merwe se prosadebuut het, soos die twee werke van S.P. Benjamin, heelwat aandag van literêre kritici ontvang. Feitlik al die resensente wat die werk bespreek het, was dit eens dat veral die kwessie van identiteit in hierdie roman ter sprake kom.

Marion Hattingh (2000:45) sê oor Van der Merwe se debuut die volgende:

> Kirby van der Merwe se debuutroman gee 'n skerp analise van die kompleksiteit rondom die herdefiniëring van identiteit in 'n post-apartheid Suid-Afrika. Die ontoereikendheid van vroeëre rigiede afbakenings en die self-misleiding van simplistiese herdefiniërings word in *Klapperhaar slaap nie stil nie* oortuigend ontmasker.

Volgens Hattingh word in die roman 'n "wye register van Afrikaans gebruik en daardeur word die idee van kulturele diversiteit beklemtoon". Hattingh se siening oor Van der Merwe se debuut word as 'n kanoniseringshandeling beskou, aangesien dit om die herdefiniëring van identiteit en die ontmaskering van vroeëre simplistiese afbakenings van identiteit gaan. Sy beweer dus dat Van der Merwe se roman 'n "nuwe" perspektief op identiteit bied.

Fanie Olivier (2000:9) is egter van mening dat hierdie werk, benewens mooi geskrewe gedeeltes en sterk sensuele indrukke, ook gebreke het. Hy sê:

> Elke nou en dan verloor die skrywer sy greep op die perspektief, en is daar stukke waar die detail vertonerig raak sonder dat dit wesenlik bydra tot die verhaalgang. Daardeur boet die novelle aan digtheid en aan oortuiging in.

Hy is "dankbaar" dat hierdie boek "in geen opsig kniebuigings voor die heer Politieke Korrektheid maak nie…" Olivier wys in sy waardeoordeel nie slegs op die positiewe aspekte van die teks nie, maar toon ook stylgebreke in die teks aan.

Lucas Malan (1999:6) vind veral Van der Merwe se skerp sintuiglike waarneming, vaardige taalgebruik en beeldende vermoë in die roman opvallend. Hoewel bepaalde aspekte soos die uitbeelding van die sterwende Adriaan Januarie eensydig en onoortuigend is, is Van der Merwe se weergawes van individue en tipes volgens Malan besonder oortuigend. Deur die selektiewe gebruik van die taalregister word die identiteit van die karakter op "spontane wyse" in die dialoog onderskei. Voorts vind hy, hoewel sy argument anders geformuleer is as dié van Olivier, dit "verfrissend" dat Van der Merwe klasverskille as 'n sosiale verskynsel eerder as 'n blote politieke lotgeval benader.

© University of Pretoria

Hy beweer dat Van der Merwe se digterlike vermoë deurgaans “pragtige reëls” oplewer wat tot die “emosionele tekstuur van die roman bydra. Malan se siening oor die “deurgaans pragtige reëls” in die roman verskil egter van dié van Olivier (2000:9), wat meen daar is “benewens mooi geskrewe gedeeltes (…) ook stukke waar die detail vertonerig raak”. Renders (http:cas1.elis.rug.ac.be/avrug/zuidaf06.htm) merk op dat die klapperhaar wat vir harde matrasse gebruik word, geen luukse artikel is nie. Vanuit Renders se perspektief verwys die titel *Klapperhaar slaap nie stil nie* dan na die “miserabele levensomstandigheden in de kleurlingwijken van Zuid-Afrika”.

Renders meen die roman verloor aan trefkrag, aangesien die teenstelling tussen hede en verlede, tussen Kaapstad en die kleurlingbuurte onvoldoende ontgin word.

Soos Olivier en Malan meen Renders dat, ten spyte van “heel wat mooie passages” in die roman, die verhaaldrade nie tot ’n oortuigende geheel vervleg word nie en dat die karaktertekening “al te stereotiep” bly.

Olivier en Malan se beskouinge omtrent hierdie debuut word deur die navorser as posisionering binne die Afrikaanse prosasisteem gesien word.

Lizette Potgieter (2000:9) meen die onderhandelings tussen ras, kultuur en klas vorm die kern van die roman. Elmari Rautenbach (1999:6) meen die debuut gee ’n realistiese beeld van die dilemma van die teenswoordige jong, opgevoede bruin mens in Suid-Afrika wat na beter dinge streef, maar dan agterkom dat sy familie teenkanting op hierdie pad bring. Kinta word uitgebeeld as ’n sterk vrou wat eers nadat sy haar bloed- en familiebande nagespoor het, haar verlede kan verwerk. Potgieter se uitspraak geld vir die navorser as ’n kanoniserende handeling wat waarskynlik op posisionering binne die Afrikaanse prosasisteem dui.

Steward van Wyk (2003:270) gee in sy analise van die roman onder andere aandag aan identiteit en seksualiteit van waaruit ’n voorstelling van die swart vrou verkry word. Hy toon die sentrale plek aan van die konsep “identiteit” in postkoloniale studies as reaksie op die koloniale diskoers se obsessie met ras en kulturele eienskappe. Vroeëre opvattings oor identiteit fokus op die wesensaard en essensiële kenmerke as kerneienskappe. In resente studies oor identiteit kom heterogeniteit, diversiteit, diskontinuïteit en fragmentering onder die loep. In essensialistiese opvattings (sien hoofstuk 1) word verskil buite rekening gelaat om ’n kulturele hegemonie te vestig. Wanneer identiteit van essensialisme losgemaak word, word

© University of Pretoria

veral historisiteit en lokaliteit belangrik. Van Wyk (2003:281) toon aan dat die beeld van die swart vrou in hierdie debuutroman die ambivalensie in die koloniale diskoers reflekteer. Enersyds word gevestigde opvattings oor identiteit, spesifiek oor ras as merker daarvan, en oor seksualiteit aangebied; andersyds word sodanige opvattings in die teks gekontesteer en/of verruim en word die leser genoop om krities daarmee om te gaan. Volgens Renders stel die fokus op die identiteitsproblematiek van die "kleurling" teen die agtergrond van die transformasieproses in Suid-Afrika, 'n "erg actueel vraagstuk" aan die orde (sien ook bladsy 179).

Louise Viljoen (2004:18) toon aan dat die transformatiewe krag van die dialoog tussen sentrum en periferie na vore kom in André P. Brink se *Oomblik in die wind* en Van der Merwe se *Klapperhaar slaap nie stil nie.*

Sy beskou Van der Merwe se roman as die post-apartheidsantwoord op Brink se roman, aangesien dit die koloniale ruimtelike binêre komponente (beskawing x wildernis) wat nog in Brink se werk waarneembaar is, omkeer (Viljoen 2004:19). Sy voer aan dat Van der Merwe se roman (wildernis x beskawing) in baie opsigte die teenhanger van Brink se roman (beskawing x wildernis) is. Die gekleurde vroueprotagonis steek die grens tussen wit en gekleurd oor, maar moet ook vrede maak met haar gekleurde familie en haar herinneringe aan haar vroeëre lewe as gekleurde.

Viljoen (2004:139) tipeer *Klapperhaar slaap nie stil nie* as 'n debuutroman wat deur 'n "gekleurde" Afrikaanse skrywer geskryf en in post-apartheid Suid-Afrika gepubliseer is. Sy toon die kontensieuse aard van die term "gekleurd" aan vanweë sy verbintenisse met die geskiedenis van onderdrukking en rassisme in Suid-Afrika. In die apartheidsera was daar 'n neiging om "gekleurdheid" te sien as 'n benaming vir iemand wat nie blank, maar ook nie swart is nie. Sedert die begin van die demokratiese regering in Suid-Afrika in 1994 het die kwessie van gekleurde identiteite volgens haar toenemend onder bespreking gekom.

In Zimitri Erasmus se siening word "gekleurde identiteite" gesien as "kulturele identiteite wat bestaan uit gedetailleerde korpusse van kennis, spesifieke kulturele praktyke, herinneringe, rituele en bestaanswyses" (Viljoen, L. 2004:139). Viljoen verkies die term "gekleurd" bo swart wanneer sy na Van der Merwe en sommige van die karakters in sy roman verwys. As rede hiervoor, voer Viljoen (2004:140) aan dat Zimitri Erasmus, in die inleiding tot 'n bundel essays, getiteld *Coloured by History, Shaped by Place*, opmerk dat die diskoers van die

© University of Pretoria

"struggle years" waartydens "gekleurde" mense die term "black" as 'n "inclusive political identity marking" nie aan "the specificity of colored experience or the heterogeinity and locatedness of blackness" erkenning gegee het nie (sien hoofstuk 1). Erasmus bepleit 'n her-verbeelding van gekleurde identiteite wat steeds gebaseer bly op die rassistiese sienings van suiwerheid en egtheid en dit beskou as "cultural identities comprising detailed bodies of knowledge, specific cultural practices, memories, rituals and modes of being". Viljoen (2004:140) meen dat sy deur die gebruik van "gekleurd" eerder as "swart" bepaalde spesifiekhede en nuanses in haar bespreking van die debuut kan aantoon.

Van der Merwe se roman, so meen Viljoen (2004:151), handel oor die wyse waarop fisiese en metaforiese ruimtes op die konstruksie van Suid-Afrikaanse identiteit 'n uitwerking het. Die vertelling maak gebruik van die verhouding tussen gekleurde vroue en wit mans om kommentaar te lewer op die kompleksiteit van die interaksies tussen gekleurde en wit identiteite van post-apartheid-Suid-Afrika.

3.4.7 P. J. Philander: *Rebunie* (2000)

Anders as die skrywers wie se werk tot dusver bespreek is, was P.J. Philander (in 2000) reeds as digter bekend. *Rebunie* is sy debuutwerk in prosa.

Jakes Gerwel (2000:68) meen "hierdie romanpoging doen in 'n sekere mate afbreuk aan die denke-erfenis wat Philander in sy digkuns gelaat het", aangesien Philander se "poging" (*Rebunie)* die geskiedenis van onreg en lyding deur die "oppervlakkige eenduidigheid van sy aanbieding" banaliseer.

Lucas Malan (2000:2) meld dat die roman nie altyd vlot verloop nie. Volgens hom moet die leser dikwels lang sinne of sekondêre inligting verwerk wat as aanvullings en geheuevlugte in die vertelling voorkom. Dit werk, so meen hy, "veral stremmend in passasies waar dialoog gebruik word". Tog is hy van mening dat die roman vol "onthutsende voorbeelde van magsbeheptheid in 'n klein gemeenskap, van growwe diskriminasie en snobisme" is wat die historiese perspektief verruim". Die boek verskaf vanweë verouderde en onbekende taalvorme daarin 'n "eiesoortige leesplesier". Ten spyte van die feit dat 'n mens die verhaal nie met *Cry the beloved Country* kan vergelyk nie, ontlok dit wel by die leser reaksie.

Hein Willemse (2000:17) meen ten opsigte van karakterisering, vertelstyl en vertelling is die teks "oudmodies". Volgens hom manipuleer die skrywer sy plot wanneer hy probeer om

© University of Pretoria

outobiografie en roman te versoen. Omdat die potensieel spannende verhaal in verskillende verhaalruimtes afspeel, juis wanneer die verteller en sy hoofkarakter uit die oorspronklike ruimte padgee, kom die gevolge van die verskillende aksies nie volledig tot uiting nie. Hy vind die oudmodiese aanbod "hinderlik", vanweë die verteller se herhaaldelike pogings om huidige lewens- en sosiale opvattings op die verteltyd van die 1940's en 1950's te projekteer. Die "boekerige" taal van sekere karakters wat minder "geleerd" is as die studerende "ek"-verteller is soms vir Willemse onvanpas. Steward van Wyk (2006:195) laat hom eweneens oor Philander se "ouderwetse vertelstyl, argaïese taalgebruik" uit en meen die "verhaalslot" is onoortuigend.

Ook Renders (https://aie.ned.univie.ac.at/node/29182) maak gewag van die roman se "onbeholpen vertelstijl, de mank lopende intrige en de onovertuigende karakterisering" wat veroorsaak dat die roman in "goeie bedoelings" bly vassteek. Willemse gee, soos Malan, toe dat daar momente in die verhaal is waar die sonderlinge segswyses en die argaïsmes van die karakters tot die outentieke gegewe bydra. Marina le Roux (2001:24), in teenstelling met ander resensente, meen egter dat spanning en humor "veral in die gevatte spraakvorm van kleurryke, uiteenlopende karakters" afgewissel word.

Van Coller (2005:38) noem dat een van die kenmerke van die Afrikaanse literatuur sedert 1990 is dat vergete of onderdrukte historiese plekke en gebeure herbesoek word. Nasson het byvoorbeeld in 1991 oor die martelaarskap van Abraham Esau en die bruin gemeenskap van Calvinia geskryf. Esau se verhaal word, aldus Van Coller, deur ten minste vier Afrikaanse outeurs in literêre tekste herbesoek: Karel Schoeman (*Verliesfontein*), Johnita le Roux (*Kus van die winterskerpioen*), Elias P.Nel (*Iets goeds uit Verneukpan?*) en P.J. Philander (*Rebunie*). Die vier genoemde Afrikaanse skrywers wil, so word afgelei, deur die herbesoek van die geskiedenis van Calvinia se bruin gemeenskap, lesers opnuut bewus maak van 'n geskiedenis van vroeëre onderdrukking wat nie van die breër Suid-Afrikaanse geskiedenis weggedink behoort te word nie.

Van Wyk (2006:196) is van mening dat die ontginning van intertekste soos Christus se martelaarskap en Abraham Esau, sowel as die simboliek van Rebunie, die "vulkaniese krater waaraan die titel ontleen is, aan die verhaal "kompleksiteit" verleen en dit 'n belangrike toevoeging tot die (…) vakmanskap van die Philander-oeuvre" maak. Van Wyk se siening van die werk as 'n belangrike toevoeging tot die vakmanskap van die Philander-oeuvre, word as 'n kanoniserende handeling beskou, aangesien dit waarde aan Philander as "vakman" van sowel poësie as prosa toevoeg.

© University of Pretoria

Renders toon, soos Van Coller en Van Wyk, die herbesoek van historiese gebeure in *Rebunie* aan. Hy (https://aie.ned.univie.ac.at/node/29182) sê:

> De roman, die op ware gebeurtenissen gebaseerd is, speelt zich kort na die Tweede Wereldoorlog af. Centraal staat Kallie, een kleurlingonderwijzer. Zoals Abraham Esau in de Anglo-Boerenoorlog, verzet hij zich tegen de willekeur en de terreur van de blanken. Hij moet het met de dood bekopen. Het rascisme in de Zuid-Afrikaanse maatschappij, niet alleen van de blanken tegenover de kleurlingen, maar ook van de kleurlingen tegenover de zwarten wordt scherp aangeklaagt.

Ook vir Willemse (2000:17) is *Rebunie* literêr-histories van belang, terwyl die resensent in *Servamus*, 30 November 2000 meen die verhaal is uit ŉ kultuurhistoriese perspektief insiggewend ten opsigte van die rol wat die verskillende kerke as magsbeskikkers binne die politieke konteks van die apartheidsera gespeel het. Le Roux (2001:24) is van mening dat die boek boeiend is "veral vanweë die interessante vervlegting van historiese met eietydse gebeure". Die navorser is van mening dat Van Coller, Van Wyk, Renders en Willemse vanweë die teks se historiese belang as gekanoniseerd sou beskou en binne die Afrikaanse prosasisteem sou posisioneer.

3.4.8 Catherine Willemse: *Met ŉ diepe verlange* (2006)

Van hierdie outobiografiese vertelling sê Albé Grobbelaar (2007:6) dit is die verhaal en ŉ "wonderlike nalatenskap" van ŉ sterk vrou wat ŉ "rotsvaste" anker vir haar familie en vriende is. Grobbelaar vermeld, soos Steward van Wyk (2007:278), die nawoord van Hein Willemse, die outeur se seun. Hoewel Grobbelaar (2007:6) van mening is dat meer sulke lewensverhale opgeteken behoort te word, sê hy dat die boek nie by die meerderheid lesers byval sal vind nie, want die "inhoud, samestelling en skryfstyl" is "nie sterk genoeg nie". Grobbelaar sou die boek waarskynlik nie tot die Afrikaanse literêre kanon voeg nie.

Volgens Steward van Wyk (2007:278) word in die eerste deel van die teks die "slawe-oorsprong" van die verteller nagespeur. Die "nostalgiese" blik op "verdwene gebruike en tradisies" word "gebalanseer met vertellings wat die mooi en lelike kant van mense belig". Van Wyk (2007:278) noem dat Hein Willemse in die nawoord die boek binne die genre van die outobiografie plaas en aanvoer dat daar ŉ yl aanbod van biografieë in Afrikaans deur vroue is, en dat hierdie werk ŉ "besitname van ŉ geskiedenis soos die verteller dit 'ervaar het' (…) ŉ bemagtigingsdaad is". Willemse sou die werk waarskynlik in ŉ "alternatiewe" Afrikaanse kanon wou plaas.

© University of Pretoria

3.4.9 Bettina Wyngaard: *Troos vir die gebrokenes* (2009) en *Vuilspel* (2013)

Minnie Lewis (2009:*LitNet*) toon ooreenkomste tussen Bettina Wyngaard se *Troos vir die gebrokenes* en Dido se roman *Rugdraai en stilbly* (1997) aan. Die aspekte wat vir haar in Wyngaard se debuut voorop staan, is: mishandeling, fisieke en emosionele seerkry, verwonding en hunkering na troos. Lewis beweer dat vroue, soos in Dido se *Rugdraai en stilbly*, in hierdie roman op die voorgrond is. Die sterk vrouefigure in hierdie roman probeer die drade van die familie (soos Antie Mina en Frieda) en samelewing (Lily) aanmekaar hou.

Soos by Dido, gaan dit by Wyngaard se *Troos vir die gebrokenes* ook om verskeie sosiale kwessies. Wyngaard noem in 'n onderhoud (Anastasia de Vries 2009:10) dat die storie van die bruin gemeenskap van Grabouw 'n universele boodskap van hoop dra. Vir Lewis (2009:*LitNet*) wil die boek 'n eerlike blik bied op die worsteling met sosiale kwessies soos drankmisbruik, mishandeling, verkragting, armoede, gesinsgeweld en hoe hierdie kwessies daadwerklik teengewerk kan word. Dié debuut belig "uiters aktuele temas" en lewer duidelike kommentaar daarop, maar bied ook die moontlikheid van oplossing en veral troos. Die feit dat Lewis die mening uitspreek dat die roman 'n "welkome bydrae" tot die Afrikaanse prosa lewer, word as 'n kanoniseringshandeling beskou. Stoffel Cilliers (2010:13) sien, soos Lewis, die roman as 'n teks waarin aktuele kwessies rakende 'n bruin gemeenskap in Grabouw ter sprake kom. Hy beskou Wyngaard se uitbeelding van die hoofkarakter, Frieda Daniels, as oortuigend. Hy maak ook gewag van die kleurryke en beminlike karakters, Antie Mina en oom Charles. Volgens hom gebruik die skrywer verskeie karakters om lewenswaarhede tuis te bring. Cilliers (2010:13) sonder die lewensgetroue dialoog en oortuigende karakterbeelding in die roman as besondere kenmerke uit, maar wys daarop dat die spanningslyn geleidelik verslap as die skrywer minder uitbeeld en meer vertel wat gebeur.

Cilliers se mening dat die roman veel meer is as die blote weergawe van die swaarkry van 'n (bruin) gemeenskap word as 'n kanoniseringshandeling gesien, omdat die teks die uiteindelike boodskap het dat swaarkry 'n universele kwessie is wat te bowe gekom (kan) word. Lewis en Cilliers se sterk fokus op maatskaplike kwessies is 'n aanduiding dat hulle dié werk hoofsaaklik vanuit 'n konteksgerigte literatuuropvatting benader het.

Vuilspel, Wyngaard se boek wat in 2013 verskyn het, word deur die meeste literêre kritici beskou as 'n boek wat "die kwessie van korrektiewe verkragting, die seksuele aanval op 'n gay vrou wat geteiken is weens haar seksualiteit, aanspreek" (Terblanche 2014:*LitNet*).

© University of Pretoria

Madri Victor (www.maandbladzuidafrika.nl/node/107) beweer lesers kry in *Vuilspel* "vir die eerste keer" met 'n bruin gay vrouespeurder in Afrikaans te doen. Victor, asook Jacomien van Niekerk (2013:190), meen die lesbiese tema wat in die boek ter sprake kom, is tot dusver (2013) nog nie op hierdie wyse in die Afrikaanse letterkunde ontgin nie. Victor (www.maandbladzuidafrika.nl/node/107) sowel as Joan Hambidge (2013:*LitNet*) noem die verhaal 'n "misdaadroman" waarin skerp kommentaar gelewer word op regstellende aksie, bendegeweld en die onbegrip vir en verstoting van lesbiese vroue. Vanweë die feit dat Victor en Hambidge hierdie roman as 'n "misdaadroman" tipeer, meen die navorser dat hulle die verhaal eerder binne die (sub)sisteem "misdaadroman" sou plaas. Volgens Victor hanteer Wyngaard die impak van trauma op die vriende en familie van 'n slagoffer, en die maniere waarop mense hierdie trauma verwerk, met groot sensitiwiteit. Op subtiele wyse word ook die kerk se siening van lesbiese vroue en die geweld teen hulle betrek. Die roman bied volgens Hambidge (2013:*LitNet*) insig in 'n gemeenskap se afgestomptheid ten opsigte van moord. Sy is van mening dat die roman belangrike "gender-kommentaar" lewer. Jacomien van Niekerk (2013:190) meen, soos Hambidge en Victor, dat *Vuilspel* vanweë aktuele temas 'n "belangrike bydrae" tot die Afrikaanse literatuur maak. Sy vind die roman se hantering van genderkwessies veelkantig. Hoewel Van Niekerk (2013:190) toegee dat heelwat kritiek teen die roman uitgespreek kan word, soos onder andere die spanningslyn wat telkens deur gesprekke tussen die speurders ondermyn word, onnoukeurige taalversorging en die onbevredigende slot, meen sy *Vuilspel* bied die leser 'n unieke leeservaring. Victor, Hambidge en Van Niekerk se uitsprake dat die boek vanweë 'n "andersoortige" fokus op genderkwessies wat nog nie vantevore op hierdie wyse in die Afrikaanse letterkunde ter sprake gekom het nie, word as kanoniseringshandelinge beskou.

Annemarié van Niekerk (2013:4) meld dat sosiale kommentaar vir Wyngaard 'n prioriteit in die literatuur is. *Vuilspel* handel onder andere oor regstellende aksie, oor misdadigheid binne die regering, oor 'n regstelsel wat nie altyd geregtigheid waarborg nie, oor gewone mense se skeptisisme oor hul polisiemag, oor die allerwreedste geweld. Volgens Van Niekerk (2013:4) belig Wyngaard haar onderwerp van alle kante af: bendes se optrede, die trauma van geweldsmisdaad se slagoffers, die daaglikse morele dilemmas waarmee die polisie moet worstel en gewone mense se vrese en verlangens. Hoewel die openingstoneel van die roman vir haar geslaagd is, vind sy die feit dat die slagoffer, Thandi Ndlovu, klaarblyklik 'n vriendin van Nicci, net té toevallig. Tog meen sy Wyngaard se beskrywing van hierdie vriendekring vind met soveel begrip en humor plaas dat die leser maklik met hulle kan identifiseer. *Vuilspel,* aldus Van Niekerk (2013:4), probeer nie om 'n literêre swaargewig te wees nie. Soos ander resensente, toon Van Niekerk ook aan dat daar nie diepgaande

© University of Pretoria

karakterontwikkeling of 'n komplekse struktuur of geraffineerde styl is nie. Sy vind die roman "gewoon 'n soepel geskrewe speurroman in alledaagse Afrikaans wat seepglad lees". In haar slotsom spreek Van Niekerk (2013:4) die hoop uit dat Wyngaard se vreeslose aanpak van problematiese sosiale kwessies *Vuilspel* nie gaan diskwalifiseer om byvoorbeeld as voorgeskrewe boek vir die skolemark in aanmerking te kom nie. Annemarié van Niekerk se siening dat die boek 'n "soepel geskrewe speurroman" is, is 'n aanduiding van posisionering binne die (sub)sisteem "speurroman".

Marida Fitzpatrick (2013:15), stem, wat die literêre meriete van *Vuilspel* betref, egter nie met Hambidge, Annamarié van Niekerk en Jacomien van Niekerk saam nie. Hoewel emosionele en fisieke geweld teen gay vroue in veral swart en bruin gemeenskappe in Suid-Afrika 'n baie aktuele onderwerp is, slaag die roman volgens Fitzpatrick nie. Die karakters, dialoog, spanningslyn en intrige moet die roman regverdig, nie die tema nie. Hier skiet *Vuilspel* volgens haar "ernstig" te kort. Sy is van mening dat die meeste van die karakters eendimensioneel en die dialoog deurgaans ongeloofwaardig is. Fitzpatrick toon, soos Jacomien van Niekerk, die roman se gebrek aan spanning aan. Die motief vir die moord is reg van die begin af duidelik. Sy toon ook talle taalslordighede aan, byvoorbeeld waar die hoofkarakter se naam, Nicci, op een plek selfs verkeerd gespel word as Nikki! Soos ander resensente het Fitzpatrick (2013:15) ook beswaar teen die "weinig oorspronklike beeldspraak" en die feit dat die skrywer staat maak op geykte uitdrukkings in sowel die vertelling as dialoog. Fitzpatrick beoordeel genoemde roman waarskynlik vanuit 'n teksgerigte benadering.

3.4.10 Anastasia de Vries: *Baie melk en twie sykers* (2010)

Stoffel Cilliers (2010:8) vind hierdie gebundelde rubrieke van belang vanweë die "besonder interessante hedendaagse Kaapse Afrikaans" waarin dit geskryf is. Hy is van mening dat die skrywer haar volkome met haar "hartsgrond", "Ravensmead in die Kaap, en sy mense!" vereenselwig en hulle "waarlik laat leef". Haar beeldende beskrywing van mense terwyl sy as skrywer, sonder bespiegeling of berederening, self deurgaans op die agtergrond bly, maak die werk vir hom "uitsonderlik". In die bundel geniet uitbeelding van milieu en karakters en woordkrag voorrang. De Vries oortuig deur "oorspronklikheid, fyn waarneming en raak segging" en oortuigende karakterbeelding. Cilliers (2010:8) se slotsom is die volgende:

> Met soveel dramatiese elemente, soveel oorspronklike, oortuigende karakters, soveel onvergelyklike dialoog daarin, gaan menige woordkunstenaar hierdie bundel opraap. Wat ons vandag in hierdie pragbundel lees, gaan ons tien teen een more op die verhoog sien.

© University of Pretoria

Riëtte Rust (2010:*LitNet*), soos Cilliers, maak gewag van De Vries se beeldende taalgebruik en die wyse waarop sy haar hartsplek en karakters laat lewe. Ook Crous (2010:204) is van mening dat De Vries oor mense en situasies waarmee sy bekend is, vertel.

Crous (2010:203) toon die belangrike rol van ruimte in hierdie bundel aan. Hy beweer dat reeds in die openingsverhaal Ravensmead as ruimte geteken word waar twee (uiteenlopende) wêrelde "byeenkom". Volgens hom skep De Vries "deernisvolle portrette van haar ouers, van interessante figure uit die omgewing en die alledaagse belewenisse van die inwoners" in die Kaapse idioom wat veral in die dialoog weerspieël word. Hy wys op humor in die teks te midde van die hartseer en ellende wat "dikwels tekste oor sulke sosio-ekonomiese realiteite" kenmerk. Crous, so word afgelei, is van mening dat De Vries die hartseer en ellende wat gewoonlik met "sulke sosio-ekonomiese realiteite" gepaard gaan, op 'n "nuwe" wyse, naamlik met humor uitbeeld.

Vir Crous (2010:204) suggereer die titel dat soet tee met baie suiker vertroosting in nood bied. Die meerderheid van die verhale dra, volgens hom, dan ook die boodskap van vertroosting oor.

De Vries se verhale, sê Crous, "getuig van fyn waarneming en optekening in 'n eiesoortige idioom".

Die enigste punt van kritiek wat Crous (2010:204) opper, is dat hy "hier en daar" 'n probleem met die slot van die verhale gehad het. Anders as Crous (2010:204), meen Rust dat 'n "onverwagse" slotsin van verhale dikwels die leser se hart laat ruk, maar "dan besef jy ook: geen ander einde sou so goed kon werk nie".

Crous (2010:204) noem dat hy "uitsien" na die roman wat De Vries "oor Ravensmead" gaan skryf. Daarmee suggereer hy dat sy die vermoë het om méér as rubrieke te skryf. Rust (2010:*LitNet*) stel voor dat 'n verklarende woordelys agterin die teks ingevoeg word om die leser te help om bepaalde uitdrukkings beter te verstaan. Volgens Rust lewer *Baie melk en twie sykers* 'n "waardevolle bydrae tot die kultuurskat."

Ampie Coetzee (2010:11) het dit veral oor die besonderse aanwending van Kaapse streekstaal in die bundel. Die verhale, wat oorspronklik as rubrieke in dagblaaie verskyn het, is soos kort-kortverhale gestruktureer met 'n "begin en einde soos 'n goeie kortverhaal". Hy noem dat verskillende temas in die bundel aan die bod kom.

© University of Pretoria

Hy vind De Vries se beelding van verskillende karakters, byvoorbeeld Kinna, treffend. Die versameling word afgerond met die slotverhaal waarin die skrywer na haar hartsplek terugkeer. Volgens hom bestaan die bundel uit “vertellings, beskrywings en ontmoetings”. Coetzee (2010:11) meen dit is veral die vertelwyse wat van die bundel ’n goeie boek maak. Hy stel dit soos volg: “Soms is daar ’n bewuste verteller, die skrywer, later by naam – in gewone Afrikaans. Dan die oorvertel van ’n ander verteller se verhaal. Dan één dialoog.” Die gebruik van verskillende taalregisters noop, aldus Coetzee, die leser tot noukeurige lees, “soos by ’n literêre teks waar taal nie net kommunikasie is nie”. Coetzee (2010:11) is van mening dat De Vries taal gebruik “wat anders beskryf, wyshede dra, gesegdes geskep het”. Die bundel is “die voortsetting van ’n literêre tradisie wat nog nie lank genoeg geleef het nie, en nou hopelik sal herleef by skrywers wat dié taal ken – of wat weet hoe om daarna te luister” (Coetzee 2010:11). Benewens die literêre gehalte, sal, na sy mening, ook linguiste baat vind by die tekste se “sintaksis, fonetiek, etimologie, taalsosiologie en die aard van die wegbreek van Standaardafrikaans”. Coetzee se uitspraak dat *Baie melk en twie sykers* as “die voortsetting van ’n literêre tradisie wat nog nie lank genoeg geleef het nie, en nou hopelik sal herleef by skrywers wat dié taal ken…” kan as ’n kanoniseringshandeling beskou word wat posisionering binne die Afrikaanse prosasisteem veronderstel.

3.4.11 Zain Eckleton: *Die rolbalspeler* (2011)

Vir Groenewald (2011:*LitNet*) het hierdie debuutroman van Zain Eckleton “leesplesier” verskaf. Sy noem dat die hoofkarakter, Hans, se toevallige ontmoeting met die maatskaplike werker, Erika, ook ’n rolbalafrigter, as motoriese moment dien vir Hans se lewe: Deur middel van rolbal neem sy lewe ’n nuwe wending.

In die resensie word gefokus op Hans as ’n soort held wat fisiese sowel as emosionele struikelblokke moet oorkom. Groenewald toon die afwesigheid van tipiese clichés in die verhaal aan en meen ’n gestroopte verhaal word in die roman vertel. Hoewel die gegewe dat Erika se pa haar ma probeer doodskiet en homself dan om die lewe bring, weergegee word, is Groenewald van mening dat die roman nie gesinsgeweld as tema het nie. Sy toon aan dat die aanvanklike rolbalgegewe soos die verhaal ontvou minder sentraal raak, terwyl daar gaandeweg meer op Hans se vordering en ontwikkeling gefokus word.

Soos Groenewald (2011:*LitNet*), noem Steinmair (2011:7) dat die verhaal van soetsappigheid ontdaan bly en dat stereotipes vermy word. Die protagonis, Hans, oorkom vele struikelblokke op sy pad na selfverwesenliking. Hans se verhaal word, aldus Steinmair,

© University of Pretoria

met “wrang en gekantelde humor” vertel, “sonder literêre foefies soos paralelle storielyne of verspringende perspektiewe”. Steinmair (2011:7) vind Eckleton ’n natuurlike storieverteller met ’n aanvoeling vir die dramatiese en ’n oor vir dialoog. Sy meen die boek is enduit onderhoudend en boeiend. Deur rolbal kry Hans ’n oriëntasiepunt in die wêreld waardeur hy in spanningsvolle situasies leer om gefokus te wees. Sy tipeer die debuut as ’n “lekkerleesboek” met ’n vinnige tempo wat “veel om die lyf het en ’n stem het wat die leser sal bybly”.

Saartjie Botha het Zain Eckleton se debuut tot ’n drama verwerk wat by die Suidoosterfees wat in 2014 plaasgevind het, opgevoer is.

Botha (2014:*LitNet*) beweer sy het die boek *Die rolbalspeler* tot teaterproduksie eerder as ’n radiodrama verwerk, omdat slegs die hoofkarakter, Hans, blind is en die ander karakters almal kan sien. Sy sien *Die rolbalspeler* as ’n toeganklike verhaal oor die najaag van drome en hoe ’n man bo sy omstandighede uitstyg, liefde en ’n loopbaan vind en ’n kampioenrolbalspeler word sonder ’n sentimentele beskouing oor gestremdheid. Botha het die aksie in die debuutroman in die dramaproduksie uitgebou en van die blinde karakter se gedagtes in dialoog en persoonlike mededelings aan die gehoor verwerk.

4 ’n Beskrywing van bepaalde outeurs se posisie vanuit Bourdieu se veldteorie

Verskeie van die genoemde outeurs se posisie in die Afrikaanse sosiale en literêre veld kan ook binne die raamwerk van Bourdieu se veldteorie beskryf word. Soos uit hoofstuk twee geblyk het, onderskei Bourdieu tussen vier vorme van kapitaal, naamlik: (1) ekonomiese kapitaal; (2) kulturele kapitaal; (3) sosiale kapitaal en (4) simboliese kapitaal.

Outeurs soos S.P. Benjamin, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, Bettina Wyngaard en Zain Eckleton het in onderhoude hul persepsie van hul posisie in die sosiale en literêre veld laat blyk.

4.1 S.P. Benjamin

S.P. Benjamin se **hexis** of dan sy geïnkorporeerde “toestand” en blywende geestelike en liggaamlike ingesteldheid ten opsigte van die sosiale veld waarbinne hy hom bevind, blyk veral uit onderhoude wat met hom gevoer is.

© University of Pretoria

Teenoor Antonia Steyn (http://www.litnet.co.za/mond/sbenjamin.asp) en Wasserman (2000:4) stel hy dit dat hy as skrywer en nié as 'n bruin skrywer geëtiketteer wil word nie. Hy spreek die hoop uit dat hy met sy literêre produkte 'n bydrae gelewer het tot *Afrikaanse literatuur* of *Suid-Afrikaanse literatuur.* Uit sy wens dat hy deur sy literêre werke 'n bydrae tot die Afrikaanse literatuur sou wou lewer, word afgelei dat hy graag sy werk by die Afrikaanse literatuur ingesluit wil hê.

Ook in onderhoude met Wilhelm Snyman (1998:12), Hettie Scholtz (1999:53) en Wasserman (2000:4), gee Benjamin sy posisie in die sosiale veld te kenne. In http://www.afrikaans.com/av7229.html laat Benjamin hom uit oor die gedwonge verskuiwing van sy mense na 'n ander woongebied en hul gevoelens oor en reaksies op hul "alienskap". Hierdie mense, sê Benjamin, sal nooit vergeet wat met hulle gebeur het nie. Hy wou in sy tweede boek oor die (gemarginaliseerde) mense in die plakkerskamp skryf, ook al sou dit dan nie "lekker leesstof" wees nie (Wasserman, H. 2000:4).

Teenoor Steyn (http://www.litnet.co.za/mond/sbenjamin.asp) en Wilhelm Snyman (1998:12) noem hy dat sy oogmerk met *Die reuk van steenkool* nie was om enige politieke boodskap oor te dra nie, maar bloot om 'n storie te vertel. Benjamin se habitus hou met sy vaardighede en kennis verband. Uit die meeste onderhoude wat met hom gevoer is, blyk dit dat hy die werke van Jeanne Goosen gelees het en dus kennis van Afrikaanse literatuur dra.

4.2 Elias P. Nel

Elias P. Nel laat blyk teenoor Wasserman (2001:6) sy vermoë om stories wat saak maak, te vertel. Hierdie vermoë en vaardigheid om stories wat "saak maak" te vertel, staan vanuit Bourdieu se raamwerk as "habitus" bekend. Nel beskou homself as 'n kroniekskrywer en ag dit sy "selfopgelegde taak om die deugde, die eksentriekhede, die soet en die suur van die mense op te teken en dit aan die *groter* Afrikaanse gemeenskap bekend te stel".

Hy noem teenoor Wasserman dat sy karakters meestal analfabete is wat met minagting bejeën word. Sy intensie met die skryf van *Mafoiing en annerlike gelofietjies* was om die plattelandse waardes behoue te laat bly.

Hoewel hy en George Weideman, so beweer hy, albei in die Boesmanland en Namakwaland groot geword het, is daar 'n belangrike verskil tussen hom en Weideman: Nel het die

© University of Pretoria

persepsie dat hy weens sy geïnkorporeerde toestand (hexis) “aan die verkeerde kant van die draad in dié geweste grootgeword” het.

Sy blywende geestelike en liggaamlike ingesteldheid ten opsigte van die posisie waarbinne hy hom in sy sosiale veld bevind (hexis), is dat hy vanuit “verkeerde kant van die draad” “die verontmenslikende behandeling en die vernietigende gevolge” gesien en ervaar het. Nel stel hom in ’n sosiaal minderwaardige posisie teenoor die (wit) Weideman op. Nel laat, soos S.P. Benjamin, blyk dat hy enige verwysing na sy velkleur “verpes”. Nel meen die term “kleurlingskrywers”[26] is ’n “apartheidsterm wat die wanpersepsie versterk dat die werk van nie-wit skrywers minderwaardig is”. Elias P. Nel verkies om as “skrywer” in die breë Afrikaanse literêre wêreld geïntegreer te wees eerder as om as bruin[27] skrywer ’n gemarginaliseerde posisie in die Afrikaanse literêre wêreld in te neem.

4.3 Kirby van der Merwe

Teenoor Stephanie Nieuwoudt (2000:3) laat Van der Merwe die volgende omtrent sy blywende ingesteldheid ten opsigte van die sosiale werklikheid waarin hy hom bevind (sy habitus) blyk: “Ek skryf teen die reëls en vooroordele in.” Volgens hom keer hy juis stereotipering van bruin mense in sy boek *Klapperhaar slaap nie stil nie* om, aangesien hy Kinta aan die leser as ’n gesofistikeerde middelklas bruin vrou voorhou. Hy erken teenoor Nieuwoudt sy sensitiwiteit oor die dinge wat in sy verlede met hom gebeur het. In ’n onderhoud met Herman Wasserman (2000:4) sê Van der Merwe dat hy hom aan die kant van die vroeëre gemarginaliseerdes skaar. Hy meen (wit) mense moet wegkom van die idee dat bruin mense “koddig” moet wees (Wasserman 2000:4). Van der Merwe wil, soos S.P. Benjamin en Elias P. Nel, as ’n volwaardige Afrikaanse skrywer bekend staan en nie as ’n (gemarginaliseerde) bruin skrywer nie.

4.4 Bettina Wyngaard

Wyngaard het as regsgeleerde bepaalde status in die sosiale veld. Sy skryf, so gee sy te kenne, nie om ekonomiese kapitaal te verwerf nie, maar eerder omdat sy haar sosiaal daartoe gedrewe voel. Wyngaard sê: “Ek skryf, nie omdat ek meer daaruit verdien as my vorige loopbaankeuse nie, maar omdat dit my hart is. Hoe dan anders?” Wyngaard gee met

[26] Elias P. Nel se persepsie van “kleurling” as ’n skeldnaam toon ’n mate van ooreenkoms met dié van Hein Willemse.
[27] Phillips, Scholtz, Nel, Van der Merwe en waarskynlik ook Dido, beskou die term “bruin” mens as ’n sosiale en voortdurend veranderende identiteit eerder as ’n verwysing na velkleur of “ras”.

© University of Pretoria

hierdie stelling te kenne dat dit vir haar nie om die verkryging van ekonomiese kapitaal gaan nie.

Wyngaard (Terblanche 2014:*LitNet)* verduidelik haar sosiale verbondenheid met die samelewing waarvan sy deel is, soos volg:

> Sosiale kommentaar is vir my 'n prioriteit in die literatuur. Dis soos om 'n spieël voor die mense te hou; dit daag die leser uit om sy ideë en/of gedrag te verander.

Kwessies van sosiale geregtigheid lê my na aan die hart," noem Wyngaard, toe Madri Victor (www.maandbladzuidafrika.nl/node/107) haar uitvra, "en ek probeer om verhale te vertel wat nie net vermaak verskaf nie, maar wat ook die leser se sosiale bewussyn aanwakker".

Wyngaard se simpatie (Victor,M:www.maandbladzuidafrika.nl/node/107) en deernis met lydende randfigure wat nooit gehoor word nie, figureer sterk in beide *Troos vir die gebrokenes* en *Vuilspel.* Sy skram nie weg van die kompleksiteit van sosiale kwessies nie. Tog beskou sy sosiale kommentaar nie noodwendig as 'n skrywer se "plig" nie. Sy sê:

> Daar is plek vir ligte vermaak, vir politieke satire, en vir filosofiese nadenke in die literatuur. Misdaadfiksie was die een genre wat regtig sin gemaak het om *Vuilspe*l in te klee. Op 'n meer persoonlike vlak het dit my ook toegelaat om bietjie afstand van *Troos vir die gebrokenes* te bekom (Victor,M: www.maandbladzuidafrika.nl/node/107).

Wyngaard se intensie met haar skryfwerk is om 'n "stem gee aan bruin vroue en verskillende groepe bruin vroue" (Terblanche 2014:*LitNet*).

Hierdie stelling kan 'n aanduiding wees dat sy die hoop koester om deur haar skryfwerk bruin vroue se marginale sosiale posisie in die samelewing te verander.

Wyngaard het simboliese kapitaal in die Afrikaanse literêre veld verwerf deur die toekenning van die Jan Rabie-*Rapport*-prys vir haar debuut *Troos vir die gebrokenes.* Die prys het ook aan haar sosiale kapitaal verleen. Sy laat haar soos volg hieroor uit:

> Die erkenning en dat dié soort werk bekroon word, beteken vir my baie. Ek hoop dit gee ander bruin skrywers wat hul stories vertel, meer blootstelling (Terblanche 2014:*LitNet*).

Wyngaard spreek die hoop uit dat die prys nie slegs vir haar nie, maar ook vir "ander 'bruin' skrywers" as aansporing sal dien om "hul stories" te vertel.

© University of Pretoria

Sy gee egter die volgende toe omtrent die verwerwing van die literêre prys:

> Om ’n prys te wen, plaas druk op ’n mens, miskien is dit interne druk, maar dit het gemaak dat ek ’n bietjie langer gevat het om my volgende boek te skryf en wat ek wil sê met my volgende boek. Die voordeel is dat ek baie meer blootstelling gekry het” (Terblanche 2014:*LitNet*).

Uit laasgenoemde mededeling van Wyngaard blyk haar geestelike ingesteldheid (hexis), naamlik haar bewuswording dat die wen van ’n literêre prys nie slegs as aansporing vir verdere skryfwerk dien nie, maar ook innerlike druk (om te presteer) op die skrywer plaas.

4.5 Zain Eckleton

Zain Eckleton se liggaamlike ingesteldheid (hexis) blyk uit die feit dat hy in ’n onderhoud met Willemien Brümmer (2011:12) sy erge gesiggestremdheid en die gevolglike beperkinge wat dit op sy werkwyse as outeur plaas, opper. Eckleton noem dat hy nie duur rekenaartoerusting kan bekostig nie en tuis op ’n aangepaste rekenaar werk waarvan die lettertipe drie maal die gewone grootte is. Dit neem hom steeds baie lank, ’n “halwe leeftyd” om ’n woord te lees. Wanneer hy navorsing op die internet wil doen of e-posse wil lees, span hy sy dogter daarvoor in.

Hy noem dat hy wel die vermoë (habitus) het om te tik, maar nie kan teruglees wat hy geskryf het nie. Hy erken dat hy as skrywer moet “oorskryf en oorskryf”. Wanneer hy ’n weergawe voltooi het, lees sy dogter dit teen betaling op band terug sodat hy kan luister waar hy wil verbeter. Hy is van mening dat hy nie sy gestremdheid in sy pad laat staan het nie.

Hy gee dus in die onderhoud blyke dat hy vasberade was (sy geestelike ingesteldheid of habitus), om sy liggaamlike beperkings (hexis) te bowe te kom. Teenoor Brümmer (2011:12) erken hy dat sy manuskripte aanvanklik “keer op keer” afgekeur is, maar dat aanhou skryf het.

Die doel van sy boek, sê hy, was om aan te toon dat dit nie *entertaining* is om gestremde mense te *abuse* nie. Volgens hom is die eintlike boodskap van *Die rolbalspeler* dat “jy moet aanvaar wie jy is” en as ander jou nie so wil aanvaar nie, is dit *tough luck* en bly “jy nog maar steeds jouself”. Uit Eckleton se medelings teenoor Brümmer blyk dit dat hy meen hy kan hom as gestremde mens in sy sosiale omgewing handhaaf omdat hy presies weet wie hy self is.

© University of Pretoria

5 Outeurs se verwerwing van simboliese kapitaal (Bourdieu)

5.1 Verwerwing van literêre pryse

Slegs aan S.P. Benjamin en Bettina Wyngaard is literêre pryse, wat as die verwerwing van simboliese kapitaal beskou kan word, toegeken. S.P. Benjamin het die aanmoedigingsprys van Sanlam/De Kat vir sy debuut *Die reuk van steenkool* verwerf. Bettina Wyngaard het die Jan Rabie-*Rapport*-prys vir haar debuut *Troos vir die gebrokenes* verwerf. Hierdie literêre pryse het waarskynlik nie nie dieselfde prestige as die Hertzogprys nie (sien onder andere Verboord se siening oor literêre prestige, bladsy 54 en volgende).

5.2 Voorskryf van boeke

Uit inligting wat op die internet verkry is (sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/MyMaties/…/Boeke1eSemester.pdf*)* wil dit voorkom asof *Troos vir die gebrokenes* in 2010 vir eerstejaars aan die Universiteit van Stellenbosch vir die eerste semester voorgeskryf was.

Geen verdere inligting hieroor kon verkry word nie. Aangesien Wyngaard se werk deur ’n literêre instansie voorgeskryf is, kan dit beskou word as die verwerwing van ’n mate van simboliese kapitaal.

5.3 Vermelding in literatuurgeskiedenisse

Kannemeyer (2005:619) noem dat Karel Benjamin sy jeugherinneringe in “kleurryke taal” in sy twee tekste weergee, “al is daar soms iets hinderliks in die oorgange van die vertellings”.

Hy bespreek S.P.Benjamin se twee tekste in meer besonderhede (Kannemeyer 2005:620). Aan Kirby van der Merwe en Joseph Marble staan Kannemeyer (2005:620) beswaarlik twee reëls elk af.

Hy verwys in sy literatuurgeskiedenis nêrens na Clive Smith nie. Elias P. Nel se tekste plaas Kannemeyer (2006:569) in die kategorie “kontreikuns” saam met ander (wit) skrywers van “kontreikuns”.

© University of Pretoria

Kannemeyer noem die historiese agtergrond van P.J. Philander se *Rebunie* (Kannemeyer 2006:257-258). Roos (2006:69-70) verwys, soos Kannemeyer, op oorsigtelike wyse na Elias P. Nel, S.P. Benjamin, Karel Benjamin en Kirby van der Merwe. Sy gee, anders as Kannemeyer, wel 'n kort verwysing na Clive Smith (Roos 2006:70). Daniel Hugo (2006:401-408) het in die 2006-uitgawe van *Perspektief en Profiel 'n* Profiel oor P.J. Philander as digter geskryf. Hy verwys wel op bondige wyse na *Rebunie*, Philander se prosadebuut.

6 Kanonisering

Gebaseer op die voorafgaande besprekings in hierdie hoofstuk, kom kanonisering nou aan die bod.

Schmidt se bewering dat die handelingsrol van teksverwerking die literêre kanon in stand kan hou deur literêre produkte op die basis van voorkeur aan die samelewing te bied, is in hierdie hoofstuk beskryf.

Teksverwerkers soos Willemse, Du Plessis en Slabber het Karel Benjamin se debuut bestempel as 'n belangrike bydrae deur 'n bruin skrywer tot die bestaande Afrikaanse literatuur. Die ooreenstemmende uitsprake oor Karel Benjamin se debuut word as 'n soort pleidooi om insluiting in die Afrikaanse literatuur deur die navorser geag en as kanoniserende handelinge beskou.

Viljoen, Rosenthal, Van Manen en Prins se mening dat S.P. Benjamin se debuut, *Die reuk van steenkool*, as "net so goed is soos" Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* en Mark Behr se *Die reuk van appels* word as kanoniserende handelinge beskou. De Vries (1998:29) beskou Benjamin se debuut byvoorbeeld as 'n "heel besonderse ervaring" en Snyman noem die werk 'n "rare feat". Die feit dat ook 'n Engelstalige literêre kritikus soos Rosenthal haar oor Benjamin se besondere debuut uitspreek, geld as 'n verdere kanoniserende handeling.
Die toekenning van 'n literêre prys aan Benjamin se debuut en die vermelding van sy werke in resente literatuurgeskiedenisse word ook as kanoniserende handelinge beskou wat insluiting in die Afrikaanse prosasisteem impliseer.

Ook die uitinge van literêre *elite* soos Hattingh, Odendaal, Venter, Potgieter en Viljoen oor Benjamin se *Die lewe is 'n halwe roman* (1999) word as handelinge van insluiting in die Afrikaanse prosasisteem geag.

© University of Pretoria

Hattingh se tipering van die boek as 'n "moet-lees" boek wat 'n "aktuele stuk Suid-Afrikaanse werklikheid tot op die been bloot(lê)" word ook as 'n bemiddelende handeling gesien. Odendaal se mening dat Benjamin met hierdie boek "met ontstellende eerlikheid 'n wêreld blootlê wat nog selde in Afrikaans beskryf is", kan as 'n kanoniserende handeling gesien word. Venter se mening dat Benjamin gebeure in die beperkende sosiale ruimtes wat in die verhale ter sprake kom, herskryf tot "iets anders" word as 'n kanoniserende handeling beskou. Verskillende teksverwerkers se verwysings na Benjamin se debuut as die blootlegging van 'n aktuele stuk Suid-Afrikaanse werklikheid word deur die navorser as handelinge beskou wat insluiting in die Afrikaanse prosasisteem impliseer.

Viljoen, 'n teksverwerker, se uitspraak dat Benjamin homself met hierdie roman as 'n "bedrewe" "Afrikaanse skrywer" onderskei, geld as 'n kanoniserende handeling. H.M Uys bespreek in sy MA-tesis die hegte eenheid van hierdie bundel vergelykenderwys met Jaco Botha se *Sweisbril.*

Aangesien Elias P. Nel se twee tekste deur die literatuurhistorikus, John Kannemeyer, asook die meeste literêre kritici as "kontreikuns" geklassifiseer word, word kanoniserende handelinge van klassifikasie in 'n ander (sub)sisteem veronderstel. Hierteenoor konstateer Hennie Aucamp dat die verhale in Nel se debuut méér as blote kontreikuns is. Hieruit is afgelei dat Aucamp Nel by die prosasisteem sou insluit. Renders lê veral klem op die outentieke taal van die "kleurlinggemeenschap" waarin die vertellings aangebied word. Teenoor Cecile Cilliers se siening dat die verhale in *Mafoiing en annerlike gelofietjies* slegs "vertellings" gebly het, was Aucamp van mening dat hierdie verhale gelees behoort te word.

Teksverwerkers soos Hattingh en Louise Viljoen toon die belangrikheid van Kirby van der Merwe se debuutroman ten opsigte van die konstruksie van bruin identiteit aan. Van Wyk en Viljoen se artikels oor Kirby van der Merwe in akademiese publikasies word beskou as verwerkingshandelinge wat insluiting in die Afrikaanse prosasisteem ten doel kan hê.

Cilliers, Rust, Crous en Coetzee toon aan dat Anastasia de Vries se gebundelde rubrieke vanweë die outentieke taalgebruik en treffende karakterbeelding 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse letterkunde lewer. Coetzee sien die werk selfs as 'n voortsetting van 'n literêre tradisie. Genoemde literêre kritici se ooreenstemmende sienings oor die belangrike bydrae wat die werk lewer, geld as kanoniseringshandelinge wat op insluiting in die Afrikaanse prosasisteem kan dui.

© University of Pretoria

Lewis en Cilliers se siening dat Wyngaard se debuut aan stemlose (gemarginaliseerde) bruin vroue stem gee, kan daarop dui dat genoemde werk in die toekoms in die Afrikaanse prosasisteem ingesluit kan word.

Hambidge, Victor, Annemarie en Jacomien van Niekerk se siening dat *Vuilspel* benewens belangrike sosiale kommentaar ook genderkwessies op 'n nuwe wyse in 'n gay "misdaadroman" ondersoek, kan daarop dui dat genoemde werk in die toekoms in die Afrikaanse prosasisteem ingesluit kan word. Die navorser meen egter dat die meeste literêre kritici die boek eerder by 'n ander (sub)sisteem sou insluit, naamlik dié van "misdaadroman" of "speurroman".

Uit Van Coller, Willemse en Renders, se siening van die herbesoek van historiese gebeure van 'n voorheen onderdrukte gemeenskap in *Rebunie* en Van Wyk se beskouing dat die verhaal waarskynlik 'n "belangrike toevoeging" tot die Afrikaanse literatuur verteenwoordig, word afgelei dat die werk vanuit 'n kultuur-historiese en literêre-historiese perspektief wel vir die Afrikaanse prosasisteem van belang kan wees.

Groenewald en Steinmair se menings dat Eckleton se debuut oor 'n gesiggestremde bruin man iets nuuts tot die Afrikaanse letterkunde voeg, kan op moontlike toekomstige insluiting in die Afrikaanse prosasisteem sinspeel.

Wybenga, Potgieter, Lategan, Cecile Cilliers en Renders se mening dat Joseph Marble se "rou" outobiografiese in *Ek, Joseph Daniel Marble* vertelling té onafgerond, selfs ongeloofwaardig aangebied word, laat twyfel ontstaan of dié debuut tot die Afrikaanse prosasisteem gevoeg sal word, ten spyte van die feit dat genoemde werk wel in 'n akademiese publikasie ter sprake kom.

Olivier en Willemse wat bepaalde uitsprake oor Clive Smith se *Bly te kenne, Braam* gemaak het, sal die werk waarskynlik nie by die Afrikaanse literêre sisteem insluit nie. Hierteenoor noem Venter Smith (tog) 'n "goeie skrywer uit die miskende Afrikaanse gemeenskap" wat met "hierdie werk" Afrikaans se "ontwikkelingslektuur" "verryk en verruim". Die woord "ontwikkelingslektuur" kan op insluiting in 'n (sub)sisteem betrekking hê. Crous[28] op sy beurt sien die verhaal as 'n "nuwe" perspektief op die gay ervaring. Sy siening dat die werk die leser se perspektiewe "verruim", impliseer die moontlikheid van insluiting by die Afrikaanse prosasisteem.

[28] Crous is die enigste literêre kritikus wat 'n artikel oor Smith in 'n akademiese publikasie geskryf het.

© University of Pretoria

Hoewel Hein Willemse Catherine Willemse se outobiografie *Met 'n diepe verlange* as 'n "bemagtigingsdaad" van 'n swart vrou sien, val dit te betwyfel of die werk by die Afrikaanse prosasisteem ingesluit sal word. Dit wil voorkom of Willemse meen Catherine Willemse se outobiografie behoort as "alternatiewe" geskiedenis 'n plek binne 'n "swart" of dan "alternatiewe" Afrikaanse literêre sisteem te kry.

7 Samevatting

Schmidt beskou die vier handelingsrolle, naamlik produksie, bemiddeling, resepsie en verwerking as menslike, sosiale handelinge wat met 'n bepaalde intensie en volgens 'n bepaalde strategie binne 'n bepaalde samelewing uitgevoer word.

In die gedeelte oor die swart skrywers van Afrikaanse prosa wat minder prominensie as Phillips, Scholtz en Dido gekry het, het 'n aantal sake opgeval.

'n Teksprodusent soos Karel Benjamin, iemand uit die werkersklas met min vorige blootstelling aan die Afrikaanse letterkunde, het vanuit sy ryke "lewenservaring" twee werke geproduseer waaruit sy eie mense se lewensomstandighede geblyk het. Uit Du Plessis se siening dat Benjamin se debuut die bestaande Afrikaanse literatuur verruim, het die navorser afgelei dat hierdie werk by die Afrikaanse prosasisteem ingesluit behoort te word.

Joseph Marble wat, soos Karel Benjamin, min vorige blootstelling aan die Afrikaanse letterkunde gehad het en aan lesers 'n blik op sy moeilike grootwordjare wou bied, se teks sal waarskynlik nie by die Afrikaanse prosasisteem ingesluit word nie.

Die feit dat daar onderhoude met skrywers soos Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, S.P. Benjamin, Bettina Wyngaard en Zain Eckleton gevoer is, kan 'n aanduiding wees dat die onderhoudvoerders van mening was dat hulle, sowel as hul literêre tekste, verdere aandag by die leespubliek verdien. Die navorser het hieruit afgelei dat genoemde produsente net so belangrik as hul produkte geag word. Uit die onderhoude het geblyk dat Elias P. Nel, Kirby van der Merwe en in mindere mate S.P. Benjamin teen 2000 steeds die persepsie van gemarginaliseerdheid binne die sosiale veld gehad het. Zain Eckleton laat blyk dat hy wel vóór die publikasie van sy debuut in 2010, gemarginaliseerd gevoel het, aangesien hy verskeie kere sonder welslae manuskripte aan uitgewers voorgelê het.

© University of Pretoria

S.P. Benjamin en Bettina Wyngaard is tot dusver die enigste twee outeurs wat vir hul debuutwerke met pryse bekroon is en wat daardeur ’n bepaalde posisie van status in die literêre veld verwerf het.

S.P. Benjamin en Kirby van der Merwe se werke wat op uitvoerige wyse deur literêre verwerkers bespreek is, het waarskynlik in groter mate literêre prestige (simboliese kapitaal) verwerf as wat by die ander skrywers in hierdie hoofstuk die geval is.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 7: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

1 Inleiding

Die doel van die navorsing was om 'n sisteembeskrywing van swart skrywers van Afrikaanse prosa binne die Afrikaanse prosasisteem sedert 1992 te gee ten einde hul posisie in die Afrikaanse literêre sisteem te bepaal.

Die navorsingsvraag betreffende swart skrywers van Afrikaanse prosatekste sedert 1992 se posisie is beantwoord.

Die verhalende prosawerke van swart Afrikaanse skrywers is nie tekstueel en tematies ondersoek nie, omdat daar reeds heelwat navorsing hieroor bestaan. Aangesien dit uit gelese literatuur geblyk het dat swart skrywers van Afrikaanse prosa se posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem nog nie op omvattende wyse vanuit 'n metatekstuele perspektief literêr-sistemies beskryf is nie, het die navorser die leemte gevul deur die onderstaande navorsingstrategieë[29] te benut:

- die sistemiese beskrywing van die posisie van swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992
- die ondersoek van persepsies van swart skrywers oor hul posisies binne die Afrikaanse prosasisteem soos dit in 'n verskeidenheid tekste tot uitdrukking kom
- die ontleding van literêre kritici se uitsprake oor swart skrywers van Afrikaanse prosa se posisie binne die Afrikaanse literêre sisteem

Nadat data (verskeie tipes metatekste soos resensies, koerantberigte, uitsprake tydens onderhoude en byeenkomste) wat op swart skrywers van Afrikaanse prosa sedert 1992 betrekking het, sistematies en so volledig moontlik ingesamel en deur middel van teksanalise binne bepaalde modelle beskryf is, is daar tot die gevolgtrekking gekom dat die meeste swart skrywers wel posisies binne die Afrikaanse prosasisteem inneem. Hierdie posisies is nie vasstaande nie, omdat literatuur 'n oop sisteem is. Binne 'n sisteem kan skrywers se posisies met verloop van tyd verander. In die meeste gevalle kon die navorser dit nie kategories stel dat swart skrywers 'n sentrale posisie óf 'n posisie op die periferie in die Afrikaanse literêre sisteem inneem nie.

[29] Die navorsingstrategieë is onderling vervleg.

© University of Pretoria

Die term “swart” is ’n kontensieuse benaming waaraan verskillende betekenisse deur verskillende rolspelers in die Afrikaanse literêre wêreld geheg word. Daar is by die aanvang van die studie op die term “swart” skrywer besluit, aangesien dit vir ’n sekere tydperk (vanaf 1985 – 2005) as die algemeen-aanvaarde term gebruik is om bepaalde sosiopolitieke groeperings se werk mee te beskryf.

Die verskillende betekenisse wat die konstrukte “ras”, “swart”, “bruin”/“gekleurd” en “wit” verteenwoordig, is in die eerste hoofstuk van die studie beredeneer. In die eerste hoofstuk is aangetoon dat die eerste demokratiese verkiesing in 1994 nie rasseterminologie in die Suid-Afrikaanse werklikheid laat verdwyn het nie, hoewel die rasseklassifikasie wat ná 1994 steeds in gebruik is, nie meer statutêr afgedwing word nie. Die veronderstelling bestaan dat die terme “wit”, “swart”, “bruin”/“gekleurd” ná 1994 nie meer op onderdrukkende en diskriminerende wyse gebruik (behoort te) word nie. Aangesien Suid-Afrika egter vóór 1994 ’n lang geskiedenis van benoeming op grond van ras gehad het en benoeming op grond van ras ná 1994 steeds heers, volstaan die navorser in die studie by die benoeming “swart”, “bruin” en “wit”.

Etlike “swart” skrywers beskou die term “kleurling” as rassisties-diskrimenerend, omdat dit hulle aan ’n tydperk van onderdrukking en marginalisering herinner. Skrywers soos A.H.M. Scholtz, E.K.M. Dido, S.P. Benjamin, Elias P. Nel en Kirby van der Merwe verkies om nie as swart skrywers bekend te staan nie, maar eerder as “bruin” skrywers. Benjamin, Nel en Van der Merwe laat duidelik in onderhoude blyk dat hulle bloot as “skrywers” bekend wil staan.

Literêre kritici gebruik die term “swart” skrywer op verskillende wyses. Daar is aangetoon dat die term “swart” skrywer deur etlike literêre kritici op ideologies-politieke wyse as ’n term van uitsluiting en verset teen “wit” skrywers gebruik word. Een kritikus, Steward van Wyk, gebruik die begrip “swart” skrywer om na die “tipe” literatuur eerder as na ’n bepaalde velkleur te verwys. Sommige kritici gebruik egter wel die term “bruin” wanneer hulle na hierdie “swart” skrywers verwys, terwyl ander kritici verkies om die term “gekleurd” te gebruik. Renders gebruik meestal die pejoratiewe term “kleurling”skrywers in sy bespreking van swart skrywers van Afrikaanse prosa. Die term “swart” is vir die doel van die studie gebruik as ’n generiese term wat alle skrywers van kleur insluit, met inagneming van die politieke en ideologiese implikasie wat die begrip mag inhou.

Daar is, wat die term “sisteem” betref, voorkeur aan Even-Zohar se beskouing van die term “sisteem” gegee, hoewel daar ook ander beskouings bestaan.

© University of Pretoria

'n Uiteensetting van Even-Zohar se polisisteemteorie, Bourdieu se veldteorie, Schmidt se operasionele sisteemteorie en De Geest se funksionele, diskursiewe sisteemteorie is in 'n afsonderlike hoofstuk gegee. Hierna is literêre kritici se posisionering van die verskillende swart skrywers sedert 1992 binne die toepaslike teoretiese raamwerke beskryf.

Die sisteembenadering stel die navorser in staat om 'n sintese van uiteenlopende literêre gegewens te maak. Omdat Even-Zohar se sisteembenadering, aldus Viljoen, (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere) 'n raamwerk bied waarbinne nuwe vrae gevra en nuwe modelle opgestel kan word, kan die plekwaarde ("Stellenwert") van 'n bepaalde verskynsel op 'n betreklik formele beskrywing gebaseer word. Viljoen (http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere) is egter van mening dat dit nie beteken dat die eintlike betekenis van 'n werk daardeur vasgestel kan word nie. Tog kan die historiese betekenis daarvan op 'n bepaalde tydstip vir 'n bepaalde groep lesers taamlik presies vasgestel word.

'n Eklektiese benaderingswyse is gevolg in die beskrywing van swart skrywers se posisies in die Afrikaanse sisteem. Die navorser het by die beskrywing van die skrywers se posisies in die Afrikaanse prosasisteem telkens voorkeur gegee aan 'n bepaalde toepaslike sisteemteoretiese model, soos aangetoon by elke skrywer of groep skrywers.

Soos uit gelese literatuur blyk, word Even-Zohar en Bourdieu se sisteemteoretiese raamwerke as die mees toepaslike beskou. Die navorser kon egter De Geest se diskursiewe raamwerk en Schmidt se operasionele benadering ook nuttig gebruik. Deur De Geest se diskursiewe raamwerk by 'n skrywer soos E.K.M. Dido te gebruik, kon belangrike verskuiwings wat mettertyd in die literêre sisteem plaasvind, aangetoon word. Schmidt se raamwerk is gebruik om aan te toon hoe verwerkers met literêre vakkundigheid bepaalde (sosiale) handelinge op verskillende vlakke uitvoer en sekondêre tekste produseer om sogenaamd "ontluikende" swart skrywers se Afrikaanse prosawerke te kanoniseer. By De Geest en Schmidt se sisteembenaderings is die historisiteit van literêre werke van ewe groot belang as by Even-Zohar en Bourdieu se benaderings. Vir die doel van die studie is resepsie geag as 'n soort verwerkingshandeling. Resepsie, soos Schmidt dit sien, het 'n sterk empiriese onderbou. Die navorser is van mening dat die empiriese aspek van lesers se resepsie buite die bestek van hierdie studie val.

© University of Pretoria

Die verskyning van Abraham Phillips se *Die verdwaalde land* in 1992[30] is as die begindatum van die studie gekies, omdat die navorser binne die raamwerk van die sisteemteorieë veral op die historisiteit van literatuur en literêre praktyke wou fokus. Veranderinge in literêre sisteme hang ten nouste saam met veranderinge in politieke en maatskaplike sisteme. Daar is in die studie aangetoon dat bepaalde politieke en maatskaplike veranderings in die Suid-Afrikaanse samelewing wat reeds teen ongeveer 1985 'n aanvang geneem het, na alle waarskynlikheid aanleiding gegee het tot die aandag wat "swart" skrywers van Afrikaanse prosawerk sedert 1992 en daarná ontvang het. Die navorser gee egter toe dat dit nie moontlik is om direkte verbande tussen verandering in die politieke en sosiale veld en die literêre veld te lê nie.

Die "prominente" swart skrywers van Afrikaanse prosa ná 1992 wat op grond van die aantal resensies en studies wat oor hul werk verskyn het, bespreek is, is Abraham Phillips, A.H.M. Scholtz en E.K.M. Dido.

Die volgende lys swart skrywers wat sedert 1992 Afrikaanse prosawerke gepubliseer het, is as "minder prominent" geag, aangesien daar, met die uitsondering van S.P. Benjamin en Kirby van der Merwe, 'n beperkte aantal resensies oor hul werke verskyn het en hulle meestal slegs terloops in resente Afrikaanse literatuurgeskiedenisse vermeld word. Onder hierdie skrywers ressorteer Karel Benjamin, S.P. Benjamin, Clive Smith, Joseph Marble, Elias P. Nel, Kirby van der Merwe, P.J. Philander, Catherine Willemse, Bettina Wyngaard, Anastasia de Vries en Zain Eckleton.

2 Gevolgtrekkings

2.1 Die "prominente" skrywers

2.1.1 Abraham Phillips

Phillips se posisionering deur literêre kritici in die Afrikaanse literêre veld is hoofsaaklik binne Bourdieu se veldteoretiese raamwerk beskryf, aangesien die idee van kontestering om posisies in die sosiale sowel as die literêre veld veral by sy werk 'n duidelik aantoonbare faktor geblyk het. Aspekte van ander sisteemteorieë soos literêre bemiddeling en literêre

[30] In 'n addendum aan die einde van die proefskrif word aangetoon dat die navorser deeglik bewus is dat daar vóór 1992 wél prosawerke van "swart" skrywers gepubliseer is.

© University of Pretoria

verwerking binne Schmidt se operasionele sisteemteorie het ook ’n belangrike rol by die bepaling van Phillips se posisie gespeel en is ter ondersteuning van die hoofargument geïmplementeer.

Die belangstelling wat Phillips se debuut in 1992, *Die verdwaalde land* (Queillerie Uitgewery), by literêre kritici ontlok het, het ten nouste met die doelbewuste bemiddelingshandelinge van André P. Brink verband gehou. Phillips se debuut is herdruk en in Engels en Nederlands vertaal. Brink se bemiddeling, die vertaling daarvan in Engels en Nederlands asook die oorwegend positiewe resepsie van gevestigde literêre kritici daarvan as egodokument kan moontlik ’n verklaring bied vir die wye erkenning en welslae wat hom te beurt geval het.

Hierteenoor is Phillips se *Erfenis van die noodlot* (1993) en *Die Messiasbende* (1997) op oorwegend negatiewe wyse deur literêre kritici ontvang. Daar was egter ook literêre kritici soos Hattingh, Jansen en Du Plessis wat nie met die negatiewe beoordeling van hierdie tekste saamgestem het nie.

Hoewel aan Phillips ’n mate van simboliese kapitaal vir *Die evangelis van Kaggelsberg* (2009) toegeken is, was die teks nie ’n ekonomiese sukses nie. Die teks het, ten spyte van Brink se uitgesproke siening dat Phillips ’n uitstekende verteller is, nie dieselfde aandag van kritici as sy debuut ontvang nie. Daar is aangetoon dat Brink se siening omtrent ’n werk van Phillips in 2009 nie dieselfde gewig gedra het as sy doelbewuste posisionering van Phillips in die literêre veld in 1992 nie. Daar kan aanvaar word dat Brink teen 2009 nie meer dieselfde invloedryke posisie in die sosiale en kulturele veld as in 1992 ingeneem het nie. Een faktor wat moontlik hiertoe aanleiding kon gegee het, is die aansienlike veranderinge wat daar vanaf 1992 tot in 2009 in die politieke en sosiale landskap van Suid-Afrika plaasgevind het. Brink het in 2009 waarskynlik minder invloed op die vorming van literêre menings in die simboliese en literêre veld gehad as by die verskyning van Phillips se debuut, hoewel die redes vir die afname in sy invloed nie op oorsaaklike wyse aangetoon kan word nie.

Uit Phillips se uitsprake oor sy posisie in die sosiale veld is sy bewustheid van klasseverskille in die bruin gemeenskap afgelei en is aangetoon dat hy hom in ’n minderwaardige posisie teenoor die sogenaamde bruin “elite” opstel. Hoewel hy sy gekrenktheid oor bruin mense se onverskilligheid omtrent sy werk te kenne gee, laat hy ook sy erkentlikheid blyk teenoor enkele “wit” mense wat aan hom erkenning en ondersteuning gegee het. Ironies genoeg is hy deur lede van die “wit” bevolkingsgroep daadwerklik ondersteun. In die apartheidsera het lede uit die “wit” bevolking hom en sy familie leed aangedoen. Hoewel Phillips verplig gevoel

© University of Pretoria

het om hierdie lyding in sy debuut te verwoord, het etlike kritici gewag gemaak van die feit dat hy die verhaal van sy broer se verdwyning op versoenende wyse vertel. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat Phillips sy gekleurde identiteit by verskillende geleenthede op verskillende wyses konstrueer.

Oor die literêre meriete van Phillips se *Die hart van 'n ma* (2013) het enkele literêre kritici konsensus gehad. Van hierdie literêre kritici is slegs die akademikus, Burger, in hoë mate met simboliese kapitaal beklee. Dit wil uit Burger se fokus op die maatskaplike euwels in Phillips se teks voorkom of hy die werk vanuit 'n konteksgerigte literatuuropvatting beoordeel.

Literêre kritici wat, so word aangeneem, op verskillende plekke in die literêre veld geposisioneer was, het deur hul (soms) teenstrydige uitsprake rakende Phillips en sy werke hom op verskillende plekke in die literêre veld geposisioneer. Uitsprake rakende sy debuut het hom binne die Afrikaanse literêre veld geposisioneer. Literêre kritici wat verskillende posisies in die literêre veld inneem se teenstrydige uitsprake oor *Erfenis van die noodlot* (1993) en *Die Messiasbende* (1997) het in groot mate daarop gedui dat daar nie eenstemmigheid oor die literêre meriete van genoemde twee werke was nie. Hoewel daar in groter mate eenstemmigheid oor die literêre meriete van *Die evangelis van Kaggelsberg* (2009) en *Die hart van 'n ma* (2013) was, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat hierdie werke moontlik, maar moontlik ook nie, binne die Afrikaanse literêre veld geposisioneer sou kon word.

Phillips se grootste bydrae tot die Afrikaanse literatuur lê in die aard van sy skryfwerk: die deernisvolle wyse waarop hy die uitsiglose omstandighede en maatskaplike probleme van arm, bruin gemeenskappe uitbeeld en aan sy (stemlose) mense stem gee.

Hy het op grond van die wye erkenning vir sy debuut wel op 'n bepaalde tydstip (1992) in die Afrikaanse literêre veld 'n taamlik beduidende posisie ingeneem, aangesien sy debuut 'n "nuwe" blik op die ervaringe van bruin mense gebied het.

2.1.2 A.H.M. Scholtz

Scholtz, skrywer van *Vatmaar. 'n Lewendagge verhaal uit die ou tyd, Afdraai* en *Langsaan die vuur* se posisie in die literêre sisteem is hoofsaaklik binne Even-Zohar se siening van die wedersydse, noue wisselwerking tussen onder andere produk, produsent, repertorium en instansie (literêre *establishment*) beskryf. Daar is aangetoon dat Scholtz se werke in die

© University of Pretoria

tydperk 1995 tot met sy afsterwe en selfs vir ’n tydperk daarná as belangwekkend beskou is en dus, in ooreenstemming met Even-Zohar se siening, binne ’n bepaalde tydsgewrig en in wisselwerking met heersende politieke en sosiale sisteme, die aandag van die literêre *establishment* getrek het. Bepaalde aspekte van Bourdieu se siening van die posisionering in die sosiale en literêre veld is ook by Scholtz van toepassing. Aangesien daar in die geval van sy debuut ook sprake van literêre bemiddeling was, is hierdie aspek van Schmidt se operasionele sisteemteorie ook in die beskrywing van Scholtz se posisionering geïmplementeer.

Daar word veronderstel dat veranderende maar ook veranderde politieke en sosiale faktore in Suid-Afrika ná 1994 stellig daartoe bygedra het dat Scholtz, deur sy oeuvre, maar veral deur sy debuut, *Vatmaar*, ’n relatief beduidende posisie in die Afrikaanse literêre sisteem inneem.

Die literêre *establishment* het in hul analises van Scholtz se drie prosawerke veral op die vernuwing wat sy oeuvre in die Afrikaanse prosasisteem teweeggebring het, gefokus. Vir die eerste keer (in 1995), so toon kritici aan, staan “bruin” mense in literêre werke sentraal en word hulle op unieke wyse eerstehands in hul eie leefwêreld en deur middel van die gebruik van ’n eiesoortige taalgebruik uitgebeeld. Scholtz konstrueer dan ook sy gekleurde identiteit deur die stories wat hy oor sy kultuurgroep aan die leser(s) vertel. Ná 1994, ná die eerste demokratiese verkiesing van 1994, het dit “inderdaad” vanuit ’n politieke oogpunt moontlik geword om, soos Gerwel dit stel, “die eerste werklik literêr-betekenisvolle roman in Afrikaans deur iemand anders as ’n ‘wit’ skrywer” te skryf. Scholtz se debuut en in mindere mate sy ander twee werke word as ’n (nuwe) model vir ’n nuwe geïntegreerde Suid-Afrikaanse letterkunde voorgehou.

Scholtz se werke is deur gerekende literêre kritici op kanoniserende wyse beskou as “net so goed soos” prosawerke van “wit” (gevestigde) Afrikaanse skrywers soos Elsa Joubert, André P. Brink, Engela van Rooyen, Anna M. Louw en Boerneef.

Scholtz se literêre (kulturele) artefakte in resensies, onderhoude, artikels in akademiese publikasie, bydraes in literatuurgeskiedenisse en huldeblyke na sy afsterwe is op kanoniserende wyse deur die literêre *establishment* as literatuur geklassifiseer wat ’n belangrike (“nuwe”) bydrae tot die Afrikaanse literatuurskat gemaak het.

© University of Pretoria

Hoewel Scholtz, soos Abraham Phillips, nie sy skoolloopbaan voltooi het nie, het hy, anders as Phillips, van literêre kritici van statuur erkenning vir al sy literêre tekste (kulturele artefakte) gekry. Anders as Phillips, het Scholtz homself ook nie in 'n minderwaardige posisie teenoor ander "bruin" mense opgestel nie. Hy bied die storie van sy mense met trots aan sy voornemende leser(s). Hy huiwer ook nie om rassediskriminasie (ook onder sy eie mense) openlik te ondermyn nie.

Scholtz se debuut is in Engels, Duits en Nederlands vertaal en tot 'n verhoogstuk verwerk wat suksesvol voor gehore dwarsoor Suid-Afrika opgevoer is. Drie literêre pryse, naamlik die M-Netprys, die CNA-prys en die Eugène Marais-prys is aan Scholtz toegeken.

Die gevolgtrekking waartoe uiteindelik gekom is, is dat A.H.M. Scholtz beduidend deel van die Afrikaanse literêre sisteem is en dat sy werke as gekanoniseer beskou kan word.

Hoewel dit moeilik sou wees om op kategoriese wyse sy presiese posisie in die Afrikaanse literêre sisteem te bepaal, kan aangeneem word dat Scholtz, binne Even-Zohar se raamwerk, nie bloot 'n marginale, maar ook nie werklik 'n sentrale plek in die Afrikaanse prosasisteem inneem nie.

2.1.3 E.K.M. Dido

E.K.M. Dido het ses tekste in Afrikaans gepubliseer: *Die storie van Monica Peters, Rugdraai en stilbly, 'n Stringetjie blou krale, Die onsigbares, Die Ander Ek* en *Emma en Nella.* Dido se oeuvre is hoofsaaklik binne Dirk de Geest se funksionele raamwerk bespreek, aangesien teenstrydige uitsprake van literêre kritici oor Dido se werke hulle daartoe geleen het om haar binne of op die rand van die Afrikaanse literêre sisteem op verskillende plekke op die semiotiese vierkant te posisioneer. Omdat Dido self ook uitsprake oor haar posisie in die sosiale veld gemaak het, het die navorser ook van Bourdieu se siening gebruik gemaak.

Uit literêre kritici se teenstrydige sienings oor haar debuut, *Die storie van Monica Peters* het die navorser afgelei dat sy binne verskillende, selfs uiteenlopende diskursiewe ruimtes op De Geest se semiotiese vierkant geposisioneer kan word. Na aanleiding van Willemse en De Villiers se uitsprake het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat Dido se debuut op die diskursiewe spasie van verbod (wat beslis nie in egte literatuur gesê behoort te word nie) geposisioneer kan word. Aangesien Willemse die teks onder andere as 'n "populêre" verhaal tipeer, word afgelei dat genoemde werk eerder 'n diskursiewe spasie op die semiotiese

© University of Pretoria

vierkant in die gebied van wat gesê kan word, kan inneem. Anders as Willemse en De Villiers, beskou Crous en Van Zyl hierdie teks as van besondere belang vir die Afrikaanse literatuur, aangesien die (gemarginaliseerde) swart vrou se "stem" vir die "eerste keer in Afrikaans" sonder die gebruikmaking van 'n "tussenganger" of "optekenaar" op outentieke wyse gehoor word. Uit Crous en Van Zyl se uitsprake is tot die gevolgtrekking gekom dat Dido se debuut wél binne op De Geest se semiotiese vierkant binne die gebied van gebod 'n bepaalde diskursiewe ruimte kan inneem. Willemse en De Villiers beoordeel Dido se debuut waarskynlik vanuit 'n ander literatuuropvatting as Crous en Van Zyl.

Wasserman, Coetser, Wybenga en Renders se uitsprake oor onder andere "voorspelbaarheid", oordrewe moralisering, 'n "omslagtige" vertelwyse en dfie "ongeloofwaardige" optrede van die personasies in *Rugdraai en stilbly* het die navorser tot die gevolgtrekking laat kom dat genoemde werk 'n diskursiewe ruimte binne die gebied van wat egte literatuur kan sê, kan inneem. Daar is afgelei dat genoemde literêre kritici dié teks nie binne die Afrikaanse literêre sisteem sou posisioneer nie, maar moontlik wel binne 'n (sub)sisteem soos "middelmoot-literatuur" of dan "populêre" literatuur.

Na aanleiding van Wybenga, Nieuwoudt, Wasserman, Coetser, Oosterwyk, De Villiers, Lewis, Renders en Van Zyl se uitsprake oor *'n Stringetjie blou krale* kan die teks waarskynlik 'n diskursiewe ruimte in die gebied van dit wat nie eksplisiet verbied word nie, inneem. Hierteenoor sou Wybenga, Wasserman, De Villiers en Coetser se uitsprake oor "dodelike chronologie", omslagtige beskrywings, "geykte" taalgebruik, eensydige uitbeelding van die wit ras en 'n (te) "didaktiese" en "moraliserende" verhaalslot as 'n aanduiding beskou kan word dat die teks 'n diskursiewe ruimte in die gebied van wat [egte] literatuur nie behoort te sê nie, kan inneem. Die implikasie is dat sommige literêre kritici hierdie teks eerder binne 'n (sub)sisteem soos "middelmoot-literatuur" ("populêre") sou plaas.

Uit die meeste kritici se uitsprake oor Dido se *Die onsigbares* is afgelei dat die teks 'n diskursiewe ruimte binne die gebied van wat [egte] literatuur behoort te sê, kan inneem.

Uit Van Zyl, Pakendorff, Wybenga, De Villiers en Viljoen se uitsprake oor *'n Ander Ek* is afgelei dat hierdie teks 'n diskursiewe ruimte binne die gebied van gebod (wat [egte] literatuur moet sê) kan inneem. Hierteenoor is uit Pakendorff en Du Plooy se uitsprake afgelei dat genoemde teks nie sê wat [egte] literatuur behoort te sê nie; dat die teks (ook) 'n diskursiewe ruimte in die gebied van verbod op die semiotiese vierkant kan inneem.

© University of Pretoria

Uit uitsprake van Crous, Cilliers en Meads is afgelei dat Dido se *Emma en Nella* nie sê wat egte literatuur behoort te sê nie en dus nie as egte literatuur beskou kan word nie.

Crous, Renders, Willemse, Loock en Abrahams se uitsprake oor *Die storie van Monica Peters, Rugdraai en stilbly, Die onsigbares* en *Emma en Nella*, as “goeie, gewilde prosa”, “lekkerleesstories” en “populêre verhale” het die navorser tot die gevolgtrekking laat kom dat genoemde werke waarskynlik binne die (sub)sisteem “middelmoot-literatuur”/triviaalliteratuur geposisioneer sal word.

Dido het bepaalde uitsprake oor haar gekleurde identiteit gemaak. Sy beweer: “Ek is ’n Kleurling. Ek kan nie wegkom van daai nie.” Sy laat ook teenoor enkele onderhoudvoerders blyk dat sy aan die begin van haar skrywersloopbaan haar gekleurde identiteit anders gekonstrueer het as op ’n latere stadium van haar loopbaan. Mettertyd, so beweer sy, het sy tot die besef gekom dat sy ’n skrywer “uit Afrika” is. Sy konstrueer dus haar gekleurde identiteite by verskillende geleenthede op verskillende wyses.

Dido word as ’n gekanoniseerde skrywer beskou: Daar het ’n omvangryke profiel in die 2006-uitgawe van *Perspektief en profiel* oor haar verskyn; sy skryf oor belangrike sosiale kwessies in die Suid-Afrikaanse samelewing; sy is in 2005 deur die Universiteit van Wes-Kaapland vir haar bydrae tot die literêre wêreld vereer; *’n Stringetjie blou krale* is deur onderwysinstansies voorgeskryf. Die feit dat bepaalde aspekte rakende sommige van Dido se werke in wetenskaplike publikasies, ook in M- en D-studies ondersoek is, dra tot haar posisie as gekanoniseerde skrywer by. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat Dido wel ’n beduidende posisie in die Afrikaanse literêre sisteem inneem en as ’n gekanoniseerde skrywer in die Afrikaanse prosasisteem beskou kan word.

2.2 Die “minder prominente” skrywers

Die “minder prominente” skrywers is hoofsaaklik binne die raamwerk van Siegfried Schmidt se operasionele sisteemteorie bespreek, aangesien die navorser meen dat veral die handelingsrolle van bemiddeling en verwerking tot die meeste van genoemde skrywers se posisionering binne die Afrikaanse prosasisteem kan bydra. Aangesien die sosiale posisies van etlike van die swart skrywers ook ter sprake gekom het, is Bourdieu se siening van posisionering in die sosiale veld ook benut. Even-Zohar se siening van repertorium en instansies is gebruik om enkele ander sake wat by bepaalde skrywers met betrekking tot hul posisionering ter sake is, uit te lig.

© University of Pretoria

Uit literêre kritici se beskouinge oor die tekste van Joseph Marble en Catherine Willemse wil dit voorkom of hulle hierdie werke nie as gekanoniseerd beskou nie en nie binne die Afrikaanse literêre sisteem sou posisioneer nie. Literêre kritici beskou Clive Smith se werk soms (meestal nie) as bydraend tot die (gevestigde) Afrikaanse literêre sisteem.

Du Plessis se siening omtrent die "nuwe perspektiewe" op die lewe van die bruin gemeenskap vir "wit" Afrikaanse lesers wat Karel Benjamin se debuut bied, word as 'n "pleidooi" om insluiting by die Afrikaanse prosasisteem beskou.

S.P. Benjamin se debuut, *Die reuk van steenkool,* is benewens bekroning met 'n literêre prys deur etlike literêre verwerkers as "net so goed" soos Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* geag. Aspekte van Benjamin se *Die lewe is 'n halwe roman* het in 'n MA-tesis ter sprake gekom. Hy word ook in resente literatuurgeskiedenisse vermeld. Sy werke word op grond van die uitsprake van die meeste literêre verwerkers as gekanoniseer beskou. Daaruit is afgelei dat hy binne die Afrikaanse prosasisteem geposisioneer word.

Elias P. Nel se *Iets goeds uit Verneukpan?* en *Mafoiing en annerlike gelofietjies* is deur die meeste literêre verwerkers as "kontreikuns" geag. Sy werk word meestal as gekanoniseer binne die (sub)sisteem van kontreikuns beskou.

Kirby van der Merwe se debuut het besondere aandag van literêre verwerkers wat tot die *elite* behoort, naamlik Marion Hattingh, Fanie Olivier, Lucas Malan, Louise Viljoen en Steward van Wyk ontvang. Van der Merwe word as 'n gekanoniseerde skrywer deur die meeste literêre verwerkers geag. Sy debuut kan waarskynlik wel binne die Afrikaanse prosasisteem geposisioneer word.

Benjamin, Nel en Van der Merwe gee in onderhoude duidelik blyke dat hulle hul gekleurde identiteite op bepaalde wyses binne die sosiale veld konstrueer.

Vanweë die beskouing van Willemse, Van Wyk, Van Coller en Renders van P.J. Philander se prosawerk, *Rebunie,* as van historiese belang, word aanvaar dat Philander se prosadebuut, ten spyte van opsigtelike stilistiese gebreke, moontlik as gekanoniseer beskou kan word en 'n posisie in die Afrikaanse prosasisteem kan inneem.

Aangesien Anastasia de Vries se gebundelde rubrieke deur kritici soos Cilliers, Coetzee en Crous as 'n uitsonderlike debuut beskou word, word aangeneem dat hierdie teks tot die

© University of Pretoria

literêre kanon gevoeg (sal) word en binne die Afrikaanse prosasisteem geposisioneer sal word.

Bettina Wyngaard se debuut, *Troos vir die gebrokenes,* is met ’n literêre prys bekroon. Cilliers en Lewis sien die werk as ’n belangrike bydrae tot die Afrikaanse literatuur. Hambidge, Victor, Jacomien en Annamarie van Niekerk sonder Wyngaard se *Vuilspel* uit as ’n belangrike werk vanweë skerp sosiale kommentaar en die fokus “vir die eerste keer” op die lotgevalle van ’n bruin gay vrouespeurder. Genoemde werk word waarskynlik deur die meeste teksverwerkers binne die (sub)sisteem “misdaadroman” geposisioneer.

Hoewel Zain Eckleton se debuut, *Die rolbalspeler,* slegs deur twee resensente, Groenewald en Steinmair, literêr verwerk is, is hierdie teks deur Saartjie Botha tot ’n suksesvolle verhoogstuk “omgewerk”. Die moontlikheid bestaan dus dat die werk in die toekoms binne die Afrikaanse literêre sisteem geposisioneer kan word.

3 Slotopmerkinge

In die studie is literêre kritici se uitsprake oor die betrokke “swart” skrywers en hul tekste, sowel as sommige van die “swart” skrywers se ars poëtikale uitsprake en hul uitsprake oor hulle sosiale posisie binne toepaslike teoretiese raamwerke beskryf. Daar is uiteindelik bevind dat uitsprake oor “swart” skrywers van Afrikaanse prosa se posisie in die Afrikaanse prosasisteem met omsigtigheid gemaak moet word. Dit het nie moontlik geblyk om hul posisie op kategoriese wyse binne die sisteem te beskryf nie, aangesien die sisteem as ’n oop konstruk beskou moet word wat gedurig aan verandering onderworpe is.

© University of Pretoria

4 Verdere navorsingsmoontlikhede

Die volgende aspekte sou oorweeg kon word vir verdere navorsing:

- Die posisie van swart Afrikaanse prosaskrywers voor 1992[31] behoort ook omvattend beskryf te word.
- Aangesien daar ’n aansienlike getal swart digters is wat gedigte in Afrikaans vóór 1992 en daarná gepubliseer het, behoort hul posisie in ’n afsonderlike studie beskryf te word.
- Die studie van Afrikaanse jeugverhale deur swart skrywers hoort in ’n ander (sub)sisteem binne die Afrikaanse polisisteem tuis en behoort in ’n aparte studie op sisteemteoretiese wyse ter sprake te kom.
- Die aanpak van ’n omvangryke empiriese studie binne Schmidt se raamwerk van die resepsie van “minder prominente” swart skrywers se Afrikaanse prosawerke behoort insiggewende resultate op te lewer.

[31] Die “swart” skrywers van Afrikaanse prosa wat voor 1992 werke gepubliseer het, is nie deel van die navorsingsverslag nie. Sien die addendum hieroor.

© University of Pretoria

ADDENDA

ADDENDUM (1): PROSAWERKE WAT IN AFRIKAANS DEUR SWART SKRYWERS VÓÓR 1992 GEPUBLISEER IS

Afrikaanse prosawerke deur swart skrywers binne die Afrikaanse prosasisteem voor 1992 is nie die hooffokus van die studie nie. 'n Mens sou waarskynlik kon beweer dat swart skrywers van Afrikaanse prosawerke in die tydperk vóór 1992 'n marginale posisie in die Afrikaanse prosa(sub)sisteem beklee het. Die volgende Afrikaanse prosawerke van swart skrywers in die tydperk voor 1992 by gevestigde uitgewers (literêre instansies) soos die Unie-Volkspers, die Afrikaanse Pers-Boekhandel en Perskor verskyn: S.V. Petersen se roman *As die son ondergaan* (Unie-Volkspers) (1945), Arthur Fula se *Jôhannie giet die beeld* (APB) (1954), *Met erbarming, o Here* (1957), Eddie Domingo se *Okkies op die breë pad* (APB) in 1955, Adam Small se *Heidesee* (Perskor) in 1979.

Hoewel die verhalende Afrikaanse prosawerke van swart skrywers in die tydperk voor 1992 by gevestigde literêre instansies verskyn het, het hierdie werke slegs verbygaande belangstelling by ander literêre instansies wat deel van die literêre sisteem vorm, byvoorbeeld resensente en die skrywers van literatuurgeskiedenisse, ontlok. Die literatuurgeskiedenisse van G. Dekker, Rob Antonissen, Ernst Lindenberg, J.C. Kannemeyer, T.T. Cloete, P.J. Nienaber wat vóór 1988 verskyn het, bevat baie min of selfs geen verwysings nie na swart prosaskrywers. In *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis* (1958: 365) bestempel G. Dekker Petersen se roman *As die Son ondergaan* bloot as 'n boek wat tref deur "eerlikheid en deurleefdheid". Dekker (1958: 361) verwys na Arthur Fula se twee romans en spreek die volgende patroniserende oordeel daaroor uit: "Erg oortuigend is hierdie tendensromans nie; werklike sfeer en mensbeelding ontbreek, en in die styl sou 'n mens nie 'n Bantoe as skrywer vermoed nie." Oor Eddie Domingo se werk lewer G. Dekker (1958: 365) die volgende negatiewe kommentaar:

> Geslaag is dit nie. Daarvoor is hierdie tendensroman te simplisties van siening, te vol effekbejag en oordrywing, so onwerklik en so arm aan sielkundige waarheid as die moderne "thriller", terwyl 'n eie klank en beelding ontbreek in die dikwels boekerige prosa.

Kannemeyer staan in sy *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur, Band 1* (1978) en *Band 2* (1983), en *Die Afrikaanse Literatuur 1652-1987* (1988) slegs enkele reëls aan Arthur Fula, Eddie Domingo, P.J. Philander en Adam Small se verhalende prosawerke af. In die hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel 1* (1998) beskryf Henriette Roos tendense in die

© University of Pretoria

Afrikaanse literatuur (21-113) en wy enkele paragrawe aan swart prosaskrywers soos Eddie Domingo en Arthur Fula.

In haar profiel oor Arthur Fula vermeld Erika Terblanche dat Arthur Fula se *Jôhannie giet die beeld* (*LitNet*:2008) om drie redes aandag in die dagpers, populêre en literêre tydskrifte uitgelok het, naamlik: Dit is deur 'n "Bantoe" in Afrikaans geskryf en staan literêr op redelike hoë peil. Sy noem dat Kobus van Zyl in *Die Huisgenoot* van 17 Augustus 1954 berig dat die werk ten spyte van die feit dat dit geen letterkundige werk is nie, gewild onder lesers behoort te wees. In *Tydskrif vir Letterkunde* van Maart 1954 het Abel Coetzee, aldus Erika Terblanche (*LitNet*: 2008), die volgende oor *Jôhannie giet die beeld* gesê:

> Plaas ons dan die roman binne die raamwerk van die Afrikaanse romankuns, waar dit tuishoort, dan vind dit sy eweknie onder dié romans wat meer as 'n geslagstydperk gelede geskryf is met die boodskap: Terug plaas toe! In die stad lê die verval! En ons dink aan J.J. Lub en G.R. von Wielligh. Die verskil is egter dat ons hier te doen kry met 'n goed gevormde Afrikaans en 'n mensbeelding waar die didaktiese nie so swaar opgeplak is nie.

In dieselfde asem meld Coetzee egter dat Fula se "Afrikaans, as beeldende stylmiddel, nog heelwat aan soepelheid mis in vergelyking byvoorbeeld die taalaanwending van P.J. Schoeman en G.H. Franz". Die bydrae van hierdie roman lê vir Coetzee in die "goeie insig wat dit die leser gee in die maatskaplike probleme van 'n groep tyd-en landsgenote waaraan ons ons gewoonlik weinig steur". Coetzee kom tot die slotsom dat die grootste verdienste van Fula se werk daarin lê dat hy lesers se "oë oopgemaak het vir hierdie probleem".

Willemse (2007:118) meld egter dat daar nie "werklik enige noemenswaardige reaksies" op die Fula-tekste verskyn het nie. Hy (2007:124-130) beweer die welwillendheid waarmee Fula se werk deur Afrikanerresensente ontvang is, het onder andere te make met Fula se "oënskynlike aanvaarding van Afrikaner-politieke beheer" en sy uitbeelding van blankes as weldoeners teenoor swart mense.

In sy resensie van *Aan die ander kant,* meld Luc Renders (2008: 234) die volgende:

> Hein Willemse ondersoek hoe die posisionering van Afrikaans vanuit 'n Afrikaner nasionalistiese raamwerk as 'n wit taal, literatuur en kultuur die werk van die "bruin" en "swart" Afrikaanse skrywers beïnvloed.

Volgens Renders (2008:234) hanteer Willemse 'n inklusiewe maatstaf: letterkunde is vir hom nie net die werk met 'n hoë literêr-estetiese waarde nie maar byvoorbeeld ook Piet Uithalder

© University of Pretoria

se sogenaamde “straatpraatjies” wat in die eerste kwart van die twintigste eeu in die *A.P.O.* verskyn het.

In 1979 verskyn Adam Small se prosawerk, *Heidesee* by Perskor. Slegs enkele sogenaamd “gerekende” literêre kritici soos Hilda Grobler, André P. Brink, Ia van Zyl en Helize van Vuuren het *Heidesee* geresenseer. Hulle het feitlik almal deurgaans saamgestem dat *Heidesee* nie “groot” literatuur is nie. Grobler (1979:2) vind die karakterbeelding in *Heidesee* oppervlakkig en die karakters soms ongeloofwaardig. Sy verkies om die boek as ’n “sosiologiese dokument” te sien. Ook vir Ia van Zyl (1980:2) neig *Heidesee* tot oppervlakkigheid en oordrewe sentimentaliteit. André P. Brink (1980:20) en Helize van Vuuren (1980:8) wys op die ooreenkoms tussen *Heidesee* en Llewellyn se *How green was my Valley*. Brink (1980:20) meen Small se roman verval te dikwels in “smartlapperigheid en melodrama”, maar gee toe dat dit ’n “kleurryke en boeiende vertelling” is. Van Vuuren (1980:8) is in die geheel meer positief oor die roman as Brink. Adam Small (1980:30) het Brink se resensie egter as “persoonlike” kritiek ervaar. Op Small se repliek lewer André P. Brink (1980:21) kommentaar en hou by sy standpunt dat hy die roman “teleurstellend” vind. In die Profiel-gedeelte van *Perspektief en Profiel 2* kom Adam Small (Olivier,F. 1999:565-577)) wel aan die bod, maar dan hoofsaaklik as swart Afrikaanse digter en dramaturg. As digter en dramaturg het Small reeds ’n plek in die Afrikaanse literêre sisteem beklee. Van Small se prosawerk, *Heidesee* sê Olivier (1999:576) die volgende: “Nogtans bly *Heidesee* ’n teks wat (…) ’n belangrike sosiale dokument is oor die vooroordele en oor die maatskaplike ongeregtigheid wat met die opbloei van apartheid ’n onteenseglike stempel op ons saamleefpatrone (en later ook op ons letterkunde) afgedruk het.” Die hoofsaaklik negatiewe kritiek van gerekende literêre kritici op *Heidesee* het Small as skrywer van “betekenisvolle” Afrikaanse prosa waarskynlik uit die Afrikaanse literêre sisteem gerangeer of hoogstens in ’n posisie op die periferie geplaas.

© University of Pretoria

ADDENDUM (2): SWART SKRYWERS WAT PROSAWERKE IN AFRIKAANS NÁ 1992 GEPUBLISEER HET

- Benjamin, Karel. 1996. *Staan uit die water uit! 'n Kaapse jeug.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Benjamin, Karel. 1998. *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Benjamin, S.P. 1997. *Die reuk van steenkool.* Kaapstad: Queillerie Uitgewers.
- Benjamin, S.P. 1999. *Die lewe is 'n halwe roman.* Kaapstad: Queillerie Uitgewers.
- De Vries, Anastasia. 2010. *Baie melk en twie sykers.* Pretoria: Protea Boekhandel.
- Dido, E.K.M. 1996. *Die storie van Monica Peters.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Dido, E.K.M. 1997. *Rugdraai en stilbly.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Dido, E.K.M. 2000. *'n Stringetjie blou krale.* Kaapstad: Kwela.
- Dido, E.K.M. 2003. *Die onsigbares.* Kaapstad: Kwela.
- Dido, E.K.M. 2007. *Die Ander Ek.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Dido, E.K.M. 2010. *Emma en Nella.* Kaapstad: Umuzi.
- Eckleton, Zain. 2011. *Die Rolbalspeler.* Kaapstad: Kwela Uitgewers.
- Marble, Joseph. 1999. *Ek, Joseph Daniël Marble.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Nel, Elias P. 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Nel, Elias P. 2001. *Mafoiing op Verneukpan en annerlike gelofietjies.* Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- Philander, P.J. 2000. *Rebunie*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Phillips, Abraham. 1992. *Die verdwaalde land.* Strand: Queillerie-Uitgewers Beper*k.*
- Phillips, Abraham. 1993. *Erfenis van die noodlot.* Pretoria: Queillerie-Uitgewers Beperk.
- Phillips, Abraham. 1997. *Die messiasbende.* Kaapstad: Queillerie-Uitgewers Beperk.
- Phillips, Abraham. 2009. *Die evangelis van Kaggelsberg.* Pretoria: LAPA-Uitgewers
- Phillips, Abraham. 2013. *Die hart van 'n ma.* Kaapstad: Human & Rousseau Uitgewers.
- Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar. 'n Lewendagge verhaal uit die ou tyd.* Kaapstad:Kwela Boeke.
- Scholtz, A.H.M. 1996. *Langsaan die vuur.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Scholtz, A.H.M. 1997. *Afdraai.* Kaapstad: Kwela Boeke.
- Smith, Clive. 1997. *Bly te kenne, Braam.* Kaapstad: Kwela Boeke.

© University of Pretoria

- Van der Merwe, Kirby. 1999. *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Kaapstad: Kwela Boeke.
- Willemse, Catherine. 2006. *Met 'n diep verlange.*Kaapstad: Human & Rousseau
- Wyngaard, Bettina. 2009. *Troos vir die gebrokenes.* Umuzi Uitgewers.
- Wyngaard, Bettina. 2013. *Vuilspel.* Umuzi Uitgewers.

© University of Pretoria

BIBLIOGRAFIE

Abrams, M.H. 2009. *A Glossary of Literary Terms.* Boston:Wadsorth Cengage Learning. Ninth Edition. 408pp

Adhikari, M. 2005. *Not white enough, not black enough: racial identity in the South African coloured community.* Cape Town: Double Storey Books. 252pp

Afrikaans soos nog nooit tevore nie. 2002. *'n Stringetjie blou krale.* E.K.M. Dido. *Rapport,* 17 Maart:27

A.H.M. Scholtz – Outeur van die maand. http://users.online.be/gramadoelas/autmnd/aumnd04.htm

Alter, Robert. 1996. *The pleasures of reading in an ideological age*. New York: W.W. Norton. 256pp

Andringa, Els. 2006. Penetrating the Dutch Polysystem: The Reception of Virginia Woolf, 1920 – 2000. *Poetics Today.* 27:3:501-568

Aucamp, Hennie.1998. Sy lewenskragtige taal vorm stewige binding. *Die Burger*, 9 Desember:8

Aucamp, Hennie. 2001. Met "Mafoiing" laat Elias P. Nel Afrikaans vlieg. *Burger*, 9 Julie:9

Barnard, Riana. 1998. *Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw*. Ongepubliseerde proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Belfiori, E. & O. Bennet. 2009. Researching the social impact of the arts: literature, fiction and the novel. *International Journal of Cultural Policy*. 15 (1):17-33

Benjamin, Karel. 1996. *Staan uit die water uit! 'n Kaapse jeug.* Kaapstad:Kwela Boeke.

Benjamin, Karel. 1998. *Pastoor Scholls trek sy toga uit en ander stories.* Kaapstad:Kwela Boeke.

Benjamin, S.P. 1997. *Die reuk van steenkool.* Kaapstad: Queillerie Uitgewers.

Benjamin, S.P. 1999. *Die lewe is 'n halwe roman.* Kaapstad: Queillerie Uitgewers.

Benjamin, S.P. http://www.afrikaans.com/av7229.html

Bennett, Andrew en Nicholas Royle. 2004. *An Introduction to Literature, Criticism and Theory.* Edinburgh:Pearson Education Limited. 344pp

Bester, Ronel. 2005. Lewendige, buigsame taal behoort aan almal. *Burger,* 29 Maart:13

Boonstra, H.T. 1979. Van waardeoordeel tot literatuuropvatting. *De Gids*. Jaargang 142(4):243-253. Amsterdam: Meulenhof.

© University of Pretoria

Botha, Elize. 2001. Prosakroniek. Nuwe skrywers. Nuwe lesers? – Grepe uit die verhaal van Suid-Afrikaanse uitgewerye en die Afrikaanse prosa in die negentigerjare. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe,* 41/1: 73-80

Bothma, Gabriël. 2002. Scholtz se woorde lééf. *Burger*, 16 Maart:4

Bothma, Gabriël. 1997. 'Vuur' wil maar net nie vlam vat nie. *Die Volksblad,* 29 Desember:8

Bourdieu, Pierre. 1977. *Outline of a Theory of Practice.* Cambridge: Cambridge University Press. 240pp

Bourdieu, Pierre. 1983. The field of cultural production. *Poetics* 12 (1983):311-356

Bourdieu, Pierre. 1986. The Forms of Capital:241-258. In Richardson, J. *Handbook of Theory and Research for the Sociology of Education.* Westport, CT: Greenwood.

Breytenbach, Jana. 2008. Skrywer Phillips vir taalbydrae vereer. *Burger*, 17 Oktober:14

Brink, André P.1980. Small kon nie loskom van Llewellyn nie. *Rapport*, 13 Januarie:20

Brink, André P. 1980. Moet ek my wond wys om joune te sien, Adam? *Rapport*, 27 Junie:21.

Brink, André P. 2009. Abraham Phillips se brede en smalle weg. *Boeke-insig*, 1 April:40

Brümmer, Willemien. 2007. 'n Voëltjie kan net so ver vlieg… *Burger,* 10 November:8

Brümmer, Willemien. 2011. Die kopstorie van 'n rolbalspeler. *Burger,* 17 September:12

Burger, Kobus. 1996. A.H.M. Scholtz wil homself nie 'verhoog' nie. *Beeld,* 12 Desember:7

Burger, Willie. 2013. *Vrouekeur,* 29 November:52.

Cilliers, Cecile. 1999. Wrede ervaring van kind skreiend in ons ingeskryf. *Rapport,* 24 Oktober:7

Cilliers, Cecile. 2001. Lees hom vir sy vrolike, lewendige, eerlike taal. *Beeld*. 22 Oktober:11

Cilliers, Stoffel. 2009. 'n Ware verteller is hier aan die woord. *Beeld,* 18 Mei:11

Cilliers, Stoffel. 2010. Kaapse Afrikaans heerlik. De Vries oortuig met bundel. *Volksblad,* 19 April:8

Cilliers, Stoffel. 2010. Karakters en dialoog oortuig. *Beeld,* 1 Februarie:13

Cilliers, Stoffel. 2010. Dido beeld hel van tikverslawing uit. *Beeld,* 14 Augustus:7

Cleophas, Francois. 1985. Small-boek bring hoop. *Die Burger*, 16 September:8

Cloete, T.T. en H. Viljoen (reds). 1992. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM-Literêr. 598pp

Cloete, T.T. http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/19-l/112-literatuurkritiek

© University of Pretoria

Cochrane, Neil. 2008. Die swart Afrikaanse vroueskrywer (1995-2007): nog steeds ’n literêre minderheid binne ’n demokratiese bestel? *Acta Academica* 40 (1): 31-51

Codde, Philippe. 2003. Polysystem Theory Revisited: A New Comparative Introduction. *Poetics Today.* 24 (1):91-126

Coetser, J.C. 1998. ’Afdraai’ is die bekroonde Scholtz op sy skerpste – Meer gesofistikeerd as ‘Vatmaar’. *Beeld,* 21 Desember:8

Coetser, Johan. 1999. Verlede ‘helder herinnering én misbank’. *Beeld,* 15 November:13

Coetser, Johan. 2000. Rassisme tussen swart, bruin beskryf. Outobiografiese fiksie. Teks is soms didakties. *Beeld*, 18 Desember:11

Coetzee, Ampie. 2002. swart Afrikaanse Skrywers: ’n diskursiewe praktyk van die verlede. *Stilet.* 14(1):149-166.

Coetzee, Ampie. 2010. Ravensmead se stemme. Wyse waarop De Vries vertel die waarmerk van ’n goeie verteller. *Burger,* 24 Mei:11

Colyn, Tania. 2010. Stem van die gemarginaliseerde: ’n ondersoek na die konstruksie van die identiteite van die vroulike figure in die werk van E.K.M. Dido. *MA-skripsie*. Universiteit van Stellenbosch. 177pp

Crafford, Albert. 1999. Verneukpan-boek vol deernis. *Rappor*t, 21 Maart:18

Crous, Marius. 1996. Stem van swart vrou steek ’n grens in Afrikaans oor. *Die Burger*, 18 Desember:14

Crous, Marius. 2005. Die Ander oor Andersheid: swart skrywers en die soeke na ’n *gay*-identiteit – perspektiewe op K Sello Duiker se *The Quiet Violence of Dreams* en Clive Smith se *Bly te kenne, Braam.* Stilet 17 (1) Maart 2005:134-149

Crous, Marius. 2010. Tik-blik se oplossings te maklik en vinnig. *Beeld*, 18 Augustus:8

Crous, Marius. 2010. Die twee gesigte van Ravensmead. *Literator* 31 (2) Aug 2010:203-204

De Beer, Diane. 2002. Honeyman magic returns. *The Star*, 20 Augustus:2

De Geest, Dirk. 1996. *Literatuur als systeem, literatuur als vertoog: bouwstenen voor een functionalistische benadering van literaire verschijnselen.* Leuven: Peeters. 231pp

De Geest, Dirk. 1997. Systems Theory and Discursivity. *Canadian Review of Comparative Literature,* March 1997, 24:161-175

De Geest, Dirk. 2003. Cultural Repertoires within a Functionalist Perspective. A Methodological Approach:201-220. in Dorleijn, G.J., Vanstiphout, H.L.J. (reds.) 2003. *Cultural repertoires: structure, function and dynamics.* Leuven: Peeters

Degrande, Magali. 2011-2012. Interraciale verhoudingen in het Afrikaanstalige proza (Kennis van die aand, Johanna se storie en Die storie van Monica Peters). Onderzoek naar functionaliteit van de interraciale verhouding in drie Afrikaanse romans via analyse van het tijd-ruimtelijke kader. *MA-skripsie*. Universiteit Gent, Taal- en Letterkunde. 77pp.

© University of Pretoria

De Jong-Goossens, Riet. 2007. Het aangrijpende 'andere ik' van Dido. *Zuid-Afrika,* 1 Oktober:174

Dekker, G. 1958. *Afrikaanse Literatuurgeskiedenis*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery Beperk. 485 pp.

Devarenne, Nicole. 2013. Complicity, entanglement, and translation: Three English/Afrikaans Texts. *The Journal of Commonwealth Literature.* 48 (1):61-76

De Villiers, Heidi. 2004. *'n Stringetjie blou krale* (E.K.M. Dido): kulturele identiteit en hibriditeit in 'n Postapartheidskonteks. *Tydskrif vir Letterkunde*, jaargang 41 (2): 214-216

De Villiers, Heidi. 2006. Profiel oor E.K.M. Dido:289-305. in Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en Profiel 3.* Pretoria:Van Schaik. Eerste Uitgawe.735pp

De Villiers, Heidi. 2007. *'n Ander Ek.* Resensie in *Tydskrif vir Letterkunde.* 44 (1):214-216

De Vries, Anastasia. 1995. Debuut spreek allereers tot die hart. *Die Burger*, 8 November:5

De Vries, Anastasia. 1998. Dis nou 'n mooi boek! *Insig*, Februarie:29

De Vries, Anastasia. 2009. Wydsbeen oor 'n hakiesdraad. *Rapport*, 5 Julie:10

De Vries, Anastasia. 2010. *Baie melk en twie sykers.* Pretoria:Protea Boekhandel

De Vries, Willem. 2009. Arm gemeenskappe kry só stem. *Burger,* 20 April:8

Dido, E.K.M. 1996. *Die storie van Monica Peters.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Dido, E.K.M. 1997. *Rugdraai en stilbly.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Dido, E.K.M. 1997. (Soos berig deur "Korrespondent") Afrikaners wil lees van die goeie ou dae – Elsa Joubert. *Beeld,* 8 Oktober:7

Dido, E.K.M. 2000. *'n Stringetjie blou krale.* Kaapstad: Kwela.

Dido, E.K.M. 2003. *Die onsigbares.* Kaapstad: Kwela.

Dido, E.K.M. 2005. Afrikaans behoort aan die bruinmense. *Die Wêreld,* 10 April:70

Dido, E.K.M. 2007. *Die Ander Ek.* Kaapstad: Tafelberg.

Dido, E.K.M. 2010. *Emma en Nella.* Kaapstad: Kaapstad: Umuzi

Du Plessis, Hans. 1994. Om by jou gewete uit te kom… Dinge wat maar altyd daar was. *Beeld*, 13 Desember:12

Du Plessis, Hans. 1996. Nuwe wêrelde hier oopgeskryf. Wonderlike vondste in dié praatafrikaans. *Beeld,* 4 November:10

Du Plessis, Phil. 1999. Taalgebruik van vervloë tyd is eintlike aanwins. *Die Burger,* 14 April:19

© University of Pretoria

Du Plooy, Heilna. 1997. Die literatuur self is weer voor: V*atmaar* van A.H.M. Scholtz. *Stilet*, 1997 vol 9 (2):69-90

Du Plooy,Heilna. 2007. Slagoffer is iemand, nie net 'n statistiek. *Beeld*, 20 Augustus:13

Eckleton, Zain. 2011. *Die Rolbalspeler.* Kaapstad: Kwela Uitgewers

Erasmus, Zimitri en Edgar Pieterse. 1999. Conceptualising Coloured Identities in the Western Cape Province of South Africa:167-187. In Palmberg, Mai. (Ed.) 1999. *National Identity and Democracy in Africa.* Uppsala, Swede: Nordic Africa Institute. 351pp
In Suid-Afrika in 1999 gepubliseer deur die Human Sciences Research Council and Mayibuye Centre of the University of the Western Cape. 351pp / diva-portal.org

Even-Zohar, I. 1979. Polysystem Theory. *Poetics* Today, Vol. 1, No 1/2, Special issue: Literature, Interpretation, Communication. (Autumn, 1979):287-310.

Even-Zohar, I. 1990. The "Literary System". *Poetics Today*, Vol. 11, No. 1, Polysystem Studies, (Spring, 1990):27- 44 Published by: Duke University Press

Even-Zohar, I. 1990. System, Dynamics, and Interference in Culture: A Synoptic View *Poetics Today*, Vol. 11, No. 1, Polysystem Studies, (Spring, 1990):85-94. Published by: Duke University Press

Even-Zohar, Itamar. 1997. Factors and Dependencies in Culture: A Revised Outline for Polysystem Culture Research. *Canadian Review of Comparative Literature.* XXIV:1:15-34

Fitzpatrick, Marida. 2013. Oorspronklike aktuele tema alleen kan dié roman nie red. *Beeld,* 11 Februarie:15

Fokkema, Douwe. 1991. Changing the canon:363-369. in Ibsch, Elrud, Schram, Dick H., en Steen, Gerhard. *Empirical studies of literature: proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam, 1991*. Amsterdam: Rodopi. 452pp

Fokkema, Douwe en Elrud Ibsch. 1992. *Literatuurwetenschap & Cultuuroverdracht.* Muiderberg: Coutinho. 199pp

Fokkema, Douwe. 1997. The Systems-Theoretical Perspective in Literary Studies: Arguments for a Problem-Oriented Approach. In *Canadian Review of Comparative Literature,* March 1997, 24: 177-185.
ejournals.library.ualberta.ca/index.php/crcl

Foucault, M. 1982. The Subject and Power. *Critical Enquiry,* vol. 8(4):777-795

Francken, Eep. 2009. Abraham Phillips schrijft door. *Zuid-Afrika,* 1 Oktober:182

Fransman, Willem Junior. 2004. swart skrywers steeds voor hek. *Beeld,* 28 April:4

Gabada, Noncendo. (Umtata) "Dido ontbloot in *Rugdraai en stilbly* 'n lewenspatroon waarmee baie getroude mense kan identifiseer."
http://www.upe.ac.za/afned/maas.htm

© University of Pretoria

Gagiano, A.H. (Annie). 2002. Two bad-time stories and a song of hope. *Literator* 23(3):161-177

Geldenhuys, Ingrid. 1999. Dié lekker moet nie ophou nie. *Insig,* Augustus:50

Gerwel, Jakes. s.j. Van Petersen tot die hede – 'n kritiese bestekopname:11-21 in Gerwel, Jakes, Smith, Julian F., Van Gensen, A. Willemse, Hein. (reds). s.j. *swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26 – 27April 1985.* UWK Drukkery. 104 pp

Gerwel, Jakes. 1995. 'n Groot vonds vir Afrikaans. *Insig*, November:31

Gerwel, Jakes. 2000. Uitdager of uitgedaagde. *Insig*, 31 Augustus:68

Gouws, Tom. 1994. Phillips se skouers is te smal vir dié mantel van verwagting. *Insig,* April:3

Gouws, Tom. 1996. Aan Andrew Scholtz kry jy maklik vat. *Sarie,* 3 Julie:62-63

Grobbelaar, Albé. 2007. Persoonlike kroniek is opreg. *Die Volksblad,* 19 Februarie:6

Grobler, Hilda. 1979. Met *Heidesee* slaag Small meer as sosioloog. *Hoofstad*, 8 Desember:2

Grobler, Hilda. 1992. Meer mense sal nou hul verhale vertel. *Tempo*, 7 Augustus:2

Grobler, Hilda. 1997. *Vrydag,* jaargang 3, nr. 48, 5 Desember:2

Groenewald, Ilse 2011. *Die rolbalspeler*: 'n Held op die rolbalbaan. *LitNet,* 1 November

Grové, Henriette. 1999. Veel goeds en aansienlike plesier uit Verneukpan. *Beeld*, 8 Maart:8

Guillory, J. 1995. "Canon":233-249 in Lentricchia, F. & McLaughlin,T.(Eds). *Critical Terms for Literary Study.* Chicago: The University of Chicago Press. 486pp

Haagsman, Lourens. 2008. Nieuwkomer in het literaire veld. De ontwikkeling van het vroege auteurschap van Ronald Giphart. *Master Thesis* Literatuurwetenschap Universiteit van Utrecht. 108pp

Hall, Stuart. 1990. Cultural Identity and Diaspora:222-237. In Rutherford, Jonathan. (Ed). 1990. *Identity: community, culture, difference.* London: Lawrence & Wishart. 239pp http://fr.scribd.com/doc/34728547/Identity-Community-Culture-Difference

Hall, Stuart. 1993. Introduction. Who needs Identity:1-17. In Hall, Stuart and Paul du Goy. (Eds.) *Questions of Cultural Identity.* London, Thousand Oaks, New Delhi: SAGE Publications. 198pp middlebury.edu/nydiasporaworkshop/files/2011/04/D-OA-HallStuart-CulturalIdentityandDiaspora.pdf

Hambidge, Joan. 1992. Bruines se angste verwoord in eenvoudige pragverhaal. *Beeld*, 26 September:6

Hambidge, Joan. 1999. Ligte stories getuig van oorlewing. *Die Burger*, 8 Desember:15

Hambidge, Joan. 2008. Kwessies van kanonisering. *LitNet*, 24 April

© University of Pretoria

Hambidge, Joan. 2013. *Vuilspel*: 'n Misdaadroman oor haat. *LitNet*, 26 Junie 2013

Harris, Wendell V. 1991. Canonicity. *MLA – Modern Language Association.* Vol 106 (1):110-121

Hartling, Florian. 2005. The Canonization of German-language Digital Literature. *CLCWeb: Comparative Literature and Culture.* Vol. 7 (4):1-11 http://dx.doi.org/10.7771/1481-4374.1281

Hattingh, Marion. 1993. Die andersheid van *Die verdwaalde land* – die waarheid as storie vertel. *Literator.* Vol.14(2):37-48

Hattingh, Marion. 1995. Die ontwaking van 'n trotse identiteit. *Rapport*, 18 November: 35

Hattingh, Marion. 1997. Abraham Phillips en die Afrikaanse literêre kritiek: 94-105 in Willemse, H., Hattingh, M., Van Wyk, S. en Pieter Conradie. *Die reis na Paternoster.* Bellville: Departement Afrikaans en Nederlands. Universiteit van Wes-Kaapland. 250 pp

Hattingh, Marion. 2000. 'n Moet-lees vir almal. *Insig*, 31 Januarie:50

Hattingh, Marion. 2000. *Insig*, Februarie:45

Hendricks, Frank en Van Wyk, Steward. 2000. Die dilemma van die swart intellektueel. *De Kat*, Augustus:60

http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/28-v/1416-veldtheorie

Hugo, Daniel. 2006. Profiel oor P.J. Philander:401-408 in Van Coller, H.P. (red) *Perspektief en Profiel* 3. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. 543pp

Hulle noem hom nou 'n skrywer. 2009. *Boeke-insig,* 1 Januarie:19

Human, Koos. 2001. Bruin skrywers g'n weggewys. *Rapport*, 6 Oktober:17

Human, Koos. 2004. Hek is daar vir almal (Voetnoot). *Die Burger,* 27 April:6

Human-Nel, Maria Johanna. 2009. Die impak van sosiopolitieke verandering op die plek van vroueskrywers in die Afrikaanse kanon. Proefskrif. Universiteit van die Vrystaat. 396 pp

Interview, Dido. 2008. Een schrijver is geen baas van z'n karakters. *Zuid-Afrika*, 1 Januarie:8

Jansen, Ena. 1993. Skuldige whiteys en 'n groot fanfare. *De Kat*, Mei:83

Jansen, Ena. 1997. Phillips se 'Messiasbende' sal leser laat nadink. Boeke-Beeld. *Beeld,* 26 Mei:8

Jansen, Valda. 1996. Weg met Seksisme en Paternalisme, *Karring* 11, Herfs:22-24

John, Philip. 1998. Afrikaans literature and (metropolitan) postcolonial theory: Interrogations from the Margin. *Journal of Literary Studies.* 14(1):18-35

© University of Pretoria

Jongbloed, Zelda. 2001. Laat skrywers brûe bou, nie klowe maak nie. *Rapport,* 29 September:28

Jordan, Margaret. 2000. A new take on history. *Financial Mail*, 30 Junie:126

Joubert, Elsa. 2009. *Reisiger.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers. 480 pp

Kannemeyer, J.C. 1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Band 1.* Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur. Band 2.* Kaapstad: Academica.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse Literatuur 1695-2004.* Kaapstad: Human & Rousseau. Eerste Uitgawe. 799pp

Kemp, T. 2009. Met *Die evangelis van Kaggelsberg* bevestig Abraham Phillips sy onmisbare plek in die Afrikaanse letterkunde. *LitNet*. 18 Junie

Keyser, Gawie. 1997. Nederlanders loof 'Vatmaar'. *Die Burger,* 20 Oktober:4

Klages, Mary.2012-03-29. *Key Terms in Literary Theory*. Continuum UK. Kindle Edition.

Kleyn, A.J.T.(Leti). 2013. *'n Sisteemteoretiese kartering van die Afrikaanse literatuur vir die tydperk 2000-2009: Kanonisering in die Afrikaanse literatuur.* PhD-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria. 265pp

Köppe, Tilmann; Winko, Simone. 2008. *Neuere Literaturtheorien – Eine Einführung*. Stuttgart: Weimer Verlag J.B. Metzler. 325pp

Krog, Antjie. 1993. Skrywer Ronnie Phillips. *Die Suid-Afrikaan* (46):48

Krog, Antjie. 2001. Goedversorgde tekste benodig nie dié kierie. *Rapport,* 18 November:34

Kuitert, L. 2008. De uitgeverij en de symbolische productie van literatuur: Een historische schets 1800-2008. *Stilet*. 20(2):67-87

Lamarque, Peter. 1994. *Truth, Fiction and Literature: A Philosophical Perspective.* Oxford: Oxford University Press. 481pp

Lambert, José. 1997. Itamar Even-Zohar's Polysystem Studies: An Interdisciplinary Perspective on Culture Research. In *Canadian Review of Comparative Literature.* (24):7-13.
ejournals.library.ualberta.ca/index.php/crcl

Land en sand met E.K.M. Dido. 2006. Haar eerste boek was 'n brief aan 'n redakteur, vertel pionierskrywer. *Burger,* 14 November:10

Lategan, Leana. 2000. Skrynende werklikheid ontvou. Styl bekoorlik naïef, maar inhoud nie vir sensitiewes. *Die Volksblad*, 17 Januarie:6

La Vita, Murray. 2011. *Gesprekke met merkwaardige mense.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers. 252pp

© University of Pretoria

La Vita, Murray. 2012. ’n Vrou raak verlief op ’n taal. *Burger,* 3 Februarie:13

Le Roux, Marina. 2001. Boekkeuse. *Sarie,* 24 Januarie:14

Lewis, Minnie. 2004. Konstruksie van “Gekleurde” Ruimte en Identiteit in Dido se *’n Stringetjie blou krale*:157-173. In *Storyscapes,* Viljoen, Hein en Van der Merwe, Chris (reds). New York: Peter Lang Publishing Inc. 200 pp

Lewis, Minnie. 2009. Bettina Wyngaard se *Troos vir die gebrokenes* ’n welkome bydrae tot die Afrikaanse prosa. *LitNet.* 9 September.

Libertyn. 1992. Die skrywer en sy binneprater. Abraham Phillips se *Die verdwaalde land* (Queillerie, 1992) laat Libertyn wonder. *Vrye Weekblad,* 13 Augustus:35

Loock, Irma. 1997. Volkskuns. *Die Volksblad*, 7 Julie:8

Loock, Irma. 1997. Bring nuwe perspektief op die verlede, sonder bitterheid. *Die Volksblad,* 3 November: 8

Loock, Irma. 1998. Lewer positiewe bydrae tot gewilde prosa. *Die Volksblad*, 3 Augustus:8

Loots, Sonja. 2003. Bedrywig en bedrewe. *Rapport*, 31 Augustus:24

Louw, Liesl. 2006. Brink, SA gesant slaags. *Beeld*, 27 September:1

Marble, Joseph. 1999. *Ek, Joseph Daniël Marble.* Kaapstad:Kwela Boeke.

Malan, Lucas. 1994. ’n Eerlike kyk op mense se lewe in boomskraap buurt. *Rapport,* 23 Januarie:20

Malan, Lucas. 1999. Welkom! sê ’n mens graag van Van der Merwe se debuut. *Rapport*, 14 November:6

Malan, Lucas. 2000. ’n Soms onthutsende blik op geskiedenis van magsmisbruik. *Rapport*, 12 November:2

Mammon, Rafiek. 2003. Snatching the limelight again, *Cape Times,* 11 June:7

Mammon, Rafiek. 2003. Vatmaar, rough diamond of delights. *Cape Times,* 19 June:11

Meads, Carolyn. 2010. ’n Verhaal van hoop. *Rapport,* 3 Julie:5

Mooij, J.J.A. 1973. Problemen rondom Literaire Waardeoordelen. *De Gids.* Jaargang 136:461-473. Amsterdam: Stichting De Gids.

Nel, Adele Nel. 1998. Eerlik, met insig geskryf. *Beeld*, 9 Maart:8

Nel, Elias P. 1998. *Iets goeds uit Verneukpan?* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Nel, Elias P. 2001. *Mafoiing op Verneukpan en annerlike gelofietjies.* Kaapstad:Tafelberg Uitgewers.

Nel, Elias P. 2008. Dido se dwarspaaie. *Taalgenoot,* 1 September:36

© University of Pretoria

Nieuwoudt, Stephanie. 2000. Kirby skryf teen die reëls in. *Beeld,* 28 Maart:3

Nieuwoudt, Stephanie. 2002. Janice obsessief oor inheemse stories. *Beeld,* 6 April:3

Nieuwoudt, Stephanie. 2000. 'As mense maar net mekaar wil verstaan'. *Beeld*, 24 November: 8

Nieman, M.M. 1998. V*atmaar* raakgevat vir tweedetaalonderrig in 'n multikulturele klaskamer. *Tydskrif vir Taalonderrig/Journal for Language Teaching,* vol 32 (2):127-141

Odendaal, Bernard. 2000. Benjamin raak nogal 'literêr' met tweede roman. *Die Volksblad*, 10 Januarie:6

Oliphant, Andries. Literêre Terme en Teorieë.
http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/242-swart-literatuur-in-suid-afrika

Olivier, Fanie. 1997. Verskuilde potensiaal word nie verwesenlik. *Beeld,* 20 Januarie:8

Olivier, Fanie. 1998. Dié tjoklits sal nie 'n verhouding verseker. *Beeld*, 20 Julie:10

Olivier, Fanie. 1999. Profiel oor Adam Small:565-577 in Van Coller, H.P. (red.) *Perspektief en profiel 2.* Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers. 819pp

Olivier, Fanie. 2000. Knoop dié naam maar iewers vas. *Beeld*, 3 Januarie:9

Oosterwyk, Trevor. 2000. A community in the making. *Cape Argus*, 12 June:10

Oosterwyk, Trevor. 2000. Nancy, born Nomsa, holds the mirror to coloured racism. *Cape Argus*, 13 November:10

Pakendorf, Gunther. 2007. Onbetwisbare humor, deernis en mensesketsing. *Rapport,* 5 Augustus:4

Philander, P.J. 2000. *Rebunie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Phillips, Abraham. 1992. *Verdwaalde land.* Strand: Queillerie Uitgewers. Eerste Uitgawe.

Phillips, Abraham. 1993. *Erfenis van die Noodlot.* Pretoria: Queillerie Uitgewers. Eerste Uitgawe.

Phillips, Abraham. 1994. Práát Afrikaans sodat hy sal voortleef, vra skrywer. *Die Burger*, 23 Februarie:6

Phillips, Abraham. 1997. *Die Messiasbende.* Kaapstad:Queillerie Uitgewers. Eerste Uitgawe.

Phillips, Abraham. 1997. Gedryf deur omstandighede:139-142. In Willemse, H., Hattingh, M.,Van Wyk, S. en P. Conradie (reds.). *Die reis na Paternoster.* Bellville:Universiteit van Wes-Kaapland. Eerste Uitgawe. 250 pp

Phillips, Abraham. 1997. Moenie net vergader; help bruin en swart Afrikaanssprekendes ophef. *Die Burger,* 19 April:11

© University of Pretoria

Phillips, Abraham. 2006. Miskenning van taal trap op armes se regte. *Burger,* 6 September:14

Phillips, Abraham. 2007. Tragedie van Afrikaans en arm mense. *Burger,* 20 November:13

Phillips, Abraham. 2008. Transformeer die hart en verstand. *Burger,* 18 Maart:13

Phillips, Abraham. 2008. Onder die mat van nierassigheid. *Burger,* 3 September:11

Phillips, Abraham. 2009. *Die evangelis van Kaggelsberg.* Pretoria: LAPA. Eerste Uitgawe. 172 pp

Phillips, Abraham. 2011. Aanslag teen Afrikaans. *Burger,* 10 Desember:13

Phillips, Abraham. 2013. *Die hart van 'n ma.* Kaapstad:Human & Rousseau Uitgewers

Pienaar, Hans. 2002. Audience reaction shows that past is still present. *Sunday Independent,* 7 April:10

Potgieter, Lizette. 2000. Stem gegee aan mense wat anderkant die pad bly. *Die Burger*, 19 Januarie:8

Potgieter, Lizette. 2000. Voormalige bendelid probeer nie beïndruk. *Die Burger*, 2 Februarie:7

Potgieter, Lizette. 2000. Relevante, universele kwessies geraak. *Die Burger*, 1 Maart:9

Prins, M.J. 1998. Oorheers deur die sensuele diepsinnigheid. *Onse Angeltjie*, vol.2 (1), Januarie.
http://www.upe.ac.za/afned/angel21.htm

Rautenbach, Elmari. 1999. 'n Gangster word skrywer. Van reine waarheid. *Insig*, September:54

Rautenbach, Elmari. 1999. Debuutwoorde sing en steek. *Die Volksblad*, 1 November:6

Renders, Luc. Het proza van bruine schrijvers in de jaren negentig. Tekst 5. http://cas1.elis.rug.ac.be/avrug/zuidaf06.htm

Renders, Luc. The voice of the coloured writer in contemporary Afrikaans literature. *Stilet*, 13(2):92-102

Renders, Luc. Schrijven tegen de geschiedenis in. Het proza van A.H.M. Scholtz. https://aie.ned.univie.ac.at/node/13481

Renders, Luc. 2008. Resensie oor *Aan die ander kant. Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde. Tydskrif vir Letterkunde*, 45 (2):234-237

Renders, Luc. 2009. Prosa van 2002. Op zoek naar heelheid.
https://aie.ned.univie.ac.at/node/29182

Retief, Hanlie. 2001. Na die Boesaksage voel die man van Verneukpan ... wel, verneuk. Onderhoud met Elias P. Nel. *Rapport*, 23 September:19

© University of Pretoria

Rive, R. 1982. Books By Black Writers. Staffrider, 5(1).

Roos, Henriette.1998. Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu:45. in Van Coller, H.P. (red.) *Perspektief & Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 1.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers. 735pp

Roos, H. 2006. "Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002":68-70. in Van Coller, H.P. (red.) 2006. *Perspektief en Profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 3.* Pretoria:Van Schaik Uitgewers. 543pp

Rosenthal, Jane. 1996. Chronicle of Vatmaar's 'bruinmense'. *Weekly Mail & Guardian*, 23 Mei:5

Rosenthal, Jane. 1998. Simple intensity of debut novel. *Weekly Mail & Guardian,*19 Februarie:37

Roux, Jaybee. 2007. 'n Onbekende se soeke na die self. *Volksblad,* 24 September:8

Rust, Riëtte. 2010. *Baie melk en twie sykers.* De Vries laat haar karakters én haar hartsplek lewe. *LitNet*, 28 Mei.

Rust, Riëtte. 2013. *Pastoor* deur Pat Stamatélos en *Die hart van 'n ma* deur Abraham Phillips, *LitNet*:17 Oktober.

Rymour, Tom. 2000. It's easy to write when you have a map to follow. *The Sunday Independent*, 28 May:18

Scheepers, Anne. 1998. *Karring*, Veertien, Winter:44-45

Scheepers, Riana. 2009. Debuutroman uit Grabouw se wêreld is 'n sieraad. *Burger,* 5 Oktober:11

Schmidt, Siegfried J. 1982. *Foundation for the Empirical Study of Literature. The components of a basic theory.* Vertaal en hersien deur Robert du Beaugrande. Hamburg: Helmut Buske Verlag. 207pp

Schmidt, Siegfried J. 1997. A Systems-Oriented Approach to Literary Studies. *Canadian Review of Comparative Literature.* March/mars 1997:119-136

Schmidt, Siegfried J. 2010. Literary Studies from Hermeneutics to Media Culture Studies.*CLCWeb: Comparative Literature and Culture* 12.1: http://dx.doi.org/10.7771/1481- 4374.1569

Schmidt, Siegfried J. 1997. A Systems-Oriented Approach to Literary Studies. *Canadian Review of Comparative Literature CRCL.* March 1997:119-136

Schmidt, Siegfried J. 2010. Literary Studies from Hermeneutics to Media Culture Studies. Volume 12 (2010) Issue 1. CLCWeb: Comparative Literature and Culture. ISSN 1481-4374.Purdue University Press ©Purdue University. docs.lib.purdue.edu/clcweb/vol12/iss1/1/

Schoeman, Le Roux. 2009. Nel deurkruis platteland om vertellers se stories te haal. *Burger*, 12 Maart:12

© University of Pretoria

Scholtz, A.H.M. 1995. *Vatmaar. 'n Lewendagge verhaal uit die ou tyd.* Kaapstad:Kwela Boeke.

Scholtz, A.H.M. 1996. *Langsaan die vuur.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Scholtz, A.H.M. 1997. *Afdraai.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Scholtz, Hettie. 1999. S P Benjamin Man van (min) woorde). *Insig,* Desember:53 http://www.boekwurm.co.za/blad_skryf_a-e/benjamin_s_p.html

Scholtz, Hettie. 2001. Dis ons Dido daai. *Insig,* 28 Februarie:71

Scholtz, Hettie. 2010. In die sterre geskryf in *By*. *Beeld,* 29 Mei:6

Senekal, J.H. 1992. Eerlike klag teen magsmisbruik. *Die Volksblad,* 7 Desember:10

Senekal, B.A. 2012. Die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Eksperimentele benadering met behulp van Sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies* 9(3):614-638

Senekal, B.A. 2013. 'n Netwerkontleding van die Afrikaanse poësienetwerk vanaf 2000 tot 2012. *Literator* 25(2):99-124

Shavit, Zohar. 1991. Canonicity and Literary Institutions:231-238 in Ibsch, Elrud, Schram, Dick en Steen, Gerhard. *Empirical studies of literature:proceedings of the second IGEL-Conference, Amsterdam, 1991*. Amsterdam:Rodopi. 452pp

Shaw, Anita. 2001. *Insig.*

Sheffy, Rakefet. 1990. The Concept of Canonicity in Polysystem Theory. *Poetics Today.* 11(3):511-522

Sheffy, Rakefet. 1997. Models and Habituses: Problems in the Idea of Cultural Repertoires. In *Canadian Review of Comparative Literature.* March (24):35-47. ejournals.library.ualberta.ca/index.php/crcl

Slabber, Coenie. 1996. Dido vertel van 'n ánder stryd teen die onreg. *Rapport*, 24 November: 26

Slabber, Coenie. 1997. Menslike verhaal oor 'spiritsdrinkers'. *Rapport*, 30 Maart:17

Slabber, Coenie. 1997. Vyf verhale van hartstog ruk aan die hart – Scholtz skryf oor agteruit dae van gister, onderklas se vreugde, smart. *Rapport,* 19 Januarie:14

Slabber, Coenie. 1996. Bruine se Kaapse herinneringe eg aards. *Rapport*, 10 November:38

Slabber, Coenie. 1997. Vyf verhale van hartstog ruk aan die hart – Scholtz skryf oor agteruit dae van gister, onderklas se vreugde, smart. *Rapport,* 19 Januarie:14

Small, Adam. 1980. Watse soort skrywe is dít, prof. Brink? *Rapport*, 20 Januarie:30

Smith, Barbara H. 1988. Contingencies of value. Cambridge, Mass. & London: Harvard University Press. 229pp

© University of Pretoria

Smith, Clive. 1997. *Bly te kenne, Braam.* Kaapstad: Kwela Boeke.

Smith, Francois. 2002. Wit, bruin bespreek waardes in teater. *Burger,* 1 April:8

Smith, Julian F., Van Gensen, A. Willemse, Hein. (reds). s.j. *swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26 – 27April 1985.* UWK Drukkery. 104 pp

Smith, Matilda. 2000. Kulture met deernis geskets. E.K.M. Dido het wêreld aan die kook sonder 'n debat. *Die Volksblad*, 20 November: 8

Snyman, Wilhelm. 1998. Wise, and with the programme. *The Cape Times*, 20 Maart:12

Speller, John R.W. 2011. Bourdieu and Literature. Open Book Publishers. 230pp http://www.openbookpublishers.com

Steinmair, Deborah. 2011. Blinde rolbal laat jou 'sien'. *Beeld*, 5 September:7

Steyn, Antonia. Benjamin http://www.litnet.co.za/mond/sbenjamin.asp

Steyn, Constant. 1998. Raaksê met taal maak boek 'n leesgenot. *Die Volksblad*, 28 Desember:6

Steytler, Klaas. 1998. Benjamin se werk 'vat jou saam'. *Rapport*, 29 Desember:16

sun025.sun.ac.za/portal/page/portal/MyMaties/…/Boeke1eSemester.pdf

Teise, Victor N. 1999. 'n Afdraai in die regte rigting. Scholtz skryf padlangs en uit sy hart. *Volksblad,* 15 Februarie:8

Terblanche, Erika. 2008. Profiel oor Arthur Fula. *LitNet.*

Terblanche, Erika. 2014. Profiel oor Bettina Wyngaard. *LitNet.*

The king of melancholy. Focus on Clive E. Smith. *The Weekender,* 14 Februarie:8

Uys, Hendrik-Muller. 2012. *Die problematiese afbakening tussen sommige kortverhaalbundels en die roman in Afrikaans, aan die hand van geselekteerde tekste*. MA-tesis. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch

Vaessens, Thomas. 2013. *Geschiedenis van de moderne Nederlandse literatuur.* Amsterdam en Uitgeverij Vantilt, Nijmegen. 472pp

Van Biljon, Madeleine. 2000. Met hierdie stories word venster op verlede oopgemaak. *Rapport*, 6 Februarie:20

Van Bork, G.J. D. Delabastita, D., Van Gorp, H. Verkruijsse, P.J. en G.J. Vis. 2012. *Algemeen letterkundig lexicon.* Digitale Bibliotheek Nederland (DBNL)

Van Coller, H.P. 1993. Abraham Phillips sal nie wéér op aanprysings se rug kan ry. *Die Volksblad.* 13 Desember:6

© University of Pretoria

Van Coller, H.P. en Odendaal, B. 2005. Die verhouding tussen die Nederlandse en die Afrikaanse literêre sisteme. Deel 1. *Stilet.* 17(3):3-17

Van Coller, H.P. (red.) 1998. *Perspektief en profiel 1.* Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers. 735pp

Van Coller, H.P. (red.) 1999. *Perspektief en profiel 2.* Pretoria: J.L. Van Schaik Uitgewers. 819pp

Van Coller, H. 2005. Revisiting the Canon and the Literary Tradition: A South African Case Study. *Journal of Literary Studies* 21(1/2):29-47

Van Coller, H.P. (red.) 2006. *Perspektief en Profiel 3.* Pretoria:Van Schaik. Eerste Uitgawe. 543pp

Van der Merwe, Annari. 1996. Die ongewone geboorte van *Vatmaar. Insig*, Januarie:26

Van der Merwe, Annari. 2004. Iets edels uit eenvoudigheid. *Beeld*, p. 12.19 November:12

Van der Merwe, Annari.2004. A.H.M. Scholtz onmeetbaar. Groot bydraer tot letterskat. *Burger,* 19 November:16

Van der Merwe, Chris. 2004. "When Outsiders Meet: Boerneef and A.H.M. Scholtz":125-136. in Viljoen, Hein and Chris van der Merwe (eds). 2004. *Storyscapes. South African perspectives on Literature, Space and Identity.* New York. Peter Lang Publishing, Inc. 200 pp

Van der Merwe, Chris. (s.d.) Iets nuuts uit Afrikaans. *LitNet*

Van der Merwe, Hannatjie. 2003. Voorheen benadeeldes se lief en leed 'leef in letterkunde voort'. *Volksblad*, 25 September:9

Van der Merwe, Kirby. http://www.mweb.co.za/litnet/seminaar:kirby.asp

Van der Merwe, Kirby. 1999. *Klapperhaar slaap nie stil nie*. Kaapstad:Kwela Boeke.

Van der Ross, Richard. 2007. Bruin mense se heil nie aan Afrikaans gekoppel. *Burger,* 29 November:32

Van der Ross, Richard. 2007. Geld, nié taal, is sukses-simbool. *Beeld,* 4 Desember:16

Van der Waal, M. 2006. *The Battle Over the Books – Processes of Selection in the South Afrcan Literary Field.* Proefschrift: Rijksuniversiteit Groningen:Stichting Drukkerij C. Regenboog. 276 pp

Van Gorp, Hendrik, 1997. The Study of Literature and Culture – Systems and Fields. in *Canadian Review of Comparative Literature.* 24:1-5. ejournals.library.ualberta.ca/index.php/crcl

Van Manen, Mariette. 1998. Naïwiteit is net oënskynlik – Benjamin maak 'n welverdiende debuut. *Die Burger*, 18 Februarie:12

Van Manen, Mariette. 1998. Eenvoud van kind se storie aanklag teen gemeenskap. *Die Burger*, 13 Mei:17

© University of Pretoria

Van Niekerk, Annamarié. 2013. SA in 'n driepootpot. *Rapport,* 3 Februarie:4

Van Niekerk, Jacomien. 2013. Vuilspel. *Tydskrif vir Letterkunde*, 2013, 50(2):189-190

Van Reenen, Rykie.1995. *Vatmaar*: 'n takkraal vol wonderlike stories. Boekeblad. *Die Volksblad*, 15 November:1

Van Reenen, Rykie.1997. Scholtz vat weer raak. *Insig,* 31 Januarie:28

Van Rees, C.J. 1983. Advances in the Empirical Sociology of Literature and the Arts: The Institutional Approach in *Poetics 12* (4-5):285-310

Van Rees, C.J. 1983. How a literary work becomes a masterpiece. On the threefold selection practiced by literary criticism. *Poetics 12* (4-5):397-417

Van Rees, C.J. & G.J. Dorleijn. 1993. De impact van literatuuropvattingen op het literaire veld. Aandachtsgebied literaire opvattingen van de Stichting Literatuurwetenschap: Den Haag: Stichting Literatuurwetenschap:2-24
http://www.dbnl.org/tekst/rees001impa01_01/

Van Vuuren, Helize. 1980. Small se aanpassing toon oorspronklikheid. *Beeld*, 4 Augustus:8

Van Wyk, Steward. 2003. Identiteit en seksualiteit in die debuutromans van Kirby van der Merwe en Clark Accord. *Stilet.* 15(1):270-283

Van Wyk, Steward. 2006. 'n Huldeblyk vir P.J. Philander. *Tydskrif vir Letterkunde.* 43(2):195-196

Van Wyk, S. en Pieter Conradie. *Die reis na Paternoster.* Bellville: Departement Afrikaans en Nederlands. Universiteit van Wes-Kaapland. 250 pp

Van Wyk, Steward. 2007. Met 'n diepe verlange. *Tydskrif vir Letterkunde*. 44(1):278

Van Wyk, S. 2009. Lees wat klap so in Phillips se nuutste. *Burger,* 24 Mei:11

Van Zyl, Dorothea. 2003. Gespanne oppervlak. E.K.M. Dido beur steeds teen die grense. *Burger,* 27 Oktober:9

Van Zyl, Dorothea. 2006. Die gemarginaliseerde in die sentrum en andersom: Die konstruksie van identiteit in die romans van E.K.M. Dido. *Stilet.* 17 (2):22-34

Van Zyl, Ia. 1980. Small skryf sonder sy bitterheid van vroeër. *Die Suidwester*, 14 Januarie:2

Van Zyl, Ia. 1994. Vele stemme klink op uit die Tydskrif vir Letterkunde. *Die Burger*, 26 April:11

Van Zyl, Wium. 1995. Aardse storie oor Vatmaar se mense. *Rapport*, 22 Oktober:16

Van Zyl, Wium. 1997. Versoening in die Afrikaanse letterkunde. *Die Volksblad,* 19 November:1

Van Zyl, Wium. 1998. Humor versag erns en tragiek – Verandering kan ook onheilspellend wees. *Rapport,* 15 Maart:34

© University of Pretoria

Venter, L.S. 1995. Boeiende 'Vatmaar' – 'n belangrike gebeurtenis in Afrikaanse prosa. *Beeld*, 4 Desember:8

Venter, L.S. 1997. 'n Groot stuk Afrikaanse lewe – Rondborstige, pittige verteller aan die woord. *Beeld,* 1 April:10

Venter, L.S. 1998. Homoseksuele stof goed gehanteer – Seun se perspektief red novelle. *Rapport*, 10 Mei:18

Venter, L.S. 1999. Benjamin-verhale se egtheid maak dit iets blywends. Humor nie vals en versuikerend. *Beeld,* 20 Desember: 9

Venter, L.S. 1995. Boeiende 'Vatmaar' – 'n belangrike gebeurtenis in Afrikaanse prosa. *Beeld*, 4 Desember:8

Venter, Rudi. 2006. *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem*. ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria. 671pp

Verboord, Marc. 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics*:31(3-4):259-281 www.elsevier.com/locate/poetic

Victor, Madri. Ons grootste bate is ons diversiteit. 'n Onderhoud met Bettina Wyngaard oor haar misdaadroman *Vuilspel.* www.maandbladzuidafrika.nl/node/107

Viljoen, Hein. 1985. *Die Suid-Afrikaanse romansisteem circa 1981: 'n vergelykende studie.* Proefskrif. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). 439pp

Viljoen, Hein. 1992. Kanons en kanonisering:196-198 in Cloete, T.T. (red.) *Literêre terme en teorieë.* Pretoria: HAUM-Literêr. 598pp

Viljoen, Hein. http://www.literaryterminology.com/index.php/lemmas/25-s/229-sisteem-literere

Viljoen, Louise. 1998. Benjamin se debuut 'n plesierigste verrassing – Roman is vars, sonder om naïef te wees. *Die Volksblad*, 4 Mei:6

Viljoen, Louise. 2000. Engele maak lewe se halwe stories heel. *Rapport*, 30 Januarie:17

Viljoen, Louise. 2002. Die nuwe stemme van bruin skrywers. *Die Burger*-lesingreeks, KKNK, April

Viljoen, Louise. 2003. Dido-romans kan nuwe Afrikaanse lesers wen. *Rapport*, 9 November 2003:24.

Viljoen, Louise. 2004. "Wilderness and Civilization: Deconstructing Spatial Binaries and the Construction of Contemporary South African Identity and André Brink's *An Instant in the Wind* and Kirby van der Merwe's *Klapperhaar slaap nooit stil nie* (One Can Never Sleep Quietly On a Coir Mattress):137-153. in Viljoen, Hein, Van der Merwe, Chris N. (Eds). 2004. S*toryscapes.* New York: Peter Lang Inc. 200 pp

Viljoen, Louise. 2005. Displacement in the Literary Texts of Black Afrikaans Writers in South Africa. *JLS/TLW* 21(1/2):93-118

© University of Pretoria

Visagie, Andries. 2003. Bendegeweld, seksualiteit en manlike subjektiwiteit in die outobiografie van Joseph Marble. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans.* 10(2):206-224

Vorster, Anton. 1997. Juweeltjies én gebreke. *Insig,* 31 Augustus:34

Wasserman, Herman. 1997. Sentiment vervlak blik op haweloses. *Die Burger*, 23 April:9

Wasserman, Herman. 1998. Die morele les kom 'n invalshoek kort. *Die Burger*, 7 Januarie:9

Wasserman, Herman. 2000. S.P. Benjamin is g'n 'bruin skrywer'. *Die Burger*, 13 Maart:4

Wasserman, Herman. 2000. Ek glo ek kan so bietjie toor met Afrikaans, sê Kirby. *Die Burger* 13 Maart:4
http://152.111.1.87/argief/berigte/dieburger/2000/03/13/4/12.html

Wasserman, Herman. 2001. Identiteit steeds in spanningsveld. *Burger*, 17 Januarie:6

Wasserman, Herman. 2001. Steeds stil stemme in Afrikaans. *Beeld,* 8 September:6

Webb, Jen, Schirato, Tony en Geoff Danaher. 2002. *Understanding Pierre Bourdieu*. London. Thousand Oaks. New Delhi. SAGE Publications. 209 pp

Weideman, George. 1992. Phillips se 'Verdwaalde land' bly op die regte spoor. *Die Burger*, 18 Augustus:7

Weideman, George. 1996. Vars soos bronwater. *De Kat*, Januarie:119

Weideman, George. 1999. Boek bied alternatiewe blik op die verlede. Scholtz se afdraai sny deur SA geskiedenis. *Rapport,* 24 Januarie:14

West, Shearer (Ed). 1996. *The Bullfinch Guide to Art History*, page 440, Bloomsbury Publishing Plc, United Kingdom,

Whitebooi, Melvin. 1995. Bruin Scholtz word toe wit – en wéér bruin. *Rapport*, 22 Oktober:16

Willemse, Catherine. 2006. *Met 'n diep verlange.* Kaapstad:Human & Rousseau

Willemse, Hein. 1987. The Black Afrikaans writer: A Continuing Dichotomy. *Quarterly* 69:236-246

Willemse, Hein. 1990. Die Skrille Sonbesies: Emergent Black Afrikaans Poets in Search of Authority. In *Rendering things visible: Essays on South African literary culture*, edited by M. Trump. Johannesburg: Ravan, 1990:367-401

Willemse,Hein.
http://muse.jhu.edu/journals/research_in_african_literatures/v034/34.3willemse.html

Willemse, Hein. 1990. Gay, maar nie nuut. *Insig*, Mei:33

Willemse, Hein. 1993. Die beeldvorming van Piet Uithalder in die A.P.O. (1909-1922). *Stilet.* 5 (2):63-76

© University of Pretoria

Willemse, Hein. 1993. Erken die ander stem. *Karring*. Winter:12-14.

Willemse, Hein. 1996. Die veelbewoë vaart na Paternoster. Of: 'n Eie perspektief op swart Afrikaanse skryfwerk. *Tydskrif vir Letterkunde*. 34 (1/2):38-48

Willemse, Hein. 1996. in *Cape Librarian/Kaapse Bibliotekaris,* Oktober:37

Willemse, H., Hattingh, M. Van Wyk, S. en Pieter Conradie. 1997. *Die reis na Paternoster. 'n Verslag van die tweede swart Afrikaanse skrywersimposium gehou op Paternoster vanaf 29 September tot 1 Oktober 1995.* Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland. 250 pp

Willemse, Hein. 1997. Dié boek kan ander ook laat lees. *Insig*, 8 Mei:33

Willemse, Hein. 1999. 'n Inleiding tot buite-kanonieke Afrikaanse kulturele praktyke:3-20 in Van Coller, H.P. (red) 1999. *Perspektief en profiel* 2. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers. 819pp

Willemse, Hein. 2000. Oudmodiese vertelling wel histories belangrik. *Die Burger*, 4 Oktober:17 www.kwela.com/authors/2595

Willemse, Hein. 2007. Die Swart Afrikaanse Skrywer-simposium – oorspronge en konteks. *Tydskrif vir Letterkunde.* 44(2):2014-214

Willemse, Hein. 2007. *Aan die ander kant. Swart Afrikaanse skrywers in die Afrikaanse letterkunde.* Pretoria:Protea Boekhuis. Eerste uitgawe, eerste druk. 245 pp

Winko, Simone. 2012. Literarische Wertung und Kanonbildung:585-600. In Beilein, Matthias, Stockinger, Claudia en Simone Winko [Hrsg.] *Kanon, Wertung und Vermittlung. Literatur in der Wissengesellschaft. Berlin [u.a.]: De Gruyter. 2012. VII. 350 S. (Studien und Texte zur Sozialgeschichte der Literatur. Bd. 129)*

www.powercube.net/other-forms-of-power/bourdieu-and-habitus

www.randomstruik.co.za/struik-umuzi.php

Wurth, K.B. & Rigney, A. 2006. *Het leven van teksten. Inleiding tot de literatuurwetenschap.* Amsterdam: Amsterdam University Press. Derde druk. 432 pp

Wybenga, Gretel. 1998. Manlike ego het hier traumatiese gevolge. *Rapport*, 11 Januarie:14

Wybenga, Gretel. 1999. As een boek 'n verskil kan maak. *Beeld,* 4 Oktober:4

Wybenga, Gretel. 2001. Derde uit Dido se pen toon 'n groot verbetering. *Rapport*, 14 Januarie: 17

Wybenga, Gretel. 2003. 'n Andersoortige 'polisieroman'. *Beeld*, 27 Oktober:13

Wyngaard, Bettina. 2009. *Troos vir die gebrokenes.* Umuzi Uitgewers.

Wyngaard, Bettina. 2013. *Vuilspel.* Umuzi Uitgewers.

Wyngaard, Heindrich. 1996. 'n Storieverteller wat in druk maar net deels slaag. *Die Burger,* 30 Oktober:6

© University of Pretoria

Wyngaard, H. 2002. ‘Oom Kallie’ laat diensgangers behoorlik kopkrap. *Burger,* 26 November:8

Wyngaard,H. 2004. A.H.M. Scholtz het geskryf ‘oor ’n tyd wat nie meer is nie’. *Rapport*, 21 November:5

© University of Pretoria